

12.11

DIE ONTWIKKELING VAN LANDBOUONDERWYS
IN DIE BLANKE SEKONDÊRE SKOLE
IN TRANSVAAL TOT 1970

deur
PETRUS HENDRIK BREDENKAMP

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike
voldoening aan die vereistes vir die
graad MAGISTER EDUCATIONIS in die
Fakulteit Opvoedkunde aan die
Potchefstroomse Universiteit vir
Christelike Hoër Onderwys

Leier: Prof. A.G. Coetsee
Potchefstroom
1972

I N H O U D S O P G A W EVOORWOORD

1

HOOFSTUK 1. INLEIDING

3

HOOFSTUK 2. DIE TYDPERK 1874 TOT 1924

7

2.1 VOOR DIE ANGLO-BOEREOORLOG

7

- * Burgers se Onderwyswet, 1874 7
- * S.J. du Toit se Gimnasium en Ideale t.o.v. 'n modelplaas 7
- * N. Mansvelt se Onderwyswet, 1892 7

2.2 ONDERWYSPOGINGS NA 1902

8

- * Natuurstudie en Skooltuine 8
- * Gebrek aan belangstelling by kinders 9
- * Vooroordeel by ouers 9
- * Die nuwe Onderwyskode, 1907 en eerste beginsels van Landbou 10
- * Behoefte aan opgeleide onderwysers 10
- * Behoefte aan praktiese onderwys 11
- * Die nuwe natuurstudie sillabus, 1913 11
- * Opleiding van onderwysers 12
- * Probleme i.v.m. Skooltuine 12
- * Die behoefte aan 'n eiesoortige Skoolplaas en landbouonderrig op sekondêre onderwysvlak 13
- * Aanbevelings van die Onderwyskommissie, 1917 14
- * Voorstelle vir onderwysersopleiding, 1922 17
- * Die behoefte aan eiesoortige landbouonderwysinrigtings 17
- * Kortkursusse vir diensdoende onderwysers 17
- * Besef van behoefte aan beroepsonderwys by ouers 19
- * Belangstelling deur Georganiseerde Landbou 19

2.3 DIE DEPARTEMENT VAN LANDBOU SE BYDRAE TOT LANDBOUONDERWYS TOT 1925

20

- * Wetenskaplike kennis onontbeerlik 20
- * Naskoolse Landbouopleiding 21
- * Vakansiekursusse vir onderwysers in vooruitsig gestel 22
- * Besikbaarstelling van saad en inligting 23
- * Kompetisie m.b.t. mielieverbouing vir seuns 23

HOOFSTUK 3 LANDBOUONDERWYS INGEVOER IN DIE SEKONDERE ONDERWYFSFASE
ONDER VERDEELDE BEHEER, 1925 - 1938 24

3.1 BELANGRIKE KONFERENSIES 24

* Die probleem van beroepsonderwys in die provinsies	24
* Landbouonderwyskonferensie, 1925	24
* Grenslyne vir landbouonderwys in verskillende tipes skole	25
* Oorname van vakonderwys deur die Unie Onderwysdepartement	28

3.2 DIE ONTWIKKELING VAN LANDBOUVAKSKOLE ONDER DIE U.O.D. 29

* Geleenthede vir landbouonderwys tydens oorname deur die Unie Onder-	
wysdepartement	29
* Oprigting van afsonderlike landbouvakskole by De Lagersdrift	
en Brits	30
* Wisselende omstandighede by De Lagersdrift	31
* Geringe belangstelling vir landbouonderwys by landbouge-	
meenskap	31
* Statistiese bewyse van behoefte aan landbouopleiding	32
* Aanstelling van inspekteur vir landbouvakopleiding	32
* Aard van Diplomakursus	33
* Gebrek aan ondersteuning vir landbouonderwys	34
* Teruggawe van landbouonderwys aan Provinsies onder be-	
spreking	34
* Nadele van verdeelde beheer	35
* Tekortkominge van plattelandse- en landbouonderwys volgens	
Carnegie-verslag, 1932	35
* Konferensie oor landelike onderwys, 1934	37
* Die Provinsiale Adviserende Komitee on landbouonderwys,	
1935	38
* Gemiddelde inskrywings in landbouvakskole 1931 - 1938	39
* Redes waarom landbouonderwys nie inslag gevind het nie	40
* Teruggawe van landbouonderwys aan die Provinsies	42
* Wet nr. 30 van 1937. Oorname van landbouonderwys deur	
Provinsies	43

3.3 LANDBOUONDERWYS ONDER BEHEER VAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDepartement 44

- * Aanstelling van Inspekteur van Skole meer bepaald vir landbou 44
- * Sy bevindings van gemeenskap se houding teenoor landbou-onderwys 45
- * Die ideaal vir landbouonderwys 45
- * Vooruitgang van landbouonderrig in skole 46
 - * Hersiene sillabusse vir natuurstudie en landbou, in primêre skole, 1925 46
 - * Vakansiekursusse vir diensdoende onderwysers ten einde landbouonderwysers te kwalifiseer 47
 - * Landbouonderwys in Intermediêre skole 48
 - * Probleme i.v.m. die onderrig van natuurstudie en landbou in primêre skole 49
- * Landbou as vak in die sekondêre onderwyskurrikulum 50
 - * Landboukunde ingevoer in die hoërskoolkurrikulum 50
 - * Praktiese werk i.v.m. landbou by hoërskole 52
 - * Pos van Inspekteur vir Landbouonderwys afgeskaf 53
 - * Behoefte aan uitbreiding van landbouonderwys op platteland 54
- * Getal kandidate wat landboukunde vir die Transvaalse Middelbare Sertifikaateksamen aangebied het 54

3.4 DIE DEPARTEMENT VAN LANDBOU SE POGINGS OM LANDBOU TE BEVORDER 55

- 3.4.1 Die Voorspoedbond en landbouklubs 56
 - * Die Mieliebouwedstryde 56
 - * Voorspoedbond 56
 - * Opvoedkundige waarde van die aktiwiteite 57
- 3.4.2 Die Beginselse Opleidingsplaas 59
 - * Toelatingsvereistes 59
 - * Doelstellings 59
 - * Aard van kursus 59

<u>HOOFSTUK 4</u>	<u>DIE SKOOLPLAASSTELSEL IN TRANSVAAL, 1935 - 1949</u>	61
4.1	<u>DIE BEHOEFTE AAN AANPASSING VAN PLATTELANDSE ONDERWYS</u>	61
	* Onvoldoende omvang van plattelandse onderwys	61
	* Gebreke in die aard van die onderwys	62
4.2	<u>BELANGRIKE KONFERENSIES WAARTYDENS LANDELIKE ONDERWYS BESPREK IS</u>	63
	* Kerkkongres te Rustenburg, 1933	63
	* Konferensie oor landelike onderwys, Kaapstad, 1934	64
	* Verdere kongres te Rustenburg, 1934	65
4.3	<u>BEVORDERING VAN LANDBOUONDERWYS DEUR DIE DOELSTELLINGS MET SKOOLPLASE</u>	66
	* Aanpassing van onderwys by landelike behoeftes	66
	* Algemene opvoeding teen die landboukundige karakter as agtergrond	66
	* Beroepsoriëntering t.o.v. die landbou	67
	* Leerlinge se deelname aan praktiese boerdery	68
	* Liefde en waardering vir plattelandse leefwyse gekweek	68
4.4	<u>ENKELE ASPEKTE VAN DIE BELEID EN IMPLEMENTERING VAN DIE SKOOLPLAASSTELSEL</u>	69
4.4.1	Oprigting en verspreiding van skoolplase	69
4.4.2	Die taak van die hoof	70
	* Bepaling van interne onderwysbeleid	71
	* Gewysigde sillabusse	71
	* Gebrek aan eenheidsdoelstelling by skoolplase	71
	* Verwarring t.o.v. identiteit en karakter van skoolplase	71
4.4.3	Die eiiesoortige identiteit van die skoolplase	72
	* Verhouding tot sillabusse, kurrikulum en eksamens van ander skole se sekondêre onderwys	72
	* Algemene kulturele ontwikkeling noodsaaklik	73
	* Onderskeid tussen junior hoërskole en skoolplase	73
	* Praktiese utiliteitsbeginsel van kurrikulum en sillabusse en stigma wat daaruit voortgevoel het	73

4.4.4	Die insluiting van landbou in die kurrikulum van die skoolplaas	74
	* Landbou as vak ingesluit in kurrikulum vir algemene sekondêre onderwys	74
	* Kurrikulum aan skoolplase 1945	74
	* Insluiting van landbou op grond van beroepswaarde	75
	* Praktyk moes as uitgangspunt geneem word vir teorie	76
4.4.5	Ekonomiese selfonderhoudende boerderyeenhede	77
	* Boerdery toegerus	77
	* Boerderye winsgewend	77
	* Plaas beskikbaar vir onderrigdoeleindes	77
	* Beheer oor produkte	77
	* Omvang en grootte van boerdery	78
4.5	<u>WATTER INSLAG HET DIE SKOOLPLAASSTELSEL GEVIND?</u>	78
	* Groot toestroming	78
	* Inskrywing aan skoolplase 1936 - 1950	79
	* Verskil van mening t.o.v. beleid vir skoolplase	81
	* Verwarring a.g.v. uiteenlopende doelstellings	81
	* Behoefte aan vyfjarige kursus tot standaard tien	82
	* Probleem van ooreenkoms en verskil met ander skole vir sekondêre onderwys	83
	* Lewenswerklikheid waarin onderrig by skoolplase plaasgevind het	83
	* "Ons werk nie vir die skool nie, maar vir die lewe"	84
	* Konstruktiewe selfwerkzaamheid van leerlinge	84
	* Die skoolplaas, 'n sosiale sentrum	85
4.6	<u>BYDRAE TOT BEVORDERING VAN LANDBOUONDERWYS</u>	85
	* Kind veranker aan die bodem	85
	* Begrip, waardering, insig en beheersing van eie wêreld	86
	* Ingesluit in die kurrikulum vir sekondêre onderwys	86
	* Beroeps- en opvoedkundig-vormende waardes van die praktiese landbouaktiwiteite	86

4.7 ONDERWYSONTWIKKELING EN DIE EINDE VAN DIE SKOOLPLAASSTELSEL 86

- * Lynch-kommissie se aanbeveling i.v.m. sekondêre onderwys 86
- * Alle sekondêre onderwys in hoërskole 87
- * Skoolplase kon hoërskool status verkry 87

4.8 AANBEVELINGS I.V.M. SKOOLPLASE NA AFSKAFFING VAN DIE SKOOLPLAASSTELSEL 87

- * Happy Rest Skoolplaas 87
- * Merensky Skoolplaas 87
- * Kuschke Skoolplaas 88
- * Amsterdamsk Skoolplaas 88
- * Simon Bekker Skoolplaas 88
- * Paul Kruger Skoolplaas 88
- * Lord Milner Skoolplaas 88
- * Sannieshof Skoolplaas 88
- * Generaal Pienaar Skoolplaas 88
- * De Lagersdrift Skoolplaas 89

HOOFSTUK 5 LANDBOUONDERWYS WORD DEEL VAN ALGEMEEN-VORMENDE KULTURELE SEKONDÊRE ONDERWYS ONDER DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT

5.1 DIE SITUASIE TYDENS OORNAME VAN DIE LANDBOUVAKSKOLE 90

- * Landbouvakskole te Brits en De Lagersdrift 90
- * Doel, aard, inhoud ens. van bestaande kursus 90
- * Belangstelling van publiek 92

5.2 HERSIENE KURRIKULUM AAN LANDBOUVAKSKOLE M.I.V. DIE EERSTE KWARTAAL 1939 93

- * Kulturele en landbouvakke 93
- * Juniorsertifikaat (Landbou) 94
- * Gelykwaardig aan gewone Juniorsertifikaat 94
- * Praktiese werk ingesluit by kursus en eksamen 95

5.3	<u>DIE PROVINSIALE ONDERWYSKOMMISSIE, 1937 SE VERSLAG OOR LANDBOUONDERWYS</u>	96
	* Landbouvakskole nie gewild nie	96
	* Kursus moes tot matriekstandaard lei	96
	* Beroepsonderwys nie te versoen met algemene onderwys nie	96
5.4	<u>INSTELLING VAN DIE SENIORCERTIFIKAAT (LANDBOU)</u>	97
	* Nuwe belangstelling in landbouonderwys	97
	* Pleidooi vir 'n kursus tot standerd tien	97
	* Landbouonderwys nog grootliks onbekend	98
5.5	<u>LANDBOU AS VAK VIR DIE JUNIOR- EN SENIORCERTIFIKATE AAN SEKONDÊRE SKOLE</u>	98
	* Landbou en Praktiese Landbou ingesluit in die kurrikulum vir Intermediêre Skole	98
	* Landbou as vak vir Seniorsertifikaateksamen aan sekondêre skole	98
	* Syllabus vir Landboukunde	99
	* Praktiese veldwerk en laboratoriumproewe noodsaaklik	99
5.6	<u>'N UNIVERSITEITS-TOELATINGS-KURSUS EN DIE LANDBOUHOËRSKOOE BRITS</u>	99
	* Verhoogde belangstelling a.g.v. kursus tot standerd tien	99
	* Kurrikulum wat tot Universiteitstoelating gelei het	100
	* Landbouhoërskool gelyke status met gewone hoërskool	100
	* Kenmerke van landbouonderwys in 1945	100
	* Belangstelling vir landbouonderwys buite die grense van Transvaal	101
5.7	<u>DIE LYNCH-KOMMISSIE SE VERSLAG INSAKE SEKONDÊRE ONDERWYS</u>	101
	* Landbouonderwys in komprehensiewe hoërskole as deel van algemene sekondêre onderwys	102
	* Beloid van gedifferensieerde sekondêre onderwys met ingegrip van landbouonderwys, 1950	102
	* Vakkeuses	102

5.8	<u>DIE HUDSON-KOMMISSIE EN LANDBOUONDERWYS</u>	103	
	* Opdrag van kommissie	103	
	* Aanbevelings	103	
5.9	<u>'N TWEDE LANDBOUHOËRSKOOI VIR TRANSVAAL</u>	105	
	* Georganiseerde landbou se kommer oor afskaffing van skoolplase		1
	* Onderzoek na wenslikheid van 'n landbouhoërskool in Oos- Transvaal	106	
	* Steyn-komitee se aanbevelings	106	
	* Amsterdamse Skoolplaas word 'n landbouhoërskool		107
5.10	<u>ENKELE ALGEMENE OPMERKINGS</u>	107	
<u>HOOFSTUK 6</u>	DIE UITBOUING VAN LANDBOUONDERWYS BINNE DIE STELSEL VAN GEDIFFERENSIEERDE SEKONDÊRE ONDERWYS	109	
6.1	<u>AANSTELLING VAN DIE KOMITEE INSAKE LANDBOUONDERWYS, 1953</u>		110
	* Opdrag van die komitee	111	
6.2	<u>BEVINDINGS VAN DIE VAN WYK-KOMITEE</u>	111	
	* Natuurstudieonderrig aan primêre skole	111	
	* Landbou as vak aan gewone sekondêre skole	112	
	* Landbou en Praktiese Landbou as vakke	112	
	* Behoefte aan uitbreiding van landbouonderwys	113	
	* Algemene onderwys se gebrek aan belangstelling in omgewing van plattelandse kind	113	
6.3	<u>AANBEVELINGS VAN DIE VAN WYK-KOMITEE</u>	114	
	* Riglyne waarlangs landbouonderwys moes ontwikkel		114
	* Grootte van dié skole	114	
	* Toelating van seuns en dogters	115	

* Kurrikulum	115	
* Personeelsituasie	115	
* Vereistes van die Boerdery	116	
* Adviesrade	117	
* Bekendstelling van landbouonderwys	117	
* Afskaffing van Landboukunde as vak aan gewone sekondêre skole		117
* Uitbreiding van landbouonderwys. Landelike Hoërskole.	117	
* Behoefte aan gekwalifiseerde landbouonderwysers.	118	
* Erkenning van Landboukunde vir Matrikulasievrystellingsvereistes.		118
* Bespreking van aanbevelings	118	

6.4 'N NUWE BELEID VIR LANDBOUONDERWYS, 1955. 119

* Landbouonderrig alleen by skole waar praktiese onderrig kon plaasvind	120
* Landbou I (Akkerbou) en Landbou II (Veekunde) en Plaaswerktuigkunde as afsonderlike landbouvakke	120
* Aanstelling van Organiseerder van Landbouonderwys	120
* Beurse vir voornemende landbouonderwysers	121, 124
* Onderlinge samewerking met ander instansies	121
* Instelling van supernumerêre poste	122
* Plaasvoormanposte	122
* Belangstelling neem toe	122
* Praktiese eksamen	123

HOOFSTUK 7 KONSOLIDASIE VAN LANDBOUONDERWYS IN DIE SESTIGERJARE 126

* Verdere vermeerdering van hoër landbouskole	126
* Aandag aan die praktiese uitvoering van die beleid	126

7.1 HOË EENHEIDSKOSTE PER LEERLING AAN HOËR LANDBOUSKOLE 126

7.2 GEWYSIGDE KURRIKULUM VIR HOËR LANDBOUSKOLE 127

7.3 PRAKTIESE EKSAMENS IN AKKERBOU EN VEETEELT 129

7.4 X- EN Y- TIPE HOËR LANDBOUSKOLE 130

	* Probleme wat in die praktyk ontstaan het	131	
	* Voorskrifte t.o.v. praktiese werk in die landbouvakke		131
	* Twee tipes hoër landbouskole het ontwikkel	132	
	* Beleid t.o.v. die X- en Y-tipe hoër landbouskole		133
7.5	<u>BEKENDSTELLING VAN, EN INLIGTING I.V.M. LANDBOUONDERWYS</u>		135
7.6	<u>ONDERSOEK NA LANDBOUONDERWYS IN TRANSVAAL, 1968</u>		136
	* Aanstelling van die Van der Walt-komitee.	136	
	* Verslag en aanbevelings	137	
	* Behoefte aan landbouonderwys	137	
	* Aansluiting by tersiêre onderwys	137	
	* Klem op opvoedkundige waarde van landbouonderrig		137
	* Behoefte vir beroepsonderwys (landbou)	137	
	* Verskil in tipe hoër landbouskool opgehef te word		138
	* Organisasie van praktiese werk	138	
	* Toelating van leerlinge	138	
	* Boerderybeplanningskomitee vir elke skool	138	
	* Organisasie van die boerdery	138	
	* Uitbreiding van landbouonderwys	139	
	* Personeelposisie	139	
	* Vergadering van hoofde van hoër landbouskole		140
	* Studiekomitee vir landbouonderwys	140	
	* Advieskomitee insake landbouonderwys	140	
7.7	<u>VERDERE BELEIDSBEPALINGS T.O.V. LANDBOUONDERWYS 1969</u>		141
	* Studiekomitee vir landbouonderwys benoem	141	
	* Funksies van studiekomitee	141	
	* Boerderybeplanningskomitee vir elke skool saamgestel		142
	* Funksies van die Boerderybeplanningskomitee	143	
	* Vroeëre klassifisering van X- en Y- tipe skole opgehef		143
	* Kurrikulum	143	
	* Vereistes t.o.v. praktiese werk	144	
	* Praktiese eksamens	144	
	* Finansiële beleid t.o.v. boerdery	144	
	* Beherende landbouonderwyser	145	
	* Studiegids vir organisasie van praktiese werk		146
	* Oriënteringskursus vir hoofde en beherende landbouonderwyser i.v.m. die boerdery	146	

- * Hersiene sillabusse vir landbouvakke 1971 149

7.8 ADHOC-KOMITEE I.V.M. KAPITALE BEHOEFTE VAN DIE BOERDERY AAN HOËR LANDBOUSKOLE, 1971 149

- * Aanstelling van die komitee en opdrag 149
- * Beginnels wat ten grondslag van die boerdery lê 150
- * 'n "Ekonomiese eenheid" gedefinieer 151
- * Omvang van vertakkings van die boerdery 151
- * Formule vir voorsiening van kapitale behoeftes en toerusting 151
- * Aard en karakter van die boerdery 152
- * Minimum behoeftes vir die boerdery 153
- * Aanvang en ontwikkeling van die boerdery 153

7.9 OPLEIDING VAN LANDBOUONDERWYSERS 154

- * Stremming a.g.v. tekort aan landbouonderwysers 154

7.9.1 Kort kursusse vir onderwysers 155

- * Eise van teoretiese en praktiese opleiding 155
- * Kortkursusse onvoldoende 155
- * Uitgebreide reeks vakansiekursusse 155

7.9.2 Landboukunde deel van die kurrikulum vir opleiding van onderwysers 156

- * Transvaalse Onderwysersderdeklassertifikaat. 156
- * Landboukursus 156

7.2.3 'n Gekombineerde graad- en diplomakursus 157

- * B.Sc.Agric. en onderwysdiploma 157
- * Onderwysstudente weggetrek na ander instansies 157
- * Posisie t.o.v. landbouonderwysers in 1953 158
- * Instelling van studiebeurse vir voornemende onderwysstudente 158
- * Wysiging van opleiding van onderwysers 159

7.10 DIE AANDEEL VAN DIE GEORGANISEERDE LANDBOU 159

- * Onderwyskongres van die Transvaalse Landbou-unie 1954 159
- * Onderwyskomitee van die Transvaalse Landbou-unie 160
- * Ontvolking van die platteland en die onderwys 160
- * Gebrek aan steun vir landbouonderwys by boerende bevolking 161

- * Misverstand t.o.v. doelstellings van landbouonderwys 161
- * Junior Boereverenigings 161
- * Onderwyskonferensie van die T.L.U. 1971. 162

HOOFSTUK 8 'N EVALUERING EN KRITIESE BESKOUING VAN DIE HUIDIGE POSISIE VAN LANDBOUONDERWYS 163

- 8.1 'N ENKELE ASPEK VAN DIE WESE VAN SEKONDÊRE ONDERWYS 163
- * Opvoeding-tot-die-lewe 163
 - * Sekondêre onderwys is algemeen-vormende kulturele onderwys 163
 - * Sekondêre Skole is voorberoepsinrigtings 163
 - * Beroepsagtergrond 163
 - * Voorvereiste vir beroepsgerigte vakke 163
 - *
- 8.2 DIE KURRIKULUM VIR LANDBOUONDERWYS 164
- * Verpligte- en keusevakke 164
 - * Uitgangspunt: algemeen-vormende kulturele onderwys 165
 - * Differensiasie na binne 165
 - * Belangstelling in landbou en in die natuur 167
 - * Inhoud van sillabusse vir landbouvakke 168
- 8.3 DIE VORMENDE WAARDE VAN LANDBOUONDERWYS IN DIE ALGEMEEN 170
- 8.4 DIE VORMENDE WAARDE VAN SPESIFIEKE LANDBOUONDERWYS 171
- 8.5 DIE WAARDE VAN LANDBOUONDERWYS AS VOORBEROEPSOPLEIDING 172
- 8.6 DIE SLAG VIR (OF TEEN) LANDBOUONDERWYS WORD BY DIE HOËR
LANDBOUSKOOLOORLEWING 175
- * Eise t.o.v. nie-landbougerigte vakke 175
 - * Eise t.o.v. onderrig van landbouvakke 175
 - * Gesteldheid van die boerdery 175
 - * Teorie en praktyk van die boerdery 175
 - * Boerdery moet vertrouwe wek 176
 - * Doeltreffende geboue en toerusting 176
 - * Eise van die personeel 176

8.7	<u>STATISTIEK I.V.M. ENKELE ASPEKTE VAN DIE INGESKREWE LEERLINGE (SEUNS) BY HOËR LANDBOUSHOËRE IN TRANSVAAL IN 1972</u>	176
8.7.1	Bywoningsyfer	177
8.7.2	Aspekte van die beroepskeuse deur standerd nege-en tien seuns	178
8.7.3	Aspekte van "Voorligting" wat die seuns van standers ses tot tien ontvang het	179
8.8	<u>STEUN VIR LANDBOUONDERWYS, AS BEROEPSGERIGTE ONDERWYS</u>	180
*	Nouer skakeling met die Departement van Landbou- Tegnieke Dienste en georganiseerde landbou	180
*	Aard van die samewerking tussen instansies	181
*	Gebrek aan opleiding by boere	182
*	Waarde van landbouopleiding word deur leiers op landbougebied besef	183
*	Opleiding 'n voorvereiste vir stabiele, welvarende boerdery-gemeenskap	183
*	Opleiding bevestig die boer se geborgenheid	183
*	Die las van die ondoeltreffende "eksploitasie"-boer	184
*	Opleiding bring meer wetenskaplike en intensiewe boerdery mee	184
*	Die toekoms	185
<u>BYLAË:</u>	<u>VRAELYS WAT AAN HOOFDE VAN HOËR LANDBOUSHOËRE IN TRANSVAAL GESTUUR IS, TEN EINDE STATISTIEK I.V.M. SEUNS WAT DIE SKOLE BYWOON, TE BEKOM.</u>	196

VOORWOORD.

Ek is verryk deur die navorsing en studie en dit was 'n genot om hierdie werkstuk aan te pak en af te handel.

Ek was besonderlik bevoorreg om die verhandeling te kon skryf onder die bekwame en besielende leiding van Prof. dr. A.G. Coetsee, verbonde aan die Fakulteit Opvoedkunde, P.U. vir C.H.O. Sy rype ervaring, insig en raad was onontbeerlik en rigtinggewend. Sy aanmoediging word opreg waardeer.

My opregte dank aan die bibliotekaris en personeel van die Staatsbiblioteek, (Pretoria), die Merenskybiblioteek (Universiteit van Pretoria) en die Biblioteekdiens van die Transvaalse Onderwysdepartement. Die vriendelike hulpvaardigheid om navorsingsmateriaal op te spoor en beskikbaar te stel, word opreg waardeer. Die Onderwysburo van die T.O.D. word insgelyks bedank vir die hulp wat hulle verleen het.

Ek betuig graag waardering teenoor die Onderwysowerheid in Transvaal vir die daarstelling van diensvoorwaardes vir onderwysers, waardeur dit vir my moontlik was om studie-verlof te ontvang ten einde die werkstuk te voltooi.

My hartlike dank aan die Direkteur van Onderwys in Transvaal vir finansiële steun in die vorm van 'n beurs.

Ek het ook waardevolle hulp, gewaardeerde belangstelling en aanmoediging ontvang van eertydse leermeesters, kollegas en vriende. Ek het hierdie welwillendheid waardeer en betuig graag my dank teenoor hulle almal.

Aan my ouers, en in besonder aan my eggenote en kinders, sê ek baie dankie vir hulle aansporing, bystand en opoffering om dit vir my moontlik te maak om hierdie studie te kon aandurf en af te handel.

2.

Ek bely dat ons Hemelse Vader, uit genade, om Christus ontwil, vir my die geleentheid geskep het en met die nodige gawes en krag toegerus het om die taak af te handel. Aan Hom alleen al die eer!

Die Skrywer

Desember 1972

HOOFSTUK 1INLEIDING

"Die kultuurmens het geworstel met die Suid-Afrikaanse bodem en het sy tuine, boorde en lande aangelê, waar vroeër 'n woesterny was, maar in hierdie proses het die moederaarde ook haar kind gebaar en dit is die Boer", het prof. T.J. Hugo eenkeer geskryf. Omdat ons kultuur grootliks uit die bodem ontwikkel het, is dit dan ook geen wonder dat ons as mense steeds 'n liefde vir en 'n hunkering na die grond en plant en dier het nie. Die natuur, omdat dit skepping van God is, was en is nog altoos die bron van geestelike groei en vernuwing. Daarvan is die Bybel die beste getuigenis.

Die Afrikaner se liefde vir die grond is van geslag tot geslag oorgedra. Die skitterligte van die stad, ja, selfs nie die fenomenale ontwikkeling en prestasies van die tegnologie, of enigiets anders, kon nog ooit die mens se geankertheid in die natuur, en sy diepgewortelde liefde daarvoor skaad, vervang of verplaas nie. Nie net op 'n boereplaas, of op 'n plattelandse dorp of -omgewing nie, maar ook in die hart van die stad word kinders vandag gebore, en sal hulle nog gebore word, met 'n liefde vir en belangstelling in die natuur, en 'n hunkering om te lewe en op te groei tussen die wonders van plant en dier en grond wat deur God geskape is.

In Suid-Afrika is die volkskarakter hoofsaaklik gebore uit die boerenasie. Die landelike bevolking is 'n behoudende faktor in die samelewing en 'n baie groot persentasie van die leiers op al die terreine van die volkslewe het op die platteland opgegroeï, ¹⁾ Die voortbestaan van 'n lewenskragtige landelike bevolking is nodig om ons na aan die bodem en alles wat daarmee in verband staan te hou en om te verseker dat die welbron van ons volkskarakter met sy besondere stempel vir ons behoue sal bly, sodat ons in die toekoms nog veel daaruit kan put.

1) Die Landbouweekblad. Boerdery vereis kennis en vaardigheid. 8 Desember 1964, p. 15.
VORSTER, P.W. 'n Heerlike taak, Boerdery in S.A., Dl. 32, No. 7, Oktober 1956, p. 5, 6.

Vanaf die vroegste jare van ons volksgeskiedenis het die landbou die onafhanklikheid en selfstandigheid van die inwoners verseker. Vir baie jare was dit die grootste enkele bedryf wat aan die grootste deel van die bevolking 'n inkomste en selfstandige lewensbestaan gebied het. Die ontginning van die minerale rykdomme van die land en die gepaardgaande ontwikkeling van die handel en industrie het meegebring dat die landbou as bron van werkverskaffing en lewensonderhoud, in belangrikheid aansienlik afgeneem het. Die landboubedryf word egter al hoe belangriker in die volkshuishouding omdat dit aan 'n groeiende bevolking die nodige lewensmiddele moet verskaf en die fondament is van, en die nodige infrastruktuur vir die industriële ontwikkeling skep. Daarby bly dit steeds 'n baie belangrike bron vir die uitvoerhandel, waardeur buitelandse valuta verdien word.

Die sluitsteen van die voortbestaan en veiligheid van enige land en sy mense, is 'n gesonde en welvarende landboubedryf. Dit geld in besonder in die Republiek van Suid-Afrika. Die grootste deel van ons land se bewerkbare gronde word reeds verbou en die tyd is haas verby dat nuwe lande aangelsê sal kan word. Die landbouer is vandag genoodsaak om die vrugbaarheid van die bodem te herwin, dit te beskerm en te bewaar en die natuurlike hulpbronne tot die maksimum te benut.

Volgens ons Christelike nasionale lewensbeskouing en opvoedingsfilosofie is die doel van opvoeding en onderwys om die kind toe te rus om „mens van God te wees, vir elke goeie werk volkome toegerus“. Deur die opvoeding moet elke kind se vermoëns sodanig ontvou en ontwikkel word dat hy sy roeping kan vervul om die materiële wêreld tot eer van God te versorg, te bewaar, diensbaar te maak en te beheers. Die vervulling van hierdie skeppingsopdrag is vir elke kind 'n unieke roeping wat hy van God ontvang. Die kind moet dus toegerus word met wetenskaplike kennis en vaardighede wat hom in staat sal stel om sy omgewing te beheers, maar hy moet ook toegerus word met kwaliteite van karakter en persoonlikheid sodat hy dit kan doen op 'n wyse waardeur hy God kan verheerlik.

Om ons kinders op doeltreffende wyse voor te berei vir die gekompliseerde wêreld van vandag, is gedifferensieerde onderwys die aangewese, indien nie die enigste wyse waarop die doelstellings met die onderwys verwesenlik kan word.

Landbouonderwys was en is vandag nog veelal onbekend. Die feit dat dit egter een van die fasette of studierigtings van die gedifferensieerde sekondêre onderwysstelsel in Transvaal is, dui op 'n bapaalde behoefte waarvoor voorsiening gemaak word.

Teen die agtergrond van wat tot dusver gesê is, kan nou met reg gevra word welke plek landbouonderwys inneem, watter doel dit dien, en op watter wyse wil en kan, of nog sterker gestel, moet die bydrae daarvan wees. Die vraag dui op 'n verantwoording van die besondere doelstellings met die aard, wese en strewe van hierdie soort onderwys en die betekenis en waarde daarvan. Om landbouonderwys te kan verantwoord, is dit onder meer nodig om die kultuur-historiese ontwikkeling daarvan na te vors.

Die motivering vir, en doelstelling met die studie van die ontwikkeling van landbouonderwys, is 'n beskeie poging om die besondere doelstellings met, die aard, wese en strewe van hierdie soort onderwys en die betekenis en waarde wat dit het of kan hê, bekend te stel, en 'n evaluering van landbouonderwys moontlik te maak.

In die ondersoek is hoofsaaklik van die historiese navorsingsmetode gebruik gemaak. Die aard van die onderwerp is sodanig dat die beleidstukke, omsendbriewe en jaarverslae van die verskillende Onderwysdepartemente en die verslae van ondersoeke wat van tyd tot tyd oor verskillende aspekte van sekondêre onderwys in die algemeen, en landbouonderwys in besonder, plaasgevind het, die vernaamste primêre bronne van oorspronklike gegewens was.

In die samestelling van die studiestuk is gepoog om die histories-opvoedkundige gegewens te orden, en die feite op 'n objektiewe wyse weer te gee. Daar is gepoog om die gegewens te ontleed, te interpreteer en te verwerk tot 'n sinvolle eenheid. So 'n ontleeding, interpretasie en verwerking van die histories-opvoedkundige

gegewens kan myns insiens alleen sinvol geskied teen die agtergrond van 'n tema wat soos 'n goue draad deur die werkstuk vloei. In hierdie geval is die tema: Landbouonderwys op sy beste, op die sekondêre onderwysvlak, is algemeen-vormende kulturele onderwys wat gekenmerk word deur die plek wat aan spesifieke landbouonderrig gegee word.

Die vertroue word uitgespreek dat hierdie studiestuk o.a. ook waarde sal hê vir die volgende persone en groepe:

* Diegene wat verantwoordelik is vir die beleid insake landbouonderwys. Op die breë staatkundige terrein geld die stelling dat alleen hy wat die pad ken waarlangs sy volk gekom het, in staat is om met wysheid en oorleg die pad vir die toekoms aan te dui. Dieselfde stelling is sekerlik ook op die onderwys van toepassing.

* Diegene wat vir die uitvoering van die beleid verantwoordelik is by elke skool. Dis van uiterste belang dat veral hoofde van hoër landbouskole op die hoogte moet wees van:

- (i) die wese, aard, doel en strewe van die hoër landbouskool.
- (ii) die plek wat die spesifieke landbouonderrig in hierdie skole inneem en wat die beleid, benadering, doel en strewe daarvan in besonder is.

Die professionele leier sal alleen 'n waardige gestalte kan gee aan die onderwys waarvoor hy verantwoordelikheid by die skool aanvaar, indien hy nie alleen op die hoogte is nie, maar ook deurleef en besiel is met die ideale en strewes van die bepaalde soort onderwys.

* Diegene wat ouers en kinders moet voorlig m.b.t. die rigting wat gekies moet word nadat die primêre onderwysfase voltooi is.

* Die georganiseerde landbou, wat steeds bekend moet wees met die ontwikkeling van onderwys op landbougebied. Hulle het 'n besondere taak en verantwoordelikheid t.o.v. die sukses van landbouonderwys, soos later aangetoon sal word.

DIE TYDPERK 1874 TOT 19242.1 VOOR DIE ANGLO-BOERE OORLOG

Die geskiedenis van Landbouonderwys en die ontwikkeling daarvan kan teruggevoer word na die laaste drie dekades van die vorige eeu. In sy Onderwyswet van 1874 het president Burgers voorsiening gemaak vir sillabusse vir Natuurstudie en Landbou. Die kurrikulum van die Gimnasium te Pretoria, wat hy vir hoër onderwys in die lewe geroep het, het ook voorsiening gemaak vir Landbouchemie. ¹⁾ Die tyd en omstandighede was egter nog nie ryp vir hoër onderwys nie en die Gimnasium het doodgeloop.

S.J. du Toit, wat Burgers in 1882 opgevolg het as Superintendent van Onderwys, het die Gimnasium laat herleef en onder meer voorsiening gemaak vir landbouonderrig. Daarby het hy die totstandkoming en ontwikkeling van 'n modelplaas in die vooruitsig gestel, waar wetenskaplike eksperimente in verband met die landbou uitgevoer kon word. ²⁾ In sy onderwysprogram is die teoretiese sowel as praktiese aspekte van landbouonderrig dus beliggaam. Die Gimnasium, soos Du Toit dit idealiseer het, was ook die behoeftes van die tyd ver vooruit en daarom tot mislukking gedoem.

Ook het N. Mansvelt, in sy Onderwyswet van 1892 (art. 47) 'n inrigting vir hoër onderwys met 'n Landboudepartement in die vooruitsig gestel. Hiermee het hy die opleiding van wetenskaplike landbouers beoog. In 1895 het hy ook voorgestel dat 'n Modelboerdery waaraan 'n Ambagskool verbonde sou wees, in die lewe geroep moes word om die boerenywerheidstradisie te ontwikkel. ³⁾ Sover vasgestel kan word, is daar geen bewyse dat kandidate in genoemde departement opgelei is nie en die idee van 'n Modelboerdery is ook nooit verwesenlik nie.

1) COETZEE, J. Chr. Onderwys in Transvaal 1838-1937, p. 37.

2) LUGTENBURG, A.H. Geskiedenis van die onderwys in die S.A. Republiek, p. 161.

3) LUGTENBURG, A.H. a.w., p. 183, 218.

BOT, A.K. Honderd Jaar Onderwys in Transvaal, 1836-1936, p. 138.

Die ontdekking van goud en die instroming van buitelanders, die mislukte Jameson-inval in 1896 en die politieke onrus en dreigende oorlogswake wat saamgepak het, was faktore wat die uitvoering van hierdie ideale in ieder geval al hoe meer teëgewerk het. So het verskeie vrae onbeantwoord gebly, o.a. of Mansvelt ook wat landbouopleiding betref, sy tydgenote ver voor was en of hy die nodige ondersteuning sou ontvang het om sy poging met sukses deur te voer?

Dit val egter dadelik op dat Landbouonderwys bedoel was as beroeps-onderrig met die spesifieke doel om landbouwetenskaplikes en wetenskaplike boere op te lei nadat die algemene onderwysprogram voltooi was, m.a.w. na die primêre en sekondêre onderwysstadia.

2.2. ONDERWYSGINGS NA 1902

Net na 1902 het die nuwe regering in Transvaal, net soos voor die Anglo-Boereoorlog, alle onderwys tot en met standaard drie, primêre onderwys genoem en die verdere opleiding is sekondêre onderwys genoem. In Desember 1903 het 11,5% van die leerlinge hulle in die sekondêre afdeling bevind. ⁴⁾

Die primêre skool is as instrument gebruik waardeur die vroegste pogings aangewend is om landbouonderwys te bevorder, toe onderwysowerhede d.m.v. die vak Natuurstudie, die leerlinge bewus gemaak het van die eiesoortigheid van hulle omgewing. Hulle belangstelling is sodoende geprikkel vir sekere natuurverskynsels en hulle waarneming verskerp.

Die ontwikkeling van skooltuine, wat ongeveer 1 morg groot was, is by skole aangemoedig ten einde die natuurstudielesse deur waarneming en praktiese werk aan te vul. Leerlinge is aangemoedig om deel te neem aan die ontwikkeling van skooltuine deur pryse uit te loof vir die besversorgde boom, en skole het ook onderling meegeding.

Die sukses waarmee natuurstudie veral in die plattelandse skole onderrig is en die bydrae wat die skooltuine gelewer het, het van skool tot skool gewissel. Enkele onderwysers het 'n belangstelling en entoesiasme openbaar en selfs enkele diere aangehou en die lesse prakties aangebied. Sommige het hulle lesse gebaseer

4) BOT, A.K., a.w., p. 67.

op pamflette en ander inligting wat gratis deur die Departement van Landbou beskikbaar gestel is en ook baie sukses behaal. Oor die algemeen is egter nie moeite gedoen om die lesse aanskoulik aan te bied nie. ⁵⁾

Baie onderwysers het nie die onderrig gekoppel aan die werklikheid van die natuurverskynsels in hulle onmiddellike omgewing nie en was dus nie in staat om die kinders te lei tot doeltreffende waarneming en interpretasie daarvan nie.

Die reaksie van die leerlinge was soms ook ontmoedigend. Sommige het 'n gebrek aan belangstelling openbaar so asof hulle genoeg aan tuine tuis gehad het. Ander het voorgegee dat hulle genoeg geweet het van die onderwerpe wat in die natuurstudielesse behandel is. ⁶⁾

Die situasie wat by die Renosterfonteindraai-skool ontstaan het, was baie insiggewend: die onderwyser daar, wat as 'n deskundige op tuinbougebied beskou was, het elke klas vir 'n halfuur per week (aangevul deur pouses) vir tuinmaak geneem en hulle onderrig in die verbouing van groente, die kweek van blomme en die aanplant van bome. Die besware van ouers, wat deur hierdie poging ontlok is, was o.m. dat die kinders "kafferwerk" vir die onderwyser moes doen en dat die ouers self die kinders alles kon leer wat hulle van dié dinge moes weet. Deur die tussenkoms van die inspekteur is die besware uit die weg geruim en die meerderheid ouers het later entoesiasties saamgewerk. Die kinders het besondere belangstelling openbaar en by die huis tuine (selfs tabakaanplantings) aangelê en bewerk volgens kennis wat hulle by die skool opgedoen het. ⁷⁾

Hierdie optrede van sommige ouers was simptome van 'n onkunde, gebore uit gebrek aan belangstelling met betrekking tot die waarde van sodanige onderwys, en 'n gevolglike geringskatting en selfs minagting daarvan. Later sou dieselfde onkundige vooroordeel nog

5) T.E.D. Report for the School Year January to December, 1904, p.35.

6) T.O.D. Jaarverslag, 1905-1906, p. 76.

7) Transvaal Department of Agriculture, Annual Report of the Director of Agriculture, 1903 - 1904, p. 400.

dikwels die ontwikkeling van landbouonderwys strem. Eers toe die mure van vooroordeel deur bekendstelling en inligting afgebreek was, kon daar weer vooruitgang wees.

In 1907 is 'n nuwe Onderwyskode ingevoer wat voorsiening gemaak het vir die vakke Natuurstudie op plattelandse skole en Elementêre Natuurwetenskap vir dorpskole. Natuurstudie was 'n verpligte vak vir standaard drie tot vyf en moes sover moontlik ook praktiese werk in die proefakkers van die skooltuin insluit. Die verbouing van mielies, lusern, groente en vrugte moes ook prakties uitgevoer word. In dié sillabus is die eerste beginsels van Landbou dus ook ingevoer. Hierdie nuwe benadering en kurrikulum was 'n poging om die plattelandse skole in die geleentheid te stel om aansluiting te vind by die plattelandse omstandighede van die plattelandse bevolking, om die kinders toe te rus vir die eise van die lewe op die platteland, sonder om spesiale skole daarvoor in die lewe te roep. ⁸⁾

Dit het egter geblyk dat die grootste probleem nog steeds die behoefte aan behoorlik opgeleide onderwysers was. Die opleiding van die onderwysers was te teoreties en die praktiese kennis het ontbreek om van die skooltuine en onderrig van natuurstudie 'n sukses te maak. Die Departement het egter probeer om deur vakansiekursusse, wat veral prakties gerig was, in die behoefte te voorsien. ⁹⁾

Ten spyte van wat met die skooltuine beoog en bereik is, dien dit vermeld te word dat die omstandighede en aktiwiteite m.b.t. die skooltuine so gekontroleerd en kunsmatig was, dat dit eintlik vreemd was ten opsigte van die werklike boerderysituasie en omstandighede. Gevolglik kon daar nie te veel verwag word van hierdie tipe landbouonderwys wanneer dit op die plaas van toepassing gemaak is.

8) T.O.D. Jaarverslag, 1907 - 1908, p. 19 e.v.

9) T.O.D. Omsendbrief nr. 4, 1909, p. 5.

Daar het stemme opgegaan wat gepleit het vir die uitbreiding van onderwys sodat veral handearbeid ingesluit kon word. ¹⁰⁾

Tydens 'n skoolraadskonferensie wat vanaf 30 September - 2 Oktober 1908 in Pretoria plaasgevind het, het die plattelandse verteenwoordigers ook gepleit vir die invoering van 'n praktiese landboukursus in die kurrikulum van die skole op die platteland. Hierdie voorstel is egter nie oorweeg nie en dit was duidelik dat landbouonderrig binne die kurrikulum van die 1907-kode ten uitvoer gebring word.

Die industriële opleiding wat die kinders van die weeshuis te Langlaagte ontvang het, is in 1912 uitgebrei met "werkplaatsen" om die geleentheid te bied vir landbouonderwys, wat gedeeltelik deur die staat gesubsidieer is. ¹¹⁾

Die onderwysowerhede was deeglik bewus van die eie aard, omstandighede en behoeftes van die plattelandse onderwys. 'n Poging om 'n afdeling binne die onderwysdepartement, spesifiek met die oog op dié behoefte te organiseer, het egter as gevolg van geldelike tekorte skipbreuk gely. ¹²⁾

Die sukses van die onderrig van natuurstudie is grootliks bepaal deur die mate waarin die skooltuin geëksploiteer is as 'n bron van agtergrondskennis en natuurlike laboratorium of proefplaas. Skooltuine was egter 'n uitsondering en nie die reël nie, sodat die onderrig van die vak nog glad nie tot sy reg gekom het nie.

Na 'n kommissie, bestaande uit die Direkteur van Onderwys en drie inspekteurs, ondersoek ingestel het, is 'n nuwe sillabus vir Natuurstudie in 1913 vir die plattelandse skole ingevoer wat in die nouste verband met die omgewing gestaan het. Dit kan eintlik beskou word as die eerste werklike integrering van die natuurstudiesillabus by die behoeftes van die plattelandse kind. 'n Sillabus wat oor vier jaar gestrek het, het voorsiening gemaak vir die volgende:

10) T.O.D. Jaarverslag, 1908-1909, p. 38, 39, 174.

11) T.O.D. Jaarverslag, 1912, p. 90.

12) T.O.D. Jaarverslag, 1908-1909, p. 39.

Die beginsels van higiëne in die eerstejaar. Die tweedejaar het 'n inleiding tot landbou bevat, insluitende die verskillende grondsoorte en hulle bewerking asook die kweek van groentesoorte, vrugte- en sierbome. Die derde jaar se sillabus het plantbiologie ingesluit, geïllustreer aan die hand van plante soos bv. mielies. Die vierde jaar is die voeding, siektes en behandeling van die gewone plaasdiere en verder ook suiwelbereiding, die behandeling van wol en ook pluimveevoerders behandel. ¹³⁾ Volgens die Direkteur Dr. Adamson, het die nuwe sillabus die moontlikheid ingehou vir die opdoen van veel praktiese kennis en nuttige praktiese opleiding, want die idee was dat die onderrig so prakties moontlik moes wees en dat veral die plantbiologie aangebied moes word met behulp van proewe in die skooltuin. Die doel was steeds om 'n lewendige belangstelling by die leerlinge te kweek vir die landelike lewe en veral ook vir die aktiwiteite verbonde aan 'n lewensbestaan op die platteland. Hy het voorts beklemtoon dat die beslissende faktor vir sukses egter die beskikbaarheid van gekwalifiseerde onderwysers sou wees. Hy het aanbeveel dat die opleiding van die onderwysers aan die Normaalkolleges meer prakties gemaak moes word en dat 'n deel van hulle opleiding aan die proefplaas van die Departement van Landbou te Potchefstroom moes geskied. Om die nuwe sillabus te laat slaag, moes drie of vier bekwame organiseerders deur die Provinsie reis om die vak te organiseer en te inspekteer. ¹⁴⁾

Die baie probleme i.v.m. die skooltuine het na die invoering van die nuwe sillabus nog geen verbetering gebring nie. Die versorging van die tuine gedurende vakansies het aan die personeel baie hoofbrekens besorg want dikwels na 'n vakansie moes die onderwysers "bij hun terugkeer zien dat hun met zorg aangekweekte planten tot voedsel gediend hebben van een geit of os." ¹⁵⁾ Gedurende hierdie tyd het die Departement van Landbou egter die mielieverbouingwedstryde vir leerlinge van stapel gestuur en die beampte wat die

13) T.O.D. Omsendbrief nr. 21, Junie 1913, p. 27 e.v.

14) T.O.D. Jaarverslag, 1913, p. 8, 9.

15) T.O.D. Jaarverslag, 1915, p. 122.

deelnemende skole besoek het, kon hoofde help om sommige probleme op te los. In 1915 was skooltuine nog steeds 'n seldsaamheid.

By sommige skole waar die omstandighede gunstig was, en die skooltuin in sy oorspronklike doel geslaag het, het die nuwe sillabus sodanige sukses meegebring dat selfs verklaar is dat dit goed sou wees indien 'n voortgesette kursus in die sekondêre skole ingevoer sou word. Daar is selfs gepleit dat landbou op st. 10-vlak aangebied behoort te word. ¹⁶⁾

Tot dusver was daar egter slegs gepoog om die basiese grondslae vir landbouonderwys te lê, deur in die primêre skool die onderrig van natuurstudie te benader vanuit die oogpunt van sistematiese waarneming en interpretasie van verskynsels vanuit die natuurwerklikheid en in hierdie opsig moes die natuurtuin veral die rol van laboratorium of proefplaas vervul. Enkele jare na 1902 sou landbouonderwys ook op die sekondêre skoolvlak 'n noodsaaklikheid wees, veral op die platteland, al was dit slegs as sodanig aan gevoel deur die onderwysowerhede. Sedert 1912 het die Direkteur, Dr. Adamson, dan ook die oprigting van 'n opleidingsinstituut bepleit, wat hy 'n "Schoolfarm" genoem het, met ander woorde 'n skoolplaas of skoolboerdery om seuns voor te berei vir die boerdery. So 'n inrigting moes voorsien word van bewerkbare grond, werkswinkels, klaskamers en koshuise. Tussen vyf-en-sewentig en 'n honderd seuns, tussen die ouderdomme van vyftien en vyf-en-twintig jaar wat die verpligte kursus van die primêre skool deurloop het, sou by so 'n inrigting opgelei kon word. Die kursus moes, benewens landbou en wiskunde ook geesteswetenskaplike vakke insluit en aansluit by die algemene kursus vir die matrikulasie-eksamen. ¹⁷⁾

Die sukses wat behaal is met die invoering van die nuwe sillabus en die behoefte wat daarvoor bestaan het, het dus omstreeks 1916 by die onderwysowerhede die oortuiging gewek dat daar vir Landbou as vak 'n plek was in die kurrikulum van die sekondêre skool en dat

16) Ibid., p. 128.

17) T.O.D. Jaarverslag, 1916, p. 18.

landbouonderrig 'n wesenlike bydrae kon of moes lewer vir die seun op die sekondêre onderwysvlak. Ons het egter nog steeds die situasie dat die waarde en plek van landbouonderwys deur die onderwys- en landbouowerhede besef is, maar dat daar nog eintlik geen aanduiding was van die kant van die ouers en publiek dat hulle sodanige onderwys as 'n behoefte vir hulle kinders aangevoel of verlang het nie.

Wat van besondere betekenis op hierdie stadium was, was die besef dat aan landbouonderwys alleen reg kon geskied het indien die skool ook oor 'n boerderyafdeling beskik het, m.a.w. landbou kon nie slegs teoreties onderrig word nie, maar moes ook in noue aanraking met die werklikheid van die praktyk geskied. Dit het dan ook waarskynlik aanleiding gegee tot die oproep om 'n afsonderlike inrigting of inrigtings vir landbouonderwys.

In 1916 het die Transvaalse Departement van Landbou die proefplaas by Ermelo aan die Transvaalse Provinsiale Administrasie oorhandig, maar a.g.v. gebrek aan fondse kon die gulde geleentheid om 'n inrigting vir landbouonderwys te begin, nie benut word nie. ¹⁸⁾

Ten spyte van die aanbeveling dat 'n afsonderlike inrigting of inrigtings met 'n boerderyafdeling aan die skool verbonde, begin moes word ten einde landbouonderwys op 'n hegte grondslag te plaas, het daar niks van tereggekom voor 1925 nie.

In Desember 1917 is 'n onderwyskommissie deur die Administrateur van Transvaal aangestel, onder voorsitterskap van die heer H.L. Malherbe, om ondersoek in te stel na die stelsel en administrasie van onderwys in die provinsie. Hulle het hulle verslag en aanbevelings in November 1919 voorgelê, en sterk aanbeveel dat naas die gewone- daar ook Landbou-, Handel- en Tegniese hoërskole tot stand gebring moes word met gelyke status en gelyke standaard na 'n vyfjaar sekondêre kursus. Met die verhoging van skoolplig tot sestien jaar, sou die skoolbevolking so toeneem dat die kursusse aan sekondêre skole nou ook voorsiening moes

18) Ibid, p. 21.

maak vir leerlinge wat in ander beroepsrigtings as die professies belanggestel het.

Die kommissie het verder gekwalifiseer dat die doelstellings met die skole met beroepsgerigte kursusse, nie was om ten volle gekwalifiseerde en ervare boere, ambagsmanne ens., te lewer na voltooiing van die kursus nie, maar om daardie leerlinge met teoretiese kennis en praktiese vaardigheid toe te rus, naas die algemene opvoeding, in so 'n mate dat hulle in staat sou wees om met hierdie toerusting verdere kennis en vaardigheid te verwerf. Op die gebied van die landbou sou dit onder meer beteken het dat hulle in staat sou wees om pamflette en inligting wat deur die Departement van Landbou vrygestel is te begryp en toe te pas en om insig te verkry in die vraagstukke wat in verband met die alledaagse boerderybedryf ontstaan het. Al hierdie skole moes ook voorsiening gemaak het vir leerlinge wat 'n universiteitskursus wou volg. Op die platteland met 'n kleiner skoolbevolking kon die sekondêre skool 'n algemene en landbouhuishoudkunde kursus aanbied.

Die kommissie het verder aanbeveel dat 'n Skoolplaas opgerig moes word as Tegniese skool vir die platteland en by die gewone kursus van die Tegniese skool moes teoretiese en praktiese landbou bygevoeg word. Leerlinge, wat 'n drie- of vierjarige kursus aan hierdie inrigtings voltooi het, kon dan in diens geneem word op plase en 'n vakleerlingskap deurloop het. Vir laasgenoemde tipe inrigting was daar wye steun en baie versoeke is aan die kommissie gerig.

Op grond van die feit dat 60% van die blanke bevolking van die landbou afhanklik was vir hulle lewensonderhoud, is ook aanbeveel dat by elke hoërskool 'n kursus in landbou aangebied moes word, asook handwerk vir seuns en huishoudkunde vir dogters - in navolging van wat in Amerika gedoen is. ¹⁹⁾

19) Verslag van die Onderwyskommissie, Provinsie van Transvaal, 1917, p. 14, 15.

Die beginsel van gedifferensieerde sekondêre onderwys het ten grondslag van die kommissie se aanbevelings gelê, en wat veral aan te pryse was, was die uitgangspunt dat al die kursusse en skole gelykwaardig moes wees. Die kommissie het verder, ons insiens van die standpunt uitgegaan dat die sekondêre skool algemeenvormende kulturele onderwys moes beoog en as sodanig 'n voorberoepsinrigting moes wees. Die beroepsgerigte vakke sou in die eerste plek ook ter wille van hulle algemeenvormende opvoedkundige waarde aangebied word, terwyl hulle ook 'n verdere doel gedien het, naamlik om 'n agtergrond vir die onderskeie beroepsrigtings te vorm. Ons waardeer die suiwer siening dat van die middelbare skool nie verwag word om ten volle gekwalifiseerde boere of ambagsmanne ens. aan die landbou, nywerheid of enige ander sektor te lewer nie. Die onderwys op die sekondêre vlak moes wel daarin slaag om by die kind 'n gesindheid van waardering vir kennis en vaardigheid te skep, en sodanig toe te rus dat hy tot verdere kennis- en vaardigheidsverwerwing geprikkel en geïnspireer sou wees.

Uit die aanbevelings blyk dit dat landbou bloot teoreties onderrig moes word, behalwe in die geval van die skoolplaas. Sodanige onderrig sou egter geen of weinig waarde gehad het en kan vergelyk word met die waarde wat die onderrig van algemene wetenskap, natuur- en skeikunde of biologie het sonder 'n laboratorium of enige apparaat.

Oor die wenslikheid al dan nie van landbouonderrig sowel as die waarde wat studie in die landbou vir die leerlinge in die dorpe en stede sou hê, sal daar vandag nog heelwat meningsverskil wees. Heel moontlik sou sit hulle bewus gemaak het van hulle verantwoordelikheid teenoor die bewaring van die bodem as primêre bron vir die mens se lewens- en voortbestaan, en by hulle 'n insig en begrip vir die probleme van die landbou en die landbouer gebring het.

Van die kommissie se aanbevelings betreffende bevordering van landbouonderwys het niks tereggekom nie.

In 1922 is 'n Uniale kommissie insake landbouonderwys onder voorsitterskap van dr. W.J. Viljoen, Superintendent-Generaal van

onderwys in die Kaapprovinsie benoem. Hulle ondersoek het hoofsaaklik oor landbouonderwys op die tersiêre vlak, dit wil sê, aan Universiteite en Landboukolleges gehandel, maar enkele aanbevelings het tog primêre en sekondêre onderwys geraak. ²⁰⁾ Hulle het egter veral klem gelê op die noodsaaklikheid van opleiding van onderwysers, selfs vir eenmanskole waar natuurkennis ook behoort onderrig te word. Hulle het voorgestel dat 'n een- of tweejaarkursus in landbou aan landboukolleges of landboufakulteite aan Universiteite ingestel moes word vir onderwysers na verwerwing van die laer onderwysdiploma, sodat voornemende onderwysers wat in die platteland wou gaan skoolhou, hulle kon bekwaam en hulle moes ook hoër aanvangsalarisse ontvang het.

Hulle het verder voorgestel dat sekondêre Landbouskole in uitgesoekte sentra gestig moes word waar 'n tweejaarkursus na primêre onderwys aangebied moes word. Vir die onderwysers in die sekondêre landbouskole of skole wat ook landbouvakke aangebied het, moes 'n kursus van 5 jaar na matriek vir 'n landbougraad en onderwysersopleiding ingestel word.

Baie van wat voorheen gesê was ten opsigte van die onderrig van natuurstudie en die waarde van skooltuine, asook kortkursusse vir diensdoende onderwysers, is weer bevestig.

Die kommissie het in sy verslag ook gewys op die toenemende getal persone wat landbouonderwys op primêre en sekondêre onderwysvlak bepleit het. Een van die persone was prof. Perold, wat hoof van die Elsenburgse Landboukollege was. In 'n toespraak wat hy voor 'n vergadering van die Suid-Afrikaanse vereniging vir die bevordering van Wetenskap, te Stellenbasch gelewer het, het hy gesê dat dit die taak van die hele land sou wees om die hande van die boerebevolking te sterk. Dit sou alleenlik gedoen kon word wanneer die versekering daar was dat die seuns en dogters doeltreffende onderwys op primêre-, sekondêre- en landbouskole kon ontvang, wat hulle behoorlik sou kon toerus vir hulle

20) Verslag van die Kommissie insake Landbouonderwys, Unie van S.A., 1922, p. 12.

toekomstige taak in die landelike omgewing. Daarvoor was doeltreffende opleiding van landbouonderwysers en die hervorming van die bestaande stelsel van primêre en sekondêre onderwys nodig. Hy het veral beklemtoon dat landbouonderwys nie bloot teoreties-verstandelik aangebied moes word nie, maar midde in die praktyk, waar die leerlinge hulle bevind het, terwyl hulle aktief deelgeneem het.²¹⁾

Ten spyte van die feit dat verskillende kommissies en individue die uitbouing van landbouonderwys gemotiveer en bepleit het, het daar geensins 'n noemenswaardige verandering of uitbreiding plaasgevind nie. Dit skyn asof die onderwys hoofsaaklik stedelik georiënteer en toegespits was.

Die pogings wat in elk geval aangewend was om die landbouonderwys op die platteland aan te pas, het tot dusver ook nog nie vrugte afgewerp nie omdat daar nog 'n gebrek aan geskikte gekwalifiseerde landbou-onderwysers was en omdat dit steeds te teoreties aangebied is en sonder praktiese landbou-aktiwiteite nie kon slaag nie.

In 1923 het die Direkteur van Onderwys weer sy vroeëre versoeke herhaal in verband met skoolboerderye of skoolplase, organiseerders vir landbou-onderwys en landbouopleiding as deel van onderwysersopleiding.²²⁾ In 1924 het die Direkteur van Onderwys in 'n toespraak voor 'n onderwysersvereniging gewys op die noodsaaklikheid om intermediêre skole na landelike omgewings uit te brei waar leerlinge nog twee of drie jaar in die skool kon bly na standaard vyf. Die kurrikulum moes meer bepaald 'n landelike karakter hê (hy het gemeld dat hy spesifiek die uitdrukking „vakrigting” vermy het) sodat die kind ten minste voorberei sou word vir sy roeping op die land.²³⁾

Dit het geblyk dat ten spyte van die moontlikhede wat die sillabus vir natuurstudie gebied het, daar nie die verwagte vooruitgang tot 1924 was nie. Die mening is uitgespreek dat dit so was omdat daar in die sillabus geen direkte opdrag was, om die onderrig prakties en aanskoulik met behulp van skooltuine aan te bied nie.

21) PEROLD, A.I., Agricultural Education in S.A., p. 4 e.v.

22) T.O.D. Jaarverslag, 1923, p. 21 - 25.

23) T.O.D. Jaarverslag, 1924, p. 161.

Daar is slegs gemeld dat waar moontlik die teorie met praktiese toepassings aangevul moes word en dat elke skool wat die geleentheid gehad het, 'n skooltuin moes aanlê. Baie het nie sover gekom nie. 24)

Daar is egter nog steeds kortkursusse vir onderwysers deur die Departement van Landbou gereël en die Departement se publikasies was steeds tot hulle beskikking. 25) Die belangstelling en inisiatief moes skynbaar van die onderwyser self uitgaan.

Van die aanbevelings van die Direkteur- en Inspekteurs van Onderwys het weinig tereg gekom en een inspekteur het in 1924 gerapporteer i.v.m. 'n ontevredenheid met betrekking tot volksopvoeding wat oral aangevoel is en dat die geroep wat tereg opgegaan het van die volk om beroepsopleiding, die geroep was van die kind om die geleentheid gebied te word om in een of ander praktiese rigting of in die landbou opgelei te word ter voorbereiding vir die taak wat daar op hom gewag het. 26)

Dis van belang om daarop te let dat daar eers op hierdie stadium tekens was van wye belangstelling op die platteland, deur die ouers sowel as publiek, en 'n besef ontstaan het van die behoefte na 'n vorm van tegniese onderwys. Dit blyk ook uit die feit dat landbouonderwys nou aandag van die georganiseerde landbou ontvang het. Die Transvaalse Landbou-unie het naamlik in 1923 die saak van landbouonderwys in die provinsiale skole deeglik onder oë geneem. 27)

Hierdie optrede van die Transvaalse Landbou-unie was waarskynlik die indirekte gevolg van die eerste werklik georganiseerde en verskerpte landbouvoorligting op die platteland aan die boere deur die Departement van Landbou. Gedurende hierdie periode is verskillende plattelandse gebiede met die sg. landboustrein besoek

24) MORAN, H.C. An Historical Critical Survey of Agricultural Education in the Transvaal., p. 43.

25) T.O.D. Omsendbrief nr. 5, Junie 1924, p. 26.
T.O.D. Omsendbrief nr. 6, September 1924, p. 16.

26) T.O.D. Jaarverslag, 1924, p. 63.

27) T.O.D. Jaarverslag, 1923, p. 22.

en het vakkundiges onder leiding van kol. Heinrich du Toit, voorligting en demonstrasies gegee. Op dié wyse het die plattelandse bevolking onder die besef gekom van die noodsaaklikheid van wetenskaplike landboukennis en het ouers wesenlik begin belangstel, en deur die georganiseerde landbou hulle stem laat hoor vir opleiding van die kinders op die platteland wat weer in boerdery 'n heenkome moes vind.

'n Komitee, bestaande uit o.m. verteenwoordigers van die Transvaalse Landbou-unie, Transvaalse Universiteitskollege en Pretoria Distrik Skoolraad het 'n onderhoud met die Administrateur gehad. Uit hierdie onderhoud het die moontlikheid van die totstandkoming van die Krokodilpoortse Landbouskool (te Brits) voortgevloei, maar in 1925 het die Direkteur van Onderwys aangekondig dat alle handeling met betrekking tot die stigting van die Krokodilpoortse Landbouskool opgeskort is omdat vakonderwys na die Unie Onderwysdepartement oorgeplaas sou word. ²⁸⁾

2.3. DIE DEPARTEMENT VAN LANDBOU SE BYDRAE TOT LANDBOUONDERWYS TOT EN MET 1925

Na die Anglo-Boereoorlog het die Departement van Landbou in 1902 in Transvaal tot stand gekom. Hierdie Departement het 'n besondere belangstelling in landbouonderwys openbaar. Aanvanklik is daar slegs gepoog om die boerende bevolking, wat die grootste gedeelte van die bevolking uitgemaak het, van die behoefte aan landbouopleiding bewus te maak. In 1903 het die Direkteur van die Transvaalse Departement van Landbou verwys na die veranderde omstandighede t.o.v. landbou, waardeur al hoe hoër eise gestel word. Voorts het hy beklemtoon dat 'n gesonde stelsel van landbouonderwys met betrekking tot 'n wetenskaplike kennis en benadering van die landbou, onontbeerlik is. ²⁹⁾

28) T.O.D. Omsendbrief nr. 8, Maart 1925, p. 24.

29) Transvaal Department of Agriculture, Annual Report of the Director of Agriculture, 1903 - 1904, p. 31.

Wat was die aard van hierdie wetenskaplike kennis en benadering en wat was die bydrae wat landbouonderwys moes lewer? Dit was nog glad nie die eis van optimale benutting van natuurlike hulpbronne en die wyse waarop dit bereik moes word nie, maar dit het die mees fundamentele grondslag van die landbou en gesindheid van die landman beliggaam: die natuur is die primêre gawe van die Skepper waarin die mens se aardse lewensbestaan en voortbestaan gewortel is, en deur landbouonderwys sou die landman gehelp word om die wonders en geheime van die natuur te verstaan en sou hy die geleentheid wat hom gebied word, in dankbaarheid ten beste kon benut.

Aanvanklik is al die beskikbare tyd en aandag egter in beslag geneem om die verskillende afdelings van die Departement van Landbou te organiseer en doeltreffend te laat funksioneer, en kon daar dus niks spesifiek ter bevordering van landbouonderwys gedoen word nie.

In 'n verslag wat in 1905 deur die Direkteur van Landbou vrygestel is, het hy sy oortuiging uitgespreek dat dit kortsigtig sou wees om voort te gaan om die landbouers deur subsidies alleen te wil help, omdat hulle wesenlik 'n behoefte gehad het om tot selfstandigheid opgehef te word. Dit kon alleen deur onderwys en voorligting bereik word, omdat hulle geleer moes word om die grond en hulpbronne wat tot hulle beskikking was, ten beste te benut. Met die oog op die toekoms, was 'n volledige en doeltreffende stelsel van landbouonderwys dus noodsaaklik vir die opleiding van die intelligenter jongmanne, want op hulle skouers (as administrateurs, navorsers en onderwysers,) sou die toekoms van die land rus. Sodanige onderwys sou duur wees, want alleen die beste sou goed genoeg wees, maar die resultate sou vergoed vir die geld wat daarin belê sou word. 30)

In 1902 is grond te Potchefstroom aangekoop met die oog op navorsing, maar die gedagte was ook dat daar 'n inrigting vir landbouopleiding ontwikkel moes word. 31)

30) Transvaal Department of Agriculture, Annual Report of the Director of Agriculture, 1904-1905, p. 34, 35.

31) Transvaal Department of Agriculture, Annual Report of the Director of Agriculture, 1906-1907, p. 26, 27.

Hierdie opleiding was egter bedoel vir nie-skoolpligtiges en die uiteindelijke oogmerk van die Departement van Landbou met landbouonderwys het toe uitgekristalliseer in die vorm van 'n kursus aan bogenoemde inrigting vir leerlinge wat ouer was as sestion en ten minste standerd ses, agt of matriek geslaag het. Dit was 'n tweejarige kursus en het die teoretiese- sowel as praktiese aspekte van landbou behels. ³²⁾

Die Departement van Landbou sou egter ook in hierdie beginjare 'n verdere bydrae tot landbouonderwys op primêre- en sekondêre vlak lewer. Dit is in die vooruitsig gestel dat, sodra die inrigting by Potchefstroom ten volle toegerus, georganiseer en beman was, en die personeel ten volle op die hoogte was van hulle vakgebiede, daar vakansiekursusse vir onderwysers aangebied moes word om hulle beter toe te rus met kennis van die skoonheid en rykdom van die natuur. Hulle sou dan op hulle beurt weer hierdie kennis, maar ook in besonder die geleenthede en voordele wat die landbou en landelike omgewing gebied het, aan die leerlinge kon oordra. ³³⁾

Dit blyk dus dat landbouonderwys in die eerste plek moes lei tot 'n besef en waardering van die skoonheid en wonders van die natuur, tesame met 'n begrip van die lewe in die natuur waardeur die geleenthede vir die landbouer tot openbaring sou kom. Tweedens sou die onderwys die opleiding bied sodat hierdie geleenthede ten beste benut kon word.

Na 1910 het landbou onder die Departement van Landbou van die destydse Unieregering geressorteer. Die verantwoordelikheid vir landbouonderwys is egter aan die Minister van Onderwys opgedra, maar is later teruggeplaas na die Departement van Landbou as 'n afsonderlike afdeling onder beheer van 'n ondersekretaris. ³⁴⁾

32) Report of the General Manager, Experimental Farm, Potchefstroom, Transvaal Department of Agriculture, Annual Report of the Director of Agriculture, 1908-1909, p. 2.

33) Ibid, p. 3.

34) Union of S.A., Department of Agriculture, Report of the period 1st January 1912 to 31st March, 1913, p. 1.

Hierdie afdeling was egter hoofsaaklik verantwoordelik vir landbou-
 onderwys by die Landboukolleges en in 1925 is die afdeling gereorga-
 niseer as afdeling van Landbouonderwys en Voorligting met opdrag
 om die werk van die Landboukolleges te beheer en daarvoor toesig
 te hou. 35)

Die Departement van Landbou het egter aktief meegewerk om die
 belangstelling vir landbou in Transvaalse plattelandse skole aan
 te wakker. Amptenare het met raad en daad bygestaan en was ook
 op hoogte met betrekking tot die verwickelinge by skooltuine.
 Die saad van verskillende groentesoorte, blomme en selfs tabak
 is beskikbaar gestel en besonderhede t.o.v. die vestiging en
 verbouing is per sirkulêre briewe verskaf. 36)

In 1914 het hierdie belangstelling verder toegeneem en het die
 Departement 'n kompetisie vir mielieverbouing vir seuns georga-
 niseer en beheer, waardeur 'n verdere oogmerk verwesenlik is,
 naamlik om beter metodes en groter doeltreffendheid bekend te
 stel. Die resultate was bemoedigend en daar is ook in 'n groot
 mate geslaag om ouers te beïnvloed om sodoende nuwe en wetenskap-
 liker metodes toe te pas, omdat hierdie metodes veral winsgewender
 was. Algemene belangstelling is gewek en kontant, medaljes,
 boeke, gereedskap en selfs beurse is deur sekere instansies
 en industrieë as pryse geskenk. Teen 1917 was dit duidelik dat
 die onderneming te omvangryk geword het vir een amptenaar wat
 alle projekte moes inspekteer. Gevolglik het die Direkteur van
 Onderwys goedkeuring verleen dat die kompetisie verder met die
 hulp van belanghebbende onderwysers by die skole kon plaasvind en
 in 1917 het 554 leerlinge daarvoor ingeskryf. Vanaf 1922 is serti-
 fikaat vir verdienste aan leerlinge uitgereik. 37)

Die Onderwysdepartement het steeds met dank kennis geneem van
 die belangstelling van die Departement van Landbou. 38)

35) DU TOIT, H.S. Onderrig vir nou en vir die toekoms.
 Boerdery in S.A., Deel 1, No. 9., Desember 1926, p. 45.

36) T.O.D., Umsendbrief nr. 10, 1910, p. 17.

37) MJRAN, H.C., a.w., p. 23.

38) T.O.D. Jaarverslag, 1915, p. 164.

HOOFSTUK 3

LANDBOUONDERWYS INGEVOER IN DIE SEKONDÊRE ONDERWYSFASE ONDER VERDEELDE BEHEER, 1925 - 1938

3.1. BELANGRIKE KONFERENSIES

Teen die einde van Oktober 1924 het die Ministers van Onderwys en Finansies en die Uitvoerende Komitees van die Provinsies oor vakonderwys beraadslaag, veral vanweë die feit dat die Provinsies die al groter wordende finansiële las daarvan nie langer sonder steun van die Unieregering kon dra nie. Alhoewel die moontlikheid bestaan het dat hierdie faset van sekondêre onderwys nog deur die Provinsies behartig kon word met finansiële steun van die Sentrale Regering, is daar op hierdie konferensie te Durban besluit dat alle vakonderwys na die Unie Onderwys-departement (die latere Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap) oorgedra moes word en so is geboorte geskenk aan verdeelde beheer oor sekondêre onderwys. ¹⁾

Hierdie reëling is nie eenparig aanvaar nie, omdat almal dit nie in die beste belang van vakonderwys beskou het nie. Die provinsies veral, wou nie geredelik afstand doen van vakonderwys nie. Heel gou het probleme ontstaan soos bv. die definiëring van vakonderwys (beroepsonderwys) in teenstelling met algemeen-vormende onderwys. Daar was klaarblyklik 'n gevoel dat dit nie nodig of wenslik was dat alle landbouonderwys in die kurrikulums van Provinsiale skole uitgesluit moes word nie. Dit is dan ook weerspieël in die besprekinge wat op 'n volgende Landbouonderwyskonferensie in Pretoria plaasgevind het. ²⁾

Tydens hierdie konferensie, wat op 18 en 19 November 1925 te Pretoria gehou is op aandrang van die Ministers van Onderwys

1) T.O.D. Jaarverslag, 1925, p. 9.

U.O.D. Jaarverslag, 1925, p. 3.

2) Aantekeninge van die Besprekinge en Besluite van die Landbou-onderwys Konferensie, 1925, p. 1. e.v.

en Landbou, het die voorsitter, dr. D.F. Malan, Minister van Onderwys, die aandag gevestig op die feit dat landbouopleiding in hierdie land van kardinale belang is en dat daar van tyd tot tyd, min of meer geïsoleerde pogings was om in dié verband iets te doen. Allerweë is egter besef dat dit nodig geword het dat almal wat daarby belang het, en daarin belangstel, op 'n wye georganiseerde vlak deur gekoördineerde optrede die saak moes bevorder. Afgesien van die ministers het drie verteenwoordigers van elk van die Departement van Onderwys en Landbou, die vier Provinsiale Administrasies en die twee fakulteite van landbou van die Universiteite van Stellenbosch en die Transvaalse Universiteitskollege beraadslaag, en is die volgende aspekte o.m. bespreek:

1. Die verdeelde beheer van landbouonderwys tussen die Unie Onderwysdepartement, die Provinsiale Onderwysdepartemente en die Departement van Landbou.
2. Die hervorming van die plattelandse onderwys.
3. Die grenslyne van die landbouonderwys (veral op sekondêre vlak) en die verdere aanbieding van landbouonderwys vanaf die primêre vlak tot by Universiteits- en Kollegeopleiding.

Daar was beslis baie meningsverskil ten opsigte van grondliggende vrae, soos bv. aan wie almal landbouopleiding verskaf moes word op die sekondêre onderwysvlak en ook of landbouonderwys ingerig moes word as suiwer beroepsonderwys om boere op te lei of om kultureel-vormende onderwys te verskaf. ³⁾

Hierdie konferensie het geen besluite geneem nie, maar het wel sekere aanbevelings gemaak, waaronder die volgende:

1. Provinsiale administrasies moes versoek word om stappe te neem sodat die onderrig van natuurstudie in primêre skole sou lei tot 'n intelligente waardering van die omgewing

3) Ibid., p. 3, 4.

en verder sou lei tot 'n studie van landbou in die hoër klasse van die primêre skool.

2. Geleenthede moes sover moontlik geskep word vir die onderrig van landbou in na-primêre skole. In dié verband was daar verteenwoordigers wat oortuig was dat alleen sekondêre skole in groot stede buite rekening gelaat behoort te word wat betref landbouopleiding. ⁴⁾
3. In alle tipe skole sou dit wenslik wees dat die volgende landbouvakke of komponente daarvan aandag sou geniet: grond, gewasse (insluitende plantsiektes), plaasdiere (insluitende veesiektes), plaaswerktuigkunde en boerdery-ekonomie (insluitende sosiale aspekte van die landelike lewe).
4. Alle landbouopleiding behoort van 'n praktiese aard te wees, gebaseer op tuisprojekte, en aandag moes aan die sosiale en ekonomiese aspekte gegee word.
5. Ten einde die landbouonderrig in die onderskeie skole tot sy reg te laat kom, sou die volgende essensieel wees:
 - i. Behoorlike opgeleide onderwysers.
 - ii. Voorligting deur gekwalifiseerde persone (aanvanklik is hieronder verstaan inspeksie deur behoorlik gekwalifiseerde inspekteurs).
 - iii. Streeks- en seisoenale aard van boerdery-bedrywighede moes in ag geneem word.
 - iv. Die logiese ordening van die leerstofinhoud van landbouvakke moes bepaald aandag ontvang.

Dit dien hier vermeld te word dat die uitvoering van bogenoemde aanbevelings beslis landbouonderwys op 'n wetenskaplike grondslag sou plaas. Die aanbeveling dat die landbouopleiding van 'n praktiese aard moes wees, gebaseer op tuisprojekte, het egter die moontlikhede grootliks elimineer. Dit is noodsaaklik dat

4) Ibid., Bylae D. en p. 22.

die praktiese landbouaktiwiteite en wat daarmee beoog word, deur die sillabus omskryf, verklaar en bepaal word. Dit moet op 'n wetenskaplike wyse georganiseer word sodat die boerdery tegelyk die bron van kennis en die laboratorium is en die leerlinge moet aan die boerderybedrywighede op 'n wetenskaplik-georganiseerde grondslag, onder leiding en toesig van behoorlik opgeleide onderwysers deel hê. 'n Boerdery-afdeling is noodsaaklik by alle skole wat landbou wil onderrig! Dit was teweens vroeër al herhaaldelik beklemtoon.

Die afgevaardigdes moes hulle menings oor 'n belangrike aspek uitspreek, naamlik die skeidingslyne, veral t.o.v. landbou-onderwys, tussen vakskole onder beheer van die Unie van Onderwysdepartement en nie-beroepskole onder beheer van die Provinsiale Onderwysdepartemente.

Die aanbeveling van die konferensie was dat waar skole onder beheer van Provinsiale Onderwysdepartemente nie meer as drie agtstes van die tyd aan landbouonderwys, met inbegrip van verwante vakke, bestee het nie, sulke skole nie as beroepskole beskou sou word nie. Die feit dat so 'n skeiding tussen beroepsonderwys en nie-beroepsonderwys op grond van tydsbesteding aanvaar is, het eerstens tot gevolg gehad dat landbou nog steeds in Transvaalse skole onder beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement onderrig is en uiteindelik deel gevorm het van die kurrikulum by sekondêre skole. Tweedens het dit die gunstige gevolg gehad dat die beroepsaspek van landbouonderwys nooit ten koste van die kulturele en algemeenvormende onderwys oorbeklemtoon is nie. In die latere landbouvakskole onder die Unie Onderwysdepartement, is dit moontlik juis dié oorbeklemtoning wat verhinder het dat die skole kursusse ontwikkel het waardeur leerlinge sertifikate kon behaal wat gunstig vergelyk het met die wat aan gewone skole behaal is.

By hierdie konferensie is verder onderskei tussen die opleiding wat in die skole onder die Onderwysdepartemente en skole of kolleges onder die Departement van Landbou verskaf is. Hulle het bevind dat die basiese opleiding soos volg verskil het:

	<u>Unie Onderwysdepartement.</u>	<u>Departement van Landbou.</u>
<u>Toelatings-</u>	14 - 18 jaar	Minimum 17 jaar
<u>vereistes:</u>	Min. st. IV	Min. st. VIII en een jaar boerdery-ervaring
	Hoofsaaklik gratis	Losiesfooie R120 p.j.
<u>Kursus:</u>	2 jaar praktiese landbougerigte en algemene onderwys.	2 Jaar praktiese kursus vir boere en spesiale en kortkursusse.
<u>Doel:</u>	Opleiding van voor- manne en ander per- sone vir indiens- neming op plase	Opleiding van boere en voornemende boere, voorligters en navorsers.

Daar is bevind dat albei Departemente, en die opleiding wat hulle verskaf het, nodig was en daar is verder spesiaal melding gemaak van die feit dat die skole onder beheer van die Onderwysdepartement veral die raad en ondersteuning van die Departement van Landbou se amptenare nodig gehad het.

Die kwessie van nasorg van leerlinge van al die inrigtings moes die besondere aandag van die betrokke Staatsdepartemente geniet. 5)

Hulle het verder besondere aanbevelings gemaak i.v.m. die opleiding van onderwysers, asook geleenthede vir reeds gekwalifiseerdes. Hierdie aanbevelings het egter nie veel verskil van vorige aanbevelings nie. 6)

Ons vind dus dat 1925 'n tydperk ingelui het waartydens belangrike besluite geneem en stappe gedoen is i.v.m. landbouonderwys, alhoewel almal nie ewe sinvol, of selfs in belang van landbouonderwys was nie.

Na die konferensie te Durban het die onderlinge oorlegpleging tussen die Unie- en Provinsiale Onderwysdepartemente begin.

5) Ibid., Bylae D.

6) Ibid., Bylae E.

Die Wet op Provinsiale Toelaes (afdeling 14) en die Wet op Reëling van Geldmiddele (artikel 12) wat in 1925 voorgestel is, het voorsiening gemaak vir die oordrag van 19 Staatsinrigtings en 23 Staatsondersteunde inrigtings na beheer onder Unie Onderwysdepartement - die drie Transvaalse Hoër Handel-skole sou eers op 1 April 1926 oorgedra word. ⁷⁾

3.2. DIE ONTWIKKELING VAN LANDBOUVAKSKOLE ONDER BEHEER VAN DIE UNIE ONDERWYSDEPARTEMENT

Na die oornome van vakonderwys het die Unie Onderwysdepartement sy voorneme bevestig om nie alleen die bestaande skole wat oorge-neem was, voort te sit nie, maar om ook vakonderwys uit te brei en nuwe skole op geskikte plekke op te rig. ⁸⁾ Die verskeie Ordonnansies en baie uiteenlopende vorms van beheer oor vakonderwys in die verskillende provinsies en selfs in 'n provinsie, het 'n probleem geskep waarvoor tyd en deeglike besinning nodig sou wees voordat nuwe wetgewing m.b.t. 'n eenvormige stelsel van beheer voorgestel kon word. In Oktober 1925 is tussentydse regulasies uitgevaardig wat die Minister gemagtig het om alle bevoegdhede en magte waaroor die Administrateurs voorheen beskik het, uit te oefen ten einde die vakonderwys te reël. ⁹⁾

Wat Transvaal betref, is landbou op dié stadium by die volgende inrigtings onderrig: ¹⁰⁾

- i. Die landbouafdeling van die Potchefstroomse Ambagskool (vroeër Industriële skool), waarby 'n plaas ingesluit was, en waar leerlinge wat die landbourigting gekies het, ook opleiding in "plaasambagte", met besondere

7) U.O.D. Jaarverslag, 1925, p. 47.

8) Ibid., p. 3.

9) Ibid., p. 47.

10) MORAN, H.C. a.w., p. 33.

aandag aan die praktiese aspek ontvang het, sodat hulle verskillende vaardighede wat in verband met landbou gestaan het, soos bv. smidswerk, kon aanleer.

- ii. De Lagersdriftskool, waar volgens verslae maar "klein landbouklasse" was. ¹¹⁾

Melding moet ook gemaak word van die feit dat in 1911 te Heidelberg 'n Industriële skool vir seuns gestig is onder beheer van die Departement van Justisie, ingevolge die Gevangeniswet van 1911. In 1917 is die beheer en funksie oorgeplaas na die Unie Onderwysdepartement. Die leerlinge in hierdie skool het ook landbou as deel van hulle opleiding ontvang. ¹²⁾

In die jaarverslag vir 1925 is gewys op die verskynsel dat skrandere seuns opleiding in ambagte bo boerdery verkies het, maar dat gehoop is om ook die skrandere leerlinge te trek deur die kursusse m.b.t. boerderyopleiding te verbeter en aantrekliker te maak. Volgens 'n hoof van een van die skole het die ondervinding hom geleer dat werkgewers in die reël gewillig was om seuns wat uitgeplaas was, verder op te lei in die vertakkinge waarin hulle nie ten volle bekwaam was nie. Hulle het egter verwag dat gedurende hulle skoolloopbaan karakterontwikkeling sou plaasvind, en daarom aangedring op positiewe eienskappe soos dié van gehoorsaamheid, betroubaarheid, eerlikheid en geeskrag. ¹³⁾

Bogenoemde is baie belangrik omdat dit die feit beklemtoon het dat daar op die sekondêre beroepsonderwysvlak steeds algemenvormende, kulturele opvoeding, met inbegrip van persoonlikheids- en karakterontwikkeling, noodsaaklik is.

Die Unie Onderwysdepartement het besluit dat Landbouonderwys voortaan in afsonderlike vakskole aangebied sou word en op 1 April 1928 is die Landbouvakskool naby Brits gestig. ¹⁴⁾

11) T.O.D. Jaarverslag, 1925, p. 9.

12) MORAN, H.C. a.w., p. 34.

13) U.O.D. Jaarverslag, 1925, p. 70, 71.

14) MULDER, A.H. Sosiografiese Studie van Brits Distrik, p. 308.

Saam met dié op De Lagersdrift was daar dus twee landbouvakskole.

Die landbouafdeling van De Lagersdrift het maar onseker en onbestendig vertoon in omstandighede wat gedurig gewissel het: die landbouafdeling het aanvanklik bestaan uit 'n instrukteur, 'n span osse en 'n aantal leerlinge en is daar gebruik gemaak van die geboue wat onder beheer van die provinsie was. In 1927 het die Transvaalse Onderwysdepartement weer die landbouafdeling by De Lagersdrift oorgeneem om deel te vorm van die algemene onder-
rig aan die Intermediêre skool wat toe daar begin is. Leerlinge wat op dié stadium die beroepsgerigte kursus gevolg het, het hulle kursusse gaan voltooi by die skole onder beheer van die Unie Onderwysdepartement. In 1929 is 'n poging aangewend om die landbouopleiding by De Lagersdrift te verbeter deur 'n beroeps-
gerigte kursus in te stel en die beheer is gesamentlik deur die Unie- en Transvaalse Onderwysdepartemente uitgeoefen. In 1931 is hierdie reëling opgehef en het 'n landbou- en huishoudskool onder die Unie Onderwysdepartement tot stand gekom en is bykomende-
geboue opgerig. ¹⁵⁾

Die feit dat landbouonderwys by De Lagersdrift nooit werklik op dreef kon kom en ontwikkel het nie, is waarskynlik te wyte aan twee faktore. Eerstens was dit verafgeleë en gevolglik was vervoerverbindings swak. Tweedens het die kerkneder-setters op landbouonderwys neergesien en daarom hulle kinders elders heen gestuur.

In 1929 het die Sekretaris van Onderwys, dr. S.F.N. Gie, gemeld dat alhoewel die behoefte aan, en waarde van beroepsonderwys, al hoe meer besef en waardeer is, en landbouonderrig stelselmatig verbeter het en beter fasiliteite geskep is, hy andermaal die aandag moes vestig op die ongelukkige verskynsel dat die landbou-gemeenskap oor die algemeen nie geglo het, of oortuig was, dat 'n seun wat landbou as beroep wou beoefen, opleiding nodig gehad het nie. Daar was skynbaar by baie mense die oortuiging dat landelike beroepsonderwys slegs bedoel was vir armblankes en

15) MORAN, H.C. a.w., p. 35, 36.

alleen bygewoon is deur leerlinge wat volle beurse ontvang het. Hy het gevolglik aanbeveel dat die Onderwysowerhede eers die tendens noukeuriger moes dophou alvorens nuwe landbouskole opgerig word. ¹⁶⁾

Hierdie skole het steeds 'n hoër eenheidskoste getoon, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat hulle getalle baie laag was en omdat groot somme geld aan aanvangsuitrusting en ontwikkeling spandeer moes word. ¹⁷⁾

Die posisie het enigszins verbeter wat die belangstelling vir landbouonderwys betref, veral omdat die gehalte van werk, asook die maatskaplik-kulturele gees in die skole verhoog is. Tog was die toestand totaal onbevredigend soos blyk uit syfers wat in 1930 vrygestel is. Van die ongeveer 18 000 seuns wat jaarliks die laer- en sekondêre skole van die Unie verlaat het, het omtrent 8 500 op die plase 'n lewensbestaan gevind. Hiervan het ongeveer 5 000 (58%) die skole verlaat sonder om standerd ses te slaag. Ongeveer 3 500 (42%) was dus in besit van 'n standerd ses of hoër sertifikaat, slegs 6% het 'n standerd agt of hoër sertifikaat behaal en net 1,5% was gematrikuleerd of het op een of ander manier 'n sekondêre skoolkursus met sukses voltooi. Meer as 90% van die jaarlikse jeugdigste rekrute vir die boerdery was verstandelik swak daarvoor toegerus. ¹⁸⁾ Die behoefte aan hervorming van die plattelandse onderwys het dus bly voortbestaan.

Dat daar 'n behoefte was aan jongmense met landbouopleiding, blyk uit die feit dat 80% van die seuns wat aan die einde van 1931 skool verlaat het na landbouopleiding, besig was om te beoefen wat hulle geleer het, of as besoldigde werknemers, of waar hulle na hulle eie huise teruggekeer het. ¹⁹⁾

Intussen is daar 'n inspekteur van landbouopleiding aangestel in die persoon van mnr. B.J. de Klerk. Die Departement se ideaal

16) U.O.D. Jaarverslag, 1929, p. 6.

17) Ibid., p. 33.

18) U.O.D. Jaarverslag, 1930, p. 8.

19) U.O.D. Jaarverslag, 1931, p. 7.

was dat die Landbouvakskole so georganiseer moes word dat leerlinge 'n grondige opleiding in die teorie en praktyk van boerdery kon ontvang, terwyl hulle ook tot hardwerkende en karaktervolle persone sou ontwikkel, wat 'n positiewe bydrae tot die voordeel van die maatskappy kon lewer. Die skole was hoofsaaklik bedoel vir seuns tussen 14 en 18 jaar wat standaard ses geslaag het. In uitsonderlike gevalle kon seuns sonder standaard ses of na standaard agt toegelaat word. 'n Streng keuring moes egter plaasvind om te verseker dat alleen seuns wat belangestel het, en gretig was om boere te word, toegelaat word en 'n proeftydperk van drie maande het gedien om te bepaal of die leerling geskik sou wees, en aanleg vir boerdery gehad het. Na suksesvolle voltooiing van die kursus het leerlinge 'n diploma ontvang.

Die skool- en losiesgeld het R144 per jaar beloop, maar gedeeltelike of selfs volle kwytskelding van fooie was moontlik, ten einde te verseker dat geen kind vanweë finansiële probleme die opleiding hoef te ontbeer nie.

Behalwe die skool- en koshuisgeboue was daar ook plaasgeboue sodat gemengde boerderye op 'n verteenwoordigende plaas van die omgewing beoefen kon word. Die vee-afdelings het gewoonlik melkbeeste, varke en hoenders ingesluit. Behalwe kontantgewasse van die streek, is veral voer verbou. Seuns moes kennis maak met moderne metodes, maar moes ook die "hoe en waarom van die saak verstaan." Die kursus van twee of drie jaar het in die eerste jaar praktiese werk, lesings en demonstrasies behels; die tweedejaar is leerlinge sistematies opgelei om hulle eie informasie in te win, wat in lêers vir elke vak bygehou is en wat hulle uiteindelik in die vorm van opstelle aan instrukteurs voorgelê het. Na evaluering het die instrukteurs hulle van raad bedien aangaande die onderwerp en so is die taak aangevul tot dit volledig was. Op hierdie wyse het die leerlinge kennis bekom sonder dat dit by wyse van 'n massa aantekeninge op 'n oninteressante manier aan hulle opgedis is, en het hulle veral geleer om self kennis te bekom. Gedurende die derde jaar is veral aandag aan bestuursvermoë gegee, deur hulle vir bepaalde werksaamhede, wat 'n mate van organisasievermoë vereis het, verantwoordelik te hou. Gedurende die drie jaar het die twee landstale (veral met

die oog op plaaskorrespondensie), plaasrekenkunde en boekhou ook aandag gekry, sodat die leerlinge d.m.v. rekords ook van die ekonomiese aspekte en implikasies van die boerderijvertakkings kennis geneem het. ²⁰⁾

Hierdie kursus was egter minderwaardig en die Diploma wat behaal is, was van nul en gener waarde omdat dit geen skoolsertifikaat was nie. Daar was dus weinig belangstelling en ondersteuning van die kant van die publiek en daarom het daar ook van die voornemens soos keuring ens. eintlik niks tereggekom nie - daarvoor was daar te min aansoeke. ²¹⁾

'n Komitee insake Provinsiale Finansies is aangestel en die moontlikheid van die oordrag van beroepsonderwys aan die Provinsies was weer die onderwerp van bespreking. Dr. S.F.N. Gie, Sekretaris van die Unie Onderwysdepartement, het egter in 1932 'n sterk standpunt teen die oordrag ingeneem en getoon hoe beroepsonderwys vooruitgegaan het onder beheer van die Unie Onderwysdepartement. ²²⁾ Hy is in 1933 as sekretaris van onderwys opgevolg deur prof. M.C. Botha, wat die standpunt gehuldig het dat beroepsonderwys onder die Unie Onderwysdepartement nooit werklik doeltreffend sou kon wees sonder wesenlike kontak met die primêre skole, vanwaar leerlinge gerekruteer moes word nie. Verder was hy sterk ten gunste van oordrag aan die Provinsies met ruim finansiële ondersteuning deur die Unieregering onder die voorwaardes dat die landbouvakskole ad hoc moes voortbestaan en dat die belange van die leerlinge wat die tipe skool besoek het, behoorlik en voortdurend in ag geneem moes word. ²³⁾

Wat die standpunt van Dr. Gie betref, is dit seker nie te betwyfel dat die geleenthede vir landbouonderwys uitgebrei

20) DE KLERK, B.J. Landbouvakskole. Boerdery in S.A., Deel V, No. 60, Maart 1931, p. 553, 554.

21) GROENEWALD, A.J. The development of agricultural education in the Transvaal. T.O.D. Onderwysbulletin. Vol. VI, Nr. 4, Desember 1961, p. 218.

DU PREEZ, J.J. 'n Historiese Oorsig, Ons Skoolblad. Landbou Hoërskool, Brits, No. 4, 1953, p. 17.

22) U.O.D., Jaarverslag, 1932, p. 5 - 7.

23) U.O.D., Jaarverslag, 1933 - 1934, p. 7, 10, 11.

het sedert 1925 nie, veral a.g.v. die stigting van afsonderlike landbouvakskole. Die bepaalde kurrikulum wat egter ingestel is en die feit dat die Diploma wat behaal kon word, nie vergelykbaar was met ander sertifikate wat elders behaal kon word aan sekondêre skole nie, het egter die kiem van die mislukking van landbouonderwys in hom omgedra.

Die standpunt van dr. M.C. Botha het 'n baie belangrike verdere leemte t.o.v. die bestaande situasie aan die lig gebring, nl. die nadeel van verdeelde beheer oor die sekondêre onderwys. Hierdie verdeelde beheer was die oorsaak dat daar by die vakskole nie die kontinuïteit van kursusse was wat by die primêre skool aangesluit het nie. Verder was daar ook nie 'n natuurlike voorligting vanuit die primêre skool na die landbouvakskole nie, sodat leerlinge wat 'n belangstelling in die landbou- rigting gehad het die geleentheid kon hê om hulle sekondêre onderwys teen die agtergrond van hulle belangstelling te voltooi. So 'n geleentheid het eintlik nie bestaan nie omdat geen gewone skoolsertifikaat aan die vakskole behaal kon word nie.

Die tekortkominge van die plattelandse onderwys in die algemeen, en landbouonderwys in besonder, is inderdaad oopgeplek deur die bevindinge van die Carnegie Kommissie in 1932. Naas die sosio-logiese, ekonomiese, psigologiese en mediese aspekte, is ook die onderwys en die armbanke deeglik ondersoek.

Die hele sosio-ekonomiese struktuur en samehang het 'n baie belangrike invloed op die onderwys gehad en daarom word die bevindinge van die kommissie hier redelik breedvoerig bespreek. Daar is bevind dat die ekonomiese agteruitgang veral toegeskryf kan word aan gebrekkige aanpassing by die eise van die moderne ekonomie. Die ouer Suid-Afrikaanse blanke bevolking was in 'n groot mate vir baie geslagte van die Europese ontwikkeling afgesonder en het hoofsaaklik 'n eenvoudige, selfversorgde pionierslewe gelei, met 'n geringe verskil tussen ryk en arm en die onderwys was hoofsaaklik godsdienstig van aard. Die godsdienstiggesinde, konserwatiewe boerebevolking het die nuwe lewensaard en ontwikkeling a.g.v. ontdekking van diamante en

goud en die gepaardgaande nywerheidsontwikkeling meer dikwels met wantroue bejeen. Die onderwysstelsel, wat hoofsaaklik godsdienstig, en verder beperk was tot die eenvoudige behoeftes van 'n selfversorgende ekonomiese stelsel, was sowel in aard as in omvang onvoldoende om 'n proses van aanpassing by die nuwe ekonomiese eise en voorwaardes te bewerkstellig en het dus die agteruitgang eerder aangehelp as teëgewerk. Daarby was die onderwys hoofsaaklik stedelik (en Engels-) georiënteerd. Vir die landelike bevolking het die onderwys veelal uitheems en sonder verband met hulle eie lewensomstandighede voorgekom en daarom is dit dikwels van minder belang beskou. Daar was in ieder geval vir die plattelandse bevolking in verhouding tot die stedelike, baie minder onderwysgeleenthede. 24)

Wat sogenaamde "industriële" praktiese onderwys betref, het die opeenvolging van gebeure in ons geskiedenis, ongelukkig meegebring dat daaraan 'n etiket van minderwaardigheid gehang is. In 1854 is in die Kaapkolonie industriële skole vir Kleurlinge en Bantoes gestig. Aan die einde van die negentiende eeu, toe die kerk- en onderwysliggame tot die besef gekom het dat 'n aansienlike deel van die Blankes vanweë uitsluiting van die industriële terrein en gebrekkige ekonomiese aanpassing, agteruitgegaan het, is pogings aangewend om juis d.m.v. industriële onderwys die sulkes op te hef. Dit het egter juis daartoe bygedra dat hierdie onderrig veelal geassosieer is met armoede en minderwaardigheid. Ook later, deur die toepassing van die kinderbeskermingswet, is hierdie meer praktiese vorms van onderwys met swaksinnigheid, laer intelligensie, behoefteigheid en selfs misdadigheid in verband gebring. 25)

Landbouonderwys het nie na wense ontwikkel nie; deels a.g.v. die gebrek aan belangstelling en ondersteuning van die publiek. 'n Belangrike doel van die opvoeding was steeds om mense te

24) MALHERBE, E.G., Onderwys en die Armblanke, p. viii, ix.

25) Ibid., p. 53 e.v.

leer om hulle eie omgewing beter te beheers en daarom moes vakonderrig (beroepsonderrig) en praktiese onderwys 'n hegte verband met die gewone skool gehad het. Verdeling van sekondêre onderwys tussen die Provinsiale Owerhede en Unie Onderwysdepartement, die byna onoorbrugbare kloof tussen die sg. beroeps- en algemeen-vormende kulturele onderwys en die gebrek aan voorligting by primêre skole t.o.v. die kursus wat leerlinge aan sekondêre skole moes kies, was probleme wat die ontwikkeling van beroepsgerigte onderwys, waarby landbouonderwys ingesluit was, verder gestrem het. ²⁶⁾

Die Minister van Onderwys het in 1934 na beraadslaging met die Provinsiale Administrasies, 'n konferensie oor landelike onderwys byeengeroep, wat op 1 en 2 Februarie in Kaapstad gehou is. Hierdie konferensie het besin oor die moontlike aandeel van die onderwys in die rehabilitasie van ons landelike bevolking en meer in besonder die vraag of die werk van die landelike skool nie beter by die geaardheid en behoeftes van die landelike lewe aangepas kan word nie. Tydens die besprekings wat daar plaasgevind het, is gewys op die stedelike oorsprong en aard van die onderwys en die behoefte om beroepsopleiding op 'n landboukundige grondslag vroeër in die landelike onderwys in te voer, sonder prysgawe van die algemene opvoeding - eerder as 'n aanpassing waardeur 'n landbougees in die werk van die landelike skole ingevoer moes word. ²⁷⁾

Die konferensie het o.m. aanbeveel dat differensiasie in die kurrikulums vir adollessente ingevoer moes word (op ouderdom 13+) en dat leerlinge ten minste twee jaar gedifferensieerde na-primêre onderwys moes geniet voordat hulle die skool verlaat. Hierdeur sou landelike leerlinge hulle omgewings deegliker kon bestudeer en praktiese werk in landbou sou 'n belangrike deel van die werksaamhede van landelike skole moes wees. Hierdie

26) Ibid., p. 66, 67.

27) T.O.D., Herdruk van Verslag van Konferensie oor Landelike Onderwys. U.G. 29. 1934, p. 3.

landbouonderwys moes ook verder voortgesit kon word tot standaard agt en selfs verder. Maar die sg. natuurstudielesse in die primêre skool sou aangepas moes word om doeltreffender studie van landbou te bewerkstellig en die wetenskaplike feite waarop dit berus het te aksentueer, ten einde vroeg reeds 'n landelike gees in die plattelandse onderwys in te voer. Hulle het verder aanbeveel dat daar onmiddellik nouer samewerking tussen die Provinsiale- en Unieonderwysdepartemente en die Departement van Landbou bewerkstellig moes word en dat landbouonderwys uitgebrei moes word in Provinsiale skole, omdat slegs omtrent 250 seuns van 8 500 wat jaarliks tot die boerdery toetree, opleiding aan die landbou vakskole van die Unie Onderwysdepartement ontvang het. Hulle het dus ook die opheffing van die vroeëre beperkende tydsbepaling van drie-agtstes van die tyd aan beroepsvakke in Provinsiale skole aanbeveel. 28)

Op grond van die besprekings wat daar nou plaasgevind het, was daar in 1935 'n sterk moontlikheid dat, alhoewel beroepsonderwys onder beheer van die Unie Onderwysdepartement sou bly, met landbouvakskole 'n uitsondering gemaak sou word, maar die uiteindelijke besluit deur die betrokke outoriteite was dat die Unie Onderwysdepartement hierdie skole sou bly bestuur. 29)

Op aanbeveling van die Komitee insake Provinsiale Finansies is 'n Provinsiale Adviserende Komitee in die lewe geroep, bestaande uit die Minister van Binnelandse sake, Volksgesondheid en Onderwys as Voorsitter, die vier Administrateurs en vier lede van die Uitvoerende Komitees van die Provinsiale Rade. Die doel van hierdie komitee was om koördinasie tussen die Unieregering en die provinsies te bewerkstellig.

Tydens die vergadering van die Provinsiale Adviserende Komitee op 21 Oktober 1935, is 'n onderkomitee, bestaande uit die hoofde van die Provinsiale- en Unie Onderwysdepartemente saamgestel wat belangrike vraagstukke i.v.m. die onderwys moes ondersoek. 30)

28) Ibid., p. 7 - 11.

29) U.O.D. Jaarverslag, 1935, p. 7, 12.

30) U.O.D. Jaarverslag, 1936, p. 7.

Ons sal later merk dat die aanbevelings van hierdie komitee gelei het tot teruggawe van landbouonderwys aan die Provinsiale Onderwysdepartemente.

Die volgende tabel toon die gemiddelde inskrywings tussen die jare 1931 en 1938 (volgens die jaarverslae van die Unie Onderwysdepartement) in die twee landbouvakskole in Transvaal.

<u>TABEL</u>			
	<u>Brits Landbou- vakskool</u>	<u>De Lagersdrift Landbouvak- skool</u>	<u>Totaal</u>
1931	39	35	74
1932	47	37	84
1933	43	50	93
1934	41	51	92
1935	46	54	100
1936	27	69 *	96
1937	16	17	33
1938	10	14	24 31)

* Die dogters van die huishoudkundeafdeling is by hierdie jaar se syfers ingesluit.

Alhoewel daar na die konferensie in 1934 'n tydelike toename in belangstelling in landbouonderwys gedurende 1935 was, het die getalle weer sodanig afgeneem dat daar soms meer onderwysers as leerlinge in die skole was. 32)

In Junie 1937 is die landbouafdeling van die Potchefstroomse Ambagskool gesluit en is die leerlinge en twee van die drie instrukteurs oorgeplaas na die Landbouvakskool te Brits.

Alhoewel die ander vakonderwysrigtings goeie vordering gemaak het, was landbouonderwys op geen stadium besonder geslaagd nie

31) U.O.D. Jaarverslae, 1932, p. 29; 1933 - 1934, p. 53; 1935, p. 70; 1936, p. 95; 1937, p. 77.
T.O.D. Jaarverslag, 1938, p. 17.

32) GROENEWALD, A.J. The Development of Agricultural Education in the Transvaal, T.O.D. Onderwysbulletin, Vo. VI, Nr. 4 Desember 1961, p. 218

en het die getal leerlinge in die landbouvakskole steeds gekrimp. Die volgende redes is aangevoer waarom landbouonderwys nie die nodige ondersteuning geniet het nie, en nie die verwagte inslag gevind het, en nie as 'n sterk integrale deel van die volksonderwys ontwikkel het nie, ten spyte van die feit dat die grootste deel van die bevolking op daardie tydstip uit die grond 'n lewensbestaan moes maak:

1. Boerderytoestande was baie moeilik en onaantreklik. 'n Sukkelbestaan a.g.v. aanhoudende droogtes, pessiëktes, depressie en swak pryse vir landbouprodukte, het veroorsaak dat die boerende gemeenskap se geloof in landbou as 'n wyse van lewensbestaan gekwyn het, en daarom was hulle nie ten gunste van landbouopleiding vir hulle kinders nie. ³³⁾

2. Die skool het vir baie jare losgeraak van die lewe. Die onderwysstelsel het alleenlik voorsiening gemaak vir die beroepsopleiding van die intellektuele aristokrasie deur studie van Wiskunde en Latyn heen, en met matrikulasie as die alfa en omega van al die onderwys, die natuurlike poort tot alle hoër beroepe.

'n Verkeerde en reeds lank uitgediende opvatting van 'n sogenaamde algemene en kulturele opvoeding, en die aanwesigheid van die nie-blanke rasse wat die swaar werk teen geringe loon verrig het, het 'n aristokratiese minagting van alle liggaamlike inspanning m.b.t. arbeid in die hand gewerk. Die Afrikaner-aristokraat, wat op beide die blanke ambagsman en nie-blanke arbeider neergesien het, het later die armblanke geword en landbouopleiding is as die onderwys vir die armblanke beskou. ³⁴⁾

3. Die bevolking het oor die algemeen nie besef dat die boerdery 'n veel ingewikkelder bedryf as byvoorbeeld

33) Loc. cit.

U.O.D. Jaarverslag, 1932, p. 8.

34) U.O.D. Jaarverslae 1933 - 1934, p. 6; 1935, p. 8; 1936, p. 6.

'n ambag was nie, en dat dieselfde mate van opleiding noodsaaklik was as wat algemeen aanvaar was vir ander beroepsrigtings.

Daar is ook gewys op die feit dat daar by die publiek 'n onverskilligheid i.v.m. die betekenis van landbouonderwys was. In die verband is egter gemeld dat dit in ander lande nie die onderwysowerhede was wat die verlange na landbouonderwys geprikkel het, of die noodsaaklikheid daarvan bewys het nie, maar dat dit landbouorganisasies (bv. die "4 H Club" en "Future Farmers of America" in Amerika) en die amptelike landbou-outeite, veral die voorligtingsdienste, was wat die kragtige steun verleen het aan onderwyspogings en die benutting van onderwys-fasiliteite. ³⁵⁾

4. Die feit dat beide die Unie Onderwysdepartement (in sy landbouvakskole) en die Transvaalse Onderwysdepartement (met landbou aan sommige sekondêre-en intermediêre skole en later aan skoolplase) en ook nog die Departement van Landbou (aan voornemende boere) opleiding gegee het, was uiters verwarrend. Daar was nie duidelikheid oor wat met die onderskeie kursusse beoog is, en waartoe elkeen gelei het nie. ³⁶⁾
5. Daar is 'n onnatuurlike skeiding gemaak tussen algemene- en beroepsonderwys. Gebrekkige koördinansie wat daaruit voortgevloei het en 'n onopvoedkundige wedywering tussen skole van die verskillende onderwysdepartemente, het tot gevolg gehad dat leerlinge nie die skole bygewoon het volgens hulle belangstelling en aanleg nie. ³⁷⁾
6. Moontlik die belangrikste faktor, wat deur 'n hoof van een van die skole genoem is, was die feit dat die

35) U.O.D. Jaarverslae, 1933 - 1934, p. 6; 1935, p. 12.

36) U.O.D. Jaarverslag, 1933 - 1934, p. 11.
U.O.D. Jaarverslag, 1935, p. 13.

37) U.O.D. Jaarverslag, 1937, p. 19.

kursus wat aan die landbouvakskole aangebied is, hoofsaaklik prakties van aard was en uitgeloop het op 'n diploma wat in die openbare lewe nie veel erkenning geniet het nie. Die behoefte aan 'n sertifikaat wat met sertifikate van ander skole vergelyk kon word, het dus bestaan. 38)

Die Provinsiale Komitee, waarvan reeds melding gemaak is, het, teen die agtergrond van die situasie wat uit hierdie faktore ontstaan het, in 1936 die aanbeveling van die Onderkomitee van Hoofde van Onderwysdepartemente, goedgekeur dat die Provinsiale Onderwysdepartemente die landbouvakskole en ander vertakings van landbouonderwys vir seuns en meisies op die primêre en sekondêre onderwysvlakke moes oorneem. Die volgende voorwaardes is gestel:

- i. spesifieke landbouopleiding moes voortduur.
- ii. die Unieregering moes deur die Unie Onderwysdepartement 'n subsidie van 85% van die totale netto koste aan die Provinsies betaal.
- iii. die inspekteur van landbouopleiding van die Unie Onderwysdepartement, moes die inrigtings vir landbouonderwys, in sy hoedanigheid as organiserende en koördinerende beampte, besoek en aan die Unie- en Provinsiale Onderwysdepartemente verslag doen. Hierdie inspeksie moes egter deur die Unie Onderwysdepartement geskied. 39)

Hierdie aanbeveling is gedoen op grond van die oorweging van doeltreffender voorsiening in die landboukundige behoeftes van die plattelandse bevolking, op die primêre en sekondêre onderwysvlak. 'n Uiteraars belangrike aspek van hierdie aanbeveling is die implikasie of moontlikheid dat landbouonderwys nou as 'n natuurlike voortsetting van primêre onderwys in die gewone sekondêre onderwys-

38) DU PREEZ, J.J. 'n Historiese oorsig.
Ons Skoolblad, Landbou Hoërskool, Brits, 1953, p. 17.
 OBERHOLZER, P.C.J. Landbouonderwys in Transvaal,
 Enkele sosiaal-pedagogiese aspekte. p. 46.

39) U.O.D. Jaarverslag, 1936, p. 7.

program ingesluit kon of moes word, ten einde aan die behoeftes van veral die plattelandse bevolking te voldoen. Hierdie nuwe gesigspunt t.o.v. die moontlike plek van landbouonderwys en die algemeenvormende sekondêre onderwysprogram, het op sy beurt weer die kiem vir die ontwikkeling van landbouonderwys in hom omgedra, soos die ontwikkeling vanaf 1938 ook sal aantoon.

Sedert 1934 het die Sekretaris van die Unie Onderwysdepartement, dr. M.C. Botha die verskillende aspekte van sekondêre onderwys, m.a.w. meer as net die beroepsaspek, oorweeg en vanuit die opvoedkundige standpunt, onder meer ook gewys op die behoefte aan 'n rasionalisering en uitbreiding van sekondêre onderwys, of te wel gedifferensieerde sekondêre onderwys, en verder ook gewys op die behoefte aan voorligting aan leerlinge na voltooiing van die primêre onderwysfase. ⁴⁰⁾ Hoewel hierdie leiding eintlik genoem is as 'n behoefte met die oog op beroepskeuse, het dit tog later ook 'n behoefte geblyk te wees t.o.v. die keuse van die rigting of tipe sekondêre onderwys, waarby die leerling die grootste baat sou vind, met die oog op latere beroepskeuse.

Die wenslikheid, of selfs noodsaaklikheid vir landbouonderwys as 'n verantwoordelikheid van die Provinsies, het sodanig momentum gekry dat wet nr. 30 van 1937 eindelijk voorsiening gemaak het vir die oordrag daarvan vanaf 1 April 1938 na die verskillende Provinsiale Onderwysdepartemente. Volgens hierdie wet het landbouvakskole opgehou om inrigtings van hoër onderwys te wees in die sin waarin artikel elf van wet nr. 5 van 1922 hulle as sodanig verklaar het. ⁴¹⁾ Die betrokke artikel van laasgenoemde wet het bepaal dat „techniese instellings” met inbegrip van kuns-, musiek-, handel-, „techonologiese”-, landbou-, myn- en huishoudskole, deur die Minister van Onderwys as skole van hoër onderwys verklaar was. ⁴²⁾

In die Transvaal het dit beteken dat die landbouvakskole te Brits

40) U.O.D. Jaarverslae, 1935, p. 9; 1936, p. 11; 1937, p. 17.

41) Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1937, p. 297.

42) Wetten van de Unie van Zuid-Afrika, 1922, p. 19.

en Lagersdrift vanaf 1 April 1938 onder beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement sou wees. Die oordrag het in 'n gees van hartlike samewerking plaasgevind en samesprekings en korrespondensie is oor finansiële en administratiewe kwessies, en leerplanne gevoer.⁴³⁾

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat landbouonderwys aan die Provinsies teruggegee is omdat die Unie Onderwysdepartement nie dieselfde mate van sukses daarmee behaal het as bv. met handels- of tegniese onderwys nie. Die Transvaalse Onderwysdepartement het dit sy taak beskou om landbouonderwys tot groter hoogtes te voer, maar dan nie as beroepsonderwys nie. Beroepsopleiding na 1938 is steeds beskou as die uitsluitlike taak van die Unie Onderwysdepartement.⁴⁴⁾

Die beleid van die Unie Onderwysdepartement om aan seuns in die Industrieskole ook landbouopleiding te verskaf, is in 1938 gestaak. Daar is vasgestel dat die leerlinge vanweë 'n gebrek aan kapitaal, nooit 'n boerdery sou kon begin wat 'n ekonomiese sukses sou kon wees nie, m.a.w. wat aan hulle 'n menswaardige bestaan sou kon bied nie.⁴⁵⁾

3.3. LANDBOUONDERWYS ONDER BEHEER VAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT

Die aandag wat vakonderwys gedurende 1924 en 1925 op hoë vlak geniet het, waarna in die begin van hierdie hoofstuk verwys is, het ook in die Transvaalse Onderwysdepartement tot belangrike verwickelinge gelei.

Op 30 Januarie 1925 is 'n Inspekteur van Skole, meer bepaald i.v.m. landbou, in die persoon van mnr. C.J. Blom (B.Sc. Agric) aangestel.⁴⁶⁾ Hy moes aanvanklik ondersoek ingestel het na plekke waar sentralisasie en 'n kursus van drie jaar na standerd vyf, met inbegrip van landbouonderwys, ingevoer kon word. Sy taak was dan hoofsaaklik om landbouonderwys in die primêre skole uit te bou en op die sekondêre vlak op 'n gesonde basis in te stel.

43) U.O.D. Jaarverslag, 1938, p. 39.

U.O.D. Jaarverslag, 1939, p. 18, 19.

44) T.O.D. Jaarverslag, 1940, p. 15.

45) U.O.D. Jaarverslag, 1938, p. 39.

46) T.O.D. Omsendbrief Nr. 8, Maart 1925, p. 24.

Hy het rapporteer dat hy by die breë publiek 'n gunstige houding, asook 'n besef van die behoefte aan landbouonderwys bespeur het. By sommige sentra het mense selfs vee en grond vir praktiese landbou aangebied. By verskeie plekke het hy die beloftes van samewerking van die kant van kerke gekry om bv. te help sodat koshuise opgerig kon word. In teenstelling hiermee was daar tog feitlik by elke skool enkele ouers wat nog steeds baie negatief ingestel was teenoor handarbeid en die pogings om die kinders deur praktiese werk in skooltuine te onderrig, en die opinie gehuldig het dat kinders by die skool geleer moes word en nie "kafferwerk" moes doen nie. Selfs by sommiges wat graag wou sien dat hulle kinders landbouonderwys moes ontvang, was dit nie om suiwer opvoedkundige redes nie, maar eerder om die ontvolking van die platteland te keer, om maklik ryk te word of om die arm-blankevraagstuk op te los; terwyl enkeles dit verwelkom het as 'n opvoedingsproses waardeur hulle kinders ook sou leer om suksesvolle boere te word.

Sy breedvoerige verslag aan die einde van 1925 het daarvan getuig dat hy 'n besondere visie gehad het van wat landbouonderwys moes behels het:— "Landbouonderwys is baie meer as 'n materiële bate, as vakopleiding. Dit is bo alles die opvoeding van die plaaskind in die omgewing waarin hy gebore is — die opvoeding wat hom gaan-deweg sal leer om daardie omgewing in sy vernamste aspekte te ken en lief te hê, om die verband tussen die omgewing en die buitewêreld (op staatkundige, morele en ekonomiese gebied te begryp, en sy eie plek in die omgewing te vind en om sy pligte as intellektueel- en moreel ontwikkelde mens te verstaan en te vervul teenoor homself, sy medeburger, sy vaderland en sy Skepper). In sy suiwerste sin is landbouonderwys kulturele, morele en vakkundige opvoeding en die drie strekkings loop so vas inmekaar dat dit nie moontlik is om 'n duidelike lyn tussen hulle te trek nie," het hy geskryf. 47)

Wat betref die implementering van landbouonderwys was hy van mening dat daar twee fundamentele vereistes was waarsonder

47) T.O.D. Jaarverslag, 1925, p. 86.

sukkes nie behaal kon word nie. Eerstens moes landbouonderwys nie eng-beroepsgerig georganiseer word nie, maar ook kulturele en algemeen-vormende onderwys insluit, sodat die terrein tot ander beroepe steeds toeganklik sou wees. Alleen dan sou dit as volwaardige onderwysrigting erkenning kry. Tweedens moes die landboukundige afdeling aan so 'n skool, insluitende die praktiese boerdery, respek en vertrouwe inboesem. So 'n toestand kon alleen deur doeltreffende, spesifieke opleiding van die onderwysers wat daarin belanggestel het, verwesenlik word en daarvoor was die daadwerklike steun van bv. landbouorganisasies noodsaaklik.

Dit is duidelik dat hy 'n besondere siening gehad het van die doelstellings met landbouonderwys, die wyse waarop landbouonderwys ingevoer moes word, die belangrikheid van die aanstelling van bekwame onderwysers en die probleme wat daar was. Daarby het hy entoesiasies aan die werk gespring. 'n Begin is gemaak met 'n eenjarige kursus in landboukunde vir normaalstudente, en opleiding van diensdoende personeel by wyse van vakansiekursusse, in samenwerking met die Departement van Landbou. Reëlins is getref vir die verspreiding van pamflette van die Departement van Landbou, die "Farmers Weekly" en die "Landbouweekblad," aan sekere plattelandse skole. ⁴⁸⁾ Die gunstige reaksie van die kant van die publiek is dan ook waarskynlik toe te skryf aan sy entosiasme, eerder as wat dit 'n spontane begeerte was na dié soort onderwys.

In 1925 is ook hersiene natuurstudie-sillabusse vrygestel vir klasse tot standerd vier, en vir landbou vir standerds vyf en ses van die buiteskole (plattelandse skole). Hierdie leerplanne is in 1926 in die skole ingevoer. Die leerplan vir landbou het as inleiding tot landboustudie gedien en was gebaseer op die natuurstudie van die vorige jare. In die betrokke omsendbrief is die aandag gevestig op die bykans onbeperkte geleentheid wat die leergang gebied het om die algemene ontwikkeling van die kind te bevorder, naas die materiële voordeel wat 'n studie van

48) Ibid., p. 84 - 89.

die landbouonderwys gehad het vir die plattelandse kind.

Die leergang het bepaal dat die werk van die laaste twee jaar sover moontlik prakties moes wees. Voorsiening is gemaak vir die studie van:

- (a) grond en die bewerking daarvan.
- (b) planteteelt, insluitende volledige verbouing en bemaking van gewasse van die distrik, asook vrugte- en groenteverbouing en selfs blomtuintuin en bosbou.
- (c) Veeteelt, insluitende skaap en wol, vleis- en melkbeeste, seleksie en siektes.
- (d) Byeteelt. ⁴⁹⁾

Die Departement het ook aan onderwysers lyste beskikbaar gestel van tydskrifte en boeke wat leesstof in verband met die onderwerpe in die sillabus behandel het.

Die betekenisvolste stap om landbouonderwys te bevorder tot op hierdie stadium was waarskynlik die instelling van vakansiekursusse vir diensdoende onderwysers, om sodoende te kwalifiseer om landboukunde te doseer. Die Departement het gedurende die somer- en wintervakansies 'n reeks van vyf kursusse, wat elk ongeveer drie weke geduur het, by die proefplaas te Potchefstroom georganiseer. Die eerste kursus het gedurende Junie-Julie 1926 plaasgevind. Lesings is deur demonstrasielesse aangevul en tussen 30 en 40 onderwysers kon aansoek doen by die Inspekteur van Landbouonderwys om genoemde kursusse by te woon. ⁵⁰⁾

Die reeks het uiteindelik net uit vier kursusse bestaan ⁵¹⁾ en hierdie reeks vakansiekursusse is herhaal. Aanvanklik is 'n toelae van R40,00 as vergoeding aan onderwysers gegee wat die reeks kursusse deurloop het, ⁵²⁾ maar die toelae is tydens die aan-

49) T.O.D. Omsendbrief nr. 12, Desember 1925, p. 21, 22.

50) T.O.D. Omsendbrief nr. 15, Junie 1926, p. 6, 7.

51) T.O.D. Omsendbrief nr. 17, Oktober 1926, p. 19.

52) T.O.D. Omsendbrief nr. 26, April 1928, p. 8.

kondiging van die aanvang van die vyfde reeks kursusse teruggetrek. ⁵³⁾

Gedurende 1926 het die inspekteur vir landbouonderwys 'n verdere studie en aanbevelings gemaak m.b.t. die skema van Intermediêre Skole op die platteland. In sy verslag het hy aanbeveel dat spesiale onderwysers aangestel sal moet word vir die volgende:

- (a) Landboukunde, Boekhou, Handelsrekenkunde en besigheidsmetodes en
- (b) 'n onderwyser vir Hout- en Ysterwerk, Praktiese Matesis, Plaaskonstruksiewerk en Tekenwerk. Verder het hy voorgestel dat die praktiese werk op grond van die aard daarvan, sover moontlik aan die begin en einde van die skooldag gedoen moes word.

Die opbrengs van die verkoop van landbouprodukte, o.m. aan die koshuis, moes volgens wet in die Provinsiale skatkis gestort word. Hy het egter voorgestel dat hierdie geld tot krediet van 'n skool gehou moes word, sodat die skool self kon voorsien in die normale boerderybedryfsuitgawes en soos die fondse dit toegelaat het, ook kon uitbrei op die werksaamhede, ooreenkomstig die leerplan en met goedkeuring van die inspekteur van landbouonderwys. ⁵⁴⁾ Hy het hiermee 'n gesonde opvoedkundige en ekonomiese beginsel van selfonderhoud beklemtoon en as ideaal gestel.

Die aanstelling van 'n Inspekteur van Landbouonderwys was 'n baie positiewe stap in die ontwikkelingsgang van landbouonderwys. Soos reeds genoem, kon hy deur ondersoek die probleme en stremende faktore vasstel, en weldeurdagte, moontlike oplossings aan die hand doen, en self ook organiseer en optree om sommige knelpunte uit die weg te ruim. Daarby kon hy steeds deur kontrole en waarneming sy hand op die polsslag van landbouonderwys hou en self ook inspireer tot uitbouing daarvan. Dat hy 'n leidende rol

⁵³⁾ T.O.D. Omsendbrief nr. 44, April 1931, p. 9.

⁵⁴⁾ T.O.D. Jaarverslag, 1926, p. 166 - 168.

vervul het in die ontwikkeling van landbouonderwys blyk uit die feit dat die Direkteur van Onderwys na sy verslag verwys het as 'n uiteensetting van die ideale wat die grondslag gevorm het van die skema van intermediêre skole op die platteland. ⁵⁵⁾

Alhoewel algemeen erken is dat die nuwe sillabusse wat in die primêre skool ingevoer is, 'n groot verbetering was, was daar nog probleme wat die volle benutting van die moontlikhede wat dit gebied het, gekortwiek het:

- i. In die eerste plek was daar 'n behoefte aan toepassing van gesonde didaktiese beginsels in die aanbieding van die lesse. Te min onderwysers het hulle lesse aangeknoop by die ervaringskennis van die kind en die werklikheid van die omgewing. Te min onderwysers het ook besef dat die studie van landbou nie slegs die bybring van die feitekennis met betrekking tot grond, plante en diere behels het nie, maar dat die sistematiese ordening van dit wat die leerlinge waargeneem het, die interpretasie daarvan, logiese gevolgtrekkings en hipotetiese afleidings wat in die praktyk getoets kon word, by uitstek bygedra het tot die vorming van 'n wetenskaplike gesindheid, intrinsieke motivering en selfaktiwiteit, omdat die kind self gesoek, uitgevind, ontdek, nagevors en geskep het!
- ii. Onderwysers het die sillabus heel meganies afgehandel, sonder om die seisoenale aard van baie van die leerstof en gevolglike praktiese werk in ag te neem, sodat die behandeling van teorie en die praktiese toepassing dikwels nie gekorreleer het nie en 'n groot deel van die waarde van die studie en aktiwiteit verlore gegaan het.
- iii. Die beskikbaarheid van water, omheining en instandhouding gedurende vakansies het steeds probleme i.v.m. skooltuine gelever. ⁵⁶⁾

⁵⁵⁾ Ibid., p. 18.

⁵⁶⁾ T.O.D. Jaarverslag, 1927, p. 70 - 73.

Verdere ontwikkeling het plaasgevind toe die volgende sewe intermediêre skole na sorgvuldige oorweging, in 1927 gestig is:

Groot Marico	...	Maritose Skoolraad
Ottosdal	...	Lichtenburgse Skoolraad
Elandsfontein 289	...	Potchefstroomse Skoolraad
Amersfoort	...	Wakkerstroomse Skoolraad
Wakkerstroom	...	Wakkerstroomse Skoolraad
Dullstroom	...	Lydenburg-Noord Skoolraad
De Lagersdrif	...	Middelburgse Skoolraad

Die Direkteur het self die skole besoek om persoonlik kennis te neem van die omstandighede en behoeftes van elke skool. Vanweë die gebrek aan opgeleide onderwysers is die gespesialiseerde vakatures moeilik gevul; soms deur 'n reisende onderwyser en soms deur die hoof self. Die kursus is a.g.v. hierdie en ander probleme nie in sy geheel ingevoer nie, maar die onderneming moes langsaamerhand ontplooi. Dogters kon, en het ook die kursus gevolg. 57)

Daar was egter heel gou heftige teenstand van die kant van die publiek teen die intermediêre skool. Leerlinge wat standerd agt aan die intermediêre skool geslaag het, moes minstens 'n ekstra jaar bestee om die hoërskoolkursus te deurloop, m.a.w. die kursus tot en met standerd agt, het van tipe skool tot tipe skool verskil. Die hoërskoolkursus wat aan leerlinge 'n matrieksertifikaat kon besorg, was baie hoog aangeskryf deur die publiek en hulle wou niks anders in die plek daarvan aanvaar nie. 58)

Die Transvaalse Onderwysdepartement het landboukunde as keusevak in die sekondêre onderwyskurrikulum ingevoer en in 1922 het die eerste leerlinge die vak in die finale eksamen aangebied vir die verwerwing van die Transvaalse Middelbare Sertifikaat. Daar was egter min skole wat landboukunde kon

57) Ibid., p. 73 - 74.

58) Ibid., p. 75.

aanbied weens die tekort aan gekwalifiseerde personeel, sodat dit in 1927 nog slegs by sewe hoërskole aangebied is, te wete Standerton, Heidelbergse Hoër Volksskool, Potchefstroomse Hoër Volksskool, Klerksdorp, Christiana, Lichtenburg en Rustenburg, terwyl dit ook aan die sekondêre afdeling op Schweizer Reneke onderwys is. Selfs aan sommige van hierdie skole het onderwysers, wat slegs in die suiwer wetenskappe gegradeer was, die onderrig waargeneem. Daar was egter nog skole wat die vak sou invoer, maar die onderwysers nie kon vind nie, selfs nie na herhaalde advertensies.

Die geringe getal leerlinge wat die vak tot in standerd tien geneem het, blyk uit die tabel op p. 53 en 54.

Daar was indertyd reeds die verskynsel wat vandag nog bestaan, naamlik dat die jongmanne wat in die landbourigting gekwalifiseer het, deur ander instansies weggelok is, vanweë die feit dat hulle sonder verdere studie om professionele kwalifikasies te verwerf, wat in die onderwys noodsaaklik was, dieselfde finansiële voordele ontvang het, bv. by die Departement van Landbou. Die T.O.D. het dus besluit om die aanvangsalaris van manne met landboukundige kwalifikasies op 'n hoër kerf aan te stel, al sou hulle ook nie professioneel gekwalifiseer wees nie. Laasgenoemdes is egter nie permanent aangestel alvorens hulle professionele kwalifikasies verwerf het nie. ⁵⁹⁾

Die skole wat landbou aangebied het, het "Boerdery in S.A." (in albei tale), die "Landbouweekblad", "Boerekoerant", "Farmers Advocate" en "Farmers Weekly" ontvang. ⁶⁰⁾ Hierdie tydskrifte is waarskynlik beskikbaar gestel om in die eerste plek te dien as kennisbron vir die onderwysers.

Die probleme wat met die onderrig ondervind is, is ook weer-spieël in die verslae van die eksaminator in Landboukunde. Hy het gemeld dat die standaard van die kandidate se antwoorde

59) Ibid., p. 75, 76.

60) T.O.D. Omsendbrief nr. 21, Junie 1927, p. 8.

nie was wat aan die einde van 'n hoërskoolkursus verwag kon word nie en dit het hoofsaaklik 'n gebrek aan wetenskaplike kennis en noukeurigheid weerspieël. Die oorsake van hierdie gebreke was geleë in die feit dat die onderrig in sy geheel nie gebaseer was op praktiese werk om (a) te beproef en (b) te demonstreer nie en dat wetenskaplike grondbeginsels nie in verband met, en as deel van die praktiese werk bestudeer is nie. ⁶¹⁾

In 1929 is die Intermediêre Skole op Wakkerstroom en Amersfoort gesluit omdat die publiek nie die nodige ondersteuning daaraan gegee het nie. ⁶²⁾

In 1930 is rapporteer dat die skole op Dullstroom en Ottosdal goeie vordering gemaak het, maar dat die landbouonderwyser by Elandsfontein moes padgee a.g.v. die krimpende getalle in die laer klasse van die skool, waardeur die getal leerlinge in standerds sewe en agt ook skerp afgeneem het. By Groot Marico is selfs 'n landboulaboratorium aangebou. Die groot probleem by hierdie skole was nie die feit dat daar nie genoegsame beurse beskikbaar was vir leerlinge in die intermediêre afdelings nie, aangesien leerlinge wat die hoërskoolkursus wou volg, voorkeur geniet het. ⁶³⁾

Die onderrig van Landbou as vak is in die hoërskole uitgebrei na Ventersdorp en die sekondêre afdeling van die skool op Potgietersrust. Dit was egter duidelik dat die praktiese werk aan die hoërskole nie die nodige aandag geniet het nie en in 'n omsendbrief is die feit beklemtoon dat die twee afdelings van die sillabus vir landbou, naamlik:

- (a) chemie en natuurkunde
- (b) eintlike landbou,

61) T.O.D. Jaarverslag, 1927, p. 211.
 62) T.O.D. Jaarverslag, 1929, p. 75.
 63) T.O.D. Jaarverslag, 1930, p. 72.

nie as afsonderlike sillabusse behandel moes word nie, maar as 'n eenheid beskou moes word en dat veldproewe aan al die skole onderneem moes word. 64)

In 1932 was dit nodig om per omsendbrief nogeens kennis te gee dat:

- (a) by die samestelling van die eksamenvraesel, die eksaminator van die veronderstelling moes uitgaan dat kandidate praktiese veldwerk gedoen het.
- (b) aan kandidate nie vergun sal word om vir die eksamen in te skrywe nie, tensy die lys van inskrywings vergesel gaan van 'n verklaring van die Inspekteur van Landbouonderwys dat die kandidate 'n goedgekeurde skema van veld- en laboratoriumproefnemings uitgevoer het. 65)

In 1931 was daar slegs vier intermediêre skole op die platteland, en daar is gevoel dat 'n verandering in hulle opset moes plaasvind. 66)

Duideliker as in die vorige jare het 1932 in die teken van die algemene finansiële depressie gestaan. Drastiese besuinigingsmaatreëls is toegepas sodat veral die praktiese vakke swaar getref is. Landbouaktiwiteite is in baie gevalle verminder en selfs gestaak, en die Inspekteur van Landbouonderwys is gevolglik ook na hoofkantoor verplaas, alhoewel hy nog enkele funksies i.v.m. landbouonderwys vervul het. Die moontlikheid het selfs ontstaan dat belangstelling verder sou kwyn en landbouonderrig sou doodloop. 67)

Die pos van Inspekteur van Landbouonderwys is in 1933 afgeskaf en mnr. C.J. Blom, wat sedert 1925 in die pos gedien het, is na 'n jaar aan hoofkantoor op 26 Januarie 1933 na Wolmaransstad as kringinspekteur oorgeplaas. 68)

64) T.O.D. Omsendbrief nr. 39, Junie 1930, p. 8 en 9.

65) T.O.D. Omsendbrief nr. 50, April 1932, p.2.

66) T.O.D. Jaarverslag 1931, p. 11, 12.

67) T.O.D. Omsendbrief nr. 49, Februarie 1932, p. 6.

T.O.D. Jaarverslag, 1932, p. 10.

68) T.O.D. Jaarverslag, 1933, p. 14.

Gedurende 1933 is verpligte onderwys ingevoer tot die einde van die sestiende lewensjaar of suksesvolle voltooiing van standerd agt. In dié verband het een van die inspekteurs weereens in sy jaarverslag gewys op die noodsaaklikheid dat die kursus wat tot standerd agt sou lei met die oog op skoolverlating op die platteland veel meer landbou georiënteerd moes wees. Hy het vyf tot ses uur per week vir landbouwetenskap en praktiese landbou, vier tot vyf uur per week handwerk en die orige tyd vir kulturele vakke voorgestel. 69)

Die Departement het in 1935 oorgegaan tot die stigting van 'n aantal skoolplase op die Transvaalse platteland. Die skoolplaasstelsel word in 'n volgende hoofstuk breedvoerig bespreek. Intussen is sentrale skole en koshuise ook toegerus met boerdery-eenhede. Dit het meegebring dat lewende hawe aangekoop en behoorlik versorg moes word, lande moes omhein word, groentetuine en boorde moes aangelê word en die produkte wat nie deur die koshuise verbruik kon word nie, moes as surplus van die hand gesit word. Mnr. R.S. Ferreira is in die pos van buite-inspekteur aangestel om spesiale toesig te hou oor hierdie en ander buite werksaamhede. 70)

Die volgende tabel toon die totale getal kandidate wat vanaf 1922 tot 1938 vir die Transvaalse Middelbare Sertifikaateksamen ingeskryf het, asook die getal kandidate wat landboukunde as vak aangebied het.

<u>T A B E L.</u>			
<u>I</u>	<u>II</u>	<u>III</u>	
Jaartal.	Totale getal Kandidate.	Getal Kandidate wat Landboukunde aangebied het.	Kandidate in Kolom III as Persentasie van kolom II
1922	735	10	1,4%
1923	1 056	9	0,9%
1924	1 201	12	1,0%

69) Ibid., p. 104.

70) T.O.D. Jaarverslag, 1937, p. 9.

1925	1 172	45	3,8%
1926	1 219	55	4,5%
1927	1 011	46	4,6%
1928	1 159	67	5,7%
1929	1 167	76	6,5%
1930	1 265	99	7,7%
1931	1 491	131	8,7%
1932	1 692	199	11,1%
1933	1 874	205	10,9%
1934	1 874	198	10,5%
1935	1 823	82	4,5%
1936	1 827	119	6,5%
1937	2 141	107	5,0%
1938	2 243	118	5,3% 71)

Uit die tabel is dit duidelik dat net 'n klein getal leerlinge in die sekondêre skool Landboukunde as vak geneem het tot op die Eindeksamenvlak, alhoewel die persentasie leerlinge tog wel toegeneem het tot 11,1% van die totale getal leerlinge in 1932. Die skerp afname vanaf 1935 van die getal leerlinge wat landbou vir die Transvaalse Middelbare Skoolsertifikaateksamen aangebied het, word verklaar deur die feit dat die droogte en depressiejare, die boerende gemeenskap op sy swaarste getref het en dat hulle geen vertroue meer gehad het dat die landbou of boerdery as beroep 'n behoorlike lewensbestaan en vooruitsigte kon bied nie.

3.4. DIE DEPARTEMENT VAN LANDBOU SE POGINGS OM LANDBOU TE BEVORDER

3.4.1 DIE VOORSPOEDBOND EN LANDBOUKLUBS

Die Departement van Landbou se mieliebouwedstryd het voortgegaan en in die 1923 - 1924 seisoen het 600 seuns aan die kompetisie

71) T.O.D. Jaarverslae, 1923, p. 265, 267; 1925, p. 226, 228; 1926, p. 177, 179; 1927, p. 259, 263; 1928, p. 111, 115; 1929, p. 128, 130; 1930, p. 111, 113; 1931, p. 139, 142; 1932, p. 91, 95; 1933, p. 149, 151; 1934, p. 58, 60; 1935, p. 225, 226; 1936, p. 172; 1937, p. 203; 1938, p. 98, 100.

deelgeneem. Die Witwatersrandse Landbougenootskap het pryse vir die wedskryd uitgelooft en geleentheid verskaf vir deelnemers om op hulle tentoonstelling teen mekaar te kompeteer. Vir dié doel het die Transvaalse Provinsiale Administrasie ook finansiëel bygedra.

In 1925 het die Transvaalse Landbou-unie 'n kinderafdeling begin, die sogenaamde Voorspoedbond, waarby soortgelyke kompetisies ingesluit was. Gedurende die eerste jaar het 'n veertigtal skole aan die kompetisiewerk van die Voorspoedbond deelgeneem.

Omdat albei kompetisies dieselfde doelstellings beoog het, het die Onderwysdepartement, die Departement van Landbou en die Transvaalse Landbou-unie besluit om alle kompetisies te koördineer en deur die Voorspoedbond te laat reël. ⁷²⁾

Die Onderwysdepartement het by wyse van 'n omsendbrief aan die skole voorligting gegee m.b.t. die organisasie van takke van die Voorspoedbond. 'n Komitee bestaande uit personeellede en groter leerlinge moes die werksaamhede van die tak by 'n skool beheer. Die personeellede moes leiding gee en die leerlinge moes self die administratiewe- en finansiële pligte vervul, ter wille van die opvoedkundige waarde wat dit vir hulle gehad het. Die samewerking van ouers, onderwysers en kinders moes verkry word en deur geïnspireerd te arbeid, moes resultate behaal word. Die kompetisies, deelname aan tentoonstellings en die skool se eie landboudag moes 'n belangrike deel van die aktiwiteite vorm. Die skole wat lede van die Voorspoedbond was, kon aansoek doen om 'n gewone skooldag as landboudag te gebruik.

Die kinders moes vir die saad en selfs die huur van die grond by die ouers betaal; hulle moes self werk, nie alleen deur eie ervaring om vaardighede te ontwikkel nie, maar om te leer om te werk en dat geen werk benede hulle is nie! Hulle moes ook 'n noukeurige vorderingsverslag byhou waarin alle toestande, moeilikhede en al die werk i.v.m. die kompetisie vermeld is. ⁷³⁾

72) T.O.D. Jaarverslag, 1925, p. 89.

73) T.O.D. Omsendbrief nr. 12, Desember 1925, p. 4, 11, 12.

Die aktiwiteite van die Voorspoedbond het dus nie alleen die moontlikhede ingehou om belangstelling vir landbou te wek en doeltreffende en wetenskaplike metodes bekend te stel en te bevorder nie, maar sou ook besondere opvoedkundige doelstellings kon verwesenlik. Karakter- en persoonlikheidseienskappe soos verantwoordelikheid, betroubaarheid, deeglikheid, eerlikheid, selfrespek, arbeidsaamheid, leierskap, samewerking, lojaliteit, selfstandigheid, 'n gesonde besigheidsin kon by uitnemendheid op 'n natuurlike wyse ontwikkel word.

Die kompetisies het wye belangstelling geniet en in 1926 is agt Frieskalwers as pryse vir sekere kompetisies beskikbaar gestel en die Pretoriase Landboutentoonstelling het ook begin om kompetisies vir lede van die Voorspoedbond te reël. ⁷⁴⁾

Skole is aangemoedig om in te teken op die nuwe publikasie van die Departement van Landbou, naamlik "Boerdery in Suid-Afrika," wat interessante lees- en leerstof bevat het. ⁷⁵⁾

In 1926 het die onderwysers en leerlinge geleentheid gehad om in die skooltuine bemestingsproewe uit te voer in samewerking met die Uitbreidingsafdeling van die Departement van Landbou. Vir die skole het dit geleentheid vir praktiese werksaamhede gebied wat baie nou met die boerdery in verband gestaan het. Die uitbreidingsbeamptes het die proewe en resultate vir demonstrasie-doelindes en publieke lesings gebruik. ⁷⁶⁾

In 1927 het die Inspekteur van Landbouonderwys rapporteer dat die Voorspoedbondbeweging baie goed ondersteun is en dat kompetisies ook uitgebrei is om verbouing van tabak, kafferkering en pluimveeboerdery in te sluit. Die Departement van Landbou het 'n amptenaar van die Afdeling Uitbreiding en Landbouonderwys uitsluitlik belas met die organisasie van skoolklubs deur die land, in Transvaal

74) T.O.D. Omsendbrief nr. 14, April 1926, p. 21.

75) T.O.D. Omsendbrief nr. 16, Augustus 1926, p. 9.

76) Ibid., p. 10 - 17.

spesifiek die Voorspoedbond. Die Transvaalse Landbou-unie, Pretoriase Landbougenootskap, Transvaalse Onderwysersvereniging en Transvaal Teachers Association het elk 'n komitee, belas met die aktiwiteite van die Voorspoedbond, gehad, maar daar was geen gesamentlike komitee wat die verskillende belangstellendes gekoördineer het nie. Baie skole het gebruik gemaak van die vergunning om 'n landboudag te hou. 77)

In enkele gevalle is die doelstellings van die Voorspoedbond met groot sukses verwesenlik en selfs ouers het die nuwe wetenskaplike metodes toegepas. 78)

Daar is ook kampe vir seuns gehou te Pretoria, en in 1929 is 'n nuwe konstitusie saamgestel wat daarop neergekom het dat die Hoofbestuur van die Voorspoedbond hoofsaaklik uit onderwysers sou bestaan.

Die aktiwiteite was uiteindelik van groot opvoedkundige waarde. Die geleentheid om individueel skeppend te werk, die kans om die resultaat van sy arbeid te sien, en erkenning en waardering daarvoor te ontvang, het by die leerling 'n nuwe gesindheid en motivering teenoor sy skool en die ander skoolwerk geskep. 79)

Later is die naam Voorspoedbond verander na Landbouklubs. Die Departement van Landbou het probeer om die doelstellings van hierdie Landbouklubs bekend te stel en leerlinge aan te moedig om deel te neem, maar dit was duidelik dat die belangstelling langsamerhand gekwyn het en dat 'n baie klein persentasie van die leerlinge wat kon, werklik deelgeneem het. 80)

Volgens Moran het die pogings om landboubelangstelling en -aktiwiteite te bevorder deur wedstryde en klubwerk, nie genoegsame

77) T.O.D. Jaarverslag, 1927, p. 78, 79.

78) T.O.D. Jaarverslag, 1929, p. 61.

79) T.O.D. Jaarverslag, 1930, p. 75.

80) DE WET, J.D. Planne vir die organisasie van kinder landbouklubs, Boerdery in Suid-Afrika, Deel VIII, No. 92, November 1933, p. 415.

belangstelling en steun ontvang nie. In 1933 was daar ongeveer 17 000 leerlinge verder as standerd drie in plattelandse skole en slegs 455 leerlinge het aan die verskillende kompetisies deelgeneem. As in aanmerking geneem word dat leerlinge verder as standerd drie aan die kompetisies kon deelneem, en dat alleen leerlinge van plattelandse skole deelgeneem het, blyk dit dat minder as 3% van die leerlinge wat kon, enigsins aktief deelgeneem het. ⁸¹⁾

3.4.2. DIE BEGINSELSE OPLEIDINGSPLAAS

Gedurende April 1926 het die T.O.D. by wyse van 'n omsendbrief die hoofde van skole versoek om leerlinge wat in die boerdery belangstel in te lig oor die praktiese opleiding wat die Departement van Landbou op die Beginselse Opleidingsplaas, naby Standerton aangebied het.

Die minimum ouderdom vir toelating was 16 jaar en voorkeur is gegee aan kandidate wat nie ouer as 25 jaar was nie. Suid-Afrikaners sou gratis onderrig ontvang. Dit was aanvaar dat die diens wat hulle op die plaas sou lewer, sou vergoed vir die gratis opleiding.

Die doel van die opleiding was om seuns en ook setlaars (immigrante) wat begerig was om boerdery as beroep te volg, behoorlik in te lig omtrent die gewone werksaamhede en metodes van 'n gemengde boerdery. Spesiale aandag is gegee aan die bedrewendheid van handearbeid soos bv. die melk van koeie, omploeg van landerye, aanbring van heinings ens. Feitlik al die werk is onder leiding van instrukteurs, deur die studente self gedoen.

Die kursus wat ongeveer 12 maande geduur het, was hoofsaaklik prakties van aard dog lesings en demonstrasies is bygewerk en soms het kandidate ook verskillende kortkursusse by die Potchefstroomse Landbouskool (kollege) bygewoon. ⁸²⁾

81) MORAN, H.C., a.w., p. 23 - 25.

82) T.O.D. Omsendbrief nr. 20, April 1927, p. 13.

Hierdie opleiding het slegs kennis en vaardigheid in die praktiese boerdery beoog en daar was geen ander vakke in die kurrikulum ingesluit nie. Daarom kan dit nie beskou word as deel van die sekondêre onderwysfase nie, maar as naskoolse onderrig.

HOOFSTUK 4

DIE SKOOLPLAASSTELSEL IN TRANSVAAL, 1935 - 1949

4.1. DIE BEHOEFTE AAN AANPASSING VAN PLATTELANDSE ONDERWYS, VERAL BY LANDBOUKUNDIGE OMSTANDIGHEDE

Verskeie persone het sedert die begin van die twintigste eeu gewys op die gebreke van die onderwys op die platteland, veral dat dit nie die kind toegerus het om sy landelike omgewing te beheers nie.¹⁾ Dit was egter die verslag van die Carnegie-kommissie waarna reeds in die vorige hoofstuk verwys is, wat met statistiek en feite die oorsake, aard, omvang en gevolge van die oorheersend, Afrikaner arm-blankevraagstuk finaal oopgeplek het, en onder meer daarop gewys het dat die onderwys 'n bydraende faktor was omdat dit wat aard en omvang betref, onvoldoende was.

Van die skoolverlaters in die dertigerjare het 77% slegs beskik oor 'n standaard ses, of laer, skoolkwalifikasie, m.a.w. sonder genoegsame algemeen-vormende kulturele onderwys en beroepsagtergrond.²⁾ Ongeveer 52% van die leerlinge wat jaarliks die skool verlaat het, was seuns, en van dié wat jaarliks in Transvaal skool verlaat het, het 52,7% hulle tot die boerdery gewend en nog 10,4% het die terrein van die ongeskoolde en halfgeskoolde arbeid betree. Van hulle was ook handlangers in die boerderybedryf.³⁾ Dit blyk ook dat 62,5% van die seuns wat die skool verlaat het sonder dat hulle die laerskoolkursus (standaard ses) voltooi het, tot die boerdery toegetree het. Wat die boerdery betref, het die persentasie seuns wat toegetree het, van 62,5% van die seuns sonder standaard ses afgeneem na 9,3% van die wat standaard tien geslaag het. Van die seuns wat gaan boer het, was

1) BARNARD, S.S. 'n Histories-Pedagogiese Evaluering van die Onderwys van die Transvaalse Plaasskool, 1838 - 1967, p.515-519.

2) MALHERBE, E.G. Onderwys en die Armbanke, p. 17.

3) Ibid., p. 109.

dit vir bykans 61% so goed as onmoontlik om uit die boerdery 'n behoorlike bestaan te maak omdat hulle selfs nie eers die laerskoolkursus voltooi het nie en hulle geen grond besit het nie. 4) Ook die wat sonder standerd ses ongeskoolde werk verrig het, sou hoogswaarskynlik dagloners gebly het wat nie 'n menswaardige bestaan kon voer nie.

Baie skoolverlaters was dus glad nie toegerus vir die stryd om 'n lewensbestaan nie, en om die rede potensiële armblankes. Die grootste persentasie van hierdie seuns het hulle in die boerdery-bedryf bevind.

Slegs 'n geringe getal leerlinge het landbouopleiding ondergaan. Uit die jaarverslag blyk dit dat daar 74 leerlinge in 1931 in die landbouvakskole onder die Unie Onderwysdepartement was, en dat 131 leerlinge in die skole onder beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement die vak Landbou in die Transvaalse Eindeksamen van die sekondêre skool aangebied het. 5) Hierdie 131 leerlinge het 8,7% verteenwoordig van die totale getal kandidate vir die eksamen. Die meerderheid het geen of weinig vakkennis en opleiding gehad vir hulle werk op die plaas of selfs vir ander beroepe, en was gedoem om met verloop van tyd by die geledere van die armblankes aan te sluit. Hulle kon haas geen ekonomiese of kulturele bydrae lewer tot die ontwikkeling van die land en volk nie.

Die tweede faktor wat genoem moet word, is die feit dat die skool, wat sy oorsprong in die stad en dorp gehad het, stedelik georiënteer was en op die platteland nie rekening gehou het met die omgewing, behoeftes en natuurlike ontwikkelingsgang van die plattelandse kind nie, en nie die landbou genoegsaam in die kurrikulum geïntegreer het nie; nie net wat kennis betref nie, maar ook die liefde vir die bodem en die bewerking daarvan asook die waardering vir die landelike kultuur en leefwyse. 6) Die noodsaaklike

4) Ibid. p. 114.

5) T.O.D. Jaarverslag, 1931, p. 139, 142.

6) Die Volkstem, 1 Junie 1934, p. 4.

agtergrond, die plaas, het ontbreek, en skooltuine, klubs, mieliebou- en ander wedstryde sowel as proefpersonele was 'n gebrekkige en onvoldoende studieveld, wat in ieder geval nie die nodige ondersteuning gehad het nie.

Verdere faktore wat bygedra het was o.m. die feit dat baie van die kinders groot afstande per dag na die skole moes aflê, te voet of per donkie, en daarvan reeds so vermoeid was dat hulle weinig baat gevind het by die onderrig wat hulle ontvang het. Baie gevalle is bekend van kinders wat aan ondervoeding, wanvoeding, siektes soos malaria, bilharzia, liggaamsvergiftiging a.g.v. slegte tande ens. gely het, en hierdie fisiese gebreke het ook in 'n groot mate hulle skolastiese prestasie beïnvloed. 7)

Die probleme soos hierbo vermeld, sou deur sentralisasie en koshuise waar behoorlike voeding, versorging en selfs mediese behandeling kon plaasvind, in 'n groot mate uitgeskakel word.

4.2. BELANGRIKE KONFERENSIES WAARTYDENS LANDELIKE ONDERWYS BESPREEK IS

Op 5 Augustus 1933 het die kerk, in medewerking met die Transvaalse Landbou-unie en die Onderwysersverenigings 'n onderwyskongres i.v.m. die armblankevraagstuk te Rustenburg belê, waartydens die plattelandse onderwys breedvoerig bespreek is. Daar is besluit dat die onderwys in die laerskole hervorm moes word in die rigting van beter aanpassing by die behoeftes van die plattelandse kind, en verder is voorgestel dat skoolplase, wat uiteindelik sover moontlik selfonderhoudend moes wees, vir sekondêre onderwys opgerig moes word. Hier sou leerlinge oor 'n tydperk van twee tot vyf jaar in landbou en aanverwante vakke onderrig kon ontvang. Hulle het daar reeds die beginsel aanvaar dat hierdie skole in verskillende dele van Transvaal opgerig moes word, op die basis van die verteenwoordigende boerderye van verskillende streke. Die kursus vir seuns moes praktiese-

7) T.O.D. Jaarverslag, 1934, p. 14.

en teoretiese opleiding in akkerbou en veeteelt, en onderrig in verwante bedrywe soos hout-, smids- en messelwerk insluit, vir dogters ook huishoudkunde, praktiese versorging en verwerking van plaasprodukte. Hulle het egter beklemtoon dat algemeen-kulturele onderwys ook voortgesit moes word.⁸⁾

Die Administrateur van Transvaal, mnr. Simon Bekker, het op 1 en 2 Februarie 1934 die konferensie oor landelike onderwys in Kaapstad bygewoon. (Vergelyk die vorige hoofstuk). Hy het na Transvaal teruggekeer, meer as ooit onder die besef van die behoefte aan hervorming van die landelike onderwys. Hy het die Seodinse Skoolplaas vir behoeftige kinders by Kuruman besoek.⁹⁾ Hier was die heer S.J. Botha hoof en hy het 'n boordery by die skool tot stand gebring wat die nodige lewensmiddels aan die koshuisgangers voorsien het. Die leerlinge en personeel het al die werk self gedoen en sommige van die behoeftige kinders het selfs gedurende vakansies agtergebly om die boordery te help behartig en so hulle skool- en losiesgeld te verdien. Op dié wyse is 'n geleentheid vir die minderbevoordeeldes geskep om onderwys te ontvang. Oor die algemeen was daar baie gunstige kommentaar en baie leerlinge wat andersins nooit die geleentheid sou gekry het nie, het standaard tien geslaag en die leerlinge het toegetree tot die geledere van die onderwys, boordery, klerklike werk, polisie, en enkeles het selfs aan universiteite gaan studeer.¹⁰⁾

Die skool op Seodin het in dié tyd baie aandag geniet en gunstige berigte het in verskeie tydskrifte verskyn. Een berig is ook in 'n omsendbrief deur die Transvaalse Onderwysdepartement herdruk.¹¹⁾ 'n Groep onderwysers is ook na Seodin gestuur om daar persoonlik

8) FERREIRA, R.S. Die Transvaalse Skoolplaasstelsel. Die Huisgenoot, 25 Julie 1941, p. 29, 65.

9) Die Volkstem, 14 Februarie 1935, p. 5.

10) VENTER, H.A. Die Skoolplaasstelsel in die Transvaal, p. 132.

11) T.O.D. Omsendbrief nr. 5 van 1934, p. 1 c.v.
UYS, H.T. 'n Besoek aan die Seodin skoolplaas. Die Huisgenoot, 14 Junie 1935, p. 43 c.v.

kennis te maak met die skool, sy organisasie en aktiwiteite. ¹²⁾
 Die idee was waarskynlik dat die publiek en onderwyskorps deeglik ingelig moes word, en ook vatbaar gemaak moes word vir die nuwe rigting in die plattelandse onderwys.

Die Administrateur was getref deur die stelsel en organisasie te Seodin en het besluit om dit in gewysigde vorm op die Transvaalse Platteland toe te pas.

'n Belangrike verskil sou egter wees dat die skoolplase se deure sou oopstaan vir rykes en armes: vir dié wat niks kon betaal nie en dié wat vir alles kon betaal. ¹³⁾

In Mei 1934 is 'n verdere kerkkongres te Rustenburg gehou as 'n voortsetting van die kongres van 5 Augustus 1933. 'n Onderkomitee het besoek afgelê by die landbouvakskool te Brits, onder beheer van die Unie Onderwysdepartement en was aangenaam verras toe hulle vind dat die doelstellinge van die kongres reeds in 'n groot mate by die inrigting bewaarheid is. In 'n onderhoud op 7 Mei 1934 het 'n afvaardiging vasgestel dat Administrateur Simon Bekker ook dieselfde riglyne m.b.t. die onderwys op die platteland in vooruitsig gestel het. ¹⁴⁾

Die Administrateur het in 1934 die Provinsiale Raad volledig ingelig oor die onderwystoestand op die platteland. Hy het ook die moontlikhede vir die hervorming van onderwys en uitbreiding van die onderwysfasiliteite aangetoon, om, volgens die onderwyswet, ook aan leerlinge op die platteland onderwys te verskaf tot die einde van die jaar waarin hulle sestien geword het, of tot aan die einde van standerd agt, m.a.w. om aan hulle ook die moontlikheid van sekondêre onderwys te verseker. Die Uitvoerende Komitee het dan ook besluit dat daar in 1935 'n begin gemaak moes word met

12) BOTHA, C.J. Die Sentralisasie van Plattelandse Onderwys in Transvaal 1900 - 1937, p. 57.

13) T.O.D. Jaarverslag, 1936, p. 14.

14) FERREIRA, R.S. Die Transvaalse Skoolplaasstelsel. Die Huisgenoot, 25 Julie 1941, p. 29.

die oprigting van skoolplase in Transvaal. 15)

4.3. BEVORDERING VAN LANDBOUONDERWYS DEUR DIE DOELSTELLINGS MET SKOOLPLASE

By die genoemde konferensie oor landelike onderwys in Kaapstad het **dit** in die besprekings o.m. gegaan oor die rol van die onderwys in die proses van rehabilitasie en vooruitgang van die landelike bevolking, en of die werk van die landelike skool nie doeltreffender by die aard en behoeftes van die landelike lewe georiënteer kon word nie; sonder dat die opvoedkundige karakter van die skool as sodanig verlore sou gaan. In verband met laasgenoemde het die Minister van Onderwys, dr. D.F. Malan, die aanpassing van die landelike onderwys soos volg toegelig:

"Aanpassing beteken nie dat die laerskole in landelike streke in beroepskole verander moet word nie, maar dit beteken waarskynlik dat beroepsopleiding op 'n landboukundige grondslag vroeër ingevoer sal moet word as wat vandag in die praktyk gebeur. Die hoofdoel van die skole is egter in die eerste plek die opleiding van staatsburgers en nie die opleiding van mense vir 'n besondere beroep nie. Desnieteenstaande beteken aanpassing baie definitief dat daar in 'n groter mate 'n landbougees in die werk van die landelike skole ingevoer moet word." 16)

Dit is dus duidelik dat die doel van die onderwys soos wat dit op die Skoolplase verwesenlik moes word van die vroeëre plattelandse onderwys moes verskil, in die opsig dat dit 'n groter klem gedra het t.o.v. die volgende:

Eerstens was die doelstelling met die skoolplaas die algemeen-kulturele vorming van die kind binne en uitgaande van die

15) Ibid., p. 67.

16) T.O.D. Herdruk van Verslag van Konferensie oor Landelike Onderwys. U.G. 29, 1934, p. 1.

landboukundige milieu waarin hy hom bevind het, en wat ook die agtergrond was waarteen hy grootgeword het. Die onderwys en opvoeding van die kind wat die landelike omgewings moes beheers het, moes in die bodem veranker gewees het. ¹⁷⁾

Tweedens was die doel met die skoolplaas gemik op beroeps-oriëntering t.o.v. die landbou. Die begrip "beroepsoriëntering" moet gesien word as 'n vooraspek of eerste stap in die rigting van beroepsopleiding. Daarom dat spesifiek verwys word na die feit dat die doel van hierdie skole nie beroepsopleiding ten doel gehad het nie. Dit word later deur die Transvaalse Onderwysdepartement herbevestig dat dit beslis nie 'n beroepskool was nie, maar beskou moes word as voorberoepsinrigting, wat weens sy ligging en aard dus boerderygerig was. ¹⁸⁾ Beroepsoriëntering het dus beteken dat die onderwys van so 'n aard moes wees dat dit vir diegene wat 'n hoeskome op die plaas moes vind, onderwys van 'n meer spesifieke aard beteken het; sodanig dat dit hulle gevorm het en op 'n doeltreffende wyse voorberei het op die landelike wêreld waarin hulle later 'n bestaan moes vind. In hierdie verband moet onthou word dat alle vakke op skool in die eerste plek onderrig word ter wille van die vormende waarde wat dit het, maar dat die onderrig van elke vak, vir die leerling wat in dié rigting uiteindelik 'n beroepskeuse uitoefen, dit tegelykertyd ook beroepswaarde het. (Dink maar aan Afrikaans vir die joernalis). In hierdie lig moet die onderrig gesien word, wat enigsins landbougerig was.

Aanvanklik was hierdie oriëntering ten opsigte van die landbou tot die deelname van die leerlinge aan die praktiese boerdery beperk en is Landbou as vak in die sekondêre onderwys van die skoolplaas eers in 1945 ingevoer. ¹⁹⁾

17) Die Volkstem, 1 Junie 1934, p. 4.

18) T.O.D. Jaarverslag, 1939, p. 18.

19) T.O.D. Jaarverslag, 1945, p. 15.

Die kinders het die gewone onderrig ontvang, maar daarby ook praktiese onderrig in boerdery. Die plaas is dus aangekoop met die doel dat dit moes dien as 'n studieterrein vir kinders tot die agtste standaard. Dit was juis die plaas en boerdery wat aan die Skoolplaas 'n eie identiteit verleen het en wat hom onderskei het van alle ander skole met koshuise wat ook aan leerlinge onderrig verskaf het tot standaard agt: "Die verskil tussen 'n st. VIII-skool met 'n koshuis en 'n skoolplaas is in die wyer omvang van belange wat deur die plaas aangebied word om 'n voorkeur vir landbou by die kind te skep wat mag lei tot 'n spesiale sillabus in dié verband." - aldus die Direkteur van Onderwys, mnr. G.A.C. Kuschke. ²⁰⁾

'n Belangrike aspek dus waardeur landbouonderwys bevorder is, was die verwerwing van vaardighede en aanleer van boerderymetodes wat die leerlinge in die praktyk kon toepas.

Die unieke situasie dat die leerlinge midde in die lewe self gestaan, gewerk en geleef het, het die plaaskind nie alleen gevrywaar van die grootste van alle tragedies wat so maklik die nasleep van die koshuislewe op die dorp was, naamlik om van die lewe op die plaas vervreemd te raak nie, maar het ook die omstandighede geskep waardeur hulle sodanig op die eie omgewing ingestel is, dat hulle gelukkige en tevrede inwoners van die platteland kon wees. ²¹⁾

Dit het ook gegeld vir diogene wat nie boere geword het nie, want die skoolplase het die geleentheid gebied aan die intellektueel begaafdes, sowel as aan hulle wat meer prakties aangelê was, en wat gevolglik daartoe kon lei dat elke leerling sy natuurlike aanleg vir die een of ander beroep of ambag kon ontdek, hetsy dit 'n boer, konstabel, onderwyser, ambagsman, verpleegster of matrone was. Die

20) T.O.D. Jaarverslag, 1935, p. 17.

21) Die Volkstem, 23 November 1934, p. 1.

leervakke was dus dieselfde as in die gewone skool, sodat daar geen probleme met die aansluiting by die ~~sekondêre~~ skool na standerd ses of agt was nie. 22)

Dit is dus duidelik dat, omstandighede en onderrig in ag genome, die skoolplase, ten doel gehad het om by die plattelandse kind 'n liefde en waardering vir sy eie omgewing te wek en veral diene wat vanweë hulle aanleg en belangstelling van die boerdery 'n sukses kon maak, te inspireer om na die plaas terug te keer. Terselfdertyd moes die ander leerlinge ook verantwoordbare beroepskeuses maak sodat elkeen sy bydrae kon lewer in die rigting waarin hy sy aanleg en belangstelling ontdek het.

4.4. ENKELE ASPEKTE VAN DIE BELID EN IMPLEMENTERING VAN DIE SKOOLPLAASSTELSEL

4.4.1. OPRIGTING EN VERSPREIDING VAN SKOOLPLASE

Na heelwat bedrywighede waartydens onderhoude met skoolrade, inspeksies van plase ens. plaasgevind het, is daar in 1935 vyf skoolplase goedgekeur en aangelê, t.w.

Happy Rest, in die Zoutpansbergse distrik.

Merensky, en Sandrivier (Later Kuschke) in die Pietersburgse distrik.

Bekker, halfpad tussen Krugersdorp en Rustenburg. Sannieshof, naby Lichtenburg. 23)

In 1936 het die Amsterdamse skoolplaas bygekom, in die oostelike Transvaal, naby die Swazilandse grens. 24)

In 1937 is daar nog twee skoolplase aangelê, t.w.

Paul Kruger, in die Rustenburgse distrik en

22) T.O.D. Jaarverslag, 1936, p. 12, 13.

23) T.O.D. Jaarverslag, 1935, p. 16.

24) T.O.D. Jaarverslag, 1936, p. 12.

Klipdrift in die Potchefstroomse distrik. ²⁵⁾

In 1940 is die Lord Milner Skoolplaas by Settlers opgerig, as die enigste Engelsmedium skoolplaas, sodat daar op daardie stadium nege skoolplase was. ²⁶⁾ Die skoolplaas in die Potchefstroomse distrik se naam is in die omstreke van 1940 - 1941 verander na Generaal Pionaar- skoolplaas ²⁷⁾ en die landbouvakskool by De Lagersdrift, het onder beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement, in 1945 ook 'n skoolplaas geword of is as sodanig beskou. ²⁸⁾

In ooreenstemming met die oorspronklike doelstelling dat die plaas 'n "studieterrein" vir die kind tot die agtste standerd moes wees is die beste plase aangekoop, beide uit die oogpunt van 'n winsgewende boerdery-~~eenheid~~, en van 'n opvoedingsoogpunt en is daar melding gemaak van die wonder-~~skone~~ natuuumgewings waarin skole soos Bekker-, Happy Rest- en Merenskyskoolplase geleë is. ²⁹⁾

Na die beëindiging van die Skoolplaasstelsel, sou daar uiteindelik op ses van hierdie plase volwaardige sekondêre landbou-skole tot stand kom t.w. Merensky, Kuschke, Bekker Amsterdamse, Settlers en Genl. Koos de la Rey (Sannieshof).

4.4.2 DIE TAAK VAN DIE HOOF

Die direkte beheer was opgedra aan 'n adviserende komitee, bestaande uit die plaaslike inspekteur van onderwys (as voorsitter), 'n skoolraadslid, genomineer deur die Raad, en 'n lid van die publiek genomineer deur die Administrateur. ³⁰⁾

25) T.O.D. Jaarverslag, 1937, p. 12.

26) T.O.D. Jaarverslag, 1940, p. 15.

27) T.O.D. Jaarverslag, 1941, p. 53.

28) T.O.D. Jaarverslag, 1945, p. 15.

29) DE JAGER, C.J., Landelike Onderwys en die Skoolplaasstelsel, p. 13 - 15.

GREIJBE, J.H. Besoek aan Skoolplase, Die Christelike Skoolblad, dl. XXXIX, Nr. 452, November 1937, p. 7.

30) T.O.D. Jaarverslag, 1935, p. 17, 18.

Aan die hoof is die mag gegee om op die inisiatief die skoolplaas te beheer en te ontwikkel, nie net wat betref die gewone skoolorganisasie nie, maar ook wat betref die hantering van die plaas en ontwikkeling van die boerdery, asook die hele interne onderwysbeleid wat vir die skool voorgeskryf was. Die hoof kon na goeddunke gehandel het wat betref die opstel van 'n geskikte kurrikulum en het die mag gehad om van die stereotiepe sillabusse af te wyk. Eksaminatore moes hulle vraestelle op gewysigde sillabusse baseer het. Die oogmerk was dat op dié wyse gesonde gedifferensieerde sillabusse vir skoolplase organies moes ontwikkel het. Terselfdertyd moes hierdie sillabusse gelykwaardig gewees het aan die gewone sillabusse sodat hulle as basis vir verdere studie kon dien. 31)

Dit was 'n flater, hoe goed ookal die bedoeling was, om die hoof van die skool volmag te verleem om die beleid van 'n bepaalde skool te formuleer en om aan hom vryheid te verleen om die skool ten opsigte van sillabusse, organisasie, die plaas ens. te beheer, en op dié wyse 'n beleid te bepaal t.o.v. die skoolplaasstelsel, hoe goed die hoofde ookal as opvoeders onderlê was. Die daarstelling van 'n beleid is die verantwoordelikheid van die onderwysowerheid, en kan alleen geformuleer word op grond van 'n baie deeglike en diepgaande kennis en begrip van die skoolplaasstelsel in totale omvang en met inagneming van alle aanleidende en verbandhoudende faktore wat die bepaalde soort onderwys raak. Van die hoofde en hulle personele kon alleen verwag word om die beleid in hulle skole in die praktyk toe te pas en uit te voer, sodat die algemeengeldende eenheidsdoelstelling steeds vooropgestaan het. Trouens, dit was die eerste bepaling wat die skoolplaasstelsel aan kritiek blootgestel het, en wat in die praktyk tot veelheid van begrippe en doelstellings,

31) Loc. cit.
T.O.D. Jaarverslag, 1936, p. 13.

asook misverstand i.v.m. die skoolplaas gelei het. 32)

Die gevolg van 'n gebrek aan die algemengeldende eenheidsdoelstelling, was dat daar by die skole self die eie karakter en identiteit van die skole nie altyd bewaar is nie, en op grond van die siening van die hoofde was die skole soms niks anders as 'n Junior Hoërskool nie. Die feit dat die skole dus uiteindelik so groot van mekaar kon en ook werklik verskil het, het tot verwarring gelei.

4.4.3. DIE EIESOORTIGHEID VAN DIE SKOOLPLASE

Die kurrikulum wat by die skoolplaas gevolg moes word, het verskil van mening uitgelok. Met die totstandkoming van die skole was die gedagte dat 'n kurrikulum organies moes ontwikkel het, en wat kon afwyk van die sg. stereotipe kurrikulum, terwyl 'n belangrike eienskap behoue gebly het, naamlik dat die kursus die moontlikheid ingehou het vir verdere studie aan hoërskole en dus die nodige aansluiting gebied het. Die hoofde van die skole het enersyds aanvoel dat hulle sillabusse dieselfde moes wees as die hoërskole s'n en hulle moes dieselfde eksamen skryf, anders sou dié skole nie dieselfde status en prestige hê nie – en die latere verloop het getoon dat hulle in 'n groot mate korrek was. Andersyds was daar 'n gedagte dat hulle geheel en al 'n eie kurrikulum moes aanbied wat op grond van die standaard daarvan kon meeding met ander skole. Dr. Adamson het selfs verklaar dat die skoolplaas 'n opleidingsinrigting vir die plaaslewe en boerderyberoep moes wees en niks anders nie. 33)

32) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1937, p. 89. FERREIRA, R.S., Die Transvaalse Skoolplaasstelsel, Die Huisgenoot, 1 Augustus 1941, p. 29.

Ibid, 8 Augustus 1941, p. 27.

33) T.O.D. Verslag van Sir John Adamson oor 'n besoek aan Vier Skoolplase en twee Sentrale skole, p. 11. Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, Transvaal 1937, p. 89.

Hierdie mening het nie rekening gehou met die publieke **opinie** nie, want die publiek sou alleen tevrede wees met 'n skoolplaasstelsel wat onderrig gebied het tot by die matrikulasiestandaard en wat in alle opsigte, soos dit in 1935 as uitgangspunt gestel is, aan die plattelandse leerling dieselfde geleentheid sou kon bied as vir die dorpe en stede. ³⁴⁾

Almal was dit egter eens dat die kurrikulum ook vir veelsydige kulturele ontwikkeling voorsiening moes maak. Die hande-arbeid moes sodanig georganiseer wees dat dit die edelheid van arbeid vooropgestel het en opvoedkundig verantwoord kon word.

Die identiteit van die skoolplase, volgens hulle oorspronklike doelstellings het verkrummel nadat beide ~~mr.~~ Bekker en Kuschke van die toneel verdwyn het. Op 1 Oktober 1937 is mnr. G.A.C. Kuschke deur mnr. H.H.G. Kreft opgevolg as Direkteur van Onderwys. In 1939 is daar dan ook na die skoolplase verwys as vorm van Junior Hoërskole op die platteland, en in 1940 is verklaar dat daar 'n aanduiding is dat, wat die vakke aan die Junior Hoërskole betref, gestreef moes word na utilitaristiese en praktiese, m.a.w. dat daar gestreef moes word om 'n leerling sodanige kennis by te bring as wat hy nodig sou hê om hom te help om sy weg deur die wêreld te vind. ³⁵⁾ Die feit dat die kursus aan die Junior Hoërskole van die kursus tot standerd **agt** van die Hoërskole verskil het, het direk aanleiding gegee tot die verskynsel dat ouers hulle kinders nie ~~meer~~ na die Junior Hoërskole wou stuur nie omdat die kursus as minderwaardig beskou is.

Dis jammer dat die skoolplaas gekoppel was aan die Junior Hoërskool en nie as afsonderlike tipe verder uitgebou is

34) Die Volkstem, 23 November 1934, p. 1.

35) T.O.D. Jaarverslag, 1940, p. 15.

in die rigting wat aanvanklik beoog is nie. Indien dit verhoed kon word, sou die skoolplase die betekenisvolle eienskap behou het, naamlik dat hulle kursusse op verskillende stadiums aansluiting gevind het by die hoërskool, m.a.w. dat die kursusse gelykwaardig was. Dit was die begin van die einde van die Junior Hoërskole, en gevolglik die skoolplase ook, toe die aard, inhoud, en benadering van die kursusse minder akademies geword het, en nie meer gunstig met die hoërskole vergelyk het nie. Dit moet as die belangrikste rede beskou word, en een wat ook gelei het tot 'n sogenaamde stigma van minderwaardigheid wat hierdie skole aangekleef het, asook die beskouing dat minder intelligente leerlinge dié skole besoek het.

4.4.4. DIE INSluitING VAN LANDBOU IN DIE KURRIKULUM VAN DIE SKOOLPLAAS

Om Junior Hoërskole beter aan hul doel te laat beantwoord, nl. onderrig vir kinders wat op sestienjarige ouderdom skool verlaat het, is daar in 1945 by die klerklik-kommer-siële, tegniese, huishoudelike ook 'n landboukundige rigting gevoeg, wat goed aangesluit het by die Junior Hoërskole op die platteland en by die skoolplase.³⁶⁾ Vir die eerste keer is landbou as vak binne die kurrikulum van die skoolplaas ingesluit.

Die kurrikulum was soos volg:

Die leervakke was in drie groepe verdeel:

1. Verpligte nie-eksamenvakke, nl. godsdiensoonderrig, sang en musiek en liggaamlike opvoeding.
2. Eksamenvakke waarvan 7 uit 'n lang lys gekies moes word. Behalwe die gewone skoolvakke is ook die volgende verteenwoordig: bantoetale, gesondheidsleer,

36) T.O.D. Jaarverslag, 1945, p. 15.

landbou, kuns, huisvlyt, hout- en metaalwerk, musiek, shorthand, snelskrif, tikskrif en tuisverpleging.

3. Byvakke, waarvan soveel moontlik geneem moes word, o.m. omvattende algemene kennis, meetkundige token, populêre wetenskap, klubwerk, tuinbou, fotografie, beroepsvoorligting ens.

Die leervakke is nie op 'n akademiese basis soos op 'n hoërskool aangebied nie, maar eerder prakties, of op 'n toegepaste grondslag, ten einde nouer kontak met die maatskaplike lewe te bewerkstellig. Met die byvakke is beoog om algemene kennis te verbreed en gesonde vryetydsbesteding aan te moedig.

In 1946 is gereël dat in die landbourigting drie periodes per week elk in standerds sewe en agt bestee moes word aan landbou en praktiese landbou. ³⁷⁾

Bogenoemde reëlings moet as 'n betekenisvolle ontwikkeling vir landbouonderwys beskou word, want daardeur is aan beide die teoretiese en praktiese komponente van landbou erkenning verleen as selfstandige vak binne die algemene sekondêre onderwyskurrikulum. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die boerdery, en meer bepaald ook die leerlinge se deelname daaraan, 'n integrale deel van die skoolplaasstelsel was, vanweë die utilitaristiese waarde van die praktiese landbou en die rol wat dit kon vervul in die ekonomiese opheffing van die volk. Die invoering van landbou as vak in die kurrikulum het nou ook erkenning verleen aan die betekenis en waarde van die teoretiese aspek van landbou, maar tog was dit nog beperk tot die beroepswaarde daarvan.

Daar is geen aanduiding dat die studie van die teoretiese

37) T.O.D. Departementele Omsendbrief, Deel XII, nr. 1, Februarie 1946, p. 2.

en praktiese aspekte van landbou as sodanig nog verdere opvoedkundige waarde gehad het nie. Daar was nog nie allerweë 'n besef dat die natuur, as deel van die Skepping van God, 'n unieke opvoedingsmiddel was wat 'n belangrike opvoedende invloed op byvoorbeeld die godsdienstige, sedelike en karaktervorming van die opvoedeling gehad het, en as sodanig 'n wesenlike bydrae kon lewer.

Dit was waarskynlik juis op grond van die nuttigheids- waarde alleen wat aan die landbou geheg was, dat met die praktyk begin is. Toe daar later besef is dat die onderrig in die praktyk onvoldoende was, is die teoretiese aspek ook bygevoeg en dit verklaar ook wel waarom daar 'n gedagte was dat die teorie van die wetenskapkursusse uit die praktiese werk van die leerlinge moes ontstaan, m.a.w. die aktiwiteite by groentetuin en vrugteboord, en die verskillende stadia van voer- en kontantgewasverbouing moes as uitgangspunt dien vir die teorie oor akkerbou, ontkieming, besproeiing, bemesting, ens. ³⁸⁾

Hierdie benadering is om verskeie redes nie aan te beveel nie. Dit is baie moeilik, of bykans onmoontlik, om aan die eise van leerstofordening volgens logiese, ekonomiese, psigologiese en korrelasiebeginsels te voldoen en die onderrig kom dan eintlik neer op 'n omsamehangende verklaring van wat in die praktyk gebeur. Vandag word eerder van die standpunt uitgegaan dat die praktyk en teorie van die landbou hand aan hand moet gaan, met inagneming van veral die seisoenale aard van gewasse ~~ons~~. maar dat die praktyk gerig en beperk moet word deur die teorie wat in die sillabus opgeneem is en daaruit moet voortvloei en georganiseer word. Tweedens word algemeen aanvaar dat die praktiese landbouaktiwiteite van die leerlinge

38) Verslag van Sir John Adamson oor 'n besoek aan Vier Skoolplase en twee Sentrale skole, p. 13.

alleen sinvol verloop en hoë opvoedkundige waarde het, wanneer dit plaasvind teen 'n genoegsame teoretiese agtergrond.

4.4.5. EKONOMIESE SELFONDERHOUDENDE BOERDERYEEENHEDE

Elke skoolplaas is teogerus met die nodige plaasgereedskap en lewende hawe, afgesien van goed toegeruste geboue en daar is ook voorsiening gemaak vir al die behoeftes van die aanvangsboedery. Die ideaal sou wees, is gesê, dat die boerdery daarna selfonderhoudend moes wees.

Waar daar 'n plaasvoorman en Bantoe-arbeiders was, moes hulle uit boerderyfondse besoldig word. Dit blyk dat die boerderye oor die algemeen 'n wins getoon het. ³⁹⁾

Die plaas was vir onderrigdoeleindes tot beskikking van die skool, maar die koshuis het die plaasprodukte wat verbruik is teen vasgestelde pryse gekoop en kontant betaal. Daar was geen direkte of indirekte finansiële vergoeding aan die seuns vir die arbeid wat hulle verrig het nie.

Wat produkte betref, kon die plaas, benewens aan sy eie koshuis, ook aan ander koshuise verbonde aan Provinsiale skole, produkte verkoop. Hierdie reëling het bygedra om die boerderye op 'n ekonomies- gesonde en winsgewende grondslag te plaas. ⁴⁰⁾

Die Transvaalse Provinsiale Onderwyskommissie van 1939 onder voorsitterskap van dr. W.M. Nicol, het as beginsel aanbeveel dat die omvang en grootte van die boerderywerk-saamhede bepaal moes word deur die opvoedkundige vereistes van die kinders. Die produkte wat nie deur die koshuis verbruik is nie, moes so voordelig moontlik van die hand gesit word en bemarkingsbeginsels en -metodes moes 'n deel

39) VENTER, H.A., a.w., p. 17.

40) T.O.D. Omsendbrief nr. 40 van 1940, p. 1. e.v.

vorm van die onderwys aan die kinders. Die Departement moes bepaal watter werktuie aan die skoolplase beskikbaar gestel moes word. Die skole moes dan aansoek doen en goedgekeurde werktuie moes uit sentrale fondse aangekoop word. 41)

4.5. WATTER INSLAG HET DIE SKOOLPLAASSTELSEL GEVIND?

Hoe het die publiek, ouers en leerlinge die skoolplaasstelsel ontvang en in watter mate is dit as deel van die onderwysstelsel aanvaar? Was daar omstandighede, eie aan die skoolplase, wat as besonder gunstig vir die opvoeding en onderwys beskou kon word? Het die skoolplaasstelsel 'n bydrae tot landbouonderwys gelewer? Op hierdie vrae moet 'n antwoord verskaf word.

Twee jaar nadat die eerste skoolplase tot stand gekom het, was dit reeds duidelik dat hulle groot byval gevind het by kinders en ouers en die toestroming was so groot dat alle aansoekers nie toegelaat kon word nie. 42)

So was daar in 1937 by die skoolplase Happy Rest, Kuschke en Merensky 'n vermeerdering van 138 leerlinge vergeleke by die vorige jaar. Die volgende tabel verstrek die getal inskrywings by die drie skoolplase in 1937:

<u>SKOOLPLAAS.</u>	<u>ST. V-VIII.</u>	<u>GRADE - ST. IV.</u>	<u>TOTAAL.</u>
Happy Rest	128	69	197
Kuschke	100	128	228
Merensky	<u>76</u>	<u>82</u>	<u>158</u>
	304	279	583 43)

Dit blyk dus dat bykans die helfte van die leerlinge in die grade tot standaard vier was. Die boerdery en praktiese

41) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1937, p. 95.

42) T.O.D. Jaarverslag, 1937, p. 44, 52.

43) T.O.D. Jaarverslag, 1937, p. 60.

landbouaktiwiteite het vir hierdie leerlinge geen of weinig waarde gehad, en hulle teenwoordigheid het inderdaad die organisasie van die skoolplase bemoeilik en die ontwikkeling gestrem om aan die oorspronklike doelstellings te beantwoord. By hierdie drie skoolplase was daar al die jare baie inskrywings sodat gereeld gerapporteer is dat hulle bykans vol was. Selfs in 1949, toe daar al sprake was dat die junior hoërskool en die skoolplaas in onguns geraak het, ⁴⁴⁾ het die Inspekteur van Onderwys van die Pietersburgse Inspeksiekring, waaronder genoemde drie skole ressorteer het, rapporteer dat die skole so vol was dat uitbreiding noodsaaklik was, tensy die skole se inskrywings beperk word tot sekondêre skoolleerlinge, soos oorspronklik bedoel was. ⁴⁵⁾ Die totale inskrywings by die skoolplase, vanaf 1936 tot 1950, met enkele besonderhede daarby, word in die volgende tabel weergegee:

INSKRYWINGS AAN DIE SKOOLPLASE VANAF 1936 TOT 1950

Jaar- tal	Getal Skool- plase	Totale Getal Leerlinge	Primêre Onderwys Inskrywing	Totale Getal Seuns, Na-primêre Onderwys	
				Na- Primêre Onderwys Inskrywing	
1936	4	760	505	255	168
1937	6	1187	766	421	249
1938	8	1933	1407	526	311
1939	8	2001	1428	573	316
1940	9	2200	1572	628	346
1941	9	2417	1725	692	370
1942	9	2380	1729	651	348
1943	9	2243	1596	647	329

44) T.O.D. Jaarverslag, 1950, p. 15.

45) T.O.D. Jaarverslag, 1949, p. 79.

1944	9	2331	1576	755	389
1945	9	2296	1552	744	386
1946	10	2638	1730	908	454
1947	10	2658	1730	928	450
1948	10	2545	1676	869	392
1949	10	2437	1575	862	376
1950	10	2720	1744	976	429

40)

Uit die tabel kan die volgende afleidings gemaak word:

- (i) Wat die groot totaal inskrywing betref, is daar geen betekenisvolle afname wat dui op die feit dat dié soort skole in onguns geraak het, of kwynde ondersteuning geniet het nie – veral nie in die lig van die feit dat inskrywings aan dié skole beperk was a.g.v. die feit dat die leerlinge almal, of bykans almal, in die kos-huise ingewoon het. Dit het veral gegeld t.o.v. die na-primêre onderwysingsinskrywings.
- (ii) Die tabel toon ook dat daar steeds 'n groot getal laerskoolleerlinge was, ten spyte van die feit dat die Departement in 1939 reeds besluit het om slegs leerlinge in standerds ses tot agt toe te laat. ⁴⁷⁾
- (iii) Die getal leerlinge in die na-primêre onderwysafdeling het ook gedurende die jare 1946 – 1950 toegeneem in verhouding tot die getal primêre onderwysleerlinge, sodat ook hierdie feit dien

46) T.O.D. Jaarverslae: 1936, p. 179, 180; 1937, p. 207, 208; 1938, p. 105, 106; 1939, p. 183, 184; 1940, p. 111, 112; 1941, p. 129, 130; 1942, p. 87, 88; 1943, p. 143; 1944, p. 91, 92; 1945, p. 155; 1946, p. 45; 1947, p. 179; 1948, p. 47; 1949, p. 191; 1950, p. 79.

47) T.O.D. Jaarverslag, 1939, p. 18.

as bewys dat die bewering dat die skole in onguns geraak het, ongegrond was.

- (iv) Dit blyk wel dat tot 1946, 50% of meer van die seuns die na-primêre onderwysinskrywings verteenwoordig het. Vir die tydperk 1947 tot 1950 het dié seuns afgeneem tot minder as 44% van die inskrywings. In hierdie opsig is dit geregverdig om die afleiding te maak dat wat die seuns betref, die skole in onguns geraak het omdat daar nie dieselfde geleenthede vir hulle was as by gewone sekondêre skole, waar hulle tot standerd tien kon vorder nie.

Daar was voortdurend uiteenlopende menings aangaande die doel van die skoolplase en die plek wat hulle binne die breë onderwysstelsel moes inneem. Verder was daar steeds meningsverskil oor die beleid wat ten opsigte van hierdie skole gevolg moes word. So was daar diegene wat die skoolplaas wou losmaak van die Juniorsertifikaateksamen en -vereistes en wat dit wou ontwikkel sodat die klem moes val op die ontwikkeling van hart en hand, waarin akademiese boeke kennis slegs aanvullend moes wees. ⁴⁸⁾ Sommige mense het verwag dat leerlinge na die driejarige kursus gereed moes wees om die beroepswêreld te betree en dus ook as enkelinge moes kon begin as gekwalifiseerde boere. Daarenteen was daar egter diegene wat besef het dat hierdie skole steeds net opvoedkundige inrigtings was, met die plaas en sy verwante bedrywighede as onderwysmiddels en as voorberoepsinrigtings beskou moes word. ⁴⁹⁾

Dit is dus duidelik dat daar twee uiteenlopende doelstellings beoog is vir die skoolplase. Aan die eenkant dat die skoolplaas 'n suiwer beroepskool moes wees, en

48) T.O.D. Jaarverslag, 1937, p. 53.

49) Verslag van Provinsiale Onderwyskommissie, 1937, p. 89.

aan die anderkant dat die skoolplaas baie sterk, indien nie 'n suiwer, akademiese karakter moes hê, net soos gewone sekondêre skole. Die probleem was om hierdie doelstellings met mekaar te versoen en in een stelsel te integreer, so- dat deur die korrekte opvoedkundige benadering, gebalanseerde klem op albei doelstellings sou val en die een nie ten koste van die ander verwaarloos sou word nie. In hierdie opsig was die beleid by al die skole nie dieselfde nie en dit het tot verwarring, misverstand, ontevredenheid en vooroordeel by die publiek gelei. Daar was selfs teenstand gewees. ⁵⁰⁾ In dié verband het 'n inspekteur in sy verslag oor skoolplase egter die belangrike stelling gemaak dat indien skoolplase boontoe kon uitbrei (d.w.s. tot standerd tien) sou die teenkating van die publiek vinnig verdwyn. ⁵¹⁾

Ook die sogenaamde Nicol-kommissie het bevind dat verskeie persone daarop sou aandring dat skoolplase leerlinge tot standerd tien moes behou, en 'n vyfjarige kursus aangebied word wat tot 'n matrikulasiesertifikaat sou lei. Standers negen en tien moes suiwer, of hoofsaaklik akademies van aard gewees het. Die Kommissie het hierdie voorstel onomwonde verwerp. Volgens hulle moes kinders op die stadium wanneer hulle standerd agt voltooi het, oorgeplaas word na die tegniese- of landbouvakskole, of moes hulle gaan werk het, of as hulle spesiale aanleg getoon het vir akademiese werk, moes hulle oorgeplaas word na sodanige akademiese sekondêre skool. Die enigste kursus wat volgens hulle nog aan 'n skoolplaas aangebied kon word, namate die behoefte ontstaan het, was 'n tweejarige kursus na standerd agt vir blote landbouberoepsopleiding. ⁵²⁾

50) JANDHELL, T. Wat van die Toekoms? Die Christelike Skoolblad dl. XXXIX, Nr. 452, November 1937, p. 12. Verslag van Provinsiale Onderwyskommissie, 1937, p. 89, 96.

51) T.O.D. Jaarverslag, 1949, p. 79.

52) Verslag van Provinsiale Onderwyskommissie, 1937, p. 91.

In hoofsaak het dit dus daarop neergekom dat die skoolplaas in eie reg moes bestaan en dat die kursus wat aangebied was vertrouwe by ouers en die publiek (waarby werkgewers ingesluit was), moes gewek het. Gelykwaardigheid met ander sekondêre skole was hier geensins ter sprake nie. In watter opsigte en tot watter mate die skoolplaas met ander sekondêre skole moes verskil of kon ooreenstem, terwyl dit sogenaamd op eie meriete bestaan het, het die verskil van mening uitgelok en tot verwarring gelei. Landbouonderwys het as sodanig, soos aangetoon sal word, voor dieselfde dilemma gestaan.

Onderwys en opvoeding was en is steeds 'n dinamiese proses. Verskillende gesigspunte en benadering m.b.t. hierdie nuwe stelsel was dan sekerlik ook net 'n normale verskynsel, en het in elk geval nie verhoed dat die skoolplaasstelsel 'n besondere doel gedien het nie; veral in die lig van die spesifieke omstandighede wat gcheers het toe die stelsel ingevoer is. Die skoolplaasstelsel het op die beginsel berus dat die opvoeding van die bekende na die onbekende moet voortgaan. Dit het van die omgewing van die kind uitgegaan en hom opgevoed met die middele wat voorhande was: die natuur en die bewerking van die grond. ⁵³⁾ Dit het die feit aanvaar dat die kinders van plase afkomstig was, en het hierdie leefwêreld van die kind tot opvoedingsmilieu verhef. Dit het die plattelandse kind nie van die plattelandse leefwyse of selfs plaaslewe vervreem nie en daarmee ook nie die moontlikheid geskep van 'n kloof tussen die ouer en sy lewensomstandighede aan die eenkant en die toekomswêreld van die kind aan die anderkant nie - iets wat so maklik gebeur het of kon gebeur het met 'n onderwysstelsel wat "stedelik" georiënteerd was. Hoewel die landboukundige aspek van die werk op die skoolplaas

53) Verslag van Provinsiale Onderwyskommissie, 1937, p. 89.

beklemtoon is, is daar geen poging aangewend om van al hierdie kinders boere te maak nie. Die skoolplaas met sy groot verskeidenheid praktiese vakke en met die beskikbare voorligting, het 'n geleentheid aan iedere leerling gebied om homself en sy aanleg te ontdek, en sover moontlik 'n loopbaan te kies wat die geskikste vir hom sou wees. 54)

Die uitstaande kenmerk van die skoolplaasstelsel was die praktiese aanpassing by die lewe self, want dit het die indruk van 'n gemeenskap, eerder as 'n skool geskep, waarin arbeid in lewensverband verrig is. Die kinders het die boerderywerkzaamhede bemeester deur dit self te verrig. Die werklikhede van die boerdery het gesprek deur beplanning, vooruitberekening, wins en verlies, asook die element van vermoënis, en hulle was ook gedurig bewus van die invloed van die natuurelemente en het sekerlik ook onder die indruk gekom van die mens se afhanklikheid van sy Skepper. Sir John Adamson het na 'n besoek gesê dat 'n fundamentele beginsel by die skoolplaas uitgedruk word in die leuse: Ons werk **nie** vir die skool nie, maar vir die lewe. Selfs op akademiese gebied het die onderwys sodanige verband met die lewe en loopbaan gehad dat daar geen gevaar was dat dit bloot beskou kon word as 'n funksie wat op eksamens en sertifikate uitgeloop het nie. 55)

Die skoolplaasleerling was by uitstek **konstruktief aktief**. Sy selfwerkzaamheid het 'n groot bydrae gelewer tot sy vorming en ontwikkeling. Veral wat die praktyk betref het hy geleer deur te doen en dit het by hom selfstandigheid gekweek en 'n gevoel van menswaardigheid gegee. So is hy op 'n natuurlike wyse voorberei om in die lewe ook diensbaar

54) Ibid., p. 90.

55) Verslag van Sir John Adamson oor 'n besoek aan Vier skoolplase en twee Sentrale skole, p. 3.
VENTER, H.A. Die Skoolplaasstelsel in die Transvaal.
'n Kritiese Beskouing, p. 10.

te wees en 'n nuttige burger te word wat op die maatskaplike, beroeps- en ander terreine 'n waardevolle bydrae kon lewer.

Die Skoolplaas was 'n sosiale sentrum, nie om kinders te leer boer nie, maar om kinders in persoonlike kontak te bring met die moontlikhede en werklikhede van die lewe, die oë van kinders oop te maak vir die rykdom van die lewe, en het seuns en dogters gekweek met 'n insig en uitsig op 'n volle en ryke lewe. ⁵⁶⁾

Die Nicol-kommissie was oortuig daarvan dat die omstandighede by die skoolplaas van so 'n aard was dat selfs dorpskinders baat sou kon vind deur die kursusse te volg. Gevolglik het hy aanbeveel dat dorpskinders soveel as moontlik aangehoedig moes word om die skoolplaaskursus te volg. Veral dié wat nog deur liefde aan die landelike omgewing geanker was en deur oorerflikheidsfaktore 'n aanleg daarin getoon het. ⁵⁷⁾

4.6. DIE BYDRAE VAN DIE SKOOLPLAASSTELSEL TOT DIE BEVORDERING VAN LANDBOUONDERWYS

Hoewel die skoolplaasstelsel in Transvaal nie in die eerste plek in die lewe geroep is ter bevordering van landbouonderwys nie, kan afgelei word dat dit veral in die volgende opsigte 'n bydrae gelewer het:

* Dit het verseker dat die kind wat van die plaas kom en na die boereplaas terugkeer, aan die bodem veranker sou bly. Met die wêreld en omstandighede, waarin hy hom later sou bevind, as agtergrond, kon hy opgroei en ontwikkel en hom bekwaam as boer. Namate die wonders van die natuur voor hom ontvou het,

56) BOT, A.K. e.a., Uitstappie na die Skoolplaas, Die Christelike Skoolblad, dl. XXXIX, Nr. 452, November 1937, p. 9 - 16.

57) Verslag van Provinsiale Onderwyskommissie, 1937, p. 96.

het hy geleer om dit te begryp, te waardeer, en met insig te beheers en is 'n liefde vir sy die wêreld gekweek.

* Namate landbou en later ook praktiese landbou as vakke ingesluit is in die kurrikulum, het hierdie skole 'n daadwerklike bydrae gelewer tot bevordering van landbouonderwys op die vlak en wyse waarop dit later sy finale beslag sou kry, naamlik binne die raamwerk van algemeenvormende kulturele sekondêre onderwys en nie as suiwer beroepsonderwys nie.

* Die skoolplaasstelsel het beslag gegee aan praktiese boerdery binne die kurrikulum van die algemeenvormende kulturele onderwys en die oë geopen vir die bydrae wat dit as hulpmiddel in die opvoeding van kinders gelewer het. Nie alleen vir hulle wat in die boerdery 'n heenkome sou vind nie, maar vir alle leerlinge, omdat die lewenswerklikheid en arbeid in lewensverband so sterk op die voorgrond getree het.

4.7. ONDERWYSONTWIKKELING EN DIE EINDE VAN DIE SKOOLPLAASSTELSE

In 1949 se jaarverslag het die Direkteur verwys na die aanstelling van 'n departementele komitee wat moes vasstel in hoeverre die verslag van 'n Uniale Kommissie insake Tegniese- en Beroepsonderwys, die onderwys in Transvaal geraak het. Hierdie departementele komitee onder voorsitterskap van mnr. J.R. Lynch, Inspekteur van Onderwys, het aanbeveel dat die bestaande Junior Hoërskole as sodanig afgeskaf moes word en alle na-primêre leerlinge by hoërskole ingeskryf moes word; wat nie net voorsiening moes maak vir 'n vyfjarige akademiese kursus nie, maar ook vir 'n drie-, vier- of vyfjarige algemene kursus, waarin kommersiële, huis-houdkundige of landboukundige vakke ingesluit moes wees. Wat die industriële-tegniese studie betref, het die komitee aanbeveel dat dit voorlopig onder Uniale beheer behoort te bly. 58)

58) T.O.D. Jaarverslag, 1949, p. 8.

Die Uitvoerende Komitee van die Provinsie het die aanbevelings van die Lynch-komitee aanvaar en daarmee het 'n einde gekom aan die tipe "Junior Hoërskool" waarby die skoolplase ingesluit is. In beginsel is ook besluit om die uitsluitlik akademiese karakter van die Hoërskool te vervang met 'n soort komprehensiewe Hoërskool wat voorsiening moes maak vir alle normale na-primele leerlinge. ⁵⁹⁾

Die Junior Hoërskool en skoolplaas kon volgens die nuwe beleid aansoek doen om die status van Hoërskool, met die moontlikheid om akademiese en of praktiese kursusse te verkry. Die praktiese kursusse sou egter nie afronding vir een of ander beroep beteken het nie, maar moes as voorbereidende beroepsonderwys beskou word. ⁶⁰⁾

"Die Junior Hoërskool en sy plattelandse toenhanger, die Skoolplaas, het langamerhand by die publiek in onguns geraak. Daar is algemeen besef dat die grootskaalse eksperiment wat met soveel idealisme beplan en administratief met soveel ywer bevorder is, nie aan sy doel beantwoord het nie" -- aldus die waarnemende Direkteur van Onderwys, dr. I.M. Meyer in 1950. ⁶¹⁾

4.8. AANBEVELINGS I.V.M. DIE BESTAANDE SKOLE NA DIE AFSKAFFING VAN DIE SKOOLPLAASSTELSEL

'n Adhoc-kommissie van die Transvaalse Onderwysdepartement onder voorsitterskap van mnr. E.H. Hudson, Inspekteur van Onderwys, het die volgende t.o.v. die verskillende skoolplase aanbeveel:

Happy Rest Skoolplaas moes opgehoef word en 'n laerskool word. ⁶²⁾ Dit het in 1952 opgehou om te bestaan en 'n skool vir gedragsafwykendes is in 1953 daar begin. ⁶³⁾

Merensky Skoolplaas moes verander in 'n hoërskool totdat

59) T.O.D. Jaarverslag, 1949, p. 9.

60) T.O.D. Omsendbrief, nr. 76, Desember 1949, p. 1. e.v.

61) T.O.D. Jaarverslag, 1950, p. 15.

62) T.O.D. Verslag. Beleid insake Skoolplase en Landbou-Onderwys, 1951, p. 4.

63) T.O.D. Jaarverslag, 1953, p. 27.

die akademiese hoërskool by Tzaneen opgerig is. Daarna moes dit 'n landbouhoërskool word, wat ook vir Engelsprekendes voorsiening moes maak. ⁶⁴⁾ Merensky het in 1951 'n hoërskool geword en die laerskoolleerlinge is vanaf 1954 na ander laerskole gestuur. ⁶⁵⁾

Kuschke Skoolplaas moes voorlopig 'n Groep II-skool bly en later moontlik 'n hoërskool word. ⁶⁶⁾

Amsterdamse Skoolplaas moes voorlopig 'n Groep II-skool bly en ontwikkel tot landbouhoërskool vir Oos-Transvaal met praktiese rigting vir dogters. ⁶⁷⁾

Simon Bekker Skoolplaas moes verander in 'n hoërskool maar die plaas kon behou word. ⁶⁸⁾

Paul Kruger Skoolplaas moes voorlopig 'n Groep II-skool bly en indien die getalle gekrimp het moes dit 'n laerskool word. Die boerderyaktiwiteite moes ingekort word. ⁶⁹⁾ In 1953 is die beleid uitgevoer en het dit as sentrale skool voortbestaan. ⁷⁰⁾

Lord Milner Skoolplaas moes verander in 'n Sentrale Laerskool. ⁷¹⁾

Sannieshof Skoolplaas moes voorlopig 'n Groep II-skool bly en die boerdery-aktiwiteite moes verander word. ⁷²⁾

Generaal Pienaar Skoolplaas moes opgehef word en in 'n

64) T.O.D. Verslag Beleid insake Skoolplase en Landbou-onderwys, 1951, p. 5.

65) T.O.D. Jaarverslag, 1951, p. 110.
T.O.D. Jaarverslag, 1953, p. 88.

66) T.O.D. Verslag Beleid insake Skoolplase en Landbou-onderwys, 1951, p. 3.

67) Ibid., p. 6.

68) Ibid., p. 9.

69) Ibid., p. 2.

70) T.O.D. Jaarverslag, 1953, p. 79.

71) T.O.D. Verslag. Beleid insake Skoolplase en Landbou-onderwys, 1951, p. 3.

72) Ibid., p. 8.

laerskool verander. ⁷³⁾ Dit het egter vanaf Januarie 1952 die Loopspruitse skool vir gedragsafwykende leerlinge geword. ⁷⁴⁾

Lagersdrift Skoolplaas moes 'n Groep II-skool word nadat dit met die laerskool geamalgameer is, wat toe ook op 1 Julie 1951 'n werklikheid geword het. ⁷⁵⁾

Ses van hierdie skoolplase t.w. Merensky, Kuschke, Amsterdam, Simon Bekker, Lord Milner en Sannieshof het uiteindelik tot hoër landbouskole ontwikkel, en die stelsel van landbouonderwys in Transvaal word inderdaad gekenmerk deur baie van die doelstellings en voortreflikhede van die skoolplaasstelsel en die wonderlike ideaal waarna gestrewe is.

73) Ibid., p. 9.

74) T.O.D. Jaarverslag, 1952, p. 22.

75) T.O.D. Verslag. Beleid insake Skoolplase en Landbou-onderwys, 1951, p. 10.
T.O.D. Jaarverslag, 1951, p. 117.

HOOFSTUK 5LANDBOUONDERWYS WORD DEEL VAN ALGEMEEN-VORMENDE KULTURELE
SEKONDÊRE ONDERWYS ONDER DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT5.1. DIE SITUASIE TYDENS OORNAME VAN DIE LANDBOUVAKSKOLE

Ingevolge die bepalings van wet nr. 30 van 1937 is die beheer oor die landbouvakskole te Brits en De Lagersdrift op 1 April 1938 oorgedra aan die Provinsie. Die Unieregering sou 85% van die bedrag, waarmee die total uitgawe aan hierdie skole, die totale inkomste oorskry het aan die Provinsies betaal. Die inkomste het die gewone jaarlikse subsidie ingesluit van die Unieregering, van R28,00 per leerling op die gemiddelde skoolbesoek gebaseer. ¹⁾

Die oornome van landbouvakskole vanaf 1 April 1938 het 'n nuwe tydperk ingelui. Van nou af sou slegs die Transvaalse Onderwysdepartement in Transvaal vir landbouonderwys op die sekondêre onderwysvlak verantwoordelik wees. Die situasie tydens oornome wat betref doelstellings, aard van kursus, toelatingsvereistes en die moontlikhede wat deur die betrokke kursus gebied is, was vervat in 'n omsendbrief wat aan alle hoofde van skole gestuur is. Die opdrag was dan ook dat die besonderhede onder die aandag van die leerlinge en ouers (waar moontlik) gebring moes word. ²⁾

Uit die genoemde omsendbrief het die volgende geblyk:

* Die doel van die kursus was om aan die leerlinge 'n praktiese opleiding te gee ten einde hulle toe te rus vir 'n loopbaan in die boerdery. Die skole het beskik oor genoeg opgeleide personeellede, wat behalwe onderrig in die gewone praktiese aktiwiteite van 'n verteenwoordigende gemengde boerdery van die streek, ook

1) T.O.D. Jaarverslag, 1938, p. 17.

2) T.O.D. Algemene Omsendbrief Nr. 3 van 1938, p. 3.

onderrig gegee het in plaasambagte (met inbegrip van smidwerk, houtwerk, sementwerk, soldeerwerk en leerwerk) omdat dit ook van belang vir die boer sou wees. As akademiese agtergrond is "plaas-briefwisseling" in albei landstale en boekhou bygevoeg. 3)

* Die kursus, wat normaalweg twee jaar geduur het, kon met 'n jaar verleng word indien die nodige standaard, wat kennis en bevoegdheid betref, nie na twee jaar bereik is nie. 4)

* Die kursus sou in die toekoms aan die landbouvakskole te Brits en De Lagersdrift aangebied word vir seuns wat standaard ses of sewe geslaag het en boerdery finaal hulle beroepskeuse gemaak het. 'n Minimum toelatingsouderdom van 14 jaar was van krag. Onder sekere omstandighede sou seuns wat nie standaard ses geslaag het nie, ook oorweeg word, maar voorkeur sou gegee word aan dié wat wel standaard ses geslaag het. 5)

* Dit het ook geblyk dat die Departement hierdie kursus beskou het as min of meer gelykwaardig aan standaard agt, vandaar die aanbeveling dat leerlinge wat reeds standaard agt geslaag het, voorlopig vir verdere landbouopleiding by die opleidingsinrigtings van die Departement van Landbou moes aansoek doen. 6)

* Lesiesgeld is vasgestel op R48,00 p.j., skoolgeld R24,00 p.j., terwyl 'n bedrag van R1,60 betaal moes word vir normale mediese behandeling. Al die bedrae was kwartaalliks vooruitbetaalbaar, maar bourse was so vrylik beskikbaar dat ouers in sommige gevalle geheel en al kwytskelding kon ontvang. 7)

* Die moontlikhede na voltooiing van die kursus, sou wees om self te gaan boer, of by 'n welvarende boer te gaan werk, of selfs deur die Departement van Lande oorweeg te word vir toekenning van persele by besproeiingsnoodersettings. Dit wil

- 3) Ibid., p.5.
- 4) Loc. cit.
- 5) Ibid., p. 3.
- 6) Loc. cit.
- 7) Ibid., p. 5.

voorkom of die landbouvakskole inderdaad verantwoordelik moes wees vir die opleiding van seuns vir nedersettingsdoeleindes. 8)

Aantekeninge wat in die Skooljoernaal van die Landbouvakskool te Brits op 1 April 1938 gemaak is, werp meer lig op die besonderhede van die kurrikulum wat in die omsendbrief uiteengesit is. Uit die werkverdeling van die personeellede blyk dit dat die leerlinge onderrig ontvang het in Afrikaans, Engels, Burgerkunde, Boekhou, Rekene, Plaasbestuur en Plaasambagte. Die komponente van die landbouonderrig het bestaan uit akkerbou, grondkennis, gronderosie, tabak, vrugtebou, plantsiektes en insekteplae, tuinbou, onkruid en gifplante, veeteelt, suiwel, interne en eksterne veeparasiete, pluimvee en verder ook skeikunde, wat waarskynlik op landbouskeikunde dui. 9)

Die hoof van die landbouvakskool te Brits het gedurende die tweede kwartaal 1938 amptelik by die skoolplase in die Noorde besoek afgelê. Moontlik was die Departement van mening dat die hoof op dié wyse kennis sou kon neem van sekere aktiwiteite en organisasietodes by die skoolplase, wat ook by die landbouvakskole toegepas sou kon word.

Deur middel van die omsendbrief is gepoog om landbouonderwys nou op 'n georganiseerde wyse onder aandag van die leerlinge en hulle ouers te bring. Daar was inderdaad nou 'n doeltreffender skakeling met die primêre- en sekondêre skole wat oor die leerlinge met potensialiteit beskik het en wat die kursus met vrug sou kon volg. Die belangstelling van die publiek was nog teleurstellend en die inskrywings aan die skole was steeds klein, alhoewel dit later toegeneem het. Gedurende 1938 was daar 14 leerlinge by De Lagersdrift en slegs 10 by Brits, terwyl daar plek vir ongeveer 100 by die twee skole was. 11)

8) Loc. cit.

9) Skooljoernaal. Landbou Hoërskool, Brits, p. 3.

10) Ibid., p. 5.

11) T.O.D. Jaarverslag 1938, p. 17.

Hierdie tweejarige kursus wat bedoel was om aan na - st. VI - leerlinge 'n praktiese opleiding in boerdery te verskaf, was so minderwaardig in vergelyking met die kursusse wat aan Skoolplase, Junior Hoërskole of Hoërskole aangebied is, dat daar weinig belangstelling daarvoor was. ¹²⁾

5.2 'N HERSIENE KURRIKULUM AAN DIE LANDBOUVAKSKOLE M.I.V. DIE EERSTE KWARTAAL 1939

Die Departement het besef dat die kursus wat aan die landbouvakskole aangebied moes word, moes lei tot die verwerwing van skoolkwalifikasies wat vergelykbaar sou wees met dié wat elders behaal kan word. Die kurrikulum van die landbouvakskole is dus hersien en die nuwe kursus het bestaan uit agt vakke, waarvan die helfte suiwer landboukundig was. Die kurrikulum het uit die volgende vakke bestaan:

- Groep A.
1. Een van die offisiële tale op die hoër graad.
 2. Die ander offisiële taal op die hoër of laer graad.
 3. Toegepaste Rekenkunde en Plaasboekhou.

- Groep B.
1. Bodemkunde en Bemestingsleer.
 2. Plaasbestuur
 3. Plaaswerktuigkunde
 4. Veeteelt (insluitende suiwelbereiding)
 5. Akkerbou (hoofgewasse van die streek, tabak, koring)
 6. Tuinbou (vrugte, groente en blomme)
 7. Pluimveeteelt
 8. Skape en wol

- Groep C.
1. Gesondheidsleer en Eerstehulp.
 2. Ekonomiese Aardrykskunde en Burgerleer. ¹³⁾

¹²⁾ MULDER, A.H. a.w. p. 309.

¹³⁾ T.O.D. Algemene Omsendbrief Nr. 19 van 1938, p. 3.

In Groep A was aldrie vakke verpligtend. Vier vakke moes uit Groep B gekies word, met dié voorbehoud dat indien Akkerbou en/of Tuinbou gekies word, Bodemkunde en Bemestingsleer ook geneem moes word. Uit Groep C moes een van die twee vakke gekies word. ¹⁴⁾ Die kursus het oor twee jaar gestrek, wat na suksesvolle voltooiing daarvan uitgeloop het op die verkryging van 'n Juniorsertifikaat (Landbou). Dis beskou as gelykwaardig aan die gewone Juniorsertifikaat. Leerlinge wat die kursus vir een jaar met goeie gevolg deurloop het, kon 'n gesertifiseerde verklaring daarvoor gekry het. Leerlinge wat die hele kursus in ten minste 4 vakke voltooi het, kon 'n gesertifiseerde verklaring kry waarop die landbouvakke genoem is waarin hulle geslaag het. ¹⁵⁾

Hierdie nuwe kurrikulum is vanaf die eerste kwartaal 1939 ingevoer by die twee landbouvakskole te Brits en De Lagersdrift. ¹⁶⁾ Die feit dat leerlinge na standerd ses nou aan dié skole standerds sewe en agt kon voltooi het, en 'n gelykwaardige sertifikaat kon behaal, het landbouonderwys op die pad geplaas waarop dit deel kon word van die gedifferensieerde sekondêre onderwysstelsel in Transvaal.

Dit was geen minderwaardige kursus wat nou maar net aan 'n Juniorsertifikaat gekoppel was nie. Uit die sillabusse, blyk dit dat die Transvaalse Onderwysdepartement in sy geheel die standaard van die kursus verhoog sodat dit gelykwaardig aan kursusse by gewone sekondêre skole gereken kon word. So was die sillabusse vir Afrikaans en Engels dieselfde as vir die gewone Juniorsertifikaat. ¹⁷⁾ Deur die insluiting van meer sg. kulturele vakke, is aan leerlinge in hierdie kursus nou ook 'n breër algemeen-vormende opvoeding en agtergrond gegee. In 'n skoolweek van veertig uur is vyftien uur aan die kulturele

14) Loc. cit.

15) Loc. cit.

16) Loc. cit.

17) T.O.D. Leerplanne vir Landbouvakskole, 1938, p. 1.

vakke in groepe i en iii bestee en aan die landboukundige vakke in groep ii, tesame met die praktiese werk, is 25 uur bestee. 18) Daarby was die landboukundige vakke ook verwetenskaplik, nie alleen t.o.v. die benaminge nie, maar die praktiese aard daarvan is vervang met 'n wetenskaplike teoretiese inhoud en 'n gesonde verhouding tussen die teoretiese en praktiese komponente van die onderrig van dié vakke is gehandhaaf. Die skema vir die toekenning van punte vir elke vak in groep ii was soos volg:

Eksamenpunte	:	200	
Praktiese punte	:	<u>100</u>	
Totale punte	:	300	19)

Die praktiese punte is deur die skool toegeken en goedgekeur deur die Inspekteur van Onderwys. 20)

Dit was belangrik dat leerlinge ook 'n daadwerklike aandeel in die praktiese landbouaktiwiteite sou hê en daarby is dit genoem dat tydens die teoretiese en praktiese onderrig, rekening gehou moes word met die seisoenale aard van bedrywighede. 21)

Hierdie kurrikulum en die wyse waarop die kursus georganiseer en ingeskakel is, het die basis gevorm waarop die Transvaalse Onderwysdepartement telkens voortgebou het om landbouonderwys uiteindelik ten volle te ontwikkel.

Die Departement het hoofde weereens versoek om die voordele van die nuwe kursus onder die aandag van die leerlinge te bring en het aan die einde van 1939 weer 'n beroep op hoofde gedoen om leerlinge wat op skool was, en van plan was om na voltooiing van standaard agt na die boerdery terug te keer, na hierdie skole aan te beveel. 22)

18) Loc. cit.

19) T.O.D. Voorskrifte vir die Junior Sertifikaat van die Landbouvakskool, p. 2.

20) Loc. cit.

21) T.O.D. Leerplanne vir Landbouvakskole, 1938, p. 1.

22) T.O.D. Algemene Omsendbrief Nr. 19 van 1938, p. 3.
T.O.D. Departementele Omsendbrief, Deel V, Nr. 4, Augustus 1939, p. 96.

5.3. DIE PROVINSIALE ONDERWYSKOMMISSIE, 1937, SE VERSLAG OOR LANDBOUONDERWYS

Die Provinsiale Onderwyskommissie onder voorsitterskap van dr. W.M. Nicol, het in 1939 ook oor landbouonderwys verslag gedoen. Volgens hulle was die landbouvakskole nie gewild nie en die aansoeke om in landbou opgelei te word bra min. Hulle het beswaar gehad teenoor die ligging van die skole. Die provinsie moes beslis hierdie aspek van die beroepsopleiding aanpak en hulle het aanbeveel dat die twee skole te Brits en De Lagersdrift omgeskep moes word in gevorderde skole van die skoolplaastipe. Enkele van die skoolplase kon ook tot landbouhoërskole omskep word, wat benewens die kursus tot standerd agt, ook 'n verdere studie kon aanbied wat sou lei tot die verwerwing van 'n landbousertifikaat gelykstaande aan matriekstandaard. 23)

Steeds was daar in die loop van die geskiedenis manne met die oortuiging dat landbouonderwys met die algemeen-vormende onderwys integreer moes word, sonder om die peil van die onderwys te verlaag. Die praktiese uitvoerbaarheid hiervan het egter steeds agterweë gebly. Ook nou was daar 'n minderheidsrapport wat te kenne gegee het dat "niks anders as verwarring sou ontstaan uit die voorgestelde poging om die werk van 'n beroepsinrigting met die werk van 'n hoërskool te verbind nie." Volgens hulle moes daar in landbouvakskole voorsiening gemaak word vir die opleiding van plaasbestuurders en voormanne - diene wat na 'n universiteit wou gaan moes hulle onderrig deur die hoërskool ontvang het. Daar kon egter op die platteland landbougerigte hoërskole opgerig word indien daar genoeg leerlinge sou wees wat belanggestel het. Dit sou egter geen beroepsskole wees nie. Wat die vakskool aanbetref moes daar geen standerds wees nie en die sertifikaat wat na voltooiing van die kursus verwerf kon word, moes bloot bewys van bekwaamheid in die praktiese werk en dié toepaslike teorie gelewer het. 24)

23) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1937, p. 106.

24) Ibid., p. 254.

sertifikaat wat leerlinge aan landbouvakskole behaal het, wat grootliks verantwoordelik was dat hierdie skole ongewild was.

5.4. INSTELLING VAN DIE SENIORSERTIFIKAATKURSUS (LANDBOU)

Die getalle aan die landbouvakskool te Brits het vinnig toegeneem, wat bewys het dat ouers vertroue begin kry het in die Junior Sertifikaat (Landbou) wat behaal kon word. Die feit dat die doeltreffende kursus in samewerking met die hoërskool op die dorp ingestel is, het waarskynlik nog verder tot die gewildheid bygedra. Op De Lagersdrift was dit egter nie die geval nie, wat daarop gedui het dat die skool se ligging en plaaslike omstandighede nie so geskik was vir landbouonderwys nie. ²⁵⁾ Op hierdie tydstip het die hoof van De Lagersdrift, mnr. J.J. du Preez saam met mnr. R.S. Ferreira, Inspektour van Onderwys, by die Direkteur van Onderwys, tydens 'n onderhoud die wenslikheid genoem dat landbouvakskole ook 'n gelykwaardige kursus tot standaard tien behoort aan te bied. Aan die eiende van 1940 is reëlins getref sodat die wenslikheid 'n werklikheid kon word. 'n Kursus waarby landbouvakke ingesluit is, is saamgestel, wat by Brits tot die Eindeksamen van die Middelbare skool gelei het. ²⁶⁾ In 1941 was daar reeds 9 leerlinge in standaard nege. ²⁷⁾

Met hierdie voorwaartse stap was die plek van landbouonderwys in die gedifferensieerde sekondêre onderwysstelsel in Transvaal verseker en dit was nou nog net nodig om die kursusse aan hierdie skole doeltreffend te organiseer.

Nuwe belangstelling het nou dwarsdeur Transvaal opgevlam en namate die kursus bekend geword het, het al hoe meer leerlinge aansoek om toelating gedoen. ²⁸⁾

25) T.O.D. Jaarverslag, 1940, p. 16.

26) Loc. cit.

27) T.O.D. Jaarverslag, 1941, p. 129 - 130.

28) DU PREEZ, J.J. 'n Historiese oorsig. Ons Skoolblad Landbou Hoërskool Brits, 1953, p. 17.

Een van die probleme wat in mindere of meerdere mate bly voortbestaan het, was die feit dat landbouonderwys grootliks onbekend gebly het. By wyse van omsendbriewe is hoofde versoek om ouers en seuns van die moontlikhede en fasiliteite te vertel en ouers te oorrede om hulle seuns die geleentheid te bied, indien hulle in die rigting sou belangstel. By De Lagersdrift kon leerlinge na standaard vyf toegelaat word vir die Junior-sertifikaat (Landbou) maar indien hulle verder wou studeer, moes hulle na Brits gaan om die Seniorcertifikaat (Landbou) te behaal. Na Brits kon slegs na-standerd ses-leerlinge gaan a.g.v. beperkte akkomodasie in die koshuis. 29)

Op grond van die feit dat die getalle daarop gedui het dat daar nie bevredigende vordering met die landbouonderwys by De Lagersdrift gemaak is nie, is ondersoek ingestel en is bevind dat daar 'n sterk vooroordeel was en dat baie ouers botweg geweier het om hulle kinders daarheen te stuur, ten spyte van die feit dat die ouers van die waarde van die kursus oortuig was. 30)

5.5 LANDBOU AS VAK VIR DIE JUNIOR- EN SENIORCERTIFIKATE AAN SEKONDÊRE SKOLE

'n Addisionele vak, Praktiese Landbou, vir standerds sewe en agt vir die Juniorcertifikaat en Juniorcertifikaat (Landbou), kon vanaf 1943 as oksamenvak aangebied word. Die vak kon vir die Juniorcertifikaat geneem word indien Landbou as vak geneem is, maar vir die Juniorcertifikaat (Landbou) was dit 'n keusevak gewees. 31)

Intussen kon leerlinge steeds landbou neem as vak vir die Junior- en Seniorcertifikaateksamen aan gewone hoërskole. In 1945 is 'n hersiene sillabus vir landbou vir die Juniorcertifikaateksamen goedgekeur. Daar is onomwonde verklaar

29) T.O.D. Algemene Omsendbrief nr. 13, van 1942, p. 1 e.v.

30) T.O.D. Jaarverslag, 1941, p. 110.

31) T.O.D. Omsendbrief nr. 20 van 1942, p. 1.

dat die algemene ontwikkeling van leerlinge beoog was en nie beroepsopleiding nie. Daarom was die doel veral om liefde en waardering vir die grond, plante en diere te kweek. Die nuwe sillabus het die volgende ingesluit:

Bodemkunde en Bemestingsleer.

Voedingsleer

Landbouwerktuigkunde (Gebruik en versorging van gereedskap)

Die Opstal: uitleg ens.

Akkerbou, Groentebou en Vrugtebou

Voeteelt en Pluimvoeteelt. 32)

By die afhandeling van die leerplan moes die onderlinge afhanklikheid van die verskillende vertakings van die boerdery beklemtoon word en praktiese veldwerk en eenvoudige laboratorium--proewe is as essensiël beskou. Leerlinge moes ook aangemoedig word om tydskrifte te lees en maslaanwerk te doen. Besoeke aan plase en landbou-inrigtings is sterk aanbeveel. 33)

5.6. 'N UNIVERSITEITSTOELATINGSKURSUS EN DIE LANDBOU-HOÛRSKOOL, BRITS

Die Transvaalse Onderwysdepartement was vasbeslote om landbou--onderwys tot sy reg te laat kom. 34) Namate die kursus georganiseer is en die skool 'n volwaardige plek ingeneem het t.o.v. binne- sowel as buitemuurse bedrywighede, het die getalle sodanig toegeneem dat die koshuis aan die begin van 1945 reeds vol was. Daar was beslis 'n behoefte aan landbouonderwys soos dit in dié skool aangebied is. 35)

De Lagersdrift is vanaf 1945 as 'n skoolplaas beskou. 36)

32) T.O.D. Departementele Omsendbrief nr. 3 van Junie 1945, p. 38 e.v.

33) Loc. cit.

34) Oberholzer P.C.J., a.w., p. 47.

35) T.O.D. Jaarverslag, 1945, p. 44.

36) Ibid., p. 15.

Die kursus by Brits is uitgebou en aangepas om te voldoen aan die vereistes van 'n hoërskoolkursus. Die vertroue by die oerpubliek het steeds toegeneem. In 1945 is die vakkeuse uitgebrei om te voldoen aan die Matrikulasievrystellingsvereistes en so is die weg gebaan na enige graadkursus aan 'n Universiteit. Op dié wyse is dieselfde status as die akademiese hoërskool verkry en vanaf 1949 het die skool die Landbou Hoërskool Brits geword. 37)

Die kursus, wat aan die hoër Landbouskool uiteindelik 'n gelykwaardige plek langs ander hoërskole besorg het, het in der waarheid oor 'n lang tydperk, en tot 'n groot mate empiries ontwikkel: Die behoefte was reeds lank aangevoel, maar die wyse waarop dit beantwoord moes word, sou eers na baie jare uitgekristalliseer het. 38) In sy wese was dit toe gekenmerk deur die volgende:

1. Die landbouonderwys het ingepas by die patroon van algemeen-vormende onderwys, veral ook wat inhoud en eksaminering betref. Leerlinge wat die eindeksamen aan skole afgelê het wat vir landbouonderwys daargestel was, het dieselfde kwalifikasies verwerf as leerlinge aan ander hoërskole en hulle kon deel hê aan dieselfde beroeps- en studiemoontlikhede. 39)
2. Die landbouvakke moes in die eerste plek onderrig word ter wille van die vormende waarde daarvan, maar baie bepaald in die volle konsekwensies van teorie en praktyk. 40)

Die praktiese landbouaktiwiteite moes dus opvoedkundig beplan, georganiseer en verantwoord word, en die leerlinge moes 'n daadwerklike aandeel in hierdie aktiwiteite hê - beide uit die oogpunt van verwerwing van kennis en vaardighede, maar verder ook vanweë dit groot bydrae tot

37) OBERHOLZER, P.C.J. a.w., p. 44.

38) DU PREEZ, J.J. 'n Historiese oorsig. Ons Skoolblad Landbou-hoërskool Brits, 1953, p. 17.

39) OBERHOLZER, P.C.J. a.w. p. 50.

40) Ibid., p. 51.

karakter- en persoonlikheidsvorming wat dit gebied het.

3. Op dié wyse georganiseer, het die kursus voorsien in die behoefte om 'n basis te lê vir wetenskaplike studie in die landbou en het dit voldoen aan die vereistes t.o.v. die agtergrond wat verwag kon word op die sekondêre skoolvlak vir verdere studie en/of boerderypraktyk. ⁴¹⁾
4. Die boerdery as sodanig, moes ekonomies gesond wees, en tred hou met die ontwikkeling op die gebied van moderne wetenskaplike metodes en tegnieke; anders kon dit nie die vertroue inboesem wat dit noodwendig moes nie, omdat dit 'n uitstalvenster was van wat enigsins ook die opvoedkundige gesteldheid van die inrigting in sy geheel weer- spieël het.

Na die Tweede Wêreldoorlog was daar 'n verdere belangstelling in landbou omdat daar 'n besef was van die finansiële- en ander voordele wat wetenskaplike beplanning, -metodes en -bemarking vir die boer ingehou het. Dit was duidelik dat die landbou- hoërskool as opvoedkundige inrigting 'n plek verower het op die platteland. ⁴²⁾ Nie alleen van oor die hele Transvaal nie, maar selfs uit ander provinsies, Suidwes-Afrika, Rhodesië, Botswana, Zambië en selfs sover as Kenia en die Belgiese Kongo is aansoeke vir toelating tot die landbouhoërskool naby Brits ontvang. Elke jaar is aansoeke om toelating van die hand gewys a.g.v. gebrek aan akkomodasie. ⁴³⁾

5.7. DIE LYNCH-KOMMISSIE SE VERSLAG INSAKE SEKONDÊRE ONDERWYS

Die Lynch-kommissie se verslag, waarna reeds verwys is by die skoolplaasstelsel, het ook gemeld dat landbouhoërskole soortgelyk aan die bestaande landbouhoërskool, Brits, ontwikkel moes word. ⁴⁴⁾

41) MULDER, A.H. a.w., p. 311.

42) GROENEWALD, A.J. The Development of agricultural education in the Transvaal. T.O.D. Onderwysbulletin, Vol. VI, Nr. 4 Desember 1961, p. 219.

43) Skooljoernaal, Landbou Hoërskool Brits, p. 21, 26, 35, 44, 80. Toelatingsregister Landbou Hoërskool, Brits.

44) T.O.D. Verslag van die Departementele Komitee insake die verslag van die De Villiers Kommissie, p. 11.

Dieselfde Departementele Kommissie wat in 1950 aanbevelings gedoen het in verband met 'n voorgestelde beleid vir sekondêre onderwys, was nie ten gunste van afsonderlike inrigtings vir landbouonderwys nie, maar 'n tipe van komprehensiewe hoërskool wat gelcentheid sou bied vir studie tot standerd tien met verskillende rigtings t.w. akademies, handel, landbou en huishoudkunde. ⁴⁵⁾

Die kommissie het dus, òf bedoel dat landbou aangebied moes word soos dit indertyd by enkele hoërskole die geval was (hoofsaaklik of uitsluitlik teoreties) òf dat die landbou-rigting allleen by enkele hoërskole aangebied moes word - as ons aanneem dat hulle ook die behoefte aan 'n plaas en boerdery vir praktiese doeleindes as deel van landbouonderrig aanvaar het.

Dieselfde kommissie het egter ook aanbeveel dat die bestaande kursus by Brits nie gewysig moes word nie. ⁴⁶⁾

In 1950 het die Transvaalse Onderwysdepartement dit as beleid neergelê dat landbouonderwys aan 'n landbou hoërskool in die toekoms sou inpas in die patroon van gedifferensieerde sekondêre onderwys wat gelei het tot die Matrikulasiëvrystellingssertifikaat of die Eindeksamen van die Middelbare Skoolsertifikaat. Die landbourigting was een van die vier rigtings wat gekies kon word. Die vakkeuse wat aanbeveel was, is soos volg:

Die twee offisiële tale (waarvan ten minste een op die hoër graad geneem moes word.)

Landboukunde

Praktiese Landbou

Boekhou en Rekenkunde, (Landbou), Wiskunde of Aardrykskunde of Biologie. ⁴⁷⁾

45) MULDER, A.H. a.w., p. 310.
T.E.D. Report on Suggested Policy for Secondary Education in the Tvl. p. 18.

46) Ibid., p. 38.

47) T.O.D. Omsendbrief nr. 76 van 1950, p. 2.

Die vakkeuse aan die Hoër landbouskool, Brits, vir standers nege en tien, was indertyd egter Afrikaans, Engels, Natuur- en Skeikunde, Wiskunde of Boekhou en Rekenkunde (Landbou), Landboukunde en Praktiese Landbou.

Hierdie kursus met Wiskunde as vakkeuse het beantwoord aan die vereistes vir Matrikulasievrystelling. ⁴⁸⁾

5.8. DIE HUDSON-KOMMISSIE EN LANDBOUONDERWYS

Die Transvaalse Onderwysdepartement het in 1951 'n kommissie onder voorsitterskap van dr. E.H. Hudson aangestel, wat aanbevelings moes maak i.v.m. die toekomstige beleid t.o.v. skoolplase en die Landbou Hoërskool, Brits. Hulle moes o.a. ook vasstel of daar meer landbouskole gevestig moes word, en indien wel, hoeveel en ook watter personeelskaal toegepas moes word. ⁴⁹⁾ Die laaste opdrag was waarskynlik gegee omdat allerweë besef is dat die eise wat aan personeellede by skoolplase en landbouhoërskole gestel is baie hoog was, en dat veral baie langer diensure van hulle verwag is a.g.v. die feit dat praktiese boerdery saam met die seuns beoefen moes word; en die feit dat die leerlinge vier en twintig uur van elke dag van die week aan hulle sorg toevertrou was. ⁵⁰⁾

Die aanbevelings van die kommissie het o.m. die volgende ingesluit:

* Landbou as kousvak aan gewone hoërskole moes nie langer aangemoedig word nie, maar leerlinge wat die landboukundige rigting wou volg moes aangemoedig word om na 'n hoër landbouskool te gaan waar die noodsaaklike fasiliteite en geleenthede reeds geskep was, sodat die praktiese landbou met die teoretiese

48) MULDER, A.H. a.w., p. 311.

49) T.O.D. Verslag. Beleid insake Skoolplase en Landbouonderwys, 1951, p. 1.

50) GREIJBE, J.H. Besoek aan Skoolplase, Die Christelike Skoolblad, Deel XXXIX, Nr. 452, November 1937, p. 7 en ander, p. 11, 13.

verbind was en onderrig kon word.

* Oorweging moes geskenk word om Plaaswerktuigkunde as afsonderlike vak by die landbouhoërskole in te voer, aangesien dit as onderdeel van die vak Landbou nie tot sy reg kon kom nie.

* Spesiale maatreëls moes getref word om aan landbouhoërskole onderwysers met landboukwalifikasies, d.w.s. met 'n landbougraad te bekom.

* Landbouhoërskole moes 'n afsonderlike groep in die klassifikasie van skole vorm, met spesiale personeelvoorsieningskale, salarisskale vir onderwysers en spesiale diensvoorwaardes; vanweë faktore soos noodsaaklike diens gedurende vakansies.

* Die wenslikheid van 'n kursus vir meisies moes ondersoek word.

* Aandag moes gegee word, teen die agtergrond van die beleid van gedifferensieerde sekondêre onderwys, of landbouhoërskole vanweë hulle klein getal leerlinge ook ander rigtings moes aanbied. ⁵¹⁾

Hierdie aanbeveling is waarskynlik gemaak omdat die eenheidskoste per leerling vir landbouonderwys so hoog was in verglyking met gewone algemene sekondêre onderwys. Vir 1951 het die eenheidskoste vir landbouonderwys R184,43 beloop, terwyl dit vir algemene sekondêre onderwys R99,63 was. ⁵²⁾ Landbouonderwys as sodanig, sou altyd duurder wees as algemene onderwys. Die klein getalle aan sodanige skole het meegewerk om die eenheidskoste so hoog te maak. Deur die leerlingtal aan so 'n skool uit te brei, sou die eenheidskoste waarskynlik afgedwing word. Dit is egter opvallend dat die kommissie die uitbreiding van die leerlingtal in die vooruitsig gestel het deur ander

51) T.O.D. Verslag. Beleid insake Skoolplase en Landbouonderwys, 1951, p. 14.

52) T.O.D. Jaarverslag 1951, p. 54.

studierigtings by te voeg, en nie die getal leerlinge van die landboustudierigting aansienlik te vermeerder nie. Hiervan kan afgelei word dat die getalle in dié rigting beperk moes bly vanweë die aard van die onderwys, en veral ook die feit dat die praktiese landbouaktiwiteite opvoedkundig verantwoord kon word indien genoegsame individuele aandag en onderrig aan leerlinge gegee kon word gedurende die opleidingsperiode. Die beperking van leerlinge in die landboustudierigting aan hierdie skole sou nog deur latere kommissies o.m. die Van der Walt-kommissie, 1968, spesifiek genoem word.

* 'n Verdere aanbeveling was dat aan die Hoër Landbouskool, Brits, nie meer as dié een, nl. landbourigting verpligtend moes wees nie en dat die sillabus vir Landbou aansluiting moes vind by die kursus van die Potchefstroomse Landboukollege en leerlinge ook aangemoedig moes word om die tweejarige kursus na Matrikulasie daar te volg. Daar moes verder oorweeg word of 'n huis-houdkundekursus vir dogters, met inbegrip van landboustudie, t.w. pluimvee, suiwel, blom- en groentetuine, ens. by dié skool wenslik sou wees. In hulle motivering vir die aanbevelings het die komitee gemeld dat dié skool 'n suiwere beroepsskool was omdat 80% van die leerlinge gaan boer het nadat hulle die skool verlaat het en die skool geen ander kursus as die landboukundige verlang het nie. ⁵³⁾

Daar is egter nie onmiddellik wysigings in die beleid insake landbouonderwys aangebring a.g.v. hierdie aanbevelings nie.

5.9 'N TWEDE LANDBOUHOÛERSKOOI VIR TRANSVAAL

Die georganiseerde landbou het 'n bedreiging vir landbouonderwys gesien in die afskaffing van sommige skoolplase en die inkorting van die landboubedrywighede by ander; dit terwyl daar 'n kwynende belangstelling was en gevolglike vervreemding van die plaaskind van die boerderybedryf, en het sy komkom daaroor

53) T.O.D. Verslag. Beleid insake Skoolplase en Landbou-onderwys, 1951, p. 11.

uitgespreek. 54)

Daar is egter oorweging gegee aan die uitbreiding van landbou-
onderwys en 'n Departementele Komitee, onder voorsitterskap van
mnr. C.H. Steyn, Inspekteur van Onderwys, het in 1948 en 1949
aan die Departement verslag gedoen oor die wenslikheid van die
vestiging van 'n landbouhoërskool in Oos-Transvaal. 55)

Hierdie komitee het egter ook sekere breër aspekte van
landbouonderwys aangeraak en soos volg rapporteer:

- * daar was behoefte aan meer landbouhoërskole
- * die praktiese werk in verband met landbou was 'n noodsaak-
like
- * vakkeuses aan landbouhoërskole moes van so 'n aard wees
dat leerlinge ook die Matrikulasievrystellingssertifikaat kon
behaal
- * voorsiening moes gemaak word vir sosiale- en kulturele
ontwikkeling van leerlinge aan landbouhoërskole.

Dis opvallend dat die laaste drie aanbevelings juis gedui het
op die patroon wat aan die Landbouhoërskool, Brits, ontwikkel
en vorm aangeneem het. 57)

Die aanbeveling insake 'n landbouhoërskool vir Oos-Transvaal
in 1949 deur die Steyn-komitee, was dat Ermelo die geskikste
plek sou wees vir 'n landbouhoërskool, beide uit klimatologiese
en strategiese oogpunte beskou. 58) Die Departement het
egter in 1952 'n tweede komitee oor dieselfde aangeleentheid
benoem. Op grond van hierdie komitee se verslag, onder voor-

54) T.O.D. Verslag van Departementele komitee insake
Landbouonderwys, 1953, p. 5.

55) Ibid., p. 3.

56) T.O.D. Verslag van Departementele Komitee insake
Landbouonderwys, 1953, p. 3.

57) MULDER, A.H. a.w., p. 311 e.v.

58) T.O.D. Verslag van Komitee **insake** Landbouonderwys,
1953, p. 51.

sitterskap van dr. I.M. Meyer, indertyd waarnemende Sekretaris van die Transvaalse Onderwysdepartement, is die Amsterdamse Skoolplaas egter verhef tot 'n landbouhoërskool. 59)

Hierdie komitee het weereens die belangrikheid beklemtoon van landbouhoërskole en landbouonderwys in die algemeen. 60)

5.10 ENKELE ALGEMENE OPMERKINGS

1938 tot 1952 kan beskou word as 'n belangrike periode in die ontwikkeling van landbouonderwys, omdat dit in hierdie tydperk ontwikkel het om deel te vorm van die algemeen-vormende kulturele onderwys binne die patroon van die gedifferensieerde sekondêre onderwysbeleid in Transvaal.

Die enkele spesifieke inrigting vir landbouonderwys in Transvaal het sedert die oorname in 1938 gedien vir proefneming, en die resultaat was nie net geslaagd nie, maar 'n unieke inrigting het ontstaan omdat dit die enigste skool van sy soort in die Republiek was wat 'n landboukursus aangebied het wat tot Universiteitstoelating gelei het. Daarby was die praktiese landbouaktiwiteite sodanig georganiseer dat dit waardevol was vir die opvoeding van die kind. Die kursus het nie slegs aan voornemende studente 'n agtergrond van teoretiese en praktiese landbou verskaf nie, maar het ook 'n doeltreffende agtergrond gevorm vir die leerling wat wou gaan boer of wat in enige ander beroep met die probleme van die platteland en boerdery te doen sou kry. Die noodsaaklike algemene en kulturele opvoeding het nie agterweë gebly nie. Die afleiding is gemaak dat onderwys van dié aard ongetwyfeld baie daartoe kon bydra om landbou in hierdie land op 'n gesonde grondslag te plaas. 61)

59) T.O.D. Verslag van Komitee insake Landbouonderwys, 1953, p. 4.

60) Loc. cit.

61) Redakteur, Iets Besonders op die Terrein van Landbou-
onderwys, Die Landbouweekblad, 19 Oktober 1949.

Die grondslag waarop die Transvaalse Onderwysdepartement landbouonderwys aan die Landbouhoërskool, Brits, ontwikkel het, was nie net rigtinggewend vir die ontwikkeling van ander landbouhoërskole in Transvaal vanaf 1953 nie, maar was ook die model waarvolgens die landbouonderwys in ander provinsies en selfs buite die grense van die R.S.A. georganiseer en ontwikkel is. 62)

Die velerlei aspekte i.v.m. landbouonderwys wat deur verskillende kommissies gedurende die jare 1948 tot 1952 aangeraak is, en hulle aanbevelings, is verder ondersoek toe daar in 1953 'n uitgebreide en diepgaande ondersoek na landbouonderwys in Transvaal plaasgevind het.

62) MULDER, A.H. a.w., p. 310.
Landbou Hoërskool, Brits, Skooljoernaal p. 106, 170, 246.
SHUTTLEWORTH, D. In one hand a book ... in the other a book. The Farmers Weekly, 27 Desember 1950, p. 37 - 39.

HOOFSTUK 6

DIE UITBOUING VAN LANDBOUONDERWYS BINNE DIE STELSEL VAN GEDIFFERENSIEERDE SEKONDÊRE ONDERWYS

Die Uitvoerende Komitee van Transvaal het in Augustus 1951 'n komitee benoem, onder voorsitterskap van mnr. E. Steyn, Hoof-inspekteur van Onderwys, om ondersoek in te stel na, en verslag in te dien oor die nuwe stelsel vir gedifferensieerde sekondêre onderwys wat vanaf 1951 in Transvaal toegepas was. Die komitee het sy verslag in 1953 ingedien en het landbouonderwys beskou as gewone sekondêre onderwys, waarin die kurrikulum rekening gehou het met die godsdienstige, sedelike, sosiale, estetiese, liggaamlike en beroepsbehoefte van die leerlinge. ¹⁾ Landbouvakke is dus ingesluit by die lys van keusevakke wat tot standerd tien geneem kon word. ²⁾

Die komitee het verder t.o.v. landbouonderwys aanbeveel dat:

- * Landbou slegs onderrig behoort te word by skole wat oor die geriewe beskik het om die vak teoreties sowel as prakties te onderrig. Die teoretiese en ooreenkomstige praktiese werk moes in een vak geïntegreer wees sodat daar dan meer as een landbouvak moes wees bv. Landbou A, (grond en plante), Landbou B (diere en hulle produkte) ens.
- * Landbou-hoërskole ook vir meisies voorsiening behoort te maak en by hierdie skole behoort seuns sowel as meisies minstens een landbouvak te kies. Die kursus vir meisies kon die pluimveeboerdery, blommeteelt en verbouing van groente ens. ingesluit het.
- * Die kurrikulum en vakkeuses by landbou-hoërskole moes voorsiening maak dat leerlinge ook Matrikulasievrystelling kon verkry. ³⁾

Die komitee het die aandag gevestig op 'n praktyk wat volgens hulle, "opvoedkundig ongesond" was, naamlik dat kursusse as

1) T.O.D. 'n Verslag deur die Komitee insake Gedifferensieerde Middelbare Onderwys vir Blankes, 1953, p. 19.
 2) Ibid., p. 37-39.
 3) Ibid., p. 65, 66.

handel-, tegnies-, landbou-, maar veral ook akademies of prakties bestempel is. Die komitee het aangevoer dat dit in 'n mindere of meerdere mate reeds geblyk het dat aanvaar is dat die intelligente kind die akademiese kursus moes volg en dat die minder intelligente kind 'n sg. praktiese kursus moes volg. Daarenteen was die komitee oortuig dat begaafde en intelligente leerlinge ook 'n aanleg vir die praktiese vakke kon besit en ook besondere sukses in die sg. praktiese rigtings kon behaal het.⁴⁾ Dit was juis hierdie verkeerde opvattinge wat meegewerk het dat daar 'n stigma aan sekere vakke, studierigtings en inrigtings gekleef het.

Verder het verskillende komitees vanaf 1948 tot 1952 onregstreeks verwys na sekere aspekte i.v.m. landbouonderwys wat aandag moes ontvang. Daarby het die georganiseerde landbou ook by monde van die Transvaalse Landbou-unie, kommer uitgespreek oor die toestand van landbouonderwys asook die feit dat sommige skoolplase afgeskaf en landboubedrywe by ander beperk was.⁵⁾

6.1. AANSTELLING EN OPDRAG AAN DIE KOMITEE INSAKE LANDBOUONDERWYS, 1953 (VOORSITTER A.A. VAN WYK)

Die voormelde situasie het waarskynlik aanleiding gegee tot die benoeming, deur die Uitvoerende Komitee (U.K. besluit no. 6748 van 25 November 1952), van 'n komitee, verteenwoordigend van verskillende instansies wat by landbouonderwys belang gehad het, en soos volg saamgestel is:

mnr. A.A. van Wyk (Inspekteur van Onderwys) - voorsitter;
 dr. J.G. van der Wath - L.P.R., Ermelo;
 mnr. J.J. du Preez - hoof, Landbou Hoërskool, Brits;
 mnr. H.H. Cornell - Assistent Direkteur van Landbou;
 mnr. J. von B. Naude - voormalige hoof; Amsterdamse Skoolplaas;
 eerwaarde M.S.F. Grobler - Die Transvaalse Landbou-unie;
 mevrou B. van Heerden - Die Transvaalse Vroue Landbou-unie.⁶⁾

4) Ibid., p. 29.

5) T.O.D. Verslag van Komitee insake Landbouonderwys, 1953, p. 5.

6) Ibid., p. 1.

Die opdrag aan die komitee was om ondersoek in te stel na die hele kwessie van landbouonderwys in Transvaalse skole en daarvoor verslag uit te bring. Hulle moes spesifiek ook die volgende aspekte ondersoek en aanbevelinge in verband daarmee maak:

- * dat Landbou as skoolvak op die gewone hoërskool afgeskaf word,
- * dat die landbouhoërskool vir sowel seuns as meisies ingerig en georganiseer sal word;
- * dat landbou (ook die praktiese deel) 'n verpligte vak vir alle leerlinge op die landbouhoërskool sal wees;
- * dat die leergang en kursus so opgestel word dat leerlinge wat dit verkies en wat die nodige aanleg het, toegang tot 'n graadstudie aan die Universiteit kan verkry;
- * dat aangesien landbou 'n belangrike deel van die ekonomiese struktuur van die land uitmaak, dit oorweeg word om ook enkele ander skoolplase van vroeër in die geleentheid te stel om in landbouhoërskole te ontwikkel. ⁷⁾

Hierdie komitee het dit as sy taak beskou om vas te stel hoe landbouonderwys verder kon ontwikkel.

6.2. BEVINDING VAN DIE VAN WYK-KOMITEE

- * In die opdrag aan die komitee was primêre skole ingesluit en die komitee het dan ook ondersoek ingestel na natuurstudieonderrig in die primêre skole.

Volgens die Departement moes die onderrig van natuurstudie in primêre skole in en deur die natuur geskied. Indien die natuur as onuitputlike bron en onbeperkte laboratorium gebruik sou word, kon leerlinge die waarhede van Gods grote skepping met volle teue geniet en sou die basiese liefde en waardering vir die bodem met sy plantegroei en dierelewe gewek word. Die komitee

7) Ibid., p. 1, 2.

se bevinding was egter dat daar by die meeste onderwysers 'n gebrek aan entoesiasme was en dat oninteressante metodes van aanbieding die vak eerder abstrak-teoreties en leweloos gemaak het. 8)

* Die gewone hoërskole wat landbou as vak aangebied het en die getal kinders wat die vak in standerd tien as eksamenvak geneem het, was soos volg:

<u>NAAM VAN SKOOL</u>	<u>GETAL LEERLINGE WAT</u> <u>LANDBOU IN STANDERD TIEN</u> <u>GENEEM HET (DES. 1953)</u>
Christiana Hoër	19
Hoër Volksskool Heidelberg	15
Lichtenburg Hoër	30
Standerton Hoër	5
Volkstrust Hoër	5 9)

Aan hierdie skole was daar feitlik geen of weinig fasiliteite vir die praktiese onderrig in verband met die vak. Daar was 'n gebrek aan gekwalifiseerde onderwysers en dikwels is die vak beskou as maklike vak om die minder skrande leerlinge net deur die eksamen te help. Om hierdie redes was landbou as vak nie hoog aangeskryf nie. Tog sou drie van die vyf genoemde skole met die aanbieding van die vak voortgaan en skoolrade en ander liggame het hulle ook ten gunste van die behoud van die vak aan die hoërskole uitgespreek. 10)

* Die feit dat beide Landboukunde en Praktiese Landbou geneem kon word, het die indruk geskep dat landboukunde teoreties behandel kon word sonder praktiese toeligting of beoefening, terwyl praktiese landbou weer slegs met die praktiese te doen gehad het. 11)

* In Desember 1952 was daar twee vroeëre skoolplase wat ook vir landbouonderwys voorsiening gemaak het, nl. die Amsterdamse Hoër

8) Ibid., p. 12, 13.

9) Ibid., Bylae III.

10) Ibid., p. 1, 2.

11) Ibid., p. 14.

Landbouskool en Merensky Hoërskool met 14 en 9 leerlinge respektiewelik wat in standaard tien landbou as eksamenvak geneem het, terwyl by die Landbou Hoërskool, Brits daar nog 'n verdere 19 leerlinge was. ¹²⁾ Die komitee het bevind dat daar behoefte was aan uitbreiding aan landbouonderwys.

Hulle het egter bepaalde voorbehoude gehad waaraan landbouonderwys moes voldoen, soos later sal blyk. ¹³⁾

* Een aspek wat in dié verslag genoem was, was die feit dat alhoewel die behoefte aan uitbreiding t.o.v. landbouonderwys algemeen gevoel was, veral deur die boeregemeenskap, daar tegelykertyd nie wye belangstelling was nie omdat die tipe landbouonderwys in die verlede nie aan verwagtings voldoen het nie. ¹⁴⁾ Die leemte was hoofsaaklik daarin geleë dat dié tipe onderwys die klem eensydig op die vakkundige aspek laat val het in plaas van 'n benadering vanuit 'n opvoedkundige en wetenskaplike oogpunt, soos wat verwag kon word van alle sekondêre onderwys, sonder dat die vakkundige aspek verwaarloos sou word. ¹⁵⁾

In soortgelyke verband is ook melding gemaak van die algemene onderwys wat 'n gebrek aan belangstelling in die plaaskind se omgewing openbaar het, waardeur die kind vervreemd geraak het van die landelike omgewing en selfs die ouer! Die komitee het hom soos volg uitgelaat in sy verslag: "In ons skole vertel of leer ons kinders niks van die ouers se lewe of strewe nie. Niks word van die plaas met sy diere- of plantelewe vertel nie. Die plaaslewe, bestaan doodeenvoudig nie. Daar is geen arbeidsame boer of sorgsame boerevrou nie, geen plant of dierelewe nie, geen plaasprobleem wat opgelos en geen toekoms wat beplan moet word nie. Die kinders leer in boeke van ander mense en dorpe en stede." ¹⁶⁾ Die komitee het die oortuiging uitgespreek dat skole met plattelandse kinders dié verantwoordelikheid teenoor

12) Ibid., Bylae III, p. 1.

13) Ibid., p. 14.

14) Ibid., p. 22, 23.

15) Ibid., p. 17.

16) Ibid., p. 23.

die ouers gehad het dat die band tussen ouer en kind behou en versterk moes word en die skool moes ook bygedra het tot die verryking van die plaaslewe. Die komitee het die mening uitgespreek dat die behoefte aan landbouonderwys sou toeneem namate die plattelandse onderwys 'n meer positiewe en simpatieke standpunt teenoor die plaas en plaaslewe ingeneem het. ¹⁷⁾

6.3. AANBEVELINGS VAN DIE VAN WYK-KOMITEE

* Die Komitee het dit in die vooruitsig gestel dat landbouonderwys langs die volgende twee riglyne moes ontwikkel:

1. Natuurstudie op laerskool moes die inleiding en kennismaking met die landbou vorm. In hierdie verband moes leerlinge veral aangemoedig word om self tuin te maak en troeteldiere aan te hou. Besondere aandag moes gedurende die opleiding van onderwysers gegee word aan die metodiek en aanbieding van natuurstudie, sodat die doelstellings met die onderrig van die vak verwesenlik kon word, nl. om deur die vak leerlinge te lei tot bewondering, waardering en begrip van die natuur en liefde vir die eie bodem.
2. Daar moes gestrewe word om plattelandse hoërskole met 'n bepaalde landbou- of landelike inslag te ontwikkel, waar landbou 'n verpligte vak vir die seuns moes wees. Die syllabusse moes status aan die vakke verleen het en die kurrikulum moes dieselfde moontlikhede ter verkryging van sertifikate van die Eindeksamen van die Middelbare Skool sowel as Universiteitstoelatingseksamen gebied het. Hierdie komitee het gewag gemaak van die nuttigheidswaarde van kennis van die bodem, en die landbou in die algemeen, vir alle mense. ¹⁸⁾

Die belangrikste aanbevelings van die komitee was die volgende:

- * Die grootte van die skool moes beperk word vanweë die aard van die kursus en die organisasie van die praktiese werk.

17) Ibid., p. 22 - 24.

18) Ibid., p. 25 - 26.

Die getal seuns kon gewissel het tussen 160 en 200, met dien verstande dat 'n skool met minder/meer as 200 leerlinge as B/A gegradeer word.

- * Die Komitee het aanbeveel dat dogters toegelaat behoort te word by landbouhoërskole, of landelike hoërskole. Die kurrikulum moes voorsiening maak dat die dogters in die huishoudkundige rigting en handelsrigting, vakke kon kies. Huishoudkunde moes 'n verpligte deel van die kursus vir dogters gevorm het en die komitee het Huishoudkunde A (Kookkuns) Huishoudkunde B (Naaldwerk, modemakery en moederkunde) voorgestel as vakke. Daarby moes handelsvakke soos Boekhou, Handel, Tikskrif, Snelskrif ook in die lys van keusevakke ingesluit word. Die komitee het ook Landbou (spesiaal), wat blommeverbouing, vrugtebou en pluimvee ingesluit het, as keusevak van dogters voorgestel.
- * Plaaswerktuigkunde moes 'n afsonderlike, volwaardige landbouvak wees, en moes saam met Meganika in die kurrikulum van landelike skole ingesluit word.
- * Plaasbestuur en 'n Bantoetaal moes in die kurrikulum van die landelike hoërskool (die benaming wat hulle voorgestel het) ingesluit word.
- * 'n Mondelinge toets moes deel uitmaak van die eindeksamen wat afgelê moes word oor die inhoud van landboutydskrifte en 'n aantal aanbevole boeke. 'n Puntetoekenning wat soos volg saamgestel is vir die eindeksamen is aanbeveel:

Landbouteorie	...	150
Praktiese landbou	...	100
Landbou-lektuur	...	50
Totaal	...	<u>300</u>

- * Die hoof van die landelike hoërskool moes 'n opgeleide persoon in landbou wees, so nie, dan ten minste die vise-hoof.
- * Die noodsaaklikheid is genoem dat ten minste een personeellid oor 'n landbougraad moes beskik en dat die volle studietydperk erken moes word vir salarisdoeleindes. Die landbouonderwysers, insluitende die plaaswerktuigkundeonderwyser(s), moes ook A-poste beklee solank hulle aan dié skole verbonde sou wees.

Die oogmerk hier was waarskynlik om aan die personeellede 'n ekstra salariskerf te besorg as vergoeding vir die groter verantwoordelikheid wat hulle sou hê, veroorsaak deur die praktiese landbouaktiwiteite.

- * 'n Landboulaboratorium en plaaswerktuigkunde-werkswinkel met die nodige toerusting moes by sodanige skole opgerig word ten einde die aanbieding van landbou doeltreffender, en veral wetenskapliker te maak.
- * Daar was reeds twee skoolplase omskep met die oog op ontwikkeling tot landbouhoërskole en die totstandkoming van nog ander is in die vooruitsig gestel. Die noodsaaklikheid van goeie organisasie en ontwikkeling van die skole in die algemeen, maar ook die boerdery in besonder, het gelei tot die aanbeveling dat die Departement sterk moes oorweeg om 'n landbouvakundige vir voorligtingswerk, asook 'n inspekteur van onderwys, wat in landbou opgelei was, te benoem.
- * Die skolastiese inhoud, die kulturele strekking en die waarde van die praktiese werk moes tot 'n opvoedingsituasie lei wat besondere geleenthede kon bied vir die ontwikkeling van leierseienskappe en ander hoedanighede.
- * Die noodsaaklikheid van inwoning van personeel op die terrein met die oog op toesig en doeltreffendheid van die boerdery is beklemtoon. Die personeel wat met die boerdery belas was, moes egter ook tegemoet gekom word t.o.v. huur van wonings en produktepryse.
- * Voldoende personeel moes aangestel word om die uitgebreide administratiewe pligte t.o.v. skool, koshuis en boerdery te behartig.
- * Een plaasvoorman vir die akkerbouafdelings en een vir die veeafdelings is aanbeveel en hulle moes die naweekroetine- en vakansiediens verrig sodat die onderwysers dan vry kan wees.
- * Die hoof moes jaarliks 'n breedvoerige verslag i.v.m. die boerdery indien en ook jaarliks 'n ontwikkelingsprogram vir goedkeuring aan die Departement voorlê.

- * Die boerdery moes gebalanseerd en verteenwoordigend gewees het van die streek waarin dit geleë was. Dit moes 'n ekonomiese eenheid vorm wat selfonderhoudend moes wees nadat die nodige aanvangsuitrusting deur die Departement voorsien is; uitrusting wat in elk geval bepaal moes word volgens die skool se spesifieke behoeftes.
- * Adviesrade, soortgelyk aan beheerrade vir hoërskole moes in die lewe geroep word. Hulle moes saamgestel word uit ouers sowel as verteenwoordigers van Landbou-unies, vroue-organisasies ens. en wat deur die skoolrade van die distrikte moes funksioneer.
- * Die noodsaaklikheid van bekendstelling en reklame is andermaal onder die aandag van die Departement gebring en die Departement is versoek om mee te werk deur omsendbriewe met besonderhede aangaande landbouonderwys te stuur aan alle skoolhoofde, veral laerskole. Beroepsvoorligters en die inspektorat kon ook veel doen om landbouonderwys te bevorder.
- * Landbou as vak aan gewone hoërskole moes afgeskaf word waar daar geen geleentheid was, of geskep kon word, om ook die praktiese werk verbonde daaraan uit te voer nie. Aan enkele hoërskole kon leerlinge tot en met standaard agt toegelaat word om landbou te neem indien die praktiese werk by die skool onderneem kon word, of d.m.v. 'n bevredigende stelsel van tuisprojekte georganiseer en gekontroleer kon word. Indien die praktiese werk verder ontwikkel kon word, kon die skole die vak tot standaard tien aanbied, maar dit het eintlik beteken dat hierdie skole tot landelike hoërskole moes ontwikkel.
- * Naas die bestaande landbouhoërskole te Brits en Amsterdam moes die Kuschke-, Merensky-, Morgenson- en Sannieshofskole aangemoedig word om tot landelike hoërskole te ontwikkel. Die meeste van hierdie skole het reeds beskik oor ruim skoolgeboue, koshuise en grond vir boerderydoeleindes, asook die noodsaaklikste buitegeboue en boerderyuitrusting.
- * Die komitee het ook die moontlikheid genoem dat die skole by Groblersdal, Witrivier en Delmas kon ontwikkel in landelike hoërskole. Wat laasgenoemde skool betref, was daar

reeds entoesiasme en vermoë is deur die plaaslike boere-gemeenskap en die Witwatersrand-Oos Skoolraad aan die komitee gerig vir die omskepping van die Delmas-Groep II-skool in 'n landelike hoërskool. Grond met water is deur die Dorpsraad aangebied vir die ontwikkeling van landbouonderwys. Daar sou egter voldoende fasiliteite en geleenthede vir die praktiese onderrig van landbou geskep moes word.

- * Die komitee het besef dat die grootste probleem m.b.t. die ontwikkeling van landbouonderwys, die beskikbaarheid van gekwalifiseerde landbouonderwysers sou wees. Die aanbevelings wat hulle gemaak het, word later i.v.m. onderwysersopleiding bespreek.
- * Die komitee het aanbeveel dat by die Gemeenskaplike Matrikulasierraad aangedring moes word op erkenning van landboukunde as wetenskap met die oog op vrystelling vir Universiteitstoelating. ¹⁹⁾

Uit die aanbevelings van die komitee blyk dit duidelik dat hulle bereid was om 'n hoë premie te plaas op die waarde van landbouonderwys, nie slegs vanweë die beroepswaarde daarvan nie, maar omdat hulle oortuig was dat algemene kennis van die landbou noodsaaklik was vir alle burgers van die land, veral op die platteland. Verwag kon word dat die komitee nie veel steun sou kry vir die gedagte dat alle plattelandse sekondêre skole 'n landelike of bepaalde landbouinslag moes hê nie. Teen die agtergrond van die situasie dat die onderwys vir baie jare toegelaat is om stadsgeoriënteerd en plattelandsvreemd gestalte te kry, kom die gedagte selfs vreemd voor. Tog sal die komitee selfs vandag nog steun kry vir die gedagte by elkeen wat kennis dra van die opvoedingsituasie wat daardêr geskep word. Vanselfsprekend sou dit die onderwysuitgawe aansienlik verhoog en dit geld miskien vandag nog as een van die grootste besware.

19) Ibid., p. 27, 59.

Die komitee het hoë eise gestel aan landbouonderwys ten einde te verseker dat dit 'n gelykwaardige posisie kon inneem langs "akademiese" onderwys. Daarom is 'n kurrikulum aanbeveel wat tot Universiteitstoelating kon lei en terselfdertyd ook 'n wye opvoedingsgrondslag sou hê. Wat die landbouvakke betref, moes die sillabus voldoen aan algemeengeldende eise en standaarde vir alle vakke wat tot standerd tien geneem word, en is voldoende gekwalifiseerde personeellede en 'n laboratorium as 'n vereiste gestel om wetslae te behaal.

Uit die aanbevelings blyk dit verder duidelik dat die komitee oortuig was dat landbouonderwys alleen aan die eise sou beantwoord, en aan verwagtings sou kon voldoen, indien dit op 'n teoretiese- en praktiese grondslag onderrig sou word. Die boerdery as sodanig moes dan ook ingepas het in die opvoedkundige patroon, en daarom moes dit 'n behoorlik beplande, gebalanseerde en ekonomies selfonderhoudende boerdery wees, wat steeds moes ontwikkel om tred te hou met nuwe wetenskaplike boerderymetodes wat as sodanig by die ouers en publiek vertrouwe sou kon inboesem. Belangriker egter was die feit dat die deelname van die leerlinge nie alleen moes lei tot die bybring van kennis en ontwikkeling van vaardighede nie, maar ook 'n kulturele agtergrond moes vorm en die geleentheid moes skep vir die ontwikkeling van karakter en persoonlikheid, en dus opvoedkundig verantwoord kon word.

Die aanbeveling dat lede van die Adviesrade uit die ouergemeenskap, Landbou-unies, vroue-organisasies ens. moes bestaan, was daarop gemik om steun van die georganiseerde gemeenskap te kry. Die funksionering deur die skoolraad sou lei tot beter onderlinge begrip en verstandhouding.

6.4. 'N NUWE BELEID VIR LANDBOUONDERWYS, 1955

Hierdie komitee se verslag het die ernstige aandag van die Departement geniet. Deur die loop van 1954 is sommige aanbevelings reeds aanvaar, ander is nog oorweeg en t.o.v. sommige aanbevelings is eers gewag op die besluite van ander liggame wat aan die aanbevelings goedkeuring moes verleen. ²⁰⁾

20) T.O.D. Jaarverslag, 1954, p. 17.

Die 1955-verslag van die oorsese sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys, onder voorsitterskap van dr. A.H. du P. van Wyk, het ook die nouste integrasie tussen algemeen-vormende en beroepsonderwys gehandhaaf. Die komitee se mening was dan ook dat gespesialiseerde beroepsopleiding eers na verpligte sekondêre onderwys moes geskied. Hulle het 'n patroon voorgestel waarvolgens landbouonderwys georganiseer moes word as algemeen-vormende kulturele onderwys, wat sigself as een rigting van die gedifferensieerde sekondêre onderwysstelsel onderskei het in die benadering, aanpassing en beklemtoning daarvan. ²¹⁾

In 1956 is 'n nuwe beleid vir landbouonderwys geformuleer op die grondslag van die Van Wyk-komitee se aanbevelings. Die belangrikste aspekte van die nuwe beleid was:

- * Die twee verklaarde landbouhoërskole, t.w. Brits en Amsterdam sou bly voortbestaan.
- * Landbou as vak slegs toegelaat sou word by skole wat 'n sterk landbouafdeling gehad het, of kon ontwikkel, en waar die vak ten volle prakties onderrig kon word
- * Kuschke-, Merensky-, Morgenzon- en Sannieshof hoërskole is in die geleentheid gestel om tot landbouhoërskole te ontwikkel. Dit dien vermeld te word dat 'n nuwe benaming, landelike hoërskole, soos deur die komitee aanbeveel, nie aanvaar is nie.
- * Die vak Landbou is ook in twee afdelings verdeel, nl. Landbou I (oor die grond en die plant), en Landbou II (die dier en sy produk) wat dus beide die teorie en praktiese aspekte ingesluit het. ²²⁾
- * 'n Baie belangrike ontwikkeling was ook die aanstelling van 'n voltydse Organiseerder vir Landbouonderwys, in 'n tydelike hoedanigheid vanaf 1 Januarie 1956, en in permanente hoedanigheid vanaf 1 Januarie 1957. ²³⁾ Behalwe vir die beheer en

21) T.O.D. Verslag van oorsese sending i.v.m. gedifferensieerde middelbare onderwys, 1955, p. 69.

22) T.O.D. Departementele Omsendbrief nr. 3 van 1955, p. 110.
T.O.D. Jaarverslag, 1955, p. 20.

23) T.O.D. Jaarverslae, 1955, p. 11; 1956, p. 11.

kontrole wat die persoon uitgeoefen het, was sy taak ook om voorligting i.v.m. die praktiese landbouaktiwiteite te gee. Verder was hy ook die moderator van die praktiese eksamen wat 'n deel van die punte uitmaak het van die eindeksamen in die landbouvakke. 24)

* Die grootste probleem wat die Departement steeds in die gesig gestaar het, in sy poging om landbouonderwys tot sy reg te laat kom en met welslae te implementeer, was die gebrek aan gekwalifiseerde landbouonderwysers. Om die probleem die hoof te probeer bied, het die Departement 8 beurse per jaar van R300 elk ingestel vir voornemende landbouonderwysers. 25)

* Daar was 'n toename in belangstelling in landbouonderwys en in 1956 is goedkeuring verleen dat die Groep II-skool te Morgenzon tot derde landbouhoërskool in Transvaal verklaar word. 26)

Daar was ook 'n onderlinge skakeling tussen die Onderwysdepartement, Transvaalse Landbou-unie en Departement van Landbou i.v.m. aspekte van landbouonderwys. Die gesindheid en bereidwilligheid tot samewerking is geopenbaar in die steun wat die Onderwysdepartement aan die Landsdiensbeweging toegesê het. O.m. is landbouklubwerk as buitemuurse aktiwiteit in die skole erken, skool- en koshuis-terreine vir die uitvoer van projekte beskikbaar gestel en onderwysers en leerlinge toegelaat om Landsdienskampe by te woon. Bovendien was die nouste samewerking tussen die Organiseerder van Landbouonderwys en die Landsdiensbeweging in die vooruitsig gestel. 27)

Die vordering op die gebied van landbouonderwys het geblyk uit die feit dat daar aan die einde van 1957 vyf landbouhoërskole was, met 'n totale inskrywing van 1 167 leerlinge soos volg verdeel:

24) T.O.D. Omsendbrief nr. 48 van 1958, p. 1 e.v.

25) T.O.D. Jaarverslae, 1955, p. 11; 1956, p. 11.

26) Die Transvaler, 5 April 1956, p. 6.

T.O.D. Jaarverslag, 1956, p. 11.

27) T.O.D. Jaarverslae, 1955, p. 24; 1956, p. 11.

	<u>INSKRYWINGS</u>
Brits Landbou Hoërskool	157
Amsterdamse Landbou Hoërskool	319
Hoëveldse Landbou Hoërskool (Morgenzon)	293
Kuschke Landbou Hoërskool	229
Totaal:	<u>1 167</u> 28)

Die Departement het twee surnumerêre poste aan landbouhoërskole toegeken met die doel om verligting te bring t.o.v. die totale onderrigtyd vir die onderwysers wat vir die praktiese landbou-aktiwiteite verantwoordelik sou wees.

Die Departement het bygedra om landbouonderwys in 'n baie gunstiger lig te stel by die georganiseerde landbou en die algemene publiek, deur aan die skole in 'n groot mate die nodige aanvangsuitrusting, insluitende plaasgereedskap en geboue te voorsien. So is die boerdery op 'n hegte grondslag geplaas. Twee plaasvoormanposte is ook by elke skool geskep.

Dit was egter grootliks daaraan toe te skryf dat die kursusse so beplan is dat leerlinge ook Universiteitstoelating kon verkry, dat daar 'n groeiende belangstelling in dié soort onderwys by die algemene publiek ontstaan het. 29)

Die uitslae in die Eindeksamen van die Middelbare Skool oor verskillende jare het getoon dat die landbouvakke met groot sukses onderrig is, soos duidelik blyk uit die eksamenuitslae van 1957.

<u>VAK</u>	<u>GETAL KANDIDATE WAT IN DIE VAK EKSAMEN AFGELE HET</u>	<u>GETAL KANDIDATE WAT IN DIE VAK GESLAAG HET</u>
Akkerbou	73	73
Veeteelt	66	65
Plaaswerktuigkunde	29	29 30)

28) T.O.D. Jaarverslag, 1957, p. 20.

29) Loc.cit.

30) Ibid., p. 70.

Volgens die verslag van die Vakadviseur vir Landbou (soos die vroeëre organiseerder later genoem is) het die toenemende belangstelling in landbouonderwys voortgeduur en het die inskrywings steeds gegroei.

Bekker Hoërskool (die eertydse Simon Bekker Skoolplaas) het ook in 1958 'n landbouhoërskool geword. ³¹⁾

Nadat die Departement plaasgeboue by die skole opgerig het, was die ideaal dat die skole verantwoordelikheid moes aanvaar en sou toesien dat die boerderybedrywighede ekonomies gesond sou wees, self vir die uitbreiding en instandhouding van plaasgeboue sou betaal en die praktiese onderrig so aanbied. Die leerlinge moes, soos dit van 'n bekwame werkgewer verwag word, self die praktiese kennis en vaardighede bemeester wat hulle later van hulle werknemers sou verwag. ³²⁾

Vanaf die begin van 1958 is gewysigde regulasies vir die afneem van die praktiese eksamens in Akkerbou, Veekunde en Plaaswerktuigkunde vir die Transvaalse Eindexamen van die Middelbare Skool goedgekeur.

Volgens die nuwe regulasies het die verantwoordelike onderwyser gereeld punte toegeken aan elke leerling in die vakke Akkerbou en Veekunde vir praktiese werk wat gedurende die standerd tien jaar verrig is. 'n Praktiese eksamen is gedurende die eerste helfte van die vierde kwartaal deur die onderwyser in teenwoordigheid van die moderator afgeneem, sodat lg. die puntetoekenning van die onderwyser kon modereer. Hierdie eksamen het bestaan uit 'n taak, gekies uit 'n reeks take wat deur die sillabus bepaal is, en wat dan in teenwoordigheid van die onderwyser en moderator uitgevoer is.

Die puntetoekennis vir die eindeksamen was soos volg:

31) T.O.D. Jaarverslag, 1958, p. 21.

32) T.O.D. Jaarverslag, 1960, p. 24.

Jaarsyfer	...	150
Praktiese eksamen	...	100
Skriftelike eksamen	...	200
Totaal	...	450

Die jaarsyfer was die som van 'n punt uit 100 vir die teoretiese- en 'n punt uit 50 vir die praktiese werk.

T.o.v. die vak Plaaswerktuigkunde moes elke kandidaat 'n werkstuk in elk van die afdelings Houtwerk, Loodgieterswerk, Sweis- en Smidswerk en Bou- en Messelwerk uitvoer. Die werkstukke moes bewaar word en punte vir elke werkstuk toegeken word. Gedurende die eerste helfte van die vierde kwartaal het die moderator die werkstukke besigtig en die punte gemodereer. Puntetoekenning vir die eindeksamen in hierdie vak was soos volg:

Jaarsyfer	...	150
Praktiese werk	...	150
Skriftelike Eksamen	...	150
Totaal	...	450

33)

Die sillabusse van die landbouvakke is in 1958 hersien met die oog op beter aansluiting by kursusse wat die landboukolleges aangebied het. Nuwe sillabusse vir die vakke Boerderybestuur en Algemene Landboukunde is ook saamgestel.

Daar was nog steeds 'n tekort aan landbouonderwysers. Die volgende tabel toon egter die getal studente in 1958 wat d.m.v. die beurse wat die Departement aangebied het, besig was om hulle as landbou- onderwysers te bekwaam:

Beurse toegestaan aan eerstejaarstudente	...	2
Beurse toegestaan aan tweedejaarstudente	...	8
Beurse toegestaan aan derdejaarstudente	...	4
Beurse toegestaan aan vierdejaarstudente	...	1

34)

33) T.O.D. Omsendbrief nr. 48 van 1958, p. 1. e.v.
 34) T.O.D. Jaarverslag, 1958, p. 21.

Vanaf 'n enkele hoërlandbouskool in 1951 het dié skole aangegroei tot vyf in 1958. Die vyftigerjare is egter nie net gekenmerk deur 'n vermeerdering in die getal skole en leerlinge wat landbou geneem het nie, maar ook as die tydperk waarin die leemtes en probleme aandag ontvang het, en gelei het tot ingrypende veranderinge t.o.v. die beleid, rakende die hele terrein van landbouonderwys.

HOOFSTUK 7KONSOLIDASIE VAN LANDBOUONDERWYS IN DIE SESTIGERJARE

In 1961 is die benaming "landbouhoërskool" verander na "hoër landbouskool". Merensky het ook in 1961 'n hoër landbouskool geword, sodat daar toe sewe was, met 'n totale inskrywing van 2 812 leerlinge. ¹⁾ Met die uitsondering van Brits Hoër Landbouskool, het die skole ook dogters toegelaat wat hoofsaaklik 'n huishoudkundige rigting gevolg het, hoewel enkeles ook die landboukursus gevolg het.

Daarna het 'n vermeerdering in die getal landbouhoërskole eers in Januarie 1969 plaasgevind toe die eerste Engelsmedium hoër landbouskool, Settlers Agricultural High School, geopen is.

Die sestigerjare is in wese gekenmerk deur konsolidasie van die beleid wat vanaf 1955 stelselmatig ontvou het en in die praktyk toegepas moes word.

Die sukses van enige onderwysstelsel moet o.m. gemeet word aan die mate van welslae wat met die implementering in die praktyk behaal word. Dit was dan ook natuurlik dat die aandag in die sestigerjare op die praktiese uitvoering en implikasies van die beleid toegespits sou wees.

7.1 HOË EENHEIDSKOSTE PER LEERLING AAN HOËR LANDBOUSKOLE

Dit het geblyk dat die eenheidskoste per leerling aan hoër landbouskole nog altyd aansienlik hoër was as by gewone sekondêre hoërskole, soos die volgende tabel dan ook aantoon.

1) T.O.D. Jaarverslag 1961, p. 24.

T A B E L

Verskil tussen totale eenheidskoste by hoërskole en hoër landbouskole.

<u>Jaar</u>	<u>Hoërskole</u>	<u>Hoër Landbouskole</u>	<u>Verskil</u>
1955	R125,70	R181,50	R55,80
1956	R131,44	R216,76	R85,32
1957	R131,76	R197,84	R66,08
1958	R135,28	R216,42	R81,14
1959	R141,74	R194,06	R52,32
Gemiddelde	R133,18	R201,32	R68,14 2)

Uit die tabel blyk dit dat die gemiddelde eenheidskoste tussen die jare 1955 - 1959 by hoër landbouskole meer as 50% hoër was as die gemiddelde eenheidskoste by hoërskole vir die ooreenstemmende tydperk.

'n Komitee onder voorsitterskap van mnr. F.P. Viljoen, Inspekteur van Onderwys, is in 1960 aangestel om ondersoek in te stel in verband met die hoër eenheidskoste ten opsigte van hoër landbouskole. Die komitee se bevinding was dat die verskil in eenheidskoste veroorsaak is deur

- (a) die toegewings wat aan hoër landbouskole gedoen is ten opsigte van personeelvoorsiening by wyse van surnumerêre poste, plaasvoormanne, verpleegsters en dies meer;
- (b) die laer gemiddelde inskrywing per eenheid by hoër landbouskole;
- (c) salaristoegewings aan hoër landbouskole ten opsigte van gradering van hoofde, vise-hoofde en personeel met landbouopleiding. 3)

7.2 GEWYSIGDE KURRIKULUM VIR HOËR LANDBOUSKOLE

Aan die begin van 1960 het 'n gewysigde kurrikulum vir gediffere-

- 2) T.O.D. Jaarverslac, 1955, p. 331; 1956, p. 169; 1957, p. 195; 1958, p. 227; 1959, p. 232.
- 3) T.O.D. Verslag van Komitee i.v.m. die Hoër Eenheidskoste t.o.v. Hoër landbouskole, 1960, p. 11.

sensieerde sekondêre onderwys in werking getree en in 1961 is die kurrikulum vir hoër landbouskole aangepas en is ook meer keusevakke ingesluit. In standerds nege en tien was die volgende vakke verpligtend:

Godsdiensonderrig
Huistaal
Tweede Taal
Akkerbou of Veeteelt
Huishoudkunde
Liggaamlike Opvoeding
Voorligting

Minstens drie van die volgende moes as keusevakke saam met die verpligte vakke geneem word:

Derde Taal	Aardrykskunde
Akkerbou	Kookkuns (net vir meisies)
Veeteelt	Modemakery (net vir meisies)
Plaaswerktuigkunde	Tikskrif en kantoorroetine
Natuur- en Skeikunde	(net vir meisies)
Biologie	Snelskrif en/of Shorthand
Wiskunde	(net vir meisies)
Rekeningkunde	Handel
Geskiedenis	

Meisies kon beide Modemakery en Kookkuns as afsonderlike vakke in die plek van Huishoudkunde neem, en kon dan slegs twee verdere vakke uit die lys van keusevakke geneem het. ⁴⁾

Die feit dat leerlinge slegs verplig was om een landbou- of huishoudkunde vak te neem, en die vermeerdering van keusevakke, was waarskynlik as gevolg van die feit dat sommige van die skole soos bv. Sannieshof, ook die enigste omgewingskool vir sekondêre onderwys was en voorsiening gemaak het vir leerlinge wat nie in die landbou- of huishoudkunde rigting belanggestel het nie.

4) T.O.D. Omsendbrief nr. 15 van 1961, p. 1. e.v.

7.3 PRAKTIESE EKSAMENS IN AKKERBOU EN VEETEELT

Dit was om organisatoriese redes baie laat en ongeleë om gedurende die vierde kwartaal die praktiese eksamen in Akkerbou en Veeteelt af te handel. Daarby het dit beperkte waarde gehad omdat dit noodwendig in die bestek van een of twee dae afgehandel moes word. Alleen sekere aspekte van die sillabus het hulle geleen vir die doel van die eksamen, aangesien die praktiese werk in verband met prosesse ens. minstens die grootste gedeelte van 'n dag, en meer dikwels dae of selfs weke geneem het. Die eksamen as sodanig was dus eintlik kunsmatig en vreemd aan die normale verloop van praktiese aktiwiteite.

In 1961 het dié praktiese eksamen in Akkerbou en Veeteelt dan ook verval en plek gemaak vir 'n stelsel waarby vir elke vak punte toegeken moes word vir die gewone praktiese werk gedurende die jaar. Verder is in elke vak 'n twaalfstal praktiese take, wat die sillabus vir standerds nege en tien gedek het, aan die begin van standerd nege opgestel. Die take moes gedurende die standerd nege- en tien jare sistematies uitgevoer word en punte toegeken word soos wat die leerlinge die take afgehandel het. Die eksamen is dus op 'n natuurlike wyse ingeskakel by die praktiese werk en genoegsame tyd was ook beskikbaar om praktiese take te evalueer wat oor 'n redelike lang tyd afgehandel moes word.

Die puntetoekenning vir hierdie take kon dan gedurende die jaar gemodereer word en **finalel** afgehandel word op 'n stadium voor die eindeksamen.

Die puntetoekenning vir hierdie twee vakke m.b.t. die eindeksamen was soos volg:

Praktiese werk	150 punte	
Jaarpunte (net teoreties)	150 punte	
Skriftelike eksamen	<u>150 punte</u>	
TOTAAL	450 punte	5)

5) T.O.D. Omsendbrief nr. 55 van 1961, p. 1 - 3.
T.O.D. Jaarverslag, 1961, p. 10.

Die punte wat vir die take toegeken is, het waarskynlik min of meer twee derdes getel en die punte vir die gewone praktiese werk een derde van die 150 punte vir praktiese werk, alhoewel skole aan geen voorgeskrewe puntetoekenning gebind was nie.

7.4. PROBLEME I.V.M. DIE PRAKTIESE LANDBOUAKTIWITEITE LEI TOT X- EN Y-TIPE HOËR LANDBOUSKOLE

Die gebrek aan gekwalifiseerde landbouonderwysers het nie alleen 'n probleem geskep t.o.v. die suksesvolle onderrig van die landbouvakke in die klaskamer nie, maar ook t.o.v. die sukses van die praktiese boerdery en veral die opvoedkundige waarde van die deelname van die leerlinge aan die praktiese landbouaktiwiteite. Die vakadviseur in landbouonderwys het dus die baie noodsaaklike en belangrike funksie van voorligter vervul sodat die landboubedrywighede uit die opvoedings- en onderrigoogpunte as opvoedkundige leermiddels georganiseer kon word. Sy taak het verder ook behels die koördinasie van landbouteorie en -praktyk, ekonomiese gebruik van plaasgereedskap, ekonomiese benutting en bewaring van grond, waterbronne en voeding, versorging en verbetering van alle lewende hawe, m.a.w. doeltreffendheid en ekonomiese beplanning en aanwending van doelmatige landboutegniese en boerderymetodes met die oog op 'n winsgewende boerdery. ⁶⁾

In 1965 het die vakadviseur vir landbouonderwys in sy verslag die aandag gevestig op die feit dat die organisasie en werksaamhede van skool tot skool verskil het, en melding gemaak van voorligting en inligting wat aan hoofde en onderwysers gegee is om hulle 'n beter begrip te gee van die verskillende probleme i.v.m. landbouonderwys en die uitvoering van teoretiese kennis in die praktyk. ⁷⁾ Die verskil in organisasie en werksaamhede waarna verwys is, was nie 'n normale verskynsel wat beperk was tot verskille in interne organisasie wat altyd by skole van dieselfde

6) T.O.D. Jaarverslag, 1964, p. 29.

T.O.D. Jaarverslag, 1965, p. 45.

7) Loc. cit.

soort verwag kan word nie, maar het gedui op 'n verskynsel wat indertyd ook in die skoolplaasstelsel teenwoordig was, waardeur die wesenlike aard en karakter van landbouonderwys geraak is. Die kern van die probleem was geleë in die verskil in organisasie en werksaamhede van die landboufaset aan die skole en meer bepaald die wyse waarop die praktiese landbouaktiwiteite georganiseer is met die oog op deelname van, en waarde vir die leerlinge, en die wyse waarop hulle daadwerklik daaraan deelgeneem het. Hierdie afdeling van die landbou het nie tot sy reg gekom nie.⁸⁾ Die kern van die probleem was waarskynlik juis geleë in die feit dat sommige hoër landbouskole ook omgewingskole was en dus leerlinge gehad het wat nie ter wille van die landboustudie die skool besoek het nie. Sommige leerlinge was dagskoliere en was om die rede smiddae nie beskikbaar om aan die praktiese landbouaktiwiteite deel te neem nie. Die moontlikheid was nie uitgesluit dat die praktiese landbouaktiwiteite deur plaasvoormanne en Bantoe-arbeiders uitgevoer kon word, terwyl die leerlinge nie die noodsaaklike, regmatige en bedoelde aandeel daarin gehad het nie. Die vakadviseur kon die saak nie regstel nie omdat hy vanweë sy funksie, nie oor dieselfde magte as 'n inspekteur van onderwys beskik het nie.

As in gedagte gehou word dat die landbouinslag juis die hoër landbouskole onderskei het van gewone sekondêre skole, en daarmee aan hom 'n eie aard en karakter verleen het, kon hierdie verskille in organisasie en werksaamhede gelei het tot verwarring by die publiek met betrekking tot die doelstellings, aard, waarde ens. van landbouonderwys en het dit inderdaad in homself ook die kiem omgedra wat tot mislukking van die stelsel van landbouonderwys kon gelei het.

In 1965 het die Departement ondersoek laat instel na die probleme i.v.m. die praktiese aspek van landbouonderrig en bevind dat

8) T.O.D. Jaarverslag, 1961, p. 24.
T.O.D. Verslag van Onderzoek na Landbouonderwys in Transvaal, 1968, p. 8.

praktiese werk, insluitende roetine werksaamhede, opvoedings- en onderrigwaarde gehad het. In 'n omsendbrief is aan hoofde van hoër landbouskole meegedeel dat dit die strewe by hierdie skole moes wees om leerlinge soveel moontlik prakties te oriënteer deur toepassing van demonstrasies, roetinenewerk, daaglikse versorging van diere ens. en algemene praktiese werk met die oog op vaardighede en oriëntering van die leerlinge in die algemene praktiese landbouaktiwiteite wat deel was van die boerderybedrywigheid aan die betrokke skool. 'n Minimum van 2 uur per week per landbouvak moes aan praktiese werk bestee word. ⁹⁾

Die Departement het egter kennis geneem dat twee tipes landbouhoërskole ontwikkel het a.g.v. hulle ligging en het besluit om tussen hulle te onderskei wat betref die wyse waarop die praktiese landbou geïmplementeer moes word en die aantal keusevakke wat aangebied moes word.

In 'n omsendbrief het die Departement sy beleid soos volg uiteengesit:

- (i) X-tipe hoër landbouskool: Dit was 'n hoër landbouskool wat in die onmiddellike omgewing van ander hoërskole geleë was en meer toegespits sou wees op die landboukundige aspek. Die volgende hoër landbouskole is beskou as X-tipe:

Hoër Landbouskool Brits

Hoër Landbouskool Kuschke en

Hoër Landbouskool Merensky.

- (ii) Y-tipe hoër landbouskool: Dit was 'n hoër landbouskool wat nie in die onmiddellike omgewing van ander hoërskole geleë was nie en ook voorsiening gemaak het vir gewone hoërskoolleerlinge uit die omgewing wat die betrokke hoër landbouskool as gevolg van sy ligging besoek het. Hulle was hoofsaaklik leerlinge wat per bus of op ander wyses die skool besoek het.

9) T.O.D. Omsendbrief nr. 36 van 1965, p. 1, 2.

Die volgende hoër landbouskole is beskou as die Y-tipe:

Amsterdamse Hoër Landbouskool

Die Hoëveldse Hoër Landbouskool

Hoër Landbouskool Bekker

Hoër Landbouskool Generaal Koos de la Rey.

Die Departement het die volgende vereistes gestel betreffende die praktiese werk:

A. Vir X-tipe Hoër Landbouskole:

(a) Demonstrasies:

- (i) alle leerlinge moes demonstrasies in die vak(ke) bywoon, wat
- (ii) gedurende namiddae moes geskied.

(b) Praktiese werk:

- (i) 'n Minimum van 2 uur per week per vak moes aan praktiese werk bestee word.
- (ii) Dagskoliers sowel as koshuisleerlinge moes praktiese werk doen.

(c) Roetینewerk: Alle leerlinge moes meedoen aan roetine-werk.

(d) Inwoning: Dit was gewens dat st. 9- en 10- leerlinge by die koshuis inwoon.

(e) Die kousevakke behoort tot 'n minimum beperk te word.

B. Vir Y-tipe Hoër Landbouskole:

(a) Demonstrasies:

- (i) Alle leerlinge moes demonstrasies in die vak(ke) bywoon: wat
- (ii) gedurende skoolure kon plaasvind, maar, waar enigsins moontlik, gedurende namiddae moes geskied.

(b) Praktiese werk:

- (i) 'n Minimum van 2 uur per week per vak moes aan praktiese werk bestee word.
 - (ii) Dagskoliere wat nie in die onmiddellike omgewing van die skool gewoon het nie, moes indien moontlik ook meedoen aan die praktiese werk by die skool.
 - (iii) Dagskoliere wat naby die skool woon, moes praktiese werk saam met koshuisleerlinge doen.
 - (iv) Die hoof moes organiseer en volgens sy oordeel beslis welke leerlinge 'n gedeelte van die praktiese werk tuis sou kon verrig.
- (c) Roetinewerk: Alle leerlinge moes meedoen aan roetinewerk, behalwe die busleerlinge en die wat te ver van die skool gewoon het.
- (d) Inwoning: St. 9- en 10- leerlinge moes verkieslik in 'n koshuis inwoon.
- (e) Keusevakke behoort nie ingekort te word nie. ¹⁰⁾

Die verskil in vereistes t.o.v. die praktiese werk het neergekom op toegewings vir die leerlinge in die Y-tipe skole waar demonstrasies gedurende skoolure kon plaasvind, en leerlinge wat nie naby die skool gewoon het nie, 'n gedeelte van die praktiese werk tuis kon verrig. Verder was busleerlinge en leerlinge wat te ver van die skole gewoon het, vrygestel van roetinewerk. Hierdie reëling mag in die omstandighede noodsaaklik gewees het, maar was beslis nie in belang van die implementering en sukses van landbouonderwys in die algemeen nie. Die praktiese werk wat nie by die skool georganiseer en verrig is nie, moes noodwendig opvoedingswaarde ingeboet het. Daar was eintlik geen kontrole nie en evaluering was moeilik, indien nie onmoontlik nie.

10) Ibid., p. 2, 3.

Die feit dat in die Y-tipe skole leerlinge was wat nie in die landbourigting belanggestel het nie, het genoodsaak dat by hierdie skole 'n baie wyer vakkeuse aangebied moes word en dat baie leerlinge slegs een landbouvak gekies het. Die noodwendige gevolg was dat die landbourigting 'n onbeduidender plek ingeneem het en dat die organisasie, aktiwiteite en belangstellings soos by 'n gewone sekondêre skool die situasie by hierdie skole beheer het. As 'n natuurlike uitvloeisel kon hierdie skole "geneig" het na gewone sekondêre skole.

7.5. BEKENDSTELLING VAN, EN INLIGTING I.V.M. LANDBOUONDERWYS AAN LEERLINGE EN OUERS

Hoofde van hoër landbouskole het steeds ondervind dat ouers van leerlinge wat in gewone sekondêre skole in standerd sewe en agt en selfs al in standerd nege was, aansoek om toelating doen tot hoër landbouskole omdat die leerlinge in 'n landbourigting belanggestel het, terwyl hulle en hulle ouers nie bewus was van die moontlikhede dat leerlinge sodanige kursus kon gevolg het nie.

Dit was wenslik dat leerlinge wat in dié rigting belanggestel het, hulle sekondêre onderwys aan hoër landbouskole in standerd ses sou begin het, en dit is moontlik dat leerlinge aan die begin van standerd sewe nog kon oorskakel, maar dit was nie wenslik dat sodanige oorskakeling eers in standerd agt of nege sou plaasvind nie, omdat die sillabusse van die landbouvakke reeds in standerd ses 'n aanvang geneem het.

Die Departement het probeer om landbouonderwys beter bekend te stel en het in 1967 'n inligtingstuk "Die Hoër Landbouskool," aan alle skole versend met die versoek dat leerlinge en ouers ingelig moes word oor die algemeen-vormende aard van landbouonderwys, kursusse wat aangebied was, opleiding en beroepsmoontlikhede na standerd tien en ligging van dié skole. ¹¹⁾

Dit was veral noodsaaklik dat hoofde van primêre skole aan standerd vyf-leerlinge en hulle ouers voorligting in dié verband sou gee, op 'n stadium wanneer die ouers 'n keuse van sekondêre onderwys vir hulle kinders moes maak.

11) T.O.D. Onseandmnuut: nr. LIIACC van 1968, p. 1. e.v.

Dit was egter ook moontlik dat hoofde van sekondêre skole en voorligteronderwysers by die aanvang van leerlinge se sekondêre onderwysloopbane kon vasstel dat hulle in die rigting aanleg en belangstelling getoon het, en selfs daarin 'n moontlike beroepsrigting gesien het. Ook aan hierdie leerlinge en hulle ouers kon die nodige voorligting gegee word.

7.6 'N VERDERE ONDERSOEK NA LANDBOUONDERWYS IN TRANSVAAL, 1968

In September 1968 het die Direkteur van Onderwys 'n komitee benoem met die breë opdrag om ondersoek in te stel na landbouonderwys in Transvaal. Die voorsitter van die komitee was mnr. J.C. van der Walt, Inspekteur van Onderwys, verantwoordelik vir Landbouonderwys. Verder het in die komitee gedien nog 'n inspekteur van onderwys, twee hoofde van hoër landbouskole, twee landbouonderwysers, twee verteenwoordigers van Landbou-Tegniese Dienste en die Voorsitter van die Transvaalse Landbou-unie se Onderwyskomitee. ¹²⁾

Die komitee het 'n omvattende ondersoek gedoen. Vraelyste is aan alle hoofde en standaard tien-leerlinge van hoër landbouskole gestuur. Al sewe hoër landbouskole is besoek en afsonderlike onderhoude is gevoer met

1. Die hoofde, vise-hoofde en landboupersoneel
2. Adviesrade, lede van Distriks-Landbou-unies en Vroue-Landbou-unietakke.

Gedurende hierdie onderhoude het alle instansies die geleentheid gehad om hulle siening oor landbouonderwys aan die komitee oor te dra en tekortkominge soos dit toe bestaan het, ook onder die aandag van die komitee te bring.

Twee memoranda is ook deur die komitee ontvang en bestudeer. ¹³⁾

12) T.O.D. Verslag van Onderzoek na Landbouonderwys in Transvaal, 1968, p. 1, 3.

13) Ibid., p. 1, 2.

Ten opsigte van die verskillende aspekte waaroor verslag gedoen moes word, het die komitee soos volg gerapporteer en aanbeveel:

* Die behoefte aan landbouonderwys in Transvaal is tydens die onderhoude onomwonde gestel, veral deur diegene wat goed ingelig was oor die aard en wese van landbouonderwys en bewus was van die behoeftes, en hoër eise wat aan die landboubedryf gestel word. Daar was egter steeds 'n behoefte aan 'n uitgebreider voorligting-program aan die ouers ten einde hulle in staat te stel om 'n verantwoordbare skoolkeuse vir hulle kinders te doen.

* Wat betref die aansluiting van die kursus by naskoolse landbouopleiding is gevoel dat die eenjarige kursus aan landboukolleges grootliks herhaling is van die kursus aan hoër landbou-skole. In die verband moes daar nog tot 'n erkenning van die landbouopleiding aan hoër landbouskole gekom word. Vir die universitêre opleiding in landbou het die kursus aan die hoër landbouskool 'n goeie agtergrond verskaf en in die verband is die wenslikheid uitgespreek dat die vakke Akkerboukunde en Veekunde as vrystellingsvakke erken moes word vir studie in 'n landbourigting.

* Alle instansies was dit eens dat landbouonderwys steeds algemeenvormende onderwys moes wees met besondere klem op die opvoedkundige waarde van die studie van landbouvakke.

* Die enigste behoefte wat die kommissie kon vasstel vir beroeps-onderwys, was vir diegene wat die skool na standerd agt verlaat het en in die boerdery 'n heenkome moes vind. Oor die wyse waarop in die behoefte voorsien moes word, was daar meningsverskil, maar eenstemmigheid dat dit 'n saak van naskoolse opleiding was.

* Wat die doelstellings betref, het die komitee gewys op die atmosfeer van lewenswerklikheid waarin die kind sy opvoeding ontvang, op die arbeidsvreugde van self te plant, te versorg en te bewerk en te oes. Op die karaktervorming wanneer bestuur, administreer en georganiseer word en op die noodsaaklikheid van beplanning in die lewe. Kontak met die harde en veeleisende werk van die Bantoearbeider op die plaas het ook die moontlikheid ingehou van beter rasseverhoudinge.

* Die verskil in tipe hoër landbouskole wat bestaan het ingevolge omsendbrief 36 van 1965, moes opgehef word en die patroon wat vir die X - tipe hoër landbouskool bestaan het, moes in die toekoms vir alle skole geld.

* Wat betref die organisasie van praktiese werk en die mate waarin die leerlinge self deel daaraan gehad het, was daar so 'n mate van uiteenloopenheid dat die saak ondersoek moes word ten einde 'n eenvormige stelsel by alle skole te verseker. Dieselfde het ook gegeld t.o.v. die praktiese werk vir eksamendoeleindes en die kontrolering van die eksamentake.

* Plaaswerktuigkunde moes as landbouvak erken word en die praktiese werk moes gewone instandhouding van gereedskap en ander toerusting, sowel as plaasgeboue ingesluit het.

* Dit sou wenslik wees dat leerlinge reeds vanaf standerd ses die tipe skole besoek ten einde soveel moontlik kennis te bekom. Leerlinge behoort slegs in standerds ses tot agt toegelaat te word omdat hulle op 'n later stadium te ver agter is wat betref die teorie en praktiese werk van die landbouvakke.

* 'n Boerderybeplanningskomitee is aanbeveel vir elke skool om die hoof en landboupersoneel by te staan met die kort- en langtermynbeplanning van die boerdery as 'n ekonomiese eenheid, sonder dat elke vertakking noodwendig winsgewend hoef te wees. Die laaste stelling is gemaak op grond van die feit dat sommige vertakkings nie die streekboerderye verteenwoordig het nie en nie op groot skaal aangepak kon en moes word nie.

* Die skole moet volledig toegerus word met 'n aanvangsuitrusting. Dit het ingesluit vee, landbougereedskap en bedryfsbenodigdhede ooreenkomstig die boerderybeplanning. Nadat so 'n skool toegerus is, moet die boerdery self verder verantwoordelikheid aanvaar.

* Genoegsame water is noodsaaklik by 'n landbouskool, veral vir die kweek van groentes, vrugte en voer.

* Die aantal seuns is beperk tot 'n maksimum van 250, sodat doeltreffende organisasie moontlik sou wees en die praktiese

boerdery tot sy reg kon kom, t.o.v. die waarde wat dit vir die leerlinge moes hê. Massahantering van seuns hou die gevaar in dat die doelstellings van die skole verydel sou word.

* Die ideaal van koshuisinwoning vir alle seuns met die oog op doeltreffender skoolorganisasie en praktiese landbou-onderrig is gestel.

* Toelating van dogters met die oog op 'n huishoudkunderigting by alle landbouskole is weer eens gestel.

* Behalwe die verteenwoordigende boerderyvertakking(s) van die streek waarin die skool geleë is, moes waar moontlik die volgende vertakkinge van die landbou ook in die praktyk beoefen word:

Varsmelkboerdery
 Varkboerdery
 Pluimveeboerdery
 Groenteverbouing
 Vrugtekwekery
 Voerverbouing
 Vetmesting van vee

* Die komitee het bevind dat al die skole met uitsondering van die Amsterdamse hoër landbouskool, 'n groot mate van bestendigheid en gestadigde groei ondervind het. Wat Amsterdamse hoër landbouskool betref, is bevind dat sy ligging in 'n ylbevolkte gebied, teen die Swazilandse grens, met gebrekkige vervoermiddele ongunstig was. Die omgewing was ook nie 'n welvarende of liewer verteenwoordigende landbougebied nie en die beskikbare grond het skynbaar ook nie 'n hoë produksie potensiaal gehad nie.

* Vir die huidige moes nie meer hoër landbouskole opgerig word nie, maar die bestaande moes eers goed toegerus word. Daarna kon die Departement die behoefte bepaal in die gebied Pretoria - Johannesburg - Vereeniging, asook Nelspruit.

* T.o.v. personeel is die noodsaaklikheid van die belangstelling in landbou van persone in die hoof-, adjunk- en vise-hoofposte beklemtoon. Ten minste een van die vise-hoofde moes in landbou opgelei wees en die pos van senior diensdoende

onderwyser kan dan verval. Die benutting van die twee surnumerêre poste om die posisie van onderwysers belas met die praktiese landbou, t.o.v. klasperiodes te verlig, moes verseker word.

* Meer gekwalifiseerde landbouonderwysers sou nodig wees om die standaard van die praktiese landbouonderrig by skole te verhoog. Onderzoek moes ingestel word na die moontlikheid om hulle akademiese opleiding meer onderwysgerig te maak sodat hulle ook in die klaskamer gebruik kan word om vakke soos Wiskunde, Rekenkunde, Natuur- en Skeikunde ens. te onderrig. Selfs tot agt sodanig gekwalifiseerde landbouonderwysers kon by elke hoër landbouskool gebruik word.

* Diensvoorwaardes van die landbouonderwysers, plaasvoormanne en algemene werksman (opsigter) t.o.v. behuising ens. moes hersien word.

* Die noodsaaklikheid van die oriëntering van alle personeel, professioneel en andersins, t.o.v. hulle spesifieke taak is aangevoel.

Op 'n voorgestelde jaarlikse vergadering van hoofde, kon die volgende en ander sake met vrag bespreek word.

1. Die doel van landbouonderwys.
2. Die identiteit van die landbouskool.
3. Die praktiese werk van leerlinge en ander buitemuurse aktiwiteite.
4. Vakkeuse by hierdie skole.
5. Boerderybeplanning.
6. Die gebruik van surnumerêre poste.
7. Junior Boereverenigings.

* Die Departement moes ook 'n Studiekomitee vir die landbouvakke in die lewe roep, wat leiding moes gee i.v.m. die teoretiese en praktiese onderrig van die landbouvakke en ook kursusse organiseer.

* 'n Advieskomitee kon aanbevelings maak om probleme i.v.m. landbouonderwys te oorbrug en om koördinasie tussen die skole

te bewerkstellig, en bydra om 'n beter uitwaartse beeld van landbouonderwys te skep. ¹⁴⁾

Uit die verslag en aanbevelings van hierdie komitee blyk dat landbouonderwys sedert 1953 grootliks ontwikkel het en beslis 'n plek binne die gedifferensieerde sekondêre onderwystelsel verower het, op grond van die feit dat dit georganiseer was as algemeenvormende kulturele onderwysinstelling.

Die ondersoek wat gedoen is, het die oortuiging versterk dat in die grondslag van die bestaande beleid die moontlikhede verskuil was, wat as dit doeltreffend benut sou word, kon lei tot die verwesenliking van die mooiste ideale betreffende landbouonderwys.

Uit die verslag blyk duidelik dat daar in die praktyk egter nog leentes was wat alleen deur verdere beleidsbepalings reggestel kon word. Die aanbevelings van die komitee was dan ook van sodanige aard dat dit daarop gemik was om die bestaande beleid uit te bou, sodat met die implementering daarvan in die praktyk, die grootste moontlike sukses behaal kon word.

7.7. VERDERE BELEIDSBEPALINGE T.O.V. LANDBOUONDERWYS, 1969

Die verslag van die komitee is op 26 November 1968 aan die Direkteur van Onderwys voorgelê. Op grond van die ondersoek en aanbevelings het die Departement op 9 Oktober 1969 per omsendbrief die volgende besluite bekendgemaak:

* 'n Studiekomitee vir landbouonderwys is in die lewe geroep. Die funksie van die komitee was o.m.:—

- (a) om 'n studie te maak van lektuur in die betrokke vak;
- (b) om, sodra nuwe sillabusse beskikbaar word, dit te interpreteer, aanbevelings te maak ten opsigte van die benaderings en metodiek van die vak en nuwe behoeftes van die vak te stel om tred te hou met die eise van die tyd;

14) Ibid., p. 4 -- 19.

- (c) om saam te werk met die inspektoraat, universiteite en onderwyskolleges;
- (d) om behulpsaam te wees met die beplanning en aanbieding van oriënteringskursusse en streekkursusse wat deur die kursuskomitee gerêel word;
- (e) die opstel van studiegidse vir bestudering in skole;
- (f) om die Boekkomitee vir die betrokke vak van advies te bedien waar verlang;
- (g) om die Departement te adviseer in verband met benutting van onderwys hulpmiddels;
- (h) die opstel van die plan waarvolgens die praktiese werk, wat deel van landbouonderwys vorm, by hoër landbou-skole gedoen moes word. Hierdie stelsel moes aanpasbaar wees by die vakkeuse en boerderybedrywighede van hoër landbouskole en moes onder andere die volgende insluit:

demonstrasies wat betrekking het op die onderrig, praktiese werk wat vir eksamendoeleindes gedoen en geëvalueer word, asook

roetine werk in die gang van die boerdery.

Daar moes in hierdie verband leiding gegee word ten opsigte van die indeling van werksgroepe, tydstoekening aan praktiese werk, organisasie binne elke groep en ander aspekte wat aandag behoort te geniet;

- (i) Om die Departement van advies te bedien insake onderwys-aangeleenthede wat van tyd tot tyd mag opduik of wat na die komitee verwys word.

* 'n Boerderybeplanningskomitee vir elke hoërlandbouskool is in die lewe geroep. Die Komitee is soos volg saamgestel:

Voorsitter : Die Inspekteur van Onderwys verantwoordelik vir landbouonderwys by die skool.

Lede : Die Kringinspekteur van Onderwys;
Die hoof van die skool;
Die landbouonderwysers verbonde aan die skool;

- 'n Verteenwoordiger van die Adviesraad;
- 'n Verteenwoordiger van die Departement
Landbou-Tegniese Dienste;
- 'n Verteenwoordiger van die plaaslike
georganiseerde landbou.

Die funksies van die komitee was in hoofsaak om:

- (a) 'n Studie van die bestaande langtermynbeplanning van die boerdery en plaasontwikkeling te maak.
- (b) 'n Herbeplanning te maak indien dit noodsaaklik blyk te wees of 'n wysiging van die bestaande beplanning te maak soos omstandighede ontwikkel.
- (c) Die hoof te adviseer in verband met die praktiese uitvoering van die beplanning.
- (d) Die Departement te adviseer in verband met ontwikkelinge wat nie uit plaasgeld onderneem kan word nie en in verband met die aankoop van gereedskap en vee.
- (e) Sake te behartig wat deur die Departement aan die Komitee opgedra word.

In spoedeisende gevalle kon 'n dagbestuur, bestaande uit die hoof, die verteenwoordiger van die Adviesraad en die verteenwoordiger van Landbou-Tegniese Dienste, sake hanteer met verslag aan die eerskomende volle vergadering. Die hoof moes as voorsitter van so 'n dagbestuur optree.

* Die vroeëre klassifisering van X- en Y- tipe hoër landbouskole is opgehef en hoër landbouskole is beskou as gewone hoërskole met die voorbehoud dat minstens een landbouvak deur leerlinge tot en met standerd tien in hulle vakkeuse ingesluit word.

* Wat die kurrikulum betref is twee verdere landbouvakke t.w. Landbou-ekonomie en Natuur- en Skeikunde (Landbou) bygevoeg by die bestaande groep van keusevakke, ten einde die keuse t.o.v. landbouvakke uit te brei. Die nuwe kurrikulum sou egter eers aan die begin van 1971 ingevoer kon word, nadat sillabusse en katalogusse opgestel was en die nodige hulpmiddels beskikbaar sou wees.

* Dit sou noodsaaklik wees dat alle leerlinge die praktiese werk i.v.m. die landbouvakke sou doen. Alle standaard negen en tien-leerlinge sou verplig wees om die minimum van twee uur per week praktiese werk in elke landbouvak te doen, by wyse van georganiseerde praktiese werk in die namiddag by die skool.

Dieselfde het ook gegeld vir leerlinge in standerds ses, sewe en agt, maar waar dit vir die dagskoliere onmoontlik sou wees om by die praktiese werk by die skool in te skakel, kon hulle tuis 'n program uitvoer wat deur die betrokke onderwyser goedgekeur moes word.

* T.o.v. die evaluering en moderering van praktiese werk wat as praktiese eksamen beskou sou word, sou die voorsitter van die studiekomitee vir landbouonderwys die skole besoek om die doelstellings met die aard van, en prosedure in verband met hierdie werk te verduidelik. Die belangrikste aspek was dat die praktiese werk dwarsdeur die jaar evalueer moes word en nie net enkele take nie.

* Die Departement het verder 'n nuwe beleid afgekondig t.o.v. aankope van gereedskap, vee en normale boerderybenodigdhede uit plaas- en sentrale fondse, afkeuring van vee en gereedskap, uitbreiding of verandering van bestaande geboue en bemaking van vee en produkte. Dit het hoofsaaklik daarop neergekom dat die Boerderybeplanningskomitee ook aan hierdie sake aandag moes gee. Voertuie sou egter op aanbeveling van, of die deskundiges van die Paaiedepartement of die Vakinspekteur vir Tegniese Onderwys deur die skoolraadsekretaris afgeskryf moes word. 15)

In 1970 het die Departement ook 'n nuwe beleid afgekondig t.o.v. die finansiëring van die boerdery. Volgens die nuwe beleid sou die Departement voorsien in die behoeftes wat betref nie-roerende bates, d.w.s. grond en geboue en die nodige aanvangs-uitrusting en lewende hawe waar nuwe skole opgerig word. Die boerdery moes uit eie bedryfinkomste alle bedryfuitgawes, met

15) T.O.D. Omsendbrief 98 van 1969, p. 1 e.v.

uitsondering van kapitale uitgawes finansier, insluitende vervanging van toerusting en uitbreiding van sekere aktiwiteite wat die boerdery op 'n gesonder grondslag sou plaas en wat in ooreenstemming met die beplanning volgens die Boerderybeplanningskomitee was. ¹⁶⁾

In 1970 is ook bepaal dat die landbouonderwyser wat in beheer van die boerderyaktiwiteite sou wees, voortaan bekend sou staan as die beherende landbouonderwyser. Dié onderwyser is voorheen die Senior Diensdoende Onderwyser van die plaas genoem en het dieselfde voorregte as die Senior Diensdoende Onderwyser in die koshuis gehad. Die Departement het nou verder bepaal dat die pos deur 'n assistent wat vir landbouvakke aangestel sou word, by voorkeur 'n senior assistent, beklee sou word. 'n Nie-pensioendraende toelae van R600 per jaar sou aan hom betaal word. Sy pligte moes deur die hoof aan hom toegewys word en het onder meer die volgende ingesluit:

- (a) organisasie, koördinerings en die ekonomiese bestuur van die boerdery in sy geheel in ooreenstemming met die beleid soos neergelê deur die hoof;
- (b) toesig oor die behoorlike boekstaving van alle boerderytransaksies;
- (c) behoorlike versorging en aantekening van alle plaasvoorrade (verbruikbaar en nie-verbruikbaar) in ooreenstemming met die Departementele beleid;
- (d) toesig oor en die versorging van lewende hawe en die byhou van die voorgeskrewe rekords in die verband. ¹⁷⁾

Met hierdie verdere beleidsbepalings het die Transvaalse Onderwysdepartement opnuut bewys gelever dat dit sy erns en strewe was om landbouonderwys tot volle wasdom te laat gedy.

Die studiekomitee vir landbouonderwys het bestaan uit twee inspekteurs van onderwys wat vir landbouonderwys verantwoordelik

16) T.O.D. Omsendbrief 53 van 1970, p. 1.

17) T.O.D. Omsendbrief 79 van 1970, p. 1. e.v.

was, 'n hoof van 'n hoër landbouskool en landbouonderwysers wat elk van die vakke Akkerbou, Voekunde en Plaaswerktuigkunde verteenwoordig het. Verder was daar 'n verteenwoordiger van die Departement Landbou-Tegniese Dienste. Beide inspekteurs van onderwys het as voorsitters opgetree. 18)

Die studiekomitee het as eerste opdrag 'n omvattende studiegids saamgestel oor praktiese landbouonderwys aan hoër landbouskole. Dit was 'n uiters volledige stuk wat bedoel was om die hoogs moontlike standaard en eenvormigheid by alle skole te bereik. Die uitgangspunt was die integrering van praktiese en teoretiese aspekte van landbouvakke en die doelstellings met praktiese landbouonderrig, asook vereistes waaraan voldoen moet word, is neergelê. Die aard, organisasie en evaluering van die praktiese werk, asook 'n program vir afhandeling van bestuurstake en projekte, en taak van die personeel ten opsigte daarvan, is toegelig en voorbeelde van opdragte, uiteensettings en memoranda van sulke take en projekte is gegee. 19)

Die praktiese werk aan die skole het vanaf 1971 plaasgevind volgens die riglyne wat in hierdie gids aangedui is en 'n hoë standaard van praktiese werk kon sekerlik op grond daarvan verwag word.

Benewens die aandag wat die komitee aan die verskillende aspekte soos audiovisuele hulpmiddels, boeke vir opname in die biblioteek, interpretasie van sillabusse, vakhandleidings ens. gegee het, is 'n memorandum ook ingedien oor die ontwerp en toerusting van 'n landboulaboratorium. Die studiekomitee het ook 'n oriënteringskursus beplan wat in Augustus 1971 aangebied sou word vir hoofde en beherende landbouonderwysers van die hoër landbouskole.

Die tema by die oriënteringskursus was: "Die boerdery by hoër landbouskole as agtergrond vir landbouonderwys." Lede van die

18) T.O.D. Briewe T.O.A. 10 - 11 - 25 - 3 - 20, gedateer 5/6/1969 en 6/1/1970.

19) T.O.D. Studiekomitee vir Landbouonderwys, Studiegids nr. 1, p. 1. e.v.

studiekomitee het die volgende aspekte breedvoerig behandel en toegelig:

- * Die onderrig van die landbouvakke met die klem op die wetenskaplike benadering en aanbieding en integrering van die teoretiese en praktiese komponente. Aandag is ook gegee aan die integrering van die biblioteek en gebruik van oudiovisuele hulpmiddels by die onderrig.
- * Die verantwoordelikhede van die verskillende persone wat met die boerdery te doen gehad het. Die betrokkenes was die professionele personeel, nl. die hoofde, adjunk- en visehoofde, landbouonderwysers en die ander onderwysers sowel as die arbeidstaakmag, naamlik plaasvoormanne, leerlinge en Bantoearbeiders. 'n Belangrike aspek van die bespreking van hulle verantwoordelikhede was die deelbydraes van elk in verhouding tot die geheel, asook die onderlinge verhoudinge tussen die verskillende persone en groepe. Die uitgangspunt was dat die suksesvolle ineenvloeiing en aaneenskakeling tot 'n geheel, alleen kon geskied indien elke deelbydrae as noodsaaklik en belangrik beskou en as sodanig met waardering erken en ontvang sou word.
- * Die bestuurstaak t.o.v. die boerdery en die noodsaaklikheid van beplanning, kontrole en beheer. Die wyse waarop dit in die praktyk by die boerdery van 'n hoër landbouskool toegepas moes word, is toegelig.
- * Die inskakeling van veral die praktiese aspek van die vak Plaaswerktuigkunde by die boerdery en die praktiese implementering van die studiegids vir die praktiese werk in die landbouvakke, is behandel en bespreek.
- * Verteenwoordigers van die afdelings Landbou Ingenieurswese en Landbou Ekonomie en Bemaking van Landbou-Tegniese Dienste het ook referate gelewer oor die volgende onderwerpe:
 - (a) Skakeling tussen die Transvaalse Onderwysdepartement en by name die hoër landbouskool en die Departement Landbou-Tegniese Dienste.
 - (b) Boerderybeplanning.

- (c) Boerderysakebestuur.
- (d) Beplanning en benutting van plaasgeboue.
- (e) Aankoop en instandhouding van plaasmasjinerie en plaaswerktuie. 20)

Hierdie referate is beskou as van besondere waardevolle agtergronds kennis vir die persone wat vir die boerdery van die hoër landbouskool verantwoordelik sou wees.

Die aanstelling van 'n Boerderybeplanningskomitee vir elke skool was 'n belangrike voorwaartse stap om die praktiese boerdery op 'n gesonde basis te plaas:

Die Boerderybeplanningskomitee by elke skool kon 'n belangrike bydrae lewer, veral t.o.v. die ekonomiese doeltreffendheid en aanwending van wetenskaplike tegnieke en boerderymetodes. Dit kan beslis aanvaar word dat die verteenwoordiger van die Departement van Landbou-Tegniese Dienste in sy persoon, en deur sy Departement, waardevolle vakkundige raad en hulp kan verleen. Indien die verteenwoordigers van die Adviesraad en plaaslike georganiseerde landbou self ook suksesvolle landbouers is, kan hulle kennis en ervaring veral van plaaslike omstandighede, ook vir die hoof en landbouonderwysers van groot waarde wees.

'n Baie belangrike aspek van die funksie van die beplanningskomitee was om kontinuïteit in die boerdery te skep op grond van kort- en langtermynbeplanning wat dan nie deur die verwisseling van hoof en landboupersoneellede nadelig beïnvloed behoort te word nie.

Dit is ook duidelik uit die opheffing van X-tipe en Y-tipe hoër landbouskole dat die Departement 'n eenvormige beleid by al die skole wou handhaaf. Die verdere bepalinge, wat die doel, aard en uitvoering van praktiese werk betref, dui daarop dat die Departement ook vasbeslote was om hierdie aspek tot sy reg te laat kom, omdat dit nie net die onderrig van die vak, maar ook die wese van die hoër landbouskool geraak het. Die waarde wat die boerdery as sodanig vir die leerlinge gehad

het, was 'n belangrike maatstaf waarmee die georganiseerde landbou die sukses van landbouonderwys gemeet het.

Die toegewing wat die Departement aan dagskoliers van standers ses tot agt gemaak het om tuis 'n goedgekeurde program van praktiese werk uit te voer, moet beskou word as 'n tussenstap tot dat voldoende huisvesting by die skole vir alle leerlinge wat landbou neem, geskep sal wees. Die proses van evaluering van praktiese werk sal eers behoorlik kan plaasvind indien dit by die skool onder toesig en beheer van die onderwyser uitgevoer word.

In Januarie 1971 is hersiene sillabusse vir die vakke Algemene Landboukunde vir standers ses tot agt, Akkerboukunde vir standers nege en tien, Veekunde vir standers nege en tien en Plaaswerktuigkunde vir standers ses tot tien ingevoer. Die grondslag en uitgangspunt van die eerste drie sillabusse was die bewaring, beskerming en optimum benutting van die bodem. 21)

Die sillabusse vir die vakke landbou-ekonomie en natuur- en skeikunde (landbou) is nie van die begin van 1971 beskikbaar gestel en ingevoer, soos wat die Departement in 1969 in vooruitsig gestel het nie. Die implementering van 'n nuwe nasionale gedifferensieerde onderwysstelsel, soos wat dit dan ook in 1971 deur die Minister van Nasionale Opvoeding in vooruitsig gestel is, het daartoe gelei dat daar geen verdere wysiging aan die bestaande kurrikulum of hersiening van bestaande sillabusse, plaasgevind het nie.

7.8. AD HOC-KOMITEE I.V.M. KAPITALE BEHOEFTE VAN DIE BOERDERYE AAN HOËR LANDBOUSKOLE, 1971

Die aanstelling van 'n ad hoc-komitee, onder voorsitterskap van mnr. J.H.P. Ackermann, om verslag te lewer i.v.m. kapitale behoeftes van die boerderye aan hoër landbouskole was die laaste ontwikkeling wat voortgevloei het uit die Transvaalse Onderwysdepartement se pogings om die boerdery op 'n hegte grondslag te plaas.

Die opdrag aan die komitee was om met die oog op die koms van 'n nuwe gedifferensieerde onderwys en die beginsels dat die boerdery 'n opvoedkundige doel moet dien,

- (a) 'n formule op te stel wat sou verseker dat die twee beginsels, nl. dat alle boerderyaktiwiteite 'n opvoedkundige doel moet dien en die beginsel dat die boerdery 'n ekonomiese eenheid moet nastreef, met mekaar versoen kan word en
- (b) 'n formule uit te werk waarvolgens daar op 'n doeltreffende wyse, maar tog binne realistiese finansiële perke aan die behoeftes van hoër landbouskole aan grond, geboue, toerusting, diere en pluimvee voorsien kan word. ²²⁾

Die Komitee het sy verslag aan die einde van 1971 aan die Direkteur van Onderwys voorgelê en dit is nog onder die vergrootglas. Gedurende 1972 is prioriteit verleen aan die voorbereiding vir die implementering van die nasionale stelsel van gedifferensieerde onderwys vanaf die begin van 1973. Geen verdere beleidsbepalings op grond van hierdie verslag sal waarskynlik dan in 1972 bekendgemaak word nie. In aansluiting by die vorige ontwikkelings word die beginsels wat die komitee in sy verslag neergelê het ogter genoem en bespreek.

* Die komitee het hom vereenselwig met die beginsels genoem soos vervat in die opdrag aan die komitee, nl. dat die opvoedkundige doelstellings die grondslag van alle boerderyaktiwiteite moes vorm en dat die boerdery 'n ekonomiese eenheid moes nastreef. Die twee beginsels moes die uitgangspunt vorm van die grondslag waarop die boerdery georganiseer word, maar het terselfdertyd ook die volgende impliseer:

- (i) Die boerderyaktiwiteite bepaal moes word deur, voortvloei uit, en gerig word deur die sillabusse van die landbouvakke en

22) T.O.D. Verslag van die Ad hoc-komitee vir landbou-
onderwys, 1971, p. 1.

- (ii) die leerlinge moes 'n daadwerklike deelname aan die praktiese boerderyaktiwiteite gehad het.
- (iii) Die "ekonomiese eenheid" waarna verwys is, moes gedefinieer word. Die Komitee het dit gedefinieer as 'n boerdery wat ten opsigte van die geheel daarvan die ideaal nastreef om onder normale omstandighede selfonderhoudend te wees ten opsigte van inkomste en uitgawes in die normale boerderyverloop. Die komitee het hom uitgespreek teen oormatige winsbejag wat onnodige uitbreiding en ongesonde boerderypraktyke tot gevolg kon hê.
- (iv) Om die opvoedkundige doelstellings, wat in die sillabusse vervat was, in die praktiese boerdery te verwesenlik, moes daar 'n aantal noodsaaklike vertakkings van die boerdery by elke skool wees. Elkeen van hierdie vertakkings sou nie op sigself selfonderhoudend hoef te wees nie. Die mate waarin elke vertakking van die boerdery by 'n skool beoefen word, was egter belangrik in die lig van die eis dat die geheel selfonderhoudend moet wees. Dit het meegebring dat seker vertakkings (veral die wat verteenwoordigend van die streek is) meer uitgebreid behoeftig moet word.

* Die komitee het ten opsigte van die bepaalde opdrag om 'n formule uit te werk waarvolgens daar op 'n doeltreffende wyse, maar tog binne realistiese finansiële perke aan die behoeftes van hoër landbouskole aan grond, geboue, toerusting en diere voorsien kan word, die volgende gestel:

- (i) Vanweë die verspreiding van die skole in verskillende streke met totaal uiteenlopende klimaatsomstandighede, was die behoeftes van die skole so verskillend dat die komitee van die standpunt uitgegaan het dat geen vaste formule, wat vir alle skole geldig kan wees, bepaal kon word nie. Slegs breë riglyne kon bepaal word wat as grondslag vir die organisasie van die boerdery moes dien, veral waar nuwe skole opgerig word.

- (ii) Die komitee het hom vereenselwig met die beginsels ten opsigte van finansiering van die boerdery soos vervat in T.O.D. Omsendbrief 53 van 1970, waarna vroeër reeds verwys is.
- (iii) Die komitee het verder van die standpunt uitgegaan dat die behoeftes van so 'n boerdery bepaal word deur die volgende:
1. By elke vertakking van die boerdery word 'n minimum eenheid benodig om al die aspekte van die praktiese onderrig soos deur die syllabusse vereis, uit te voer.
 2. Die boerdery moet in sy geheel geleentheid bied vir aktiewe deelname deur die leerlinge wat die landboustudierigting volg.
 3. Die bemarkingsmoontlikhede het ook die omvang van elke vertakking van die boerdery bepaal. 23)

A.g.v. die beginsels, uitgangspunte en standpunte wat die komitee telkens gehuldig het, is daarin geslaag om 'n patroon vir die boerdery daar te stel om die twee belangrike beginsels wat deur die Departement neergelê is, met mekaar te versoen. Dit blyk duidelik daaruit dat die praktiese boerdery aan 'n hoër landbouskool op grond van die eise wat die onderrig gestel het, noodsaaklik was en daarby ook 'n besondere aard en karakter moes openbaar, naamlik dat die opvoedkundige doelstellings ten grondslag daarvan gelê het. Tweedens het die komitee getrag om die kapitale uitgawes deur die owerheid en ekstra verantwoordelikhede van die personeel aan die skool t.o.v. die boerdery, tot 'n minimum te reduceer deur die omvang van die boerdery te beperk, op voorwaarde dat die opvoedkundige doelstellings en ekonomiese eenheid gehandhaaf word. Dit dien vermeld te word dat die organisasie en bestuur van die boerdery om 'n ekonomiese sukses te wees, inderdaad terselfdertyd ook 'n opvoedkundige doelstelling is, wat nagestreef moet word.

23) T.O.D. Verslag van die Ad hoc-komitee vir Landbou-
onderwys, 1971, p. 2, 3.

Die komitee het verder ook aanbevelings gemaak ten einde hierdie beginsels in die praktyk uit te voer. Hulle het die minimum behoeftes en die Departement se verantwoordelikheid t.o.v. grond, diere, geboue, omheinings, veesuipings, paaie, voertuie, werktuie en uitrusting, finansiering, organisasie en ander aspekte van die boerdery aangetoon. ²⁴⁾

Hierdie aanbevelings, in samehang met die verwante beleidsbepalings wat reeds deur die Departement gestel was, het die aanvang en ontwikkeling van die boerdery soos volg in die vooruitsig gestel:

- (i) Wanneer die streek bepaal is waar 'n skool opgerig moet word, moet die beplanning van watter boerdery-aktiwiteite op die plaas verteenwoordig, en in watter mate elk beoefen moet word, deur die Departement geskied.
- (ii) Die bepaling van die ligging van die grond, grootte daarvan en die werklike aankoop geskied daarna, op grond van die beplanning, na oorlegpleging met die Departement Landbou-Tegniese Dienste en die plaaslike georganiseerde landbou.
- (iii) Waar 'n nuwe skool opgerig word, moet die skool, koshuis en plaasgeboue as 'n eenheid beplan word.
- (iv) Daarna moet die plaaswerf in sy geheel ook met die oog op uitbreiding beplan word.

Ten einde koste te bespaar, is dit wenslik dat alle skole van standaard plaasgeboue voorsien word en die Departement Landbou-Tegniese Dienste kan help met die beplanning van plaasgeboue sodat dit nie onnodig duur en luuks hoef te wees nie; slegs netjies, doeltreffend en duursaam. Indien 'n skool nog bykomende geboue benodig, behoort die Departement sodanige gemotiveerde versoek te oorweeg.

- (v) Die plaas word in samewerking met die Departement Landbou-Tegniese Dienste fisies beplan.

24) Ibid., p. 14 - 21.

- (vi) Die Departement voorsien dan die noodsaaklike fasiliteite wat geboue, omheining, paaie, wateraanleg ens. betref, sodat op die grondslag van bewaringsboerdery begin en voortgegaan kan word.
- (vii) Die noodsaaklike diere, voertuie, werktuie en uitrusting word dan aangekoop.
- (viii) Die hoof en personeel word dan verantwoordelik vir die uitvoering van die praktiese boerdery, in oorleg met die boerderybeplanningskomitee, deur fondse wat die Departement beskikbaar stel, waarna die ideaal dan bereik moet word, nl. dat die boerdery ekonomies selfonderhoudend moet wees. ²⁵⁾

Vanuit alle gesigspunte beoordeel, moet bogenoemde sekerlik as ideale omstandighede beskou word, waaronder die boerdery beplan en uitgevoer word. Die Studiekomitee vir landbouonderwys behoort 'n sleutelrol te vervul, en in alle opsigte word deskundige raad en leiding implementeer om die plaas en boerdery so ekonomies as moontlik te beplan, toe te rus, te organiseer en te laat vlot. Die nodige kontinuïteit sal veral geskep word deur die funksie wat die inspekteur, verantwoordelik vir landbouonderwys vervul, vanaf die aanvanklike beplanning tot die normale boerdery sy gang kry. So 'n boerdery vorm die ideale grondslag, waarby die leerlinge se aktiwiteite ingeskakel kan word om die opvoedkundige doelstellings te verwesenlik.

7.9. DIE OPLEIDING VAN LANDBOUONDERWYSERS

Die een belangrike faktor wat die ontwikkeling van landbouonderwys deurgaans gestrem het, is die voortdurende tekort aan gekwalifiseerde landbouonderwysers vir sekondêre onderwys. ²⁶⁾

25) Ibid., p. 14 - 18.

26) T.O.D. Verslag van Komitee insake Landbou-
onderwys, 1953, p. 9.
T.O.D. Jaarverslag, 1958, p. 21.

7.9.1. KORTKURSUSSE VIR ASPIRANT- EN DIENSDOENDE ONDERWYSEERS

In 1913 het die Direkteur van Onderwys, in sy verwysing na die nuwe leerplan vir natuurstudie, waarby ook vir die eerste keer heelwat aspekte van landbou ingesluit was, beklemtoon dat be- hoorlik opgeleide onderwysers deurslaggewend sou wees om sukses te behaal met die implementering van die nuwe leerplan. Hy het dan ook vakansiekursusse vir die verdere opleiding van diensdoende onderwysers in die verband in die vooruitsig gestel. Hy het ter- selfdertyd egter die eis van praktiese-, naas teoretiese opleiding aan die Onderwyskolleges gestel ten einde natuurstudie doeltreffend te kan onderrig. Hy het in dié verband ook die moontlikheid genoem dat die studente 'n deel van hulle opleiding aan die Potchefstroomse Proefplaas kon ontvang. 27)

Vakansiekursusse, wat praktiese werk ingesluit het, is dan ook vanaf 1914 aangebied vir onderwysers wat natuurstudie in die plattelandse skole onderrig het. 28)

Vanaf 1915 tot 1920 het die finale jaar mansstudente jaarliks 'n spesiale kursus by die Potchefstroomse Landboukollege bygewoon. Hulle het ook 'n week lank by die skool te Honingnestkranz, wat om- skep is in 'n plaasdemonstrasieskool, praktiese werk i.v.m. skool- tuine gedoen. 29)

Hierdie kortkursusse was egter nie voldoende om die onderwysers toe te rus om die vak wetenskaplik aan te bied nie. Die gevolg was dat die onderrig steeds onsamehangend en teoreties was en nie sy oorsprong en aansluiting vir die werklikheid by die natuur gevind het nie en van sistematiese waarneming was daar weinig sprake. Sodanige onderrig het eerder die teenoorgestelde uitwer- king gehad as wat juis beoog was, naamlik om 'n begrip en liefde vir die natuur te wek. 30)

In Julie 1925 het die Transvaalse Onderwysdepartement, op aanbe- veling van die Inspekteur vir Landbouonderwys, begin met 'n

27) T.O.D. Jaarverslag, 1913, p. 9.

28) T.O.D. Jaarverslag, 1914, p. 70, 71.

29) T.O.D. Jaarverslag, 1916, p. 56, 57.

MORAN, H.C. a.w., p. 47.

30) T.O.D. Jaarverslag, 1925, p. 86, 87.

uitgebreide reeks vakansiekursusse vir diensdoende onderwysers aan die Potchefstroomse Landboukollege. Die volledige kursus het bestaan uit vier vakansiekursusse en eksamens is afgelê. Aan die einde van die tweede en vierde kursusse sou hulle 'n toelaag van R20 per jaar ontvang na suksesvolle aflegging van elke eksamen. ³¹⁾

Hierdie kursusse het die onderwysers nie alleen in beperkte mate beter toegerus vir die onderrig van die elementêre landbou nie, maar het hulle ook beter toegerus vir die onderwys in die algemeen op die platteland: Hulle het 'n begrip ontwikkel vir die plattelandse situasie en probleme van die ouers en kon dikwels raad en voorligting gee en op dié wyse groter samewerking bewerkstellig, terwyl die onderwyser se aansien en prestige op die platteland ook verhoog is. ³²⁾

Die toelae wat die Departement betaal het vir suksesvolle voltooiing van die kursusse is egter gestaak. Dit het gelêi tot 'n afname in belangstelling a.g.v. die feit dat die onderwysers nie alleen vakansies moes opoffer nie, maar ook werklike onkoste gehad het om die kursusse by te woon. ³³⁾

7.9.2. LANDBOUKUNDE DEEL VAN DIE KURRIKULUM VIR OPLEIDING VAN ONDERWYSERS

Vanaf 1925 kon kandidate ook Landboukunde as vak neem vir die Transvaalse Onderwysersderdeklassertifikaat. ³⁴⁾ In dieselfde jaar het die prinsipaal van die Potchefstroomse Onderwyskollege in sy verslag melding gemaak van die verwesenliking van die ideaal van 'n landboukursus. Twaalf studente wat gedurende 1925 die eerstejaar B.Sc.-kursus gevolg het in Natuurkunde, Skeikunde, Plantkunde en Dierkunde sou gedurende 1926 'n intensiewe jaar-kursus aan die proefplaas meemaak in die tweedejaarkursus vir die Landboudiploma. Na afloop van die kursus sou die studente dan na die onderwyskollege terugkeer om die professionele werk vir die onderwysdiploma af te handel. ³⁵⁾ Vanaf 1927 is die

31) T.O.D. Jaarverslag, 1927, p. 75, 76.

32) T.O.D. Jaarverslag, 1930, p. 73, 74.

33) MORAN, H.C. a.w., p. 54.

34) T.O.D. Jaarverslag, 1925, p. 176.

35) Ibid., p. 71.

jaarkursus aan die Potchefstroomse Landboukollege gewysig om 'n spesifieke kursus vir onderwysers te vorm en twaalf studente het ingeskryf. 36)

Na 1930 was 'n graadkursus die enigste opleiding vir onderwysers met die oog op landbouonderrig. 37)

7.9.3. 'N GEKOMBINEERDE GRAAD- EN DIPLOMAKURSUS

Gedurende 1925 en 1926 het altesaam nege studente ook begin om 'n vyfjarige gekombineerde kursus vir die graad B.Sc. Agric. en Onderwyserssertifikaat te volg. Die professionele opleiding het aan die Pretoriase Onderwyskollege geskied en die opleiding vir die graad aan die Transvaalse Universiteitskollege. Gedurende 1926 het laasgenoemde egter 'n vierjarige B.Sc. Agric.-graadkursus - Onderwyskeuse ingestel wat ook professionele opleiding ingesluit het. Dit blyk egter dat slegs een van die ses studente wat uiteindelik die een of ander van die twee kursusse voltooi het, elementêre landboukunde op 'n plattelandse skool onderrig het. Vanaf 1930 tot 1935 en selfs later, was daar geen inskrywing vir die graadkursus nie. 38)

Landboukunde kon nie in die sekondêre skool tot sy reg kom nie a.g.v. gebrek aan behoorlik opgeleide onderwysers, wat oor 'n B.Sc. Agric.-graad beskik het. Buitendien was daar indertyd reeds gunstiger finansiële omstandighede vir persone met dié kwalifikasie, sodat selfs voornemende onderwysstudente weggelok is na ander instansies na voltooiing van hulle graad. 39)

Die feit dat daar weinig belangstelling in landbouonderwys was op die sekondêre skoolvlak, en dat landbou as vak by 'n klein getal inrigtings aangebied is, het waarskynlik ook meegewerk dat die kwessie van opleiding van landbouonderwysers eers weer in die vyftigerjare aandag ontvang het.

36) T.O.D. Jaarverslag 1927, p. 77.

37) MORAN, H.C. a.w., p. 55.

38) MORAN, H.C. a.w., p. 50.

39) T.O.D. Jaarverslag, 1927, p. 75, 76.

Dit was die komitee insake landbouonderwys wat in 1953 verslag uitgebring het, wat weer die aandag op die noodsaaklikheid van opgeleide onderwysers vir landbouonderrig gevestig het. Hoewel die komitee die oprigting van nog hoër landbouskole bepleit het, kon daar volgens die komitee geen vordering met landbouonderwys gemaak word voordat die nodige gekwalifiseerde personeel gevind sou word vir die verskillende hoër landbouskole nie. ⁴⁰⁾

Die komitee het die posisie in 1953 soos volg vasgestel:

Van die 15 onderwysers wat in besit van landbougrade was, was vyf reeds verbonde aan die landbouhoërskole te Brits en Amsterdam. Vier was hoofde van skole en dit was te betwyfel of die oorblywende ses beskikbaar sou wees vir poste aan skole waar hulle nodig sou wees. Dit het ook geblyk dat geen nuwe rekrute met 'n landbougraad by die onderwys aangesluit het nie.

Die komitee het 'n graad in landbou as 'n vereiste beskou vir onderwysers wat belas was met landbouonderwys. ⁴¹⁾

Die komitee het aanbeveel dat aantreklike studiebeurse beskikbaar gestel moes word aan leerlinge wat hulle as landbouonderwysers aan universiteite wou bekwaam, en dat spesiale toekennings gemaak moes word aan leerlinge wat goed in landbou presteer het by die aflegging van die Eindsertifikaateksamen en 'n onderwysersopleidingskursus wou gaan volg. ⁴²⁾ Op grond van hulle aanbevelings is daar in 1955 beurse van R300 per jaar deur die Provinsiale Administrasie van Transvaal ingestel vir studente wat hulle as landbouonderwysers wou bekwaam. Kandidate moes 'n ooreenkoms aangaan waarkragtens hulle gebind sou wees om die Transvaalse Onderwysdepartement na voltooiing van hulle kursus, minstens drie jaar lank as onderwysers te dien. ⁴³⁾ Die toekenning van die beurse is later egter gestaak.

40) T.O.D. Verslag van Komitee insake Landbouonderwys, 1953, p. 61.

41) Loc.cit.

42) Ibid., p. 62.

43) T.O.D. Jaarverslag, 1955, p. 11.

Die komitee wat in 1968 ondersoek ingestel het na landbouonderwys het bevind dat hoofde van die hoër landbouskole ten gunste was van 'n landbouopleiding waarin die vakke vir die graad so gekies kon word dat die onderwyser behalwe landbou ook 'n ander skoolvak sou kon onderrig, m.a.w. 'n eerste of liefs tweedejaar-kursus in verwante vakke sodat die onderwyser ook Wiskunde, Biologie, Natuur- en Skeikunde of ander vakke kon onderrig. Ten einde die praktiese landbouaktiwiteite op 'n gesonde, opvoedkundige en vakkundige grondslag te laat vlot, was meer landbouopgeleide personeel nodig as wat vir die teoretiese onderrig in die klasse noodsaaklik was. ⁴⁴⁾

Vanaf die begin van 1972 is daar twee moontlikhede vir studente om as landbouonderwysers te kwalifiseer, naamlik:

- (a) 'n vyfjarige kursus vir die graad B.Sc. Agric. en Hoër Nasionale Onderwysdiploma.
- (b) 'n vierjarige Nasionale Onderwysdiplomakursus, met 'n spesialisering in landbou, wat bv. by die Universiteit van Pretoria aangebied word. Hierdie diplomakursus kan ook gevolg word deur kandidate wat die Eindeksamen vir die Middelbare Skool geslaag het en wat dus nie tot die graadkursus toegelaat kan word nie. ⁴⁵⁾

7.10. DIE AANDEEL VAN DIE GEORGANISEERDE LANDBOU

Die belangstelling van die georganiseerde landbou in landbouonderwys het voortgeduur.

Die Transvaalse Landbou-unie het 'n spesiale Onderwyskongres te Pretoria gehou op 30 Oktober 1954 waarop die Van Wyk-verslag insake Landbouonderwys bespreek en aanvaar is. Voortvloeiende uit die verslag het veral twee aspekte hulle steun ontvang, nl.

- 44) T.O.D. Verslag van Ondersoek na Landbouonderwys in Transvaal, 1968, p. 19.
- 45) Universiteit van Pretoria, Fakulteit Opvoedkunde, Besonderhede van die Onderwysersopleiding in die verskillende onderwyskategorieë vanaf 1972, p. 1, 19 - 21.

ondersteuning van landbouonderwys op die sekondêre onderwysvlak en die opleiding van landbouonderwysers. Daar is dan ook besluit dat:

- (i) 'n ernstige versoek aan alle affiliasies gerig sou word om 'n beroep op boere te doen om hulle kinders na Landelike Hoërskole te stuur en om hulle seuns en dogters aan te moedig om hulle vir landbouloopbane aan universiteite te bekwaam.
- (ii) die Departement van Onderwys en die Departement van Landbou gevra sal word om beurse beskikbaar te stel vir studente wat hulle self as landbou- of huishoudkundeonderwyser/esse wil bekwaam.
- (iii) die Universiteit van Pretoria gevra sal word om die nodige opleidingsfasiliteite te skep vir studente wat hulle as landbouonderwysers wil bekwaam. ⁴⁶⁾

Die Transvaalse Landbou-unie het vroeg reeds oorgegaan tot die stigting van 'n sg. Onderwyskomitee, wat o.m. aan plattelandse onderwys in die algemeen en landbouonderwys in die besonder, aandag gegee het.

By geleentheid het die Komitee dit vermeld dat die oorsaak van die ontvolking van die platteland moontlik geleë was in die feit dat die onderwys van die plattelandse kind nie daarin geslaag het om sy plek in sy eie omgewing as gelukkige en volwaardige mens te laat inneem nie. ⁴⁷⁾ Dit het natuurlik ook impliseer dat die boerse opleiding nie aan die vereistes voldoen het om hom in staat te stel om by sy omgewing aan te pas en dit doeltreffend te beheers nie. Aangesien dit juis een van die doelstellings van landbouonderwys was, behoort daar vasgestel te word tot watter mate dit ook die geval was met die kind en boer wat sekondêre onderwys aan 'n hoër landbouskool ontvang het.

46) Transvaalse Landbou Unie, Verkorte verslag van 'n spesiale onderwyskongres van die T.L.U., Pretoria, 30 Oktober 1954, p. 1.

47) Transvaalse Landbou Unie, Notule van Onderwyskomitee-vergadering, 14 Junie 1955, p. 1 e.v.

Die Komitee het ook in 1956 kennis geneem dat die Distriks-Landbou-unies in Wes-Transvaal nie gereageer het op die skrywe om vas te stel of hulle die totstandkoming van 'n landbouhoërskool op Sannieshof sou steun nie. In die vergadering is die bewering gemaak dat die boerende gemeenskap landbouopleidingsentrums as minderwaardig beskou het, o.m. vanweë die feit dat landboukunde nie as vrystellingsvak, met die oog op Universiteitsvrystelling, erken is nie. Daar is besluit om andermaal 'n ernstige versoek aan die boerende gemeenskap te rig om landbouonderwys in Transvaal te bevorder. Die Algemene Raad van die T.L.U. sou gevra word om hom uit te spreek oor die feit dat landbouonderwys gebrek aan steun van die boerende bevolking ondervind het. 48)

Dit het ook geblyk dat daar nog misverstand was, nl. as sou hoër landbouskole boere opgelei het en dat kinders wat nie boere wou word nie, benadeel sou wees, of 'n agterstand sou hê indien hulle hulle sekondêre onderwys aan landbouhoërskole ontvang het. 49)

Die onderwyskomitee het ook in 1961 aanbeveel dat die T.L.U. ver- toë moes rig dat suksesvolle standaard tierkandidate van landbou- hoërskole voorkeur moes geniet by die toekenning van beurse vir studie in die landboubedryf. 50)

In 1968 het die Transvaalse Landbou-unie versoeke aan al die hoër landbouskole gerig om Junior Boereverenigings te stig sodat leer- linge die geleentheid kon hê om landbousake te bespreek en ook deur persone van buite toegesprek te word. So sou daar by hulle gedurende die sekondêre onderwysfase reeds 'n belangstelling gekweek word in die aktiwiteite van georganiseerde landbou. 51)

48) Transvaalse Landbou Unie, Notule van Onderwyskomitee vergadering, 28 November 1956, p. 1. e.v.

49) T.L.U., Notule van Onderwyskomiteevergadering, 19 Junie 1957, p. 2.

50) T.L.U., Notule van Onderwyskomiteevergadering, 27 Januarie 1961, p. 1.

51) T.L.U., Notule van Onderwyskomiteevergadering, 14 November 1968, p. 4.

Op 1 November 1971 het die Transvaalse Landbou-unie weer 'n onderwyskonferensie te Pretoria gehou. In die besprekings wat daar plaasgevind het, is dit genoem dat landbouopleiding in twee stadiums verloop, nl. 'n opleidingsfase en daarna 'n aanpassingsfase. Die opleidingsfase is eenmalig en het ten doel om die basiese wetenskaplike kennis en beginsels, asook vaardigheid te verskaf, en die regte gesindheid vir verdere studie aan te wakker.

Die oortuiging is uitgespreek dat die kernsillabusse vir die landbouvakke in die besonder, en die kurrikulum aan die hoër landbouskole in die algemeen uitmuntend geskik en in standaard en omvang voldoende was om die belangrikste rol in die primêre opleidingsprogram van die voornemende boer te vervul -- sonder om algemeenvormende onderwys in die proses in te boet. Daar was begrip vir die feit dat landbouskole, soos dit toe georganiseer is, geen opleidingsentrum vir boere is nie, maar onderwys- en opvoedingsinrigtings. ⁵²⁾

Die indruk word gelaat dat die belangstelling van die kant van die georganiseerde landbou in die verlede hoofsaaklik geopenbaar is wanneer nuwe ontwikkelings of verwikkelinge reeds beplan was, of besig was om plaas te vind, of reeds uitgevoer was, terwyl dit 'n baie belangrike faktor en stimulus behoort te wees wat die ontwikkeling van landbouonderwys meer dikwels behoort te inisieer. Die georganiseerde landbou verkeer in 'n unieke posisie om die belangstelling van die landbouer daarvoor te verseker.

52) T.L.U., Verslag van die Onderwyskonferensie, 1 November 1971, p. 2.

HOOFSTUK 8'N EVALUERING EN KRITIESE BESKOUING VAN DIE HUIDIGE
POSISIE VAN LANDBOUONDERWYS8.1 'N ENKELE ASPEK VAN DIE WĒSE VAN SEKONDÊRE ONDERWYS

Opvoeding is inderdaad opvoeding-tot-die-lewe, want deur die opvoeding moet die kind toegerus word om later as volwassene, d.w.s. verantwoordelike en selfstandige mens, sy materiële wêreld op 'n verantwoordbare wyse te beheers, wat volgens ons Christelike-nasionale lewensbeskouing daarin bestaan dat hy dit tot eer van God en in diens van sy naaste doen.

Sekondêre onderwys het dus ook die spesifieke taak om die kind t.o.v. sy toekomstige beroep toe te rus. Die manier waarop die kind toegerus word, en die inhoud en aard van die toerusting, word bepaal deur die aard van die sekondêre onderwys. Jooste sê dat die beginsel dwarsdeur die wêreld erken en aanvaar word dat dit nie die taak van die sekondêre onderwys is om beroepsopleiding te bied van 'n aard waardeur "afgeronde" vakmanne of beroepslui na "voltooiing van sekondêre onderwys afgelewer word nie." ¹⁾ Sekondêre onderwys is algemeen-vormende kulturele onderwys met 'n sterk klem op die opvoedingsaspek. Wat die beroepsaspek betref is sekondêre skole voorberoepsinrigtings, en is die benadering dat bepaalde vakke as beroepsgerigte vakke beskou kan word, vanweë die feit dat die onderrig van dié vakke op die sekondêre onderwysvlak 'n beroeps-agtergrond vir verdere noodsaaklike tersiêre of indiensopleiding bied. ²⁾ Hierdie agtergrond word gevorm deur die integrering van wetenskaplike kennis en basiese vaardighede. Baie belangrik is egter die feit dat hierdie vakke noodgedwonge, omdat hulle ingesluit word in die kurrikulum vir sekondêre onderwys, in die eerste plek ook opvoedingswaarde moet lê, m.a.w. dat die onderrig

1) Transvaalse Landbou-unie, Notule van Onderwyskomitee-vergadering, 18 Maart 1970, p. 9. e.v.

2) T.O.D. Inligtingstuk: Die Hoër Landbouskool, p. 1.

van hierdie vakke nie alleen 'n bydrae lewer tot die verstandelike vorming en ontwikkeling van die kind nie, maar ook tot sy biologiese aanpassing as lewende wese by die omgewing, en sy gesonde liggaamlike, geestelike, sosiologiese, politiese, estetiese, sedelike en religieuse vorming, groei en ontwikkeling.

Landbouonderwys het ontwikkel om aan hierdie vereistes te voldoen, soos hierna aangetoon sal word.

8.2 DIE KURRIKULUM VIR LANDBOUONDERWYS

Godsdiensonderrig, Voorligting, Liggaamlike opvoeding, Boekopvoeding, Skoolmusiek en Kuns is die belangrikste nie-eksamenvakke wat deel van die kurrikulum uitmaak.

Die verpligte vakke in standerds ses tot agt is die volgende:

Afrikaans
Engels
Algemene Wetenskap
Rekenkunde (In standerd ses: Algemene Wiskunde)
Geskiedenis
Aardrykskunde (in standerd ses)
Plaaswerktuigkunde en
Algemene Landboukunde.

Die keusevakke sluit die volgende in:

Wiskunde
Duits
Boekhou
Handel

In **standerds nege en tien** is **Afrikaans en Engels** verpligte eksamenvakke en is die volgende eksamenvakke in die kurrikulum as keusevakke ingesluit:

Wiskunde
Natuur- en Skeikunde
Biologie

Duits
 Geskiedenis
 Rekeningkunde
 Handel
 Ekonomie
 Kuns
 Instrumentale Musiek
 Akkerboukunde
 Veekunde
 Plaaswerktuigkunde

Behalwe die twee amptelike tale is minstens een van die drie genoemde landbouvakke verpligtend. ³⁾

'n Ontleding van hierdie kurrikulum, veral t.o.v. die aard van sekondêre onderwys, bring die volgende aan die lig:

* Die insluiting van soveel nie-beroepsgerigte vakke en die feit dat slegs twee landbouvakke tot standerd agt en een landbouvak in standerds nege en tien verpligtend is beklemtoon die uitgangspunt van algemeen-vormende kulturele onderwys wat ten grondslag lê, en oortuig ook van die moontlikheid om al die genoemde doelstellings van die onderwys daardeur te verwesenlik.

* Die kurrikulum differensieer grootliks na binne, omdat 'n leerling in standerds nege en tien, een, twee of drie landbouvakke in die minimum van ses eksamenvakke kon insluit. Hierdie differensiasie na binne maak dit moontlik om die kursus in 'n baie hoë mate aan te pas met die oog op uiteindelijke beroepskeuse.

Vir tersiêre studie met die oog op 'n graad in 'n landbourigting, insluitend Veeartsenykunde, is die eerste jaarvakke feitlik sonder uitsondering Fisika, Chemie, Plantkunde en Dierkunde. 'n Leerling kan nie 'n beter keuse maak as Afrikaans, Engels, Wiskunde, Natuur- en Skeikunde, Biologie en Akkerboukunde of Veekunde,

3) T.O.D. Inligtingstuk. Die Hoër Landbouskool, p. 2, 3.

afhangende van die besondere rigting van studie. Hierdie vakversameling bied die leerling die beste toerusting van wetenskaplike kennis en agtergrond vir sodanige studie. ⁴⁾ Dit moet beklemtoon word dat die een enkele landbouvak 'n unieke bydrae lewer tot die wetenskaplike kennis en agtergrond, beide wat teoretiese inhoud en praktiese aktiwiteit betref, wat vir die leerling van besondere waarde kan wees.

Indien 'n leerling in Landbouingenieurswese wil bestudeer, is Plaaswerktuigkunde 'n aangewese keusevak in die plek van Biologie, en met die oog op die bestudering van Landbouekonomie en -bemarking kan Ekonomie in die plek van Biologie ingesluit word.

Die landboustudierigting bied vanselfsprekend ook die beste agtergrond vir studie aan 'n landboukollege met die oog op 'n landboudiploma, of bv. studie vir landboutegnici en -tegnoloë. In lg. geval word die insluiting van twee landbouvakke wensliker, omdat die studie meer landbougerig raak en die agtergrond wat die landbouvakke bied dus van groter belang word. Daarby is die studie vir die verwerwing van die diploma en die kursus vir tegnici nie in dieselfde mate gerig op die wetenskaplik-teoretiese beginsels, soos by universitêre studie nie, maar ook op die prakties-wetenskaplike beginsels en toepassing daarvan in die praktyk.

Wanneer die leerling hom in die eerste plek meer tot die praktiese landbou gaan wend, kan Akkerbou, Veekunde en Plaaswerktuigkunde in die vakversameling ingesluit word. Op dié wyse word gedurende die sekondêre onderwysfase 'n teoretiese en praktiese grondslag gelê wat kan lei tot die daarstelling van 'n gesonde, wetenskaplike en ekonomiese boerderyeenheid en -bedryf. In dié verband word die noodsaaklikheid van gesindheidsvorming t.o.v. die landbou, en die

4) Transvaalse Landbou Unie, Notule van Onderwyskomitee-vergadering, 18 Maart 1970, p. 11, 12.
COETZEE, W.H.K., Skoolopleiding vir landboustudente Die Landbouweekblad, 10 Oktober 1961, p. 29.
VENTER, L.J. Landbouskole se Rol, Die Landbouweekblad, 12 Desember 1961, p. 11.

moontlikheid wat die kurrikulum daartoe bied, afsonderlik bespreek.

* 'n Belangstelling in die natuur as skepping van God en 'n belangstelling in landbou, is nie sinoniem nie. Daarom impliseer opvoeding en onderrig gedurende die sekondêre onderwysfase, in en deur die natuur, soos beliggaam in landbouonderwys, nie noodwendig dat die uiteindelijke beroepsbeoefening in 'n landbourigting moet volg nie. Dit kan ook nooit so beskou word (veral omdat dit duur onderwys is) dat dit net bedoel is vir diegene wat uiteindelik hulle bydrae op die landboukundige terrein wil lewer nie.

Die Transvaalse Onderwysdepartement is oortuig dat die omstandighede aan 'n hoër landbouskool gunstig is vir die opvoeding van die jongmens.⁵⁾ Die keusevakke in die kurrikulum maak dus voorsiening vir hierdie leerlinge om hulle sekondêre onderwys in noue aanraking met die natuur en sy heilsame en vormende invloed te voltooi en dan in ander rigtings te kan studeer en daarna 'n beroep te beoefen.

So bied Afrikaans, Engels, Wiskunde, Natuur- en Skeikunde en Biologie die agtergrond vir verdere studie in die Mediese- en Tandheelkundige rigting, Natuur- en Biologiese wetenskappe, Wiskunde en Toegepaste Wiskunde. Met Rekeningkunde in die plek van Biologie bied die vakversameling 'n agtergrond vir studie in die handelsrigting en so kan een na die ander moontlikheid vir studie in ander rigtings aangetoon word, terwyl die leerlinge ook nog in die kursus een of twee landbouvakke insluit en so die voordeel van landbouonderwys geniet.

Die sillabus vir die landbouvakke is so saamgestel dat die kennis wat verkry word nuttig in die praktyk gebruik kan word. Dit maak nie saak in welke rigting die leerling wil gaan nie. In ons land het ons altyd te doen met die grond, plante en diere.⁶⁾

5) Transvaalse Landbou Unie, Notule van Onderwyskomitee-vergadering, 18 Maart 1970, p. 11.

6) T.C.D. Inligtingsstuk: Die Hoër Landbouskool, p. 3.

Die sillabusse van Vee- en Akkerboukunde vir sts. 9 en 10 behels kortliks die volgende:

Akkerboukunde

Bodemkunde en Bemestingsleer, Plantvoeding, Bewaringsboerdery, Ekonomiese aspekte van akkerbou, Plantbeskerming, Akkerbougewasse, Groenteverbouing, Vrugtebou en Bosbou.

Veekunde

Voedingsleer, Voervoorsiening, Voorplanting, Teling, Melkbeesboerdery, Vleisbeesboerdery, Kuddeversorging Dierebeskerming, Suiwelbereiding, Ekonomiese aspekte van die Veebedryf, Pluimveeboerdery, Varkboerdery, Skaapboerdery. ⁷⁾

Elkeen van die onderwerpe bevat wetenskaplike, landboukundige beginsels wat as grondslag vir verdere studie dien en ook intellektuele ontwikkeling en insig bevorder en stimuleer. As voorbeeld word genoem die besonderhede wat in verband met voeding behandel word.

1. Voedselbestanddele en hulle funksies:

- 1.1 Water
- 1.2 Koolhidrate: Bronne en verteerbaarheid van verskillende koolhidrate.
- 1.3 Proteïene: Kwaliteit van proteïene. Belangrikheid van dierlike proteïene in die rantsoene van diere. Vernaamste bronne.
- 1.4 Vette: Waarde en bronne.
- 1.5 Minerale: Vernaamste minerale benodig. Gevolge van kalk- en fosfortekort by diere. Voorsiening van minerale. Belangrikheid van mikro-elemente met verwysing na die volgende: koper, kobalt en mangaan. (Gebreksiekte wat ontstaan en aanvulling).

7) Ibid., p. 4.

- 1.6 Vitamines: Belangrikheid van vitamines in die voorkoming van gebreksiektes met verwysing na vitamine A, C en D en tiamien. Bronne. Omstandighede waaronder diere gebrek sal hê aan vitamines.
2. Elementêre studie van spysverteringskanaal van die herkouer en die hoender.
3. Die vertering en absorpsie van voedsel by die herkouer en die hoender.
4. Terme wat gebruik word by die voeding van diere. Verteerbaarheid van voedselbestanddele, totale verteerbare voedselbestanddele, droë materiaal, energiewaarde, gebalanseerde mengsels en rantsoene. Onderhoud- en produksierantsoene.
5. Algemene beginsels betreffende die voer van vee. Voedingsvereistes van die diereliggaam:

Onderhoud van die liggaam, groei, embrionale ontwikkeling, produksie en werk. (Verwys na voedingstandaarde).

Die samestelling van die diereliggaam (water, koolhidrate, vette en proteïene - organiese en asbestanddele).
6. Bestanddele en samestelling van gebalanseerde rantsoene.

Opstel van gebalanseerde rantsoene met 'n bepaalde proteïengehalte, energiewaarde asook kalsium- en fosforinhoud.

Belangrikheid van smaaklikheid, verskeidenheid, sappigheid en lywigheid. Uitwerking op die produk en koste. ⁸⁾

Die aanbieding en onderrig word ook so wetenskaplik moontlik benader. Die plaas vorm 'n praktiese laboratorium waar kennis in die praktyk gedemonstreer en toegepas moet word en praktiese vaardighede ontwikkel word. Die praktiese werk is 'n wesenlike deel van die opleiding met betrekking tot die landbouvakke.

8) T.O.D. Finale leergang vir veekunde, standerds 9 en 10, Desember 1970, p. 5, 6.

8.3. DIE VORMENDE WAARDE VAN LANDBOUONDERWYS IN DIE ALGEMEEN

Die heilsame en vormende invloed wat die opvoeding in en deur die natuur op die mens het, word o.m. daarin openbaar dat hy 'n sterker prinsipiële benadering het omdat hy leer om te vra na die beginsels en grondslae van die lewe.⁹⁾ Die kind aan die hoër landboueskool staan dikwels voor die wonder van geboorte en groei, maar ook van sterwe, en hy ontvang sy onderrig binne hierdie lewenswerklikheid en leer so veel van die ordelikheid wat in die skepping ingeskape is en van die sin van die mens se bestaan.

Hierdie kind bewerk die grond en saai die saad, maar leer ook dat die alvermoënde God in Sy wonderlike skepping, deur Sy alwysheid, selfs in die kleinste saadjie die kiem van lewe ingeskape het, dat die koringkorrel aan homselfs sterf, maar ontkiem en 'n plantjie voortbring. Hy versorg die plant, maar leer dat hy van God afhanklik is vir die reën, die klimaatsomstandighede en die grondstowwe om die plant te voed; waardeur die plant tot wasdom groei en vrug voortbring. Hy ontwikkel begrip, liefde, respek en geneentheid vir die grond, plant en dier en word bewus daarvan dat die natuur die eer van God verkondig en dat Sy ewige krag en goddelikheid in Sy werke verstaan en duidelik gesien word.

Hy leer dat die aarde die Godgegewe grondstowwe voortbring waarvan alle lewe afhanklik is, dat die mens hierdie dinge nie kan skep nie, maar dit alleen kan verwerk en benut en hy leer ook dat die mens hierdie dinge met dankbaarheid moet ontvang, maar ook 'n besondere roeping en verantwoordelikheid het om die hulpbronne te beskerm en te bewaar.

In sy wese is dit Christelike-nasionale opvoeding en onderwys waarna Wet nr. 39 van 1967 verwys. Die natuur as Godgegewe opvoedingsmiddel bied onbeperkte en unieke geleenthede om die kind op te voed tot 'n eie Christelik-nasionale lewensbeskouing en geëbalanseerde lewenshouding.

Dis egter nie net die kind op die platteland en die voornemende

9) T.L.U. Notule van Onderwyskomiteevergadering, 18 Maart 1970, p. 11.

landbouer vir wie dit nodig is om so ingestel te wees nie. Ook die stadsmens moet geleer word om nie net agting te hê vir die masjien en die tegniek nie, maar ook vir die Godgegewe grondstowwe wat hom omring en waarvan hy afhanklik is. Ook is dit vir hom nodig om die lewensgewoonte aan te kweek om die bodem en natuurlike hulpbronne te beskerm en sy gees te verryk deur die aanskouing en belewing van die wonder van die natuur. Baie stadskinders wat die spoor byster geraak het, het opnuut die sin vir die lewe ontdek deur die opvoeding in die natuur. ¹⁰⁾ Landbouonderrig wil ook vir die stadskind van groot waarde wees.

Die afgelope jare word al hoe meer besef dat daar baie nouer samewerking, en wedersydse begrip vir mekaar se probleme moet wees tussen die stedeling en die plattelander. Begrip vir die probleme van die landbouer a.g.v. wissellende natuurtoestande en natuurrampe en die regte gesindheid teenoor die boer en die dinge waaruit en waarmee hy die volk voed, is noodsaaklik.

8.4 DIE VORMENDE WAARDE VAN SPESIFIEKE LANDBOUONDERRIG

A.g.v. die praktiese benadering van die landbouvakke en die deelname aan die praktiese landbouaktiwiteite, ontwikkel die leerlinge nie net persoonlike vaardighede nie, maar lewer landbouonderrig 'n belangrike bydrae tot karaktervorming en goeie burgerskap. ¹¹⁾

Deur die versorging van plante en diere word 'n sterk verantwoordelikeheidsin ontwikkel. Deur sinvolle waarneming, onderrig en interpretasie van prosesse word 'n wetenskaplike gesindheid gekweek. Deur die praktiese werk word arbeidsaamheid, selfwerksaamheid, deeglikheid, die regte gesindheid teenoor hande-arbeid, selfstandigheid, selfvertroue en ander deugde ontwikkel.

Die probleme wat in die praktiese boerdery opduik, dwing die leerlinge om 'n aktiewe, aanvallende lewenshouding teenoor uitdagings te openbaar. Die noodsaaklikheid en vrug van beplanning en doeltreffende bestuur, die samehang van oorsaak en gevolg, voorreg

¹⁰⁾ Ibid., p. 11.

¹¹⁾ T.O.D. Inligtingstuk: Die Hoër Landbouskool, p. 4.

en verantwoordelikheid en ook van spanwerk, onderlinge same-
werking en hulpverlening is faktore wat bydra tot die vorming
van 'n ewewigtige persoonlikheid.

Die leerling saai en versorg nie net nie, maar belewe ook deur
pligsbetragting, toewyding en volharding die vreugde en sukses
van oesinsameling, arbeidsvrug en arbeidsgenot.

Deur die praktiese eksamens word nie net organisasie- en bestuurs-
vermoë ontwikkel nie, maar word die leerling ook in die geleent-
heid, en voor die verantwoordelikheid gestel om gesonde mense-
verhouding, insluitende die verhouding tot die Bantoes, te kweek
en te bestendig. ¹²⁾

8.5. DIE WAARDE VAN LANDBOUONDERWYS AS VOORBEROEPSOPLEIDING

Van tyd tot tyd is die vingers na die onderwys gerig en is beweer
dat die kind nie behoorlik toegerus is om 'n gelukkige lewensbestaan
op die platteland, en veral dan in die boerdery te vind nie. Die
verslag van die Carnegie Kommissie oor die armbankevraagstuk het
dit bevestig. So onlangs as 1955 het die georganiseerde landbou
die gedagte uitgespreek dat die onderwys op die platteland moontlik
nie daarin slaag om die kind in sy eie omgewing 'n gelukkige mens
te maak en sy plek in sy eie omgewing as volwaardige mens te laat
inneem nie. ¹³⁾ Tereg het dr. P.W. Vorster, Assistent-direkteur
van Landbou-Tegniese Dienste in 1956 geskryf:

"Die toekoms van die landbou in Suid-Afrika sal nie alleen
afhang van die welslae waarmee probleme wat die produksie
beperk met die hulp van die wetenskap en die tegniek onder
die knie gebring word nie, maar grotendeels ook van die
menslike faktor. Dit gaan hier oor die belangrike vraag:
wie gaan die boere van die toekoms wees en hoe goed sal
hulle vir hul taak toegerus wees?

12) T.O.D. Verslag van ondersoek na landbouonderwys in
Transvaal, 1968, p. 6, 7.

13) Transvaalse Landbou-unie, Notule van Onderwyskomitee-
vergadering, 14 Junie 1955, p. 1. e.v.

Kennis, hoe belangrik dit ookal mag wees, maak nog nie die hele wapenrusting van die boer uit nie. Veral vir die Suid-Afrikaanse boer, is dit nodig dat die gesindheid van die hart teenoor die boerdery ook reg moet wees m.a.w. die liefde vir die plaas, die gevoel van gebondenheid aan die bodem, moet as voorvereiste vir die boer van die toekoms gestel word. Dit was die geheime krag in ons boerderybedryf in die verlede. Dit het ons vaders in staat gestel om haas onoorkomelike moeilikhede te bowe te kom en om tegelykertyd ook die draers van die Westerse beskawing na die binneland van Suidelike Afrika te wees." 14)

In die lig van wat vroeër in hierdie hoofstuk gesê is, behoef dit egter geen betoog om te beweer dat landbouonderwys in Transvaal juis dit ten doel stel, naamlik om wetenskaplike kennis en die noodsaaklike gesindheidsvorming teenoor die landbou en plattelandse leefwyse in die onderrig te integreer. Landbouonderwys is die enigste komponent van sekondêre onderwys wat die moontlikheid bied om hierdie funksie te vervul, omdat dit oor die milieu beskik wat nodig is om die doelstellings te verwesenlik. 15)

Beroepsoriëntering t.o.v. die landbou sluit vele aspekte in soos byvoorbeeld liefde vir die natuur, die wil en begeerte om aan die bodem gebonde te wees en dit te bewerk, 'n besef van die ordelikeid wat in die natuur ingeskape is, begrip van die kragte wat in die natuur werk en die lewens- en ander prosesse wat plaasvind, ontdekking van die beginsel om in harmonie met die natuur te boer as die geheim tot 'n suksesvolle boerderyonderneming.

Dit behels ook verder o.m. 'n basiese landboukundige kennis en 'n bewuste, bedoelde, planmatige en doeltreffende bekendstelling van al die fasette wat die eenheid van die boerdery vorm en 'n pers-

14) VORSTER, P.W. 'n Heerlike Taak, Boerdery in Suid-Afrika, Oktober 1956, Deel 32, Nr. 7, p. 5, 6.

15) Die Landbouweekblad, Landbou skole voorsien agtergrond, 14 November 1961, p. 11.
Department of Agricultural Technical Services,
Report of the Departmental Committee of Investigation
into Agricultural Education, October 1960, p. 17, 19.

pektief op die onderlinge en oorkoepelende verband tussen die verskillende fasette of aspekte.

'n Belangrike aspek van die oriëntering is dat dit nie net teoreties van aard is nie, maar sover moontlik in die praktyk verwesenlik word. Die leerling moet self deel daaraan hê, sodat hy in sy toekomstige situasie ingroei en sy beroepsbeoefening net 'n voorsetting van sy ervaringswêreld word. Hy moet deurleef word van die ideale en moontlikhede van sy toekomstige leefwêreld. Hy moet toegerus wees met basiese kennis en vaardighede, en sodanig ingestel wees op sy leefwêreld dat hy dit verantwoordbaar beheers, tot eer van God en voordeel van sy naaste, terwyl hyself die gevoel ervaar dat sy eie menswaardigheid, diensbaarheid en selfrespek deur roepingsvervulling gevoed word.

Die sillabusse vir die landbouvakke en die wyse waarop die leerlinge by die praktiese werk ingeskakel word, skep op 'n besonderse wyse die geleentheid om hierdie doelstellings te verwesenlik.

Wie in hierdie opsig na 'n leemte in die onderwys wil verwys, sal opnuut vir homself rekenskap moet gee van die doel en strewe en die moontlikhede wat landbouonderwys inhou, en erken dat die probleem nie by die onderwys lê nie, maar by onkunde betreffende die aard, wese en waarde van dié soort onderwys en 'n gebrek aan ondersteuning daarvan.

'n Komitee van die Departement van Landbou-Tegniese Dienste wat in 1960 landbouonderwys ondersoek het, was beïndruk deur landbouopleiding op die sekondêre onderwysvlak. Die komitee het baie gunstig rapporteer oor die aard en omvang van die opleiding en verklaar dat sekondêre landbouonderwys 'n belangrike bydrae lewer tot die opleiding van toekomstige landbouers en die oortuiging uitgespreek dat hoër landbouskole die belangrikste aandeel t.o.v. sodanige opleiding in die toekoms moet vervul. ¹⁶⁾

Dié komitee het myns insiens ook tereg verklaar dat die sekondêre onderwysfase die belangrikste periode vir oriëntering in die landbou is. ¹⁷⁾ Gedurende hierdie jare is die kind besonder ontvanklik en

16) Ibid., p. 19.

17) Ibid., p. 20.

vatbaar vir indrukke, voorkeure en afkeure en dis die jare waarin die liefde vir die bodem of die vervreemding daarvan gemanifesteer word. Dit is ook die jare waarin die kind se belangstelling en aanleg sodanig beslag kry dat dit tot beroepskeuse lei.

8.6. DIE SLAG VIR (OF TEEN) LANDBOUONDERWYS WORD BY DIE HOER LANDBOU-SKOOLOO GELEWER

Wat tot dusver gesê is t.o.v. die doelstellings en strewe, die aard en wese en waarde van landbouonderwys, beklemtoon die hoër eise wat aan die soort skool gestel word.

Enersyds moet die nie-landbougerigte vakke met sukses onderrig word, om daarmee hulle belangrikheid in die kurrikulum te bevestig, en daarmee saam moet hierdie skole ook geleentheid bied vir die beoefening van verskillende sportsoorte en kulturele binne- en buitemuurse bedrywighede. Andersyds, en net so belangrik, indien nie belangriker nie, moet die landbouonderrig suksesvol verloop. In die klaskamer stel die onderrig van die landbouvakke moontlik hoër eise as ander vakke omdat dit 'n toegepaste wetenskap is wat vereis dat die onderwys voortdurend op die hoogte van nuwe kennis, navorsingresultate en ontwikkelings, asook van verbeterde boerderymetodes en -tegnieke moet wees.

Die geslaagdheid of mislukking van die boerdery is egter 'n ewe belangrike maatstaf waaraan die sukses van die landbouonderrig gemeet word en in hierdie opsig stel landbouonderrig eise aan die personeel en leerlinge, buite die klaskamer, laboratorium, sentrum of werkswinkel wat in geen ander geval van sekondêre onderwys geld nie.

Buite die klaskamer moet die boerderypraktik op die lees van die teorie in die klaskamer geskoei wees en sukses moet dan ook nie uitbly nie, sodat die beginsels en toepassing van die teorie in die praktik bevestig kan word. Die boerdery aan 'n hoër landbou-skool moet die "ideale toestand" t.o.v. elke vertakking vertoon en ook aan die eise van 'n ekonomiese onderneming voldoen. Dit gebeur juis dat die leerling, terwyl hy nog studeer, sy kennis byvoorbeeld aan sy boerende vader oordra. Hierdie kennis moet dan op grond van die sukses in die praktik vir ander aanvaarbaar wees en in die opsig moet die skool sy boerdery kan verantwoord. Hiermee word bedoel dat die

betrokke personeellede bv. die keuse van 'n bepaalde kultivar, die wyse waarop die grond voorberei word, plantmetode, besproeiings- en bemestingsproses, verdere bewerking ens. op erkende en beproefde beginsels moet grond. So gesien, moet die boerdery nie net by die leerlinge, maar ook by die gemeenskap vertrouwe inboesem en uiteindelik ook dien as ligpunt vir die verspreiding van gesonde wetenskaplike boerderybeginsels, metodes en tegnieke.

Die boerdery wat so 'n karakter vertoon, bevestig en getuig ook van die gehalte van die onderrig in die klaskamer. Uit 'n opvoedkundige oogpunt beskou, is dit noodsaaklik dat die boerdery sodanige beeld moet vertoon, want teorie en praktyk mag in hierdie geval mekaar nie weerspreek nie.

Om hiertoe in staat te kan wees, is dit nodig dat die onderwysowerheid die basiese geboue en toerusting ens. by elke skool moet voorsien en in hierdie opsig moet die nodige doeltreffende geboue by etlike skole nog voorsien word.

Selfs met die doeltreffendste geboue en toerusting mag sodanige karaktertrekke egter by die boerdery ontbreek, want hierdie karakter word nie deur die aanwesigheid daarvan verseker nie, maar deur die feit dat die boerdery die stempel dra van 'n kwaliteit van arbeid wat getuig van die grootste en volgehoue toewyding van personeel, leerlinge en almal wat daarvoor verantwoordelik is.

Die feit dat landbouopleiding van al groter en beslissender belang in die toekoms sal word, en die aanslag wat op die jeug gemaak word, wat die aftakeling van alle sedelike norme, lewenswaardes, kultuur, godsdiens en die lewenswyse van die volk, ten doel stel, sal daar nog meer eise aan die personeel van hierdie skole gestel word, nl. om binne sowel as buite die klaskamer, die onbeperkte moontlikhede van die opvoeding ten volle te ontgin en tot beskikking van die kind te stel.

8.7. STATISTIEK I.V.M. ENKELE ASPEKTE VAN DIE INGESKREWE LEERLINGE (SEUNS) BY HOËR LANDBOUSKOLE IN TRANSVAAL IN 1972

Gedurende 1972 is vraelyste aan die hoofde van die agt bestaande hoër landbouskole gestuur en het die seuns gegewens verstrek waaruit die volgende inligting verkry is.

8.7.1. BYWONINGSYFERS

In die volgende tabel word die getal seuns van standerds ses tot tien, wat die hoër landbouskole om verskillende genoemde redes bywoon, by elke rede uitgedruk as persentasie van die totale getal seuns in die skole in 1972.

Seuns wat die skole besoek	Getal	Persentasie van die totale getal seuns
(a) wat in landbou belangstel.	1 290	62,9%
(b) wat nie in landbou belangstel nie, maar die skool besoek omdat dit 'n omgewingsskool is.	339	16,5%
(c) wat nie in landbou belangstel nie, maar die skool besoek omdat 'n ouer broer of suster die skool besoek of besoek het.	102	5,0%
(d) wat nie in landbou belangstel nie, maar die skool besoek omdat daar 'n koshuis is.	180	8,8%
(e) wat nie in landbou belangstel nie, en om ander redes die skool besoek.	<u>141</u>	<u>6,8%</u>
(f) Totale getal seuns:	2 052	100%

* Die vernaamste redes wat deur hoofde genoem is by (e) was die volgende:

- (i) Ouers verkies landbouonderwys ter wille van algemeen-vormende kulturele waarde daarvan.
- (ii) Ouers verkies plattelandse milieu vir opvoeding van hulle kinders.
- (iii) Ouers beskou die skool as 'n goeie skool. (Goeie dissipline, gereelde studietye en groter geleentheid vir individuele aandag aan leerlinge a.g.v. kleiner getalle in vergelyking met gewone sekondêre skole, word as redes aangevoer waarom dit as 'n goeie skool beskou word.)

Enkele opmerkings in verband met die gegewens in die tabel.

* 62,9% van die seuns wat in 1972 in hoër landbouskole onderrig ontvang het, het 'n belangstelling in landbou. Daarteenoor besoek 37,1% van die seuns hierdie skole sonder sodanige belangstelling en word hulle verplig om ten minste een landbouvak te neem en ook aan die praktiese werk deel te neem. Dit is tog jammer dat daar so 'n groot persentasie seuns is wat op grond van die afwesigheid van 'n belangstelling in landbou, nie die volle waarde van die opvoeding en onderwys aan dié skole benut of ontvang nie. Die ideaal moet steeds wees dat elke seun wat sodanige skool besoek, wel sodanige belangstelling sal hê, hetsy as spesifieke belangstelling met die oog op uiteindelijke beroepsbeoefening in dié rigting, of as belangstelling in die grond, plante en diere as algemene belangstelling in die natuur.

Die belangstelling van seuns in die landbou was by vier van die skole hoër as 70% (77,5% 74,6%; 74,2% en 73,8%). Een skool hoër as 60% (69,1%), by twee skole hoër as 50% (59,3% en 54,8%), terwyl dit by een skool slegs 32,8% was.

* By laasgenoemde skool het 56,2% van die seuns die skool besoek omdat dit 'n omgewingskool was, terwyl hulle nie 'n belangstelling in landbou gehad het nie. By die ander skole was hierdie persentasie seuns soos volg: 23,9%; 14,7%; 7,7%; 7,1%; 5,9%; 3,1%; 1,9%.

8.7.2. ASPEKTE VAN DIE BEROEPSKEUSE DEUR STANDERD NEGE EN TIEN SEUNS

Uit gegewens wat ingewin is, blyk dit dat die standerds nege en tien-seuns aan die hoër landbouskole 1972, die volgende voornemens het:

- * 7,5% van die seuns wil direk na voltooiing van hulle skoolopleiding (insluitend verpligte militêre opleiding) gaan boer.
- * 18,5% wil na verdere opleiding aan 'n landboukollege of universiteit, gaan boer.
- * 7,7% wil direk na voltooiing van skoolopleiding in 'n landbourigting gaan werk (sluit ook indiensopleiding bv. as tegnikus in).

- * 13,3% wil in 'n landbourigting gaan werk (sluit ook landbouonderwys in) na verdere opleiding aan 'n landboukollege of universiteit, of ander instansie i.v.m. landbou (bv. Tegniiese Kollege of bv. firma self ens.)
- * Dit beteken dat 47% van die standaard nege- en tien-seuns van voorneme is om in die landbou 'n beroep te beoefen.
- * 25,2% van die seuns wat in 'n landbourigting (boerdery uitgesonderd) gaan werk, hoop om voor aftree-ouderdom, voltyds of deelyds te boer.
- * 53% van die seuns wil in ander rigtings beroepe beoefen.
- * 31,1% van hierdie seuns wat in ander rigtings gaan werk, hoop om voor aftree-ouderdom voltyds of deelyds te boer.
- * 63,6% van die seuns hoop dus om een of ander tyd voltyds of deelyds met die landbou te doen te hê.
- * 69,1% van die leerlinge het aangedui dat hulle in landbou belangstel. Daaruit kan afgelei word dat 5,5% van die seuns 'n algemene belangstelling het wat nie sodanig is dat dit tot 'n beroepskeuse in die rigting lei nie.

8.7.3. ASPEKTE VAN "VOORLIGTING" WAT DIE SEUNS VAN STANDERDS SES TOT-TIEN ONTVANG HET

- * Minder as 20% van die seuns het dié skole besoek op grond van voorligting van een of meer van die volgende persone:
 - (i) Voorligteronderwysers of ander personeellede van skole wat hulle besoek het, d.i. die primêre skool of 'n vorige sekondêre skool (indien dit die geval was).
 - (ii) 'n Lid van die personeel van die Sielkundige- en Voorligtingsdiens van die Transvaalse Onderwysdepartement.
 - (iii) Inspekteurs van Onderwys.
 - (iv) Hoofde of personeellede van hoër landbouskole (as moontlike toekomstige sekondêre skoolkeuse).
 - (v) Enige ander onderwyser.

- * Ongeveer 44% van hulle het die skole bygewoon omdat hulle deur hulle ouers aangeraai is om dit te doen, veral omdat hulle blyke van belangstelling in landbou getoon het.
- * 21% van die seuns het self besonderhede omtrent hoër landbouskole bekom en daarna in oorlegpleging met hulle ouers besluit om dié tipe skool te besoek.
- * Die res, byna 20%, is deur ander persone, waarvan ongeveer 75% self aan hoër landbouskole onderrig ontvang het, aangemoedig om die skole te besoek.

Dis opvallend hoe min leerlinge deur onderwysers of d.m.v. die voorligtingsdiens van die Transvaalse Onderwysdepartement voorligting ontvang het en op grond daarvan die skole besoek het. Dit dui op 'n groot behoefte waarvoor in die toekoms voorsiening gemaak sal moet word. Doeltreffende voorligting op die primêre skoolvlak is absoluut noodsaaklik om te verseker dat ouers van leerlinge wat in dié rigting belangstel, met die oorskakeling van die primêre na die sekondêre skool, die regte skoolkeuse kan maak. Dit is wenslik dat die leerlinge in standerd ses ingeskryf word wanneer landbouonderrig in die sekondêre skool 'n aanvang neem.

Doeltreffende voorligting is ook noodsaaklik sodat voorkom kan word dat leerlinge wat nie in landbou belangstel nie, hierdie skole besoek. Dit is 'n onopvoedkundige situasie indien sulke leerlinge dié skole bywoon op grond van ander oorwegings, bv. ter wille van koshuisinwoning, en daar dan nie aan die belangrike beginsel voldoen word, naamlik dat hulle onderwys ontvang in die rigting waarin hulle belangstelling en aanleg het, want, per slot van rekening, sal elke kind juis in die rigting waarin hy aanleg en 'n belangstelling het, sy beste prestasie lewer.

8.8. STEUN VIR LANDBOUONDERWYS, AS BEROEPSGERIGTE ONDERWYS

Die Transvaalse Onderwysdepartement het reeds getoon dat hy nouer samewerking en skakeling met ander belanghebbende instansies soek in sy pogings om landbouonderwys uit te bou. Die Departement wil graag die rype ervaring en gespesialiseerde kennis van beide die Departement van Landbou-Tegniese Dienste en die georganiseerde landbou benut en irbou in die ontwikkeling van landbouonderwys om

in alle opsigte aan sy doelstellings te beantwoord. Die geleentheid is reeds geskep aan dié instansies om 'n daadwerklike aandeel te hê aan landbouonderrig op die sekondêre onderwysvlak deur aan hulle verteenwoordiging te gee op die Boerderybeplanningskomitee van elke hoër landbouskool en die Departement Landbou-Tegniese Dienste word ook in die Studiekomitee vir landbouonderwys verteenwoordig. ¹⁸⁾

Die verteenwoordiging van Landbou-Tegniese Dienste en die georganiseerde landbou kan nie net as 'n welwillendheidsgebaar beskou word, in 'n poging om belangstelling en steun van dié instansies vir landbouonderwys te probeer verseker nie. Landbouonderwys op die sekondêre onderwysvlak "behoort" aan beide hierdie instansies en hulle samewerking en deelname moet geskied op grond van die wesenlike belang wat hulle daarby het en in die gees van die vervulling van 'n onontwykbare verantwoordelikheid. In hierdie verhandeling is genoegsame bewyse gelewer om die volgende stellings te maak:

1. Landbouonderwys op die sekondêre onderwysvlak lewer 'n onvervangbare bydrae tot die vestiging, ontwikkeling en vooruitgang van 'n gesonde landboubedryf.
2. Voortgesette landbouopleiding kan alleen die grootste mate van sukses hê indien dit aansluit by en voortbou op die sekondêre landbouonderwys. Koördinering van alle landbouopleiding op 'n hegte grondslag ¹⁹⁾ het 'n dringende vereiste geword, met die oog op die optimum benutting van mannekragpotensiaal en natuurlike hulpbronne in die Republiek van Suid-Afrika.
3. Die georganiseerde landbou se grootste bydrae tot die oplossing van die vraagstukke van die landboubedryf en die skepping van 'n klimaat waarin dit vir die

18) Transvaalse Landbou Unie, Notule van Onderwyskomitee-vergadering, 18 Maart 1970, p. 13.

19) Department of Agricultural Technical Services, Report of the Departmental Committee of Investigation into Agricultural Education, October 1960, p. 54.

landbouer moontlik is om te deel in die ekonomiese welvaart, lê op die weg van aanvaarding van landbouonderwys as sy verantwoordelikheid, in medewerking met die onderwysowerheid.

Die volgende feite bevestig die noodsaaklikheid dat daar in bogenoemde verband tot 'n nuwe vergelyk gekom moet word.

Oberholzer het in 1969 aangetoon dat daar nog steeds 'n groot deel van die boerende bevolking is wat nie glo dat landbouopleiding 'n vereiste vir suksesvolle boerdery is nie. Hulle stuur hulle seuns na die gewone sekondêre skool al is hulle van plan om na voltooiing van sekondêre onderwys te boer. Hy het verwys na die bedroewende feit dat daar nog so min boere is wat hulle seuns, wat met die boerdery moet voortgaan, landbouonderwys laat geniet, ten spyte van die feit dat die gekompliseerde moderne boerderystruktuur al hoër eise stel, waarin kennis en bevoegdheid noodsaaklik vir sukses is. ²⁰⁾ In dieselfde verband het dr. S.J. du Plessis, Landboubeleidingsadviseur van die Ministerie van Landbou, gewys op die kommerwekkende toestand omdat die boere versuim om die kinders wat hulle moet opvolg behoorlik toe te rus vir die taak wat op hulle wag, terwyl dit net soos in enige ander bedryf tog neerkom op die oorhandiging van 'n onderneming wat op so 'n wyse behoort te geskied dat die lewenskragtigheid van die onderneming nie geskaad word nie, daar geen vermindering van produksie of afvloeï van kapitaal plaasvind nie. ²¹⁾ Hierdie verskynsel kom veral vreemd voor in die lig van die feit dat dit in die moderne wêreld eenvoudig aanvaar word dat opleiding vir 'n professie, ambag of watter ander beroep ookal, noodsaaklik is. Die boer self sal die noodsaaklikheid van die beroepsagtergrond en -opleiding op die ander terreine ook nie ontken nie, intendeel, hy eis juis dat die werktuigkundige wat aan sy motor werk, behoorlik opgelei vir sy taak, en bekwaam moet wees. Die boer sal dit ook nie as verstandig bestempel as iemand die bestuurderskap van sy handelsonderneming aan sy seun oordra sonder dat lg. oor genoegsame kennis en ervaring beskik nie. Om in die moderne tyd vas te

20) OBERHOLZER, P.C.J. a.w., p. 129, 130.

21) Excelsior Nuis, Boere versuim om hul kinders vir die boerderytaak toe te rus, 1 Oktober 1971, p. 5.

klou aan die idee dat geen wetenskaplike opleiding nodig is, of dat selfopleiding voldoende is vir die boerdery, is om die eise wat die landbou stel absoluut te onderskat. ²²⁾ Die gebrek aan opleiding is die grootste probleem waarmee die landbou te doen het, aldus mnr. J.E. de Villiers Loubser, president van die Kaaplandse Landbou-unie. ²³⁾

Leiers op landbougebied het die afgelope drie dekades reeds keer op keer dringend gewaarsku dat deeglike opleiding 'n voorvereiste word vir die boer om 'n ekonomiese bestaansmoontlikheid in die boerdery te vind en sy geborgenheid te beveilig. ²⁴⁾ Die kwessie van opleiding is vanuit verskillende gesigspunte benader. So het dr. T. Erasmus van die Departement Landbou-Tegniese Dienste, benadruk dat uitgawes aan landbouonderwys op die lang duur mag blyk die beste subsidie aan die boer te wees. Hy het ook die belangrikheid van sodanige onderwys as sy Departement se verantwoordelikheid beklemtoon. ²⁵⁾

Die kommissie van die Departement Landbou-Tegniese Dienste wat in 1960 ondersoek na landbouonderwys ingestel het, het verwys na verskillende kommissies wat dieselfde en verwante sake ondersoek het en tot dieselfde oortuiging gekom het, en dit benadruk het dat doeltreffende opleiding 'n voorvereiste vir 'n stabiele en progressiewe, welvarende landbougemeenskap is. Die kommissie het selfs verwys na die moontlikheid dat staatsbeleid bepaal dat toekomstige boere landbouopleiding moet ontvang. ²⁶⁾ Die De Villiers-kommissie insake tegniese en beroepsonderwys het in 1948

- 22) CORNELL, H.H. Landbouopleiding. Die Landbouweekblad, 7 Desember 1949, p. 49. e.v.
Die Landbouweekblad, Boere met hoër geleerdheid nodig, 5 Mei 1970, p. 31.
- 23) The Farmers Weekly, Training - it is up to the farmers, 4 October 1967, p. 4.
- 24) Excelsior Nuus, Boere versuim om hul kinders vir die boerderytaak toe te rus, 1 Oktober 1971, p. 5.
- 25) The Farmers Weekly, Education Subsidies, 29 September 1971, p. 31.
- 26) Department of Agricultural Technical Services, Report of the Departmental Committee of Investigation into Agricultural Education, p. 6, 31.

reeds die saak baie duidelik gestel:

"Die eeu van die self-geleerde of ouer-geleerde boer is verby, en Suid-Afrika, waarskynlik nog minder as baie ander lande, kan nie voortgaan om die las te dra van, of die verliese te lei wat veroorsaak word deur die ondoeltreffende, "eksploitasie" -boer nie. Aanmoediging, finansiële en ander ondersteuning, en geleentheid moet deur die Staat verskaf word vir die opkomende geslag van opgeleide boere, en alle Staatsdepartemente, wat met die ontwikkeling en administrasie van landbou te doen het, veral die Departement Landbou en Lande, behoort hul beleid met die oog daarop te koördineer." 27) Veel is dus reeds oor die saak gesê en geskryf, sonder om die verwagte verandering teweeg te bring. 28)

Daar kan geen twyfel meer bestaan dat hoër opleiding mense wetenskapliker en intensiewer laat boer nie, en ook geen twyfel dat landbouopleiding nog beter resultate lewer nie. Opnames toon ook dat die opgeleide boer 'n beduidender hoër inkomste het as die onopgeleide boer. Daar is selfs gevind dat die verhouding tussen die vader en seun op die plaas baie beter is wanneer die seun landbouopleiding gehad het, as wanneer dit nie die geval is nie. 29)

Danksy die erns wat die onderwysowerhede met landbouonderwys gemaak het, het dit ontwikkel om vir die kind 'n besondere algemenvormende kulturele onderwys en landbouopleiding as beroepsagtergrond te bied. Dit bied aan die voornemende boer die geleentheid om die "verpligte" sekondêre onderwysfase op 'n besondere wyse te benut en in noue verband met sy belangstelling, toekomsideaal en toekomstige leefwêreld, te voltooi.

Dit is die taak van die Departement Landbou-Tegniese Dienste om aan die boer voorligting te gee aangaande die toerusting van die

27) Unie van S.A., Verslag van die kommissie insake tegniese en beroepsonderwys, 1948, p. 108.

28) THERON, J. Geleerdheid lei tot suksesvolle boerdery. Landbouvoorligting, vol. 3 no. 4, Desember 1961, p. 92.

29) Ibid., p. 93.

seun(s) wat die vrug van sy arbeid wat met moeite, maar met vreugde, liefde en sorg, opgebou is, in ontvangs te neem en in die adel en tradisie van die boerenasie verder te bewerk ! Gelukkig is daar diegene wat van hierdie taak bewus is. 30)

Namate die boer meer bewus word van die edel taak wat hy in volksbelang verrig, sal hy ook groter selfrespek vir sy eie beroep openbaar en sal hy dus self 'n hoër premie plaas op landbouonderwys en -opleiding en sal hy selfs trots word daarop. Dit is die taak van die georganiseerde landbou om dit teweeg te bring.

Diegene wat 'n taak en verantwoordelikheid teenoor landbouonderwys het, het die reg om eise daaraan te stel. Die toekoms van Suid-Afrika roep hulle toe: "Stel hoë eise en vervul die taak en verantwoordelikheid met onderskeiding. Dan alleen is dit die moeite werd !"

30) Ibid., p. 95.

BIBLIOGRAFIE

I GEPUBLISEER.

A BOEKE EN ANDER PUBLIKASIES.

BOT, A.K. Honderd Jaar Onderwys in Transvaal (1836 - 1936).
Pretoria, Staatsdrukker, 1936.

BURGER, P.J. Agricultural Education at the Cross-roads.
Pretoria, Staatsdrukker, 1968.

CHATER, S.W. Hoërskole vir die boerseun. Kaapstad,
Edina Pers.

COETZEE, J. Chr. Inleiding tot die Algemene Teoretiese
Opvoedkunde. Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1944.

COETZEE, J. Chr. Onderwys in Transvaal, 1838 - 1937.
Pretoria, Van Schaik, 1941.

LUGTENBURG, A.H. Geskiedenis van die onderwys in die
S.A. Republiek (1836 - 1900). Pretoria, Van Schaik, 1925.

MALHERBE, E.G. Education in South Africa (1652 - 1922).
Cape Town, Juta, 1925.

MALHERBE, E.G. Onderwys en die armblanke. Stellenbosch,
Pro Ecclesia, 1932.

McKERRON, M.E. A history of education in South Africa
(1652 - 1932). Pretoria, van Schaik, 1934.

NEL, B.F. Aspekte van die onderwysontwikkeling in
Suid-Afrika. Kaapstad en Pretoria, H.A.U.M., 1959.

PEROLD, A.I. Agricultural Education in S.A. Cape Town,
Townshend, Taylor en Snashall, 1917.

B. BYDRAES IN TYDSKRIFTE, VERSAMELWERKE, ENS.

BOT, A.K. e.a. Uitstappie na die Skoolplase.

Die Christelike Skoolblad, dl. XXXIX, Nr. 452,
November 1937.

COETZEE, W.H.K. Skoolopleiding vir landboustudente.

Die Landbouweekblad, 10 Oktober 1961.

CORNELL, H.H. Landbouopleiding.

Die Landbouweekblad, 7 Desember 1949.

DE KLERK, B.J. Landbouvakskole.

Boerdery in S.A., Deel V, Nr. 60, Maart 1931.

DE WET, J.D. Planne vir die organisasie van kinder

landbouklubs, Boerdery in Suid-Afrika, Deel VIII, Nr. 92,
November 1933.

Die Landbouweekblad. Iets Besonders op die Terrein
van Landbouonderwys. 19 Oktober 1949.

Die Landbouweekblad, Landbouskole voorsien agtergrond.
14 November 1961.

Die Landbouweekblad, Boere met hoër geleerdheid nodig.
5 Mei 1970.

DU PREEZ, J.J. 'n Historiese Oorsig, Ons Skoolblad
Landbou Hoërskool Brits. Nr. 4, 1953. Bloemfontein,
Die Sentrale Pers.

DU TOIT, H.S. Onderrig vir nou en vir die toekoms.

Boerdery in S.A., Deel 1, Nr. 9, Desember 1926.

Excelsior Nuus, Boere versuim om hul kinders vir die
boerderytaak toe te rus. 1 Oktober 1971.

FERREIRA, R.S. Die Transvaalse Skoolplaasstelsel.

Die Huisgenoot 25 Julie 1941; 1 Augustus 1941;
8 Augustus 1941.

GREIJBE, J.H. Besoek aan skoolplase. Die Christelike Skoolblad. deel XXXIX, Nr. 452, November 1937.

GROENEWALD, A.J. The development of agricultural education in the Transvaal. T.O.D. Onderwysbulletin, Vol. VI., Nr. 4., Desember 1961, Pretoria, Staatsdrukker.

JANDRELL, T. Wat van die Toekoms? Die Christelike Skoolblad. deel XXXIX, Nr. 452, November 1937.

Onderwysnuusflitse, Boerdery is 'n leefwyse. Landbouonderwys, Januarie 1966, Pretoria, Wallachs.

Onderwysnuusflitse, Hoër Landbouskole, Junie 1971, Pretoria.

SHUTTLEWORTH, D. In one hand a book ... in the other a hoe, The Farmers Weekly, 27 Desember 1950.

The Farmers Weekly, Training - it is up to the farmers. 4 Oktober 1967.

The Farmers Weekly, Education Subsidies. 29 September 1971.

THERON, J. Geleerdheid lei tot suksesvolle boerdery. Landbouvoorligting Vol. 3., Nr. 4., Desember 1961, Pretoria.

UYS, H.T. 'n Besoek aan die Seodin Skoolplaas. Die Huisgenoot, 14 Junie 1935.

VENTER, L.J. Landbouskole se Rol. Die Landbouweekblad, 12 Desember 1961.

VORSTER, P.W. 'n Heerlike Taak. Boerdery in S.A., Deel 32, Nr. 7, Oktober 1956.

C. KOERANTE (NUUSBLAAIE)

Die Volkstem: 1 Junie 1934; 23 November 1934;
14 Februarie 1935.

Die Transvaler: 5 April 1956.

D. VERSLAE

1. Verslae van Onderwyskommissies:

Union of S.A., Province of Transvaal.

Interim report of the education commission appointed
under administrator's notice nr. 416, dated
21st December, 1917. Pretoria, Government Printer, 1919.

Union of South Africa, Report of the committee on
agricultural education. U.G. 26/1922. Cape Town.
Cape Times Ltd. 1922.

Aantekening van die besprekinge en besluite van die
landbouonderwys konferensie. 1925. Pretoria.

Verslag van die Onderwyskomitee, Departement van Onder-
wys, Transvaal. 1928.

Transvaalse Onderwysdepartement. Herdruk van verslag
van Konferensie oor Landelike Onderwys U.G. 29.
1934. Pretoria.

Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie benoem
ingevolge Administrateurskennisgewing nr. 124 van
3 Maart 1937. (T.P. nr. 5 - 1939). Pretoria, Staats-
drukker, 1939.

Verslag van Sir John E. Adamson oor 'n besoek aan vier
skoolplase en twee sentrale skole (1937). Pretoria,
Staatsdrukker, 1937.

Verslag van die Kommissie insake Tegniese en Beroeps-
onderwys 1945. U.G. 65/1948. Pretoria, Staatsdrukker, 1948.

Transvaalse Onderwysdepartement. Verslag van die Departementele Komitee insake die verslag van die De Villiers Kommissie. 1949. Pretoria.

Transvaal Education Department. Report on suggested policy for secondary education in the Transvaal. 1950. Pretoria.

Transvaalse Onderwysdepartement. Verslag. Beleid insake Skoolplase en Landbou-onderwys. Julie 1951. Pretoria.

Transvaalse Onderwysdepartement. Verslag van Komitee insake landbou-onderwys. 1953. Pretoria.

Transvaalse Onderwysdepartement. Verslag van oorsese sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys. 20 Oktober 1955. Pretoria. Staatsdrukker.

Transvaalse Onderwysdepartement. Verslag van Komitee van ondersoek insake verskaffing van implemente aan koshuise, T.O.A. 19/1/3 Junie 1957. Pretoria.

Department of Agricultural Services. Report of the departmental committee of investigation into agricultural education. October 1960. Pretoria.

Transvaalse Onderwysdepartement. Komitee insake finansiële posisie by koshuise verbonde aan landbou hoërskole. 1960. Pretoria.

Transvaalse Onderwysdepartement. Verslag van komitee in verband met die hoër eenheidskoste ten opsigte van hoër landbouskole. Maart 1969. Pretoria.

Transvaalse Onderwysdepartement. Die toepassing en bevordering van gedifferensieerde middelbare onderwys in Transvaal. 14 Mei 1962. Pretoria.

Transvaalse Onderwysdepartement. Verslag van ondersoek na landbou-onderwys in Transvaal. 1968. Pretoria.

Verslag van die adhoc-komitee vir landbou-onderwys.
T.O.A. 10 - 14 Vol. 5. 1971. Pretoria.

2. Transvaalse Departement van Landbou:

Annual Report of the Director of Agriculture, 1904 - 1905,
Pretoria Government Printer, 1905.

Report, 1st July 1906 to 30th June 1907, Pretoria,
Government Printer, 1908.

Report, 1st July 1907 to 30th June 1908, Pretoria,
Government Printer, 1909.

Annual Report, 1908 - 1909, Pretoria Government Printer.
1912.

3. Transvaalse Onderwysdepartement:

Jaarverslae, 1903 - 1970.

4. Unie Onderwysdepartement:

Jaarverslae, 1925 - 1939.

5. Unie van Suid-Afrika, Departement van Landbou:

Report, 1st January 1912 to 31st March 1913,
Cape Town, Cape Times Limited, 1913.

E. SILLABUSSE EN KURRIKULA

Bepalingen en leergangen voor buitenscholen. Pretoria,
Staatsdrukker, 1913.

Transvaalse Onderwysdepartement. Leerplanne vir
die middelbare skool. Handboek. 1952. Pretoria,
Staatsdrukker, 1952.

Transvaalse Onderwysdepartement. Finale leergang
vir algemene landboukunde. Standerds 6 - 8. Desember
1970.

Transvaalse Onderwysdepartement. Finale leergang
vir akkerbou. Standerds 9 - 10. Desember 1970.

Transvaalse Onderwysdepartement. Finale leergang vir veekunde. Standerds 9 -- 10. Desember 1970.

F. WETTE, ORDONNANSIES EN REGULASIES

Wetten van de Unie van Zuid-Afrika, 1922. Kaapstad, Staatsdrukker, 1922.

Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1937. Kaapstad, Staatsdrukker, 1937.

Die Provinsie Transvaal. Onderwysordonnansie 1953 (Ordonnansie Nr. 29 van 1953 soos gewysig). Johannesburg, Hayne & Gibson.

Transvaalse Onderwysdepartement. Onderwysregulasies. Ordonnansie nr. 29 van 1953. Johannesburg. Hayne & Gibdon. 1961.

Transvaalse Onderwysdepartement. Transvaalse Eindsertifikaat van die middelbare skool. 1955. Pretoria. Staatsdrukker. 1955.

Transvaalse Onderwysdepartement. Handboek vir die Universiteitstoelatingseksamen en Eindeksamen van die "middelbare skool. 1971.

II ONGEPUBLISEER.

A. PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGE:

BARNARD, A. Die groei en ontwikkeling van plattelandse onderwys (Blank) in Transvaal. (1836 - 1934). Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1935.

BARNARD, S.S. 'n Histories-Pedagogiese Evaluering van die Onderwys van die Transvaalse Plaasskool, 1838 - 1967.

D.Ed.-proefskrif. Potchefstroom, Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1971.

BOTHA, C.J. Die Sentralisasie van Plattelandse Onderwys in Transvaal. 1900 - 1937. M.Ed-verhandeling. Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika, 1940.

DE JAGER, C.J. Landelike Onderwys en die skoolplaasstelsel, M.Ed-verhandeling, Potchefstroom, Universiteit vir C.H.O., 1937.

JOOSTE, J.H. Gedifferensieerde Onderwys in Transvaalse Komprehensiewe Hoërskole. D.Ed.-proefskrif. Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1963.

LYNCH, J.R. Differentiated Education in the Transvaal Secondary School. 1900 - 1950. D.Ed.-proefskrif. Potchefstroom, Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1952.

MORAN, H.C. An Historical Critical Survey of Agricultural Education in the Transvaal. M.Ed.-verhandeling. Potchefstroom, Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. 1935.

MULDER, A.H. Sosiografiese Studie van Brits Distrik. D.Ed.-proefskrif. Potchefstroom, Universiteit vir Christelike hoër Onderwys, 1957.

OBERHOLZER, P.C.J. Landbouuonderwys in Transvaal. Enkele sosiaal pedagogiese aspekte. M.Ed.-verhandeling. Pretoria Universiteit van Pretoria, 1969,

VAN DER WALT, C. Die implikasies van die instelling van koshuisboerderye in Transvaal. M.Ed.-verhandeling. Potchefstroom, Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1957.

VENTER, H.A. Die skoolplaasstelsel in die Tvl. 'n Kritiese beskouing. M.Ed.-verhandeling. Potchefstroom, Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1943.

B. AMPTELIKE STUKKE.

1. Transvaalse Landbou-unie:

Notules van Onderwyskomiteevergaderings van 14 Junie 1955; 28 November 1956; 19 Junie 1957; 27 Januarie 1961; 14 November 1968; 18 Maart 1970.

Verslag van die onderwyskonferensie, 1 November 1971.

Verkorte verslag van 'n spesiale onderwyskongres van die T.L.U., Pretoria, 30 Oktober 1954.

2. Transvaalse Onderwysdepartement:

Algemene omsendbriewe, omsendbriewe en omsendminute 1909 - 1972.

Briewe, T.O.A. 10-11-25-3-20, gedateer 5 Junie 1969 en 6 Januarie 1970.

Inligtingstuk: Die Hoër Landbouskool.

Leerplanne vir landbouvakskole, 1938.

Referate gelewer tydens oriënteringskursus in Landbou, 1971.

Studiekomitee vir landbouonderwys, studiegids nr. 1.

Voorskrifte vir die Junior Sertifikaat van die Landbou-
vakschool, 1938.

3. Universiteit van Pretoria:

Fakulteit Opvoedkunde. Besonderhede van die onderwysers-
opleiding in die verskillende onderwyskategorieë vanaf
1972.

B Y L A E

VRAELYS WAT AAN HOOFDE VAN HOËRLANDBOUSKOLE IN TRANSVAAL GESTUUR IS,
TEN EINDE STATISTIEK I.V.M. SEUNS WAT DIE SKOLE BYWOON, TE BEKOM.

	ST. 6	ST. 7	ST. 8	ST. 9	ST. 10
1. Aantal seuns in die standerd:	-	-	-	-	-
2. Aantal seuns wat die skool besoek:					
(a) wat in landbou belangstel	-	-	-	-	-
(b) wat nie in landbou belangstel nie maar die skool besoek omdat dit 'n omgewingsskool is	-	-	-	-	-
(c) wat nie in landbou belangstel nie maar die skool besoek omdat 'n ouer broer of suster die skool besoek of besoek het	-	-	-	-	-
(d) wat nie in landbou belangstel nie maar die skool besoek omdat daar 'n koshuis is	-	-	-	-	-
(e) wat nie in landbou belangstel nie, en om ander redes die skool besoek. (meld asseblief redes kortliks)	-	-	-	-	-
.....					
.....					
.....					
.....					
(Die totaal van 2(a) tot (e) behoort ooreen te stem met die getal onder 1.)					
3. Die getal leerlinge wat in landbou be- langstel en voorligting ontvang het om dié skool te besoek van					
(a) die laerskoolpersoneel	-	-	-	-	-
(b) Inspekteur van Onderwys of Departe- mentele Voorligter, terwyl hulle nog op laerskool was	-	-	-	-	-
(c) ander onderwysers terwyl die leer- linge nog op laerskool was, (bv. die personeel van die voorgenome hoërskool)	-	-	-	-	-
(d) onderwysers by die hoërskool wat hulle eers besoek het (indien dit die geval mag wees)	-	-	-	-	-
(e) die Departementele Voorligter terwyl hulle 'n vorige hoërskool besoek het.	-	-	-	-	-

	ST. 6	ST. 7	ST. 8	ST. 9	ST. 10
(f) hulle ouers omdat die leerlinge in landbou belanggestel het	-	-	-	-	-
(g) ander persone wat self ook in 'n hoër landbouskool skoolgegaan het	-	-	-	-	-
(h) ander persone wat nie self in 'n hoër landbouskool skoolgegaan het nie	-	-	-	-	-
(i) wat self uitgevind het omtrent die landbouskool en toe met hulle ouers die moontlikheid bespreek het om dié tipe skool te besoek.	-	-	-	-	-

(Die totaal van 3(a) tot (i) behoort ook weer met die getal onder 2(a) ooreen te stem).

Die volgende moet asseblief slegs voltooi word ten opsigte van seuns in standerds nege en tien. Met "direk na skoolopleiding" word ook bedoel direk na voltooiing van verpligte militêre opleiding.

4. Getal leerlinge wat:

- | | | | |
|------|--|---|---|
| (a) | direk na voltooiing van skoolopleiding gaan boer | - | - |
| (b) | gaan boer na verdere opleiding aan 'n | | |
| (i) | landboukollege | - | - |
| (ii) | universiteit | - | - |

5. Getal leerlinge wat:

- | | | | |
|-------|---|---|---|
| (a) | direk na voltooiing van skoolopleiding in 'n landbourigting gaan werk (sluit ook indiensopleiding bv. as tegnikus in) | - | - |
| (b) | in 'n landbourigting gaan werk (sluit ook landbou-onderwys in) na verdere opleiding aan 'n: | | |
| (i) | landboukollege | | |
| (ii) | universiteit | - | - |
| (iii) | ander instansie i.v.m. landbou (bv. Tegniese Kollege of bv. firma self ens.) | - | - |

6. Getal leerlinge wat in 'n landbourigting 'n beroep gaan beoefen maar hoop om voor aftree-ouderdom

- | | | | |
|------|-----------------------|---|---|
| (i) | voltyds te gaan boer | - | - |
| (ii) | deeltyds te gaan boer | - | - |

7. Getal leerlinge wat in 'n ander rigting 'n beroep gaan beoefen maar hoop om voor aftree-ouderdom

- | | | | |
|------|-----------------------|---|---|
| (i) | voltyds te gaan boer | - | - |
| (ii) | deeltyds te gaan boer | - | - |

8. Getal leerlinge wat in 'n ander rigting 'n beroep gaan beoefen en op geen stadium van plan is om in 'n landbourigting 'n beroep uit te oefen nie of om voltyds of deeltyds te gaan boer nie

- -